# 9 HOOFSTUK NEGE: 'N MODEL VIR TIENER- EN GESINSBEDIENING MET 'N GEMEENSKAPSGERIGTHEID

## 9.1. Die huidige situasie van gesinsbediening

### 9.1.1. Negatiewe gesigspunte

***1. Faktore wat tot negatiwiteit lei:*** (Vgl Bischoff 1996:31 paragraaf 5.4) Benson (1997:2-3) beweer dat die volgende faktore in die gemeenskap teen jongmense se ontwikkeling indruis: skeiding tussen ouderdomsgroepe, wantroue tussen volwassenes en jeug, gefragmenteerde en geïsoleerde sosiale sisteme, beklemtoning van privaatheid en burgerlike onbetrokkenheid en die isolering van gesinne. Dit dui op 'n verkrummelde infrastruktuur en vereis al hoe meer insette van sekere institute in die gemeenskap soos skole en kerke. Die betrokkenheid van die jeug by hoë risiko faktore is ook belemmerende faktore in tiener- en gesinsbediening, byvoorbeeld alkohol- en dwelmmisbruik, seksuele gemeenskap, vandalisme en diefstal, depressie en selfmoord en afwesigheid by skole (vgl Benson 1997:4-5). Sosiologiese en kulture mededinging kom ook voor. Kim (2000:70-72) vestig die aandag op onsekerheid wat sy ontstaan in 'n ekologiese krisis het soos die olieskok in die vroeë jare van 1970. So ‘n krisis tref al die sektore van die gemeenskap en lei tot 'n algemene negatiewe houding wat in die vorme voorkom wat reeds deur Benson genoem is en deur Kim (2000:71-72) aangevul kan word, wat 27 negatiewe reaksie op ekologiese krisisse noem, soos wanorde in die gemeenskap, vervreemding en verlies aan geloof.

Alhoewel die ontwikkeling en toepassing van waardesisteme goed op die oor klink, is die deelname daaraan gering. Benson (1997:64) beweer navorsing toon ‘n neiging tot afname in hierdie deelname vanaf graad ses tot twaalf. Een van die redes is dat kinders te gou aan hul eie lot oorgelaat word om koers te kry in die lewe.

***2. Verskillende reaksies op negatiwiteite:*** Die volgende benaderinge wat soms in gemeentes gevolg word, kan tot 'n negatiewe situasie in die gemeente lei (vgl Hebbard 1995:65-67): Sommige gesinne en predikante druk hul koppe in die sand as dit by gesinsprobleme kom. Almal het aanvaarbare en onaanvaarbare lewenskrisisse in gesinne, maar by die onaanvaarbare krisisse word daar soms in 'n ander rigting gekyk. Soms word gesinsworstelinge bloot as verkeerd beskou en hoë standaarde vir die behoud van gesinne gekommunikeer. Sulke gemeentes bied nie vir die afgedwaalde lidmate 'n geleentheid om terug te keer nie. Die mees fatale benadering om 'n gesinsbediening in 'n gemeente te begin, is om bloot 'n paar aanpassings aan die bestaande gemeentebediening te maak om dit na 'n gesinsgeoriënteerde bediening te verander.

Voor daar met 'n deeglike tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid begin word, moet vasgestel word watter hindernisse of weerstand daar moontlik in die gemeente teen so 'n benadering teenwoordig is. Die model wat in hierdie navorsing voorgestel word, verwys na 'n Bybelse konsep wat binne die postmodernisering en sekularisering verlore gegaan het of verdring is deur die invloed van filosofieë en teorieë in die kerk. Volgens Heitink (1993:56) is daar 'n verdediging van die kerk en teologie teen elke vorm van modernisering wat as 'n bedreiging beskou word. Sekularisasie verminder die kerk se invloed en seggenskap

oor die groot sektore die samelewing. Wat vir die mens soms as bevryding verwelkom word, kan vir die kerklike instituut 'n bedreiging wees. So kan kontemporêre musiek vir jongmense, die benutting van simbole en die gebruik van die term “rituele” in eredienste en gesinne vir oningeligtes taboe wees. Die weerstand wat moontlik bestaan en kan ontwikkel om hierdie model in 'n gemeente in te faseer, kan aan 'n stuk verwondheid binne die kerk toegeskryf word omdat die onderlinge verbondenheid veral in die gesin in 'n hoë mate verwaarloos is. Om hierdie model in die gemeente en gemeenskap toe te pas en 'n rol te laat speel, moet met die nodige versigtigheid en omsigtigheid gehanteer word. Strommen en Hardel (2000:291) verwys na Merton P Strommen se boek *“The innovative church: Seven steps to positive change”*, 1997, wat die verskillende vorme van natuurlike weerstand teen enigiets wat van die tradisionele manier van bediening wegbreek, identifiseer.

***3. Identifisering van negatiwiteite:*** Hebbard (1995:69-77) gee die volgende leidrade om vas te stel wanneer die verskillende oorsake van weerstand teen en hindernisse in gesinsbediening moontlik kan voorkom.:

* ***Oorbeklemtoning van berading:*** Gesinsbediening se uitgangspunt moet voorkomend van aard wees. Dit kan by die infaseer van 'n gesinsbedieningsmodel maklik meer oor berading as oor voorkoming gaan weens die omvang van probleme wat in gesinne bestaan.

* ***Bedreiging van ander dissiplines:*** Die gesinsbedienaar sal geneig wees om sy hele bediening op 'n vaste Bybelse basis te bou, maar hy sal ook die gemeente bewus wil maak om die hulp van ander dissiplines en persone soos sielkundiges en maatskaplike werkers te gebruik.

* ***Te maklike oplossings:*** Daar is persone wat gewoonlik die basiese antwoorde vir komplekse probleme gee soos gebed, Bybelslees en geloof in God. Dit is goeie advies, maar dit is nie al nie (vgl Hebbard 1995:70).

* ***Openbaring van probleme:*** Ontkenning is miskien een van die mees algemene hindernisse in gesinsbediening. Kerkleiers kan verskillende maniere gebruik om die problematiek in 'n gemeente te ontken of selfs te beskerm. Leiers dink soms as probleme lank genoeg in 'n gemeente ontken word, sal dit later verdwyn. Die teendeel gebeur gewoonlik. Die probleem word groter en die moontlikheid om dit te hanteer al hoe minder (vgl Hebbard 1995:71). 'n Empatiese predikant wat graag mense se nood wil hanteer en wat in 'n gemeente met baie konflik beland, sal beslis tot onmiddellike reaksie lei soos 'n groot hoeveelheid telefoonoproepe om pyn te deel. Baie gemeentes is gekniehalter as gevolg van onopgeloste probleme (vgl Hebbard 1995:76-77). Hierdie pyn sal op 'n anonieme basis wel rugbaar word deur prediking of gesprekvoering en lidmate laat wonder in watter mate die predikant die persoonlike pyn met ander bespreek.

* ***Te veel onoorkombare probleme:*** Sommige kerkleiers is huiwerig om met gesinsbediening te begin as gevolg van die groot hoeveelheid probleme en die kompleksiteit daarvan in die gemeente. Vanuit 'n ontkennende houding sal sulke leiers die konflik wat met hierdie probleme gepaard gaan, wil vermy (vgl Hebbard 1995:72 en Benson 1997:4-5 en Kim 2000:71-72)

*** Beklemtoning van slegs kwantitatiewe groei:** Sommige gemeentes wat met gesinsbediening begin, sal soms slegs 'n groei in getalle in die vooruitsig stel. Hebbard (1995:73) noem dit: *"… an abuse of Christian authority and in too many cases is an outgrowth of power addiction".* Kerkleiers wil groot skares trek, terwyl ouers eerder besorg is hoe hulle hul kinders kan opvoed. Die model moet dus nie net bloot op tieners infokus nie, maar ook die aanloop tot die tienerjare in gedagte hou.

*** Spanning tussen geestelike leiers:** Hebbard (1995:74) sê sommige geestelike leiers in die gemeente word bedreig deur 'n gesinsbediening wat deur die nodige vooraf verkenningswerk soms vinnig by die kernprobleem van die gemeente uitkom soos spanning tussen geestelike leiers wat tot versteuring van die gemeentebediening gelei het. Dit kan 'n ernstige hindernis by die beplanning van gesinsbediening wees.

*** Weerstand teen beplanning en prioritisering:** Soms is daar in gemeentes weerstand teen beplanning, vernuwing en prioritisering. Sulke gemeentes hou hul besig met die basiese gemeentelike sake sonder 'n duidelik visie en missie. Hebbard (1995:75) het nie 'n probleem met die status quo nie: *"… but if your quo has no status, you're in big trouble!"* Met die gesinsbedieningsmodel in hierdie navorsing word daar drasties weg beweeg van die status quo na 'n gesins- en gemeenskapsgerigtheid en 'n geloofsbemiddeling met 'n hoër sigbaarheid en ervaring deur middel van simbole, wat persone insluit, en die ritualisering van simbole.

*** Onduidelike gesinsbedieningsteologie:** Daar is nie werklik 'n duidelike omvattende teologie vir gesinsbediening soos reeds genoem nie. Gesinsbediening wek baie teologiese vrae op oor die huwelik, egskeiding, lyding, pyn, enkelouerskap, seks, ouerskap, geld, ensovoorts (vgl Hebbard 1995:76). In hoofstuk ag word enkele teologiese gedagtes oor gesinsbediening voorgehou, maar dit spreek nog nie van 'n duidelike gesinsteologie nie. Hieraan sal nog meer aandag geskenk moet word soos die gesinsbedieningsmodel ontwikkel, ingefaseer en geëvalueer word en met bestaande teorieë oor gesinsbediening vergelyk word.

***4. Redes vir mislukking van model:*** Daar is dus redes waarom die voorgestelde model van hierdie navorsing kan misluk. Dit moet dus vooraf duidelik gestel word en in die formulering van die model deeglik verreken word. Senter III (1987:267) verwys na drie basiese redes waarom 'n jeugbedieningsmodel kan misluk behalwe die redes wat reeds genoem is: (1) Die situasie is nie toepaslike nie. (2) Die vermoëns en gawes van die jeugleier is nie werklik relevant nie. (3) Die Heilige Gees mag besig wees om iets anders tot stand te bring wat nóg deur die jeugwerker nóg deur die gemeente voorsien is.

***5. Oorkoming van negatiwiteite:*** Daar is maniere om institusionele negatiwiteite of hindernisse te oorkom sodat daar 'n meer positiewe of verdraagsame houding teenoor gesinsbediening kan wees. Die gemeente moet gehelp word om gesinsbediening in wyer terme as bloot berading te definieer. Kerkleiers en lidmate moet gehelp word om vrede te maak met berading, maatskaplike, sielkundige en ander vorme van hulp deur institute in die gemeenskap. Alle lewenskrisisse moet in 'n ernstige lig beskou en hanteer word. Opvoeding en evangelisasie vir 'n gebalanseerde kerkgroei moet beklemtoon word. Die opbou van gesonde

verhoudings, veral onder die leiers in die gemeente, sal help om weerstande af te breek. Vooroordele wat teenoor groepe of persone in en buite die gemeente bestaan, moet ondersoek word. Vermy simplistiese antwoorde vir komplekse probleme (vgl Hebbard 1995:87-88). Benson (1997:180) beweer: *"Parents and family-serving professionals who have begun using the asset-building approach find that it gives a concrete, sensible perspective for thinking about parenting and family life, beginning at birth and continuing through adolescence".*

### 9.1.2. Positiewe momente in die huidige gemeentebediening

Om met 'n tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid in 'n gemeente te begin, beteken om op 'n inklusiewe wyse die bestaande bedieninge in die gemeente te benader. Louw (1999:123-124) verwys na die volgende vorme van bediening as deel van gesinsbediening (vgl diagram 59: *Verskillende vorme van gesinsbediening*).:

***1. Huisbesoek:*** Volgens Louw (1999:122) moet gesinsbediening as 'n alternatiewe vorm van bediening beskou word en nie as 'n plaasvervanging van die tradisionele huisbesoek nie. Huisbesoek fokus in op die bou van 'n vertrouensverhouding, om 'n kommunikasienetwerk tussen die private lewe van die gesin en liturgiese lewe van die gemeente te skep, om lidmate se spiritualiteit te ontwikkel en om lidmate se sosiale behoefte te vervul. Die sosiale behoefte bestaan ook in die gemeenskap waar lidmate buite die liturgiese lewe woon. Louw (1989:198) meen by huisbesoek is die volgende motiewe van belang: (1) die antropologiese - ontmoeting tussen mense, (2) pastorale – noodhantering en (3) ekklesiologiese – onderlinge gemeensskap van gelowiges.

***2. Ouerbegeleiding:*** Ouers ontvang voorligting en informasie oor die begeleiding van kinders met betrekking tot hul emosionele, persoonlike en geloofsbehoeftes dwarsdeur die verskeie lewensiklusse van hul ontwikkeling (vgl Imber-Black 1993 – *"Creating meaningful rituals for new life transitions"*)

***3. Gesinsverryking:*** Louw (1999:131) meen dat: *"Die model wat vir gesinsverryking voorgestel word, kan die dinamiese insig en intimiteitsmodel genoem word".* Hierdie model bestaan uit die volgende dinamiese kwadrante wat in hierdie navorsing die klem op die simboliese en rituele lewe van gesinslede laat val: (1) In die ondersteunende benadering tree die ouer op as 'n sterk rolmodel (doen- en leeffunksie) vir die kind. Die ouer versimboliseer die beeld van God en ritualiseer dit in die daaglikse konteks van die gesin. (2) In die beskermende benadering tree die ouer op as kampvegter en beskermer vir die kind se belange. Die ouer moet dus die gemeenskap verken en die kind begelei om binne hierdie konteks sy geloof te vorm. (3) In die dissiplinêre benadering gee die ouer leiding. Hierdie benadering kan maklik as voorskriftelik of dominerend geïnterpreteer word en tot rigiede of onbuigsame optrede en 'n wettiese model aanleiding gee. Die geloofstaal en –handelinge van die ouer moet van 'n eie gedissiplineerdheid spreek om kinders ook daartoe te kan lei. (4) In die afskeep- en onttrekkingsbenadering tree die ouer onverskilling op en die kind kan maklik geïgnoreer of verwerp word. Hierdie benadering kom neer op kinderverwaarlosing. Die verwaarlosing word meer emosioneel verstaan binne die vlak van 'n ervaring van 'n negatiewe identiteit en waardeloosheid. Dit maak die model wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom soveel belangriker omdat dit nie net op

gesinne binne kerkverband fokus nie, maar ook hulle wat weens onverskilligheid buite kerkverband beland het.

Louw (1999:132-136) verskaf ter verduideliking van hierdie vier kwadrante 'n diagram wat hy ouer-kind-interaksie noem. 'n Praktiese opdrag word aan ouers gegee om op 28 stellings oor hul verhouding met hul kinders op 'n vyfpunt-skaal te reageer met 'n verduideliking hoe om die response te interpreteer. Die gegewens kan gebruik word om gesinslede tot gesprekvoering te stimuleer of om die pastor te help om die evangelie konkreet aan die gesin te bedien.

Hendricks (2003:27) verwys na 'n gespreksmodel wat in Apeldoorn ontwikkel is en wat daarop ingestel is om na jongmense te luister – wat as 'n verkennende gesprek getipeer kan word. Die jongmense bepaal ook self waaroor hulle wil gesels. Dit kan ook vergelyk word met die fokusgroepbenadering (vgl paragraaf 9.19.1 (3)).

***4. Gesinsondersteuningsgroepe:*** Verskillende gesinne in 'n buurt of wyk word deur sekere geleenthede aan mekaar gekoppel met die doel om mekaar te ondersteun.

* ***Ontwikkeling van waardes:*** Dit kan gedoen word deur saam te leer hoe om waardes by gesinne te ontwikkel met aktuele onderwerp soos gesinskommunikasie en effektiewe besluitneming in kleingroepe of werkswinkels. Gesinsdiensprojekte is 'n dinamiese manier om jongmense te vorm.

* ***Feesviering:*** 'n Belangrike ondersteuningsvorm vir gesinne is om saam fees te vier en mekaar te geniet (vgl Benson 1997:188). Sulke feesvieringe is ideale geleenthede om die Christelike simboliek en rituele tot sy reg te laat kom (vgl paragraaf 9.5.2).

* ***Kruiskulturele ondersteuning:*** Die gemeenskapsgerigte gesinsbedieningsmodel pleit dat gesinne ook ongeag kerkverband of kultuur met mekaar 'n verhouding sal bou om tot diens vir mekaar te wees. *"… in an ever more compressed world, the problems of multiculturality are ever increasingly transnational, exceeding the boundaries of nation-states"* (Robertson 200:63). By 'n kruiskulturele bediening vergader skakelgesinne uit verskillende kultuurkontekste in huise en gee mekaar geleentheid om elkeen se eie unieke verhaal te vertel. So kan die verhaal van die Afrikaner en Christelike onderwys vertel word asook die verhaal oor swak onderwys en onderwysfasiliteite van mense uit agtergeblewe gemeenskappe. Talle kulturele skuiwe is hier ter sprake soos selfbelang na gesamentlike verantwoordelikheid asook 'n skuif van fragmentering van die gemeenskap na 'n gemeenskaplike visie. Benson (1997:99) meen: *"Although some of the shifts can and should begin in individual families and programs, the ultimate vision of asset building is for entire communities to unite around a vision for healthy development".* Op hierdie wyse speel die kerk 'n fasiliterende rol om uiteenlopende belangegroepe binne gemeentelike en gemeenskapsverband nader aan mekaar te bring en konflik voorkomend te hanteer (vgl Marias 2001 oor die aanleer van familiegewoontes in paragraaf 9.19.4 (3) – Simbole en rituele).

***5. Gesinsterapie:*** Müller (1996:29-30) beweer: *"Volgens die naratiewe beskouing is gesinne interpreterende gemeenskappe of 'storing cultures'. Gesinne, soos alle kultuurgemeenskappe, vertel stories van hulself. Hierdie stories is kragtige middele*

*om die status quo uit te druk. Daarmee bevestig die gesin wat sy waardes is".* By gesinsterapie word op spesifieke probleme binne die gesinsverband gefokus (vgl paragraaf 6.11.1 met betrekking tot simboliese handelinge waar die mens liggaamlik en interaktief betrokke is). Geloofsvorming by tieners vra 'n sigbare evangelie in die lewens van ouers wat deur innerlike gevoelens en oortuigings sin aan die lewe gee (vgl paragraaf 6.11.2, die aanleer van Christelike rituele en paragraaf 6.11.3, die verskillende soorte rituele wat binne die gesin en gemeenskap benut kan word. Om tot verhaal in gesinne te kom, te herstel, vra terapeutiese rituele waaraan in paragraaf 6.11.4 aandag geskenk word). Daar word gepleit vir 'n hermeneutiese model vir pastorale sorg *"…which interprets pastoral actions contextually"* (Louw 2002:340). Die rede vir hierdie benadering is die basiese veronderstelling dat die menslike siel nie meer private entiteit is nie, maar dat dit meer en meer "wêreldlike entiteit" word (vgl Louw 2002:341).

***6. Huweliksverryking:*** Huweliksverryking en -berading moet in 'n sekere sin van mekaar onderskei word. Hunt (1998:130) sê: *"Marriage enrichmenl includes many types of weekend and other formats for couples to learn communication and conflict resolution skills, exchange support, and renew their enthusiasm and vows* .... *Some denominations have created their own marriage enrichment programs ...".* Huweliksverryking en –berading vind in 'n hoë mate plaas waar die kontras tussen verrykende en vervallende huwelike binne die gemeenskap onder die aandag en byeengebring word. Sodoende kan verrykende huwelike ook 'n bydrae tot die vervallende huwelike lewer en nie bloot na binne gerig, verryk word nie. Müller (1996:60) meen dat 'n gesin ook as 'n sisteem gedefinieer kan word, maar dat dit 'n oop sisteem moet wees met kontakte met die uitgebreide gesin, 'n vriendekring en werkskollegas. Dit word as verrykend ervaar omdat dit nie-bedreigende groepe is nie. Dit is nie in alle gevalle waar nie. Van Pelt (1997:86) beweer: *"A family-systems approach to helping or therapy … recognizes that without participation from all major actors – forces contributing to the problem or potential sources of support out of the problem – it is simplistic and unrealistic to expect much real change".* Dit maak huweliksverryking iets meer as 'n man-vrou-verhouding, omdat die huwelik nie in isolasie van die res van die gesin, familie of gemeenskap beoefen kan word nie. In hierdie sin moet gesonde gesinne en huwelike in die proses van heling betrokke raak om siek gesinne en huwelik te ondersteun en te verryk.

***7. Kategetiese buurtmodel:*** Kategese vind plaas in die gesin en in die buurt wat deur ouers self gehou word. Kategese word in hierdie sin gesien as geloofsbemiddeling aan kinders binne die verbondsgesin deur ouers. Oudelaar-Bijlsma (2003:41) verwys na 'n kategeseprojek vir kinders tussen twaalf en sestien wat in die jaar 2000 in SOW-gemeente Huizen 'n aanvang geneem het onder die benaming *"provider"*.: *"Als het goed is vullen gezin en gemeente/parochie elkaar aan waar het gaat om de geloofsopvoeding van de jongeren. Maar de praktijk wijst soms anders uit".* Die probleem is om ouers in 'n geestelike gesprek met hul kinders betrokke te kry. Hierdie nuwe vorm van kategese, wat *"Provider"* genoem word, is ervaringsgerig. Alhoewel hierdie vorm van kategese vir 'n sekere ouderdom kinders bedoel is, sluit dit die hele geloofsgemeenskap in. Oudelaar-Bijlsma (2003:45) meen: *"Provider heeft tot doel jonge mensen te ondersteunen in het zoeken naar een relatie met God en wil hen helpen hul plaats te vinden in de geloofsgemeenschap. De geloofsgemeenschap is de context. De relatie van mensen met God, de ontwikkeling van een levend geloof en de oriëntatie op Bijbel en maatschappij vormen de*

*ervaringsdimensies".* Die tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid vind sterk hierby aansluiting.

## 9.2 Die huidige situasie van die jeugbediening

Soos by gesinsbediening is daar ook by jeugbediening probleme weens verskillende benaderinge en kombinasies van benaderinge om geloof te bemiddel. Johnston (1992:13) is van mening dat jeugbediening in sommige gemeentes 'n alleenmanspel geword het en wat reeds tot uitbranding van talle jeugleiers en predikante gelei het. Die benaderinge, modelle en programme wat gevolg word, plaas die totale druk van die jeugbediening op enkelinge in die gemeente. Dit het die frustrasies rondom en antagonisme jeens tiener- en gesinsbediening laat toeneem. Eers word die voor- en nadele van modelle bespreek en daarna die voor- en nadele van jeugbediening in groepe wat tot negatiewe en positiewe ingesteldheid in jeugbediening kan lei.

### 9.2.1 Knelpunte by jeugbedieningsmodelle

***1. Die probeer-en-tref-model:*** Geen program of model kan die wye spektrum van geloofsbemiddeling hanteer nie. Elke program wat gekies word, het ook nadele. Sommige gemeentes maak 'n keuse vir voortdurende verandering, want die uitgangspunt is om ook soveel tieners te betrek as by ander gemeentes. Met so 'n ingesteldheid word daar nooit werklik 'n visie geformuleer nie en dit lei tot 'n voortdurende verandering in die jeugbedieningsprogram. Die gevolg is baie frustrasie en min vreugde. 'n Gemeente wat so 'n model kies, moet hard werk om kompeterend te bly (vgl De Vries 1994:71-72). Wanneer 'n gemeenskapsgerigte bediening ter sprake is, is deeglike beplanning noodsaaklik om nie in die diep waters van probeer-en-tref te beland nie. Dit kan veral vir die mense buite kerkverband wat reeds in 'n toestand van moedeloosheid verkeer nog verder van die kerk verdryf.

***2. Enkel-projek-model:*** Hierdie model maak 'n keuse vir 'n bepaalde aktiwiteit en doen dit deeglik, byvoorbeeld 'n jeugkoor, 'n sendingprogram, Bybelstudie, evangelisasie of kategese. Tieners voel ook meer betrokke en veilig as een projek aangepak of een program gehandhaaf word. Die een nadeel van so 'n model is dat dit nie die balans bied wat tieners in hul Christelike lewe nodig het nie (vgl De Vries 1994:70). 'n Enkel-projek-model is 'n goeie begin vir 'n gemeente om in die gemeenskap betrokke te raak, maar kan ook in die gemeente by eredienste begin (vgl Aerts 2000:148-151 in paragraaf 9.5.2 (3) om jongmense in die erediens te betrek as model).

***3. Na-binne-gerigtheid:*** Alhoewel daar gemeentes is wat hul jongmense bewus maak van dienswerk in die gemeenskap en hul ook daarby betrokke kry, is die na-binne-gerigtheid nog steeds ‘n probleem in die kerk. Jeugaksies bestaan meesal uit 'n groepie jongmense wat op 'n bepaalde aand van die week bymekaar kom wat deur 'n jeugleier volgens sy beskouing en opleiding gelei word. Johnston (1992:15) beweer: *"We often fail to realize that teenagers can be challenged and trained to handle key organizational, personal, and program leadership responsibilities".*

***4. 'n Na-iets-ver-gerigtheid:*** Die ander benadering is om vir jongmense 'n kamp te reël wat iewers ver vanaf hul huise is. Op hierdie wyse kom jongmense nie werklik uit by hul plaaslike omgewing waar hulle tot geloofsvorming in die daaglikse lewensfeer

kan kom en ander jongmense daartoe kan lei nie. Volgens Clark (2001:79) is die hart van die jeugbedieningsprobleem die kloof tussen die kerkjeugkultuur en die sekulêre jeugkultuur wat wyer word en dat *"… the official-yet-unwritten mandate of contemporary youth ministry has stayed the same for years".* Johnston (1992:15) meen baie jeugleiers moet nog ontdek dat: *"… the most effective way to change the lives of students is to get them involved in service and leadership".*

### 9.2.2 Betekenisvolle jeugbedieningsmodelle

Vir hierdie navorsing is die gemeenskapsmodel van groot belang. Senter III (1987:243) onderskei tussen verskillende modelle om die jeug binne die gesin, gemeente en gemeenskap betrokke te kry. Volgens Senter III is jeugbetrokkenheid van ouers afhanklik met die siening: *"… explore the outer reaches of their faith than in protecting them from the corrupting influences of society".* Senter III en andere (2001) bespreek vier gesigspunte van jeugbediening en die kerk:

***1. Die inklusiewe benadering:*** Die inklusiewe benadering maak die jeug deel van die gemeentelike aktiwiteite en verhoed dat die jeug van volwassenes geïsoleer word of deur volwassenes geïgnoreer word.

***2. Die voorbereidende benadering:*** Die voorbereidende benadering is 'n gespesialiseerde benadering om jongmense toe te rus as leiers, dissiples en evangeliste.

***3. Die missionêre benadering:*** Die missionêre benadering bestaan uit 'n groep gelowige jongmense wat hulle daartoe verbind het om uit te reik na gekerstende en ongekerstende adolessente.

***4. Die stragtegiese benadering:*** Die strategiese benadering skenk aandag aan 'n nuwe Bybelse en kultureel-relevante kerk wat in die toekoms 'n nuwe vorm van kerk tot stand sal bring in reaksie op die behoeftes van toekomstige generasies.

Hierdie vier benaderings kan wel binne die tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid benut word, maar kan nie netso geïntegreer word nie omdat elkeen van hierdie benaderings 'n duidelike onderskeibare visie en missie het en dit kan verwarrend inwerk. Vir hierdie navorsing moet daar wel gelet word op ander modelle en benaderings, maar met die veronderstelling dat 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid 'n eie unieke karakter aanneem, nie net konseptueel nie, maar ook met betrekking tot die omgewing waarin die model ingefaseer word. Om 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel in die postmoderne tyd te ontwikkel moet elke moontlike model, in watter mate dit nog effektief is, dus ondersoek word om vas te stel watter elemente in elke model voorkom wat die hipotese van hierdie navorsing kan ondersteun. Binne elkeen van die volgende modelle is daar ook wel sulke ondersteunende elemente (vgl Nel 1998:169-175).

**** Gemeenskapsmodel:*** Die gemeenskapsmodel ontwikkel en bemagtig die jeug om God te dien en hul geloof in die gesin, gemeente en gemeenskap uit te leef. Op hierdie model word in hierdie navorsing gekonsentreer en verder uitgebou aan die

hand van elemente uit ander modelle wat ontvanklik is (vgl The Fountain in Boksburg in paragrawe 2.2, 8.3.2, 9.4.1, 9.4.3, 9.4.9 (1) en 9.8).

* ***Kompetisiemodel:*** Die kompetisiemodel konsentreer op die natuurlike leiers wat in 'n bepaalde situasie benut word om as diensknegte en motiveerders van hulle spanne in die konteks van spankompetisie op te tree om die jeug met Bybelse waarhede te konfronteer.

* ***Dissipelskapmodel:*** Die dissipelskapmodel fokus op opleiding deur Bybelstudie en gebedsvaardigheid sodat jongmense diensknegte vir God in die wêreld kan wees.

* ***Fundamentalistiese model:*** Die jeug word uitgedaag om aktief deel te neem aan die evangeliserende verantwoordelikheid van die kerk. Gemeenskapsprojekte is gewoonlik 'n uitdaging veral as dit 'n redelike nuwe benaderingswyse behels. Dit sal onbevredigend wees as dit slegs evangelisasieveldtogte behels met geen opvolgwerk of kontinuïteit nie.

* ***Gawe-ontwikkelingsmodel:*** Korttermyndiensgeleenthede word aan jongmense in kleingroepe gebied om hul gawes en natuurlike vermoëns te ontgin deur aan hulle korttermyn diensgeleenthede te bied. Dit kan as voorloper van langtermyn diensgeleenthede gesien word. Hierdie model laat baie ruimte vir die gebruik van simboliek en die ritualisering daarvan deur middel van verskillende talente soos beeldende kuns, dramatisering, sang en musiek.

* ***Bedieningsmodel:*** Die jeug se bedieningsvaardighede word ontwikkel deur hulle op 'n beplande wyse aan die menslike en geestelike nood en behoeftes ook buite die kulturele konteks van die gemeente bloot te stel.

* ***Stedelike model:*** Die stedelike model is veral bedoel om hoërskole en kolleges in die stad te bereik.

* ***"Youth fellowship"-model:*** Die jeug word opgelei om die jeuggroep te dien in besonder deur programme wat met die Bybel en die toepassing daarvan in die lewe verband hou.

* ***Sigbaarheidsmodelle:*** Benson (1988:43-164) bespreek 'n groot verskeidenheid modelle, onder andere vir dwelmmisbruik, politieke verandering en sigbare jeugbediening, om die kerk meer sigbaar in die samelewing te maak (vgl paragraaf 9.4.8).

* ***Groeimodel:*** (Vgl Nel 1998:174) Die jeug word deur middel van die groeimodel tot 'n persoonlike ontmoeting met God gelei en daarna na geestelike volwassenheid begelei. Snyman (1994:138) sê dat die groeimodel 'n duidelike ekosistemiese gerigtheid het: *"Dit het ten doel om een van die grootste gevare in jeugbediening, naamlik die segmentasie van die lewe van die jeug in onafhanklike en verbandlose segmente, te voorkom".* Die volgende opmerking van Snyman (1994:139) is van belang vir 'n gemeenskapsgerigte model: *"Die groeimiddel fokus dus, in lyn met die moderne epistemologie van die sisteemdenke, op die totale ekosisteem van die jeug ...".* Müller (1996:13) meen dat hier eerder gedink moet word aan 'n ekosistemiese epistemologie as aan 'n ekologiese verwysingsraamwerk (vgl diagram 60: *Die*

*ekosisteem van tieners*, Snyman 1994:139). Die diagram dui die basiese komponente van tieners se ekosisteem aan. Tienerbediening is ondenkbaar binne die raamwerk van gemeenskapsgerigte paradigma sonder 'n ekosistemiese benadering. Vir ‘n model met 'n gemeenskapsgerigtheid is dit belangrik dat Christelike dienslewering, ook binne die pastoraat, die totale mens sal betrek. Müller (1996:38) meen: *“Hier vind die ekosistemiese paradigma aansluiting by die Christelike boodskap en kan die omgewing en konteks ook by die gedagte van die heelheid van die mens betrek word”.* Die heelheid wat binne die konteks van die geloofsgemeenskap met 'n eko-hermeneutiese pastoraat bereik word, moet ook binne die gemeenskap weerklank vind. Louw (2002:350) beweer dat: *“A pastoral hermeneutics should always start from below in order to understand, to show compassion, and to bestow charity”.* Dit beklemtoon die sigbare diensbaarheid van die kerk in die gemeenskap waarby die tiener ingesluit word om nie maar net self nader aan God te groei nie, maar ook daardeur ander nader aan God te begelei (vgl Hendricks 2003:26-28 by paragraaf 9.1.2 (3) en Louw 1989:231 - gesinsverryking). Benson (1997:212) bied enkele wenke aan wat hy *“Asset-building ideas for community-based organizatins”* noem: (1) jeugbetrokkenheid, (2) verskaffing van inligting aan deelnemers, (3) opleiding van leiers in die opbou van waardes, (4) navorsing van bestaande programme om vas te stel watter die beste sal wees om die jeug te betrek, (5) integreer 'n intergenerasionele perspektief in die programmering, ensovoorts.

### 9.2.3 Die problematiek rondom jeugbediening in groepe

Hyde (1991:142) meen: *“Peer group influence is a strong social constraint. Membership of a group brings pressure from the group, whether the influence is religious or secular”.* Soms is 'n portuurgroep formeel soos kerklike groepe en soms is dit informele kerklike groepe of bloot sekulêre groepe. Omdat tieners al hoe meer aan hulself oorgelaat word, word hulle al hoe meer deur portuurgroepe beïnvloed. Portuurgroepe kan 'n negatiewe of positiewe invloed op identiteits- en geloofsvorming van tieners hê afhangende van die leiersfigure in dié groepe.

> Because all adolescents are in the same boat, so to speak; because they share the same deprivation of their needs for adults status and independence, the same alienation from adult society, the same resentments, and the same anti-adult attitudes; because they feel they are not wanted, do not belong, and are excluded from the larger scheme of things; they reach out toward each for mutual support and for providing in concert the things that they want but cannot get individually.
>
> (Ausubel & Kirk 1977:146)

‘n Duidelike onderskeiding tussen die verskillende portuurgroepe se invloede is nodig omdat dit verskillende agendas kan bevat. Portuurgroepe kan egter nooit as plaasvervanger vir die beïnvloeding van ouers of volwassenes dien nie. Bulckens (1994:126) sê: *“Religieuze ervaringen en geloofservaringen kunnen, psychosociaal besckouwd, slechts totstandkomen indien ze … op groepservaringen kunnen steunen en verder indien de sociale omgeving er gunstig tegenover staat en ze de religieuze en christelijke traditie meda doorgeeft”.*

Die vorming van jauggroepa was makliker in die sesentiger en tagtigerjare toe 'n nuwe belangstelling in jeugwerk gewek is (vgl Thesnaar 2002:vi in paragraaf 8.4). Vir die afname in die jeug se belangstelling kan verskillende redes aangevoer word. Die afname in die cesag van die kerk kan as een van die behangrikste redes beskou word. Raubenheimer (1997:57) meej: *"Die plek en rol van die gevestigde Kerke in die SA samelewing is besig om drasties te verander. … Sedert veral die middel tagtigerjare is daar 'n konstante daling in die lidmatetal …".* In die huidige tyd is groepvorming moeiliker weens mear individualistiese neigings wat deur varbruikers-gemeenskap aaNgemoedig word. @ie jeug kom weinig spontaan na gemeentelike geleenthede. Die jeugbediening moet met baie ander aantrekkingskragte in die gemeenskap meeding. Daarom stel Boran (1996:26) voor: *"A ministry-of-waiting must now be replaced by a ministry-of-outreach to young people".* Die uitreik in 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel met gemeenskapsgerigtheid veronderstel 'n uitreik na jongmense en volwassenes in die plaaslike omgewing. Die jeug het vandag meer opsies vir beide ontspanningsaktiwiteite en vaste verbintenisse en dit kan dus nie as die belangrikste element in 'n geloofsbemiddelingsgroep beskou word nie. Groeperinge wat onduidelik gestruktureer is, met ander woorde wat nie 'n duidelike visie en missie bevat nie, kan tot verveeldheid en verwarring lei en so 'n groepering het 'n geringe kans vir oorlewing.

'n Jeuggroep moenie uitsluitlik na binne gerig wees nie, maar moet stimulerend wees deur na ander jongmense in die gemeenskap uit te reik. Dit moet 'n groep wees soos die twaalf dissipels van Jesus Christus wat apostels (gestuurdes) geword het. Jesus het baie tyd gespandeer aan die geloofsvorming van die dissipels (vgl die bergrede in Mat 5-7), maar Hy het hulle ook gedurig uitgestuur om hul geloof in die samelewing te gaan beleef, uit te leef en te ondersoek (vgl die uitstuur van die twaalf apostels in Luk 9:1-6 en die sending van die twee en sewentig in Luk 10:1-20).

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen gemeentelike jeuggroepe en sekulêre jeugklubs. Sommige gemeentelike jeuggroepe kan beswaarlik onderskei word van sekulêre jeugklubs wat onder andere hoofsaaklik fokus op ontspanningsgeleenthede vir jongmense. Sulke klubs neem gewoonlik aanvang bloot om die tieners uit die negatiewe beïnvloeding van die samelewing te hou. Hul energie moet eerder aangewend word om die samelewing positief te beïnvloed soos Jesus sy dissipels met 'n boodskap van hoop na die samelewing gestuur het (vgl Luk 10:1-20, die sending van die twee en sewentig). By jeugklubs is geloofsbemiddeling en -vorming minder prominent (vgl Boran 1996:26-27). Dit moet as 'n rede gesien word waarom gemeentelike jeuggroepe minder prominensie geniet en jongmense eerder sekulêre jeuggroepe verkies.

### 9.2.4 Die voordele van jeugbediening in groepe

Jeugbediening in jeuggroepe kanaliseer die energie van die portuurgroep soos gawes, talente en bekwaamhede op 'n positiewe wyse. Tieners het soms die behoefte om onafhanklik en vry te wees van gesinsimbole of ander outoriteitsfigure. Dit is 'n periode waarin tieners besig is om hul eie identiteit te vorm deur die waardes van volwassenes, die gesin en kinderjare krities in 'n portuurgroep te ondersoek en te bespreek en tot handeling te bring. In hierdie sin oefen die portuurgroep 'n betekenisvolle invloed uit. Jongmense leer om op mekaar te steun en te vertrou en saam waardes toe te pas.

‘n Nuwe toenadering tot die gesin en die aanvaarding van waardes wat voorheen “verwerp” is, maar later deel word van 'n persoonlike oortuiging, is 'n teken dat die oorgang na 'n volwasse lewe besig is om plaas te vind. Jeuggroepe kan 'n belangrike rol speel in die fasilitering van 'n gesonde oorgang (vgl Boran 1996:25-26). Senter III (2001:124-125) verwys na voorbeelde wêreldwyd waar kerke vinnig begin groei het vanuit jeuggroepe: *“Though it sounds idealistic, the idea of youth groups becoming full-fledged churches has worked with startling success all over the world”.* Senter III (2001:125) maak ‘n opmerking wat belangrik is vir die tema van hierdie navorsing: *“It is time to stop thinking of youth ministry as a lifetime commitment, and begin viewing youth ministry as giving birth to a biblically and culturally relevant church that will, in time, give birth to additional churches in response to the needs of future generations”.* Die model wat in hierdie navorsing ontwikkel word, verleen hom daartoe om ‘n heel nuwe benadering in die kerk van stapel te stuur en dui op ‘n dramatiese strukturele en kulturele verandering om dit ten uitvoer te bring.

Portuurgroepe en gesinne moet in 'n komplimenterende lig gesien word. In so 'n samestelling speel die portuurgroep gedurende adolessensie 'n belangrike rol in sosialisering. Lloyd (1985:99) sê: *“One important socializing function of adolescent peer groups is that they provide a social context in which to learn attitudes and skills relevant to adult functioning which cannot necessarily be taught in the family”.* In die portuurgroep kan die tiener met rolle eksperimenteer om te probeer vasstel of hy 'n leier of slegs 'n volgeling is, 'n ekstrovert of introvert is en of hy nog te afhanklik van sy ouers is in vergelyking met sy maats. Die portuurgroep bied ‘n ruimte waar die tiener sy idees en opinies kan evalueer (vgl Strydom 1995:59). Deur tieners toe te laat om op 'n eie unieke styl hul geloof te ritualiseer, word die innerlike behoeftes van tieners en hoe hulle godsdiens benader, bekend. Daarby kan aansluiting gevind word om die tiener- en gesinsbedieningsmodel aan te pas sodat die verskillende behoeftes in die geloofsbemiddelingsproses in ag geneem word.

Brink en andere (2001:67-68) verwys soos volg na die funksies van die portuurgroep: Dit is 'n plek waar die kind kan behoort. In so 'n groep vind hy aanvaarding en doen ervaring op saam met sy gelykes. Hy kry kans om te eksperimenteer met waardes en mense. Sy behoefte aan prestasie word bevredig. In dié groep word die kultuur van die volwasse wêreld gerealiseer. Die beloning wat hulle kry, is om te behoort en om status en erkenning te geniet wat die status quo as 'n enigste moontlikheid van geloofsbemiddeling en geloofsbelewenis drasties kan verander. ‘n Gemeenskapsgerigte model is ingestel op die bemagtiging van tieners om ‘n bepaalde rol in die gemeenskap te speel.

Sapp (1991:98) beskou die volgende twee faktore van belang vir deelname in 'n portuurgroep: (1) fisiese aantreklikheid en (2) waardes wat gedeel kan word. Hierdie faktore kan tieners in 'n netelige situasie van verwerping plaas en 'n gevoel van onaanvaarbaarheid by hulle opwek. Hierna moet geestelike leiers noukeurig oplet. Hierdie faktore kom veral ter sprake wanneer die gemeente gemeenskapsgerig raak en in ontmoeting kom met almal wat om verskeie redes vereensaam geraak het. *“Een van die diepste vrese by mense is dat hulle nie aanvaar sal word nie en kinders moet geleer word dat dit nie prestasie is wat hulle aanvaarbaar maak nie”* (Die Kerkbode 2002:5).

Om vir geloofsbemiddeling aan tieners binne die verbondsgesin te pleit, beteken nie dat jeugbediening deur middel van jeuggroepe nie meer van belang is nie. Jeuggroepe is een van die belangrikste oefen- of eksperimentele ruimtes of sisteme om tot selfstandigheid te kom. Jeuggroepe is egter nie die primêre hermeneutiese ruimte soos die verbondsgesin waarin geloofsbemiddeling kan plaasvind nie. Jeugbediening in jeuggroepe het wel ernstige beperkinge omdat dit nie die uittog uit die kerk kon stuit nie. 'n Bifokale benadering vir jeugbediening is dus uiters noodsaaklik. Daarmee word bedoel 'n beskouing vanuit die bestaande teologie vir jeugbediening asook 'n beskouing vanuit die portuurgroep self wat 'n eie teologiese aard bevat.

Jeugbediening in jeuggroepe vind soms heeltemal geïsoleerd van gesinne plaas. Jeugsentrums, naweekkursusse, jeugontmoetings, nuwe soorte afsonderings vir jongmense en jeugbyeenkomste word gereël. Die jeug word deur skole en plaaslike organisasies gehanteer. Dit het gelei tot die skep van 'n nuwe beweging binne die institusionele kerk. Dit is beskou as 'n outonome ruimte waarin die jeug 'n kerkmodel kon uitleef wat vir hulle betekenisvol is en waar hulle waardes gevorm kan word wat vir hulle belangrik is en waar hulle as subjekte behandel word eerder as objekte. Dit is een van die suksesverhale van jeugbediening (vgl Boran 1996:23-24).

Hierdie pogings het sy doel gedien en kan nog steeds effektief wees, mits geloofsbemiddeling aan die jeug ook diens deur die jeug aan die jeug en die gemeenskap insluit as een van die belangrikste komponente van geloofsbemiddeling. Die sukses van jeugbediening is nie geleë in hoeveel vir die jeug gedoen word om hulle vir die kerk te behou nie, maar hoeveel die jeug in die kerk en samelewing doen om tot geloofsvolwassenheid te kan kom. Jeuggroepe bly dus nog steeds belangrik, maar moet as 'n inklusiewe jeugbediening beskou word wat ook 'n eie stempel op die bediening in die kerk mag en kan afdruk. Dit beteken dat die jeug in die eerste plek reeds in die gesin as bedieningsgroep ingesluit is en vandaar ook deur middel van jeuggroepe in samewerking met hul ouers binne die gemeente en die gemeenskap as uitgebreide groep of familie binne die ander bedieninge betrokke raak soos evangelisasie, diakonia, marturia, paraklese, koinonia, ensovoorts.

'n Tiener- en gesinsbediening wat slegs op diens aan die tiener fokus, het 'n ernstige leemte en is onbevredigend. Dit het gewoonlik nie 'n plan vir kontinuïteit nie omdat ‘n tienerbediening slegs vir ongeveer ses jaar in die totale lewensiklus van die gesin plaasvind. Daarom moet die tienerbedienng aan ‘n sisteem van kontinuïteit verbind word. Na die jeugbyeenkoms, erediens, kategese of die tienerjare, moet die problematiek van die lewe in die gesig gestaar en hanteer word. Boran (1996:24) vra die volgende vraag: *“And now that we have motivated the young people, what are we going to do with them?”* Wat word gedoen as die tiener na 'n wonderlike belewenis in 'n jeuggroep of jeugkamp terugkeer na ‘n individualistiese en materialistiese woonbuurt waar basies geen sweem van geloofsbemiddeling bestaan nie? Watter begeleiding- of opvolgsisteem is daar in die gesin of in die omgewing?
Op hul eie is tieners nie daartoe instaat om die vlam van geloof aan die brand te hou nie alhoewel daar baie vlam (energie) in hulle is. Op hul eie kan hulle nie maklik die Christelike lewenstyl handhaaf nie, naamlik om teen die stroom van 'n wêreldse kultuur in te beur nie. 'n Geïsoleerde tiener is broos en word maklik deur die pluralistiese omgewing in sy Christelike lewensstyl gekortwiek. Die huidige jeugbediening bied slegs sporadiese geleenthede vir geloofsvorming in die praktyk.

'n Meer aaneenlopende bediening moet binne die plaaslike gemeenskap geskep word waar jongmense hul Christelike waardes kan ontwikkel. Een van die oplossings is kleingroepe. In kleingroepe kan jongmense 'n meer persoonlike ondervinding van die kerk ervaar (vgl Boran 1996:24-25). Die belangrikste kleingroep in die gemeente bly steeds die gesin, maar die gemeenskap in sy verwildering waar die gesinsverband verkrummel het, roep ook na sulke intieme geestelike groeperinge.

Boran (1996:28 ev) sê dat aan drie aspekte van jeugbediening gelyktydig aandag geskenk moet word wanneer jongmense in groepe betrek word om in die samelewing 'n effektiewe bydrae te kan maak: (1) Tieners moet gewerf word. Werwing behels die uitnodiging aan jeug om 'n jeuggroep te vorm. *"Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: 'Volg My!' Hy het toe opgestaan en Hom gevolg"* (Matt 9:9). Boran (1996:28) trek 'n direkte lyn tussen die dissipels van Jesus en jeuggroepe as die basis van jeugbediening: *"These groups are the basis of youth ministry".* Hiermee kan egter nie altyd saamgestem word nie, want die eintlike basis vir jeugbediening is die gesin. (2) Nadat tieners gewerf is, moet hulle "ingelyf" word. Dit kan vir tieners 'n diep simboliese betekenis hê wat ook deur toepaslike rituele bevestig kan word. Die inlywingsproses vereis 'n duidelike visie van die rigting waarheen die jeuggroep beweeg. Wat is die doel met die groep op kort-, medium- en langtermym en wat is die metodologie wat gebruik gaan word en wat moet uiteindelik bereik word? (3) Verbintenisse is baie belangrik vir tieners. Tieners met 'n duidelike visie, hou vas aan konkrete projekte en gee nie maklik op as hindernisse op die pad kom nie. Sommige tieners gaan verbintenisse in die kerk aan en ander gee voorkeur aan sosiale verbintenisse buite die kerk. Veral dié tieners wat voorkeur gee aan sosiale verbintenisse buite die kerk kan soms meer doeltreffend in 'n gemeenskapsgerigte tienerbediening gebruik word. Die twee verbintenissgroepe, binne-kerklik en buite-kerklik, werk dus met twee belangrike gesinspunte, naamlik vanuit die kerk en vanuit die gemeenskap om iewers 'n ontmoeting tussen kerk en gemeenskap te realiseer (vgl paragraaf 9.4.1 – tweetalige teologie en bifokale programme).

'n Verdere vlak van ontwikkeling van die jeugbediening handel oor die behoefte vir organisering wat tieners op 'n gereelde basis bymekaar sal bring. Isolasie lei tot verarming van idees en ondervinding. Idees en ondervinding moet uitgeruil word. Organisering is 'n essensiële stap in die opbou van jeugbediening. Organisering sluit in beplanning, kontrole, finansies en evaluering waarby tieners direk betrek moet word (vgl Boran 1996:36-37 en Nel 1998:183-193).

'n Effektiewe jeugbediening vereis 'n duidelike teorie of filosofie. Dit is miskien die moeilikste stap. Daar moet 'n visie bestaan waarheen die jeugbediening onderweg is en 'n duidelike missie moet geformuleer word om die visie te laat realiseer. Die visie- en missievorming het ook 'n simboliese en rituele kant wat in gedagte gehou moet word. Daarmee word bedoel dat 'n visie gesimboliseer of gevisualiseer moet word en by die uitvoering van die missie word rituele geïnkorporeer. Hierdie benadering moet die jongmense help om komplekse werklikhede te verstaan en moet hulle ook aanmoedig om Christene met sterk verbintenisse te word (vgl Boran 1996:38 asook die filosofie vir tiener- en gesinsbediening in paragraaf 8.4.4).

**9**

## 9.3. Paradigmaverandering

Met ‘n insig in die huidige krisis in die kerk, is dit duidelik dat die kerk 'n paradigmaverandering al hoe meer nodig het (vgl diagramme 1, 12 en 62). Diagram 1: *'n Paradigmaverandering van teorie na praktyk en van gemeente na gesin en gemeenskap* dui op 'n klemverskuiwing van teorie en programme na persone, prosesse en handelinge. Dit dui ook op 'n klemverskuiwing van gemeente as korporatiewe liggaam na gesinne as die belangrikste boublokke in enige gemeenskap en 'n klemverskuiwing van gemeente na die gemeenskap waarin die staat en markplein 'n belangrike rol speel. Diagram 18: *Samewerking tussen kerk, staat en markplein,* dui op 'n interaksie van verskillende bedieninge waar kerk, staat en markplein oorvleuel. Hier word weens die omvang van ‘n bespreking oor die invloed van die ekonomie (markplein) op die gesin net verwys na ‘n volledige ondersoek wat deur *“The International Union for the Scientific Study of Population Problems”* (IUSSP) gedoen is en nog steeds gedoen word sedert 1928. Hierdie ondersoek verwys na die ekonomiese gevolge wat voortvloei uit gesinsprobleme.: *“These consequences include changes in people’s economic behavior, … inequality among families, households, and individuals. Furthermore, there are consequences for state policies, including education …”.* (Ermisch en Ogawa 1994:1). Die kerk, staat en die markplein sal saam na 'n oorvleuelingspunt moet soek waar aldrie gemeenskaplike belange dien om in die gemeenskap saam 'n beter bedeling vir almal te kan beding. Diagram 61: *'n Tiener- en gesinsbedieningsmodel*, stel 'n model voor wat uit vyf stappe bestaan wat tot interaksie tussen die kerk aan die een kant en die staat en markplein aan die ander kant lei. Hierdie stappe bestaan uit aanvangsvrae, stappe by die beplanningsfase, 'n konseptuele model, hoe om as gesin met gesinsbediening te begin en die nodige kommunikasiemodelle. Dit stuur 'n beweging vanuit die gemeente of kerk na die gemeenskap van stapel. Hierdie beweging na die gemeenskap word voortdurend geëvaleer, aangepas om die verlangde uitkoms te kan bereik wat as basis dien vir die hele bedieningstrategie.

Whitmore (1998:96) wat na die rol van die kerk in verhouding met die staat namens gesinne verwys, meen: *“In order to address the issue of the role of churches and the government on behalf of families, … it is necessary to look at the full range of associations and institutions in civil society”.* Die staat se primêre taak is om 'n toestand te skep waarin die ander deelgenote van die gemeenskap toepaslik kan funksioneer (Whitmore 1998:97). Behalwe die gesinne, die ekonomie en die staat sluit die gemeenskap 'n verskeidenheid vrywillige assosiasies in. Alhoewel na kerke ook dikwels verwys word as vrywillige assosiasies, moet in gedagte gehou word op watter wyses kerke anders is as die ander vrywillige assosiasies. *“… it is precisely through the conscience, formed in community, that God draws persons”.* (Whitmore 1998:98).

Die tiener- en gesinsbedieningsmodel met ‘n gemeenskapsgerigtheid moet dus 'n holistiese benadering hê om op ‘n kontinue basis die gesinne effektief op te bou en die tiener binne die kerk op 'n inklusiewe en interaktiewe wyse deur middel van simboliek en ritualisering betrokke te maak. Dit vereis toerusting vir gemeenteleiers, ouers en tieners. De Vries (1994:75) sê: *“There are basically two types of family-based programs those to equip parents to effectively nurture their children in the Christian faith (for example, classes and events for parents) and those that give*

*teenagers the opportunity to be with adults (such as classes and events for parents and teenagers together)".*

Volgens Strommen en Hardel (2000:16) besef kerkleiers al hoe meer dat dit wat in die lewens van kinders gebeur en nie gebeur nie direk gekoppel kan word aan wat in huise gebeur en nie gebeur nie. Hierdie stelling kan ook betrekking hê op enige instansie waarby kinders betrokke is. Op die geestelike terrein gebeur daar al hoe minder in die sekulêre wêreld. 'n Nuwe paradigma is nodig om die geloof van een geslag na die ander oor te dra wat in 'n multikulturele postmoderne opgroei. Hierdie paradigma moet kinders, jongmense, bejaardes, gesinne, gemeentes, verskillende Christelike kerke en selfs verskillende kulture bymekaar bring. In 'n hoë mate bestaan die persepsie onder lidmate dat geloofsbemiddeling net in kerkgeboue kan plaasvind. Dit kan geïnstitusionaliseerde geloofsbemiddeling genoem word. Nel (1994:255) verwys na 'n algemene waarneming dat die Afrikaanssprekende kerke nog grootliks rondom die pastorale leierskap gestruktureer word. In hierdie navorsing met 'n gemeenskapsgerigtheid, word gepleit vir 'n lidmaatkultuur soos Nel (1994:256) dit stel: *"... waar die gemeente 'n kweek- en groeiplek word vir diens aan die koninkryk van God, waar die besig wees van onsself met onsself rigting kry ...".* Dit gaan dus nie om 'n gemeente aan die gang te hou nie, maar waar die lidmate oor die ruwe en steil plekke van die onmiddellike gemeenskap begin beweeg. Jesus se tog deur Samaria en sy gesprek met die vrou by die put van Sigar op weg na Galilea kan as voorbeeld gebruik word (Joh 4). Die Jode het die ander weg deur die Jordaanvallei gevolg om die Samaritane te vermy. Die paradigma vir die kerk in 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid dui op 'n ruwe pad om by die gespreksputte van die gemeenskap uit te kom.

Barna (1995:109-115) verwys na vyftien faktore wat in die middel negentigs tieners gedefinieer het en hulle lewens gerig het. Hierdie faktore dui op sekere verskuiwings wat reeds vir 'n geruime tyd in die denke van tieners voorkom en die wyse van geloofsbemiddeling aan hulle direk raak. Enkele van hierdie faktore word hier genoem: Persoonlike verhoudings tel en institute nie; die proses is belangriker as die produk; verandering is goed; die ontwikkeling van 'n karakter is van meer belang as sukses; 'n verwagting kan nie bestaan dat die gesin altyd beskikbaar sal wees nie, maar dáár word die beste emosionele ondersteuning gevind; een persoon kán 'n verskil in die samelewing maak; geestelike waarhede kan verskillende vorme aanneem en tegnologie is ons natuurlike bondgenoot.

Strommen en Hardel (2000:17) meen dat sommige ouers nie meer weet hoe om geloof aan kinders te bemiddel nie, want dit is heel waarskynlik nie deur hul eie ouers gedoen nie. Die goeie nuus is dat sommige ouers wel toegerus wil word om geloof aan hul kinders te bemiddel. Die model vir gesinsbediening moet as 'n gemeenskapspoging gesien word en nie die verantwoordelikheid van sekere persone nie. Strommen en Hardel (2000:19) is van mening dat 'n geloofsvomings-paradigma wat beperk is tot godsdiensonderrig aan kinders en 'n jeuggroep vir die hoërskoolleerders is nie voldoende om hul toe te rus om hul geloof na die volgende geslag oor te dra nie: *"A paradigm shift is needed - one that results in a more comprehensive approach and fosters faith through experiences in the family, the congregation, the community, and the culture"* (Strommen en Hardel 2000:19). Volgens Strommen en Hardel (2000:20) verbind so 'n paradigmaskuif die ouer geslag, wat miskien die mees kerklike groep in die huidige tyd is, met die

millenniumgenerasie, wat nie meer die verhale van God se genadige liefde ken nie en wat dan weer kan hoor wat hierdie verhale met hul lewens te doen het: *"This new vision identifies the family as God's domestic church and the congregation as God's communal church. The community and culture are viewed as providing the context within which faith-lives are shaped".*

As kinders eers skoolouderdom bereik voor daar aandag aan hul geestelike lewe gegee word, het daar ongeveer ses jaar verlore gegaan. Dit is ook die belangrikste jare vir die basiese vorming van kinders se geloofslewe. Huis- of buurtkategese word al hoe meer 'n besprekingspunt en daar is ook reeds gemeentes waar dit met sukses toegepas word (vgl Oudelaar-Bijlsma 2003:41-59 – Provider: Een nieuwe naam in de catechese).

Nel (2001:19) sê: *"What we need in order to become fully functioning local church families again is nothing less than a change of mind and heart".* Dit gaan egter vir vele tradisionaliste 'n moeilike taak wees. Daar bestaan ook 'n algemene antagonisme jeens gemeenskapsbetrokkenheid vanweë 'n hoë misdaadsyfer. Dit word ook gegrond op die huidige betrokkenheid by gemeenskapsprojekte en die volgende stelling van Nel (2001:19): *"As history has taught us, no reformation is without a price - and most reformers were considered heretics, at least for some time. The reformation I am suggesting is against the grain of individualistic Western culture, where materialism and comfort - to the point of narcissism - are inclined to determine our understanding of God's will for his people".*

Die geloof vir die uitvoerbaarheid van hierdie model is geleë in God wat gesinne en die kultuur transformeer (vgl paragraaf 6.13.1 – die gesin as pneumatologiese ruimte). Daarmee word bedoel dat meer aandag geskenk moet word aan die lewegenererende faktore in gesinne, gemeentes en die gemeenskap. Strommen en Hardel (2000:285) bespreek hierdie faktore en dit kan soos volg saamgevat word: dieper gesinsverhoudings, dieper verhouding met God, 'n Christelike opvoeding wat op geloof fokus, om die gemeente as gesin of familie te beskou, 'n Christelike jeugsubkultuur, gesonder gemeenskappe en die transformering van kultuur. Jesaja is vol geloofgebaseerde uitdrukkings om die volk van God te lei. Die volk is hoofsaaklik aan die gang gehou deur dit wat God gedoen het en hul geloof in Hom (Jes 9:2,6; 53:5, 60:1; 61:1). Strommen en Hardel (2000:286) sluit hierby aan: *"Vision motivates when it is based on faith in God and when people of faith realize that the vision is about doing the will of God. Far too often faith communities get stuck in their mission and ministry because there is little of the presence and power of God in their vision".* Die pneumatologie en Christologie moet sentraal in die model funksioneer om te waak teen 'n oorwegend sosiologiese of antropologiese struktuur.

Daar is gemeentes wat hul energie en tyd bestee aan begrotings om die basiese bedienings aan die gang te hou. Strommen en Hardel (2000:286) sê as gemeentes van visie na aksie wil beweeg, moet die leiers voor God gaan staan en na God se Woord en aanwysing luister. Hierdie tree van visie na missie, aksie of handeling moet in die teenwoordigheid van God gevind word en deur gebede en bepeinsing van gemeentelede en –leiers ondersteun word. Strommen en Hardel (2000:286) verwys na George Barna (1991:11) se boek,*"Without vision, the people perish"* waarin Barna beweer dat as God se volk nie 'n duidelike visie het waarheen hulle op pad is nie, word die kanse vir 'n suksesvolle reis ernstig beperk. As predikante nie op die

roepstem van God met betrekking tot hul bediening reageer nie, sal hulle verwarring ervaar, tyd verkwis en hul bediening sal nie veel impak hê nie.

### 9.4. 'n Gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening

#### 9.4.1. ‘n Prakties-teologiese motivering

Thomas en Ahlen (1999:67) gee die volgende teologiese motivering vir gemeenskapsbediening: *“People are the highest creation of God with infinite potential and value and as such are of infinite worth. People are whole beings made up of physical, emotional, and spiritual segments that cannot be seperated or isolated. God desires the highest good for all people, which is life in fellowship with him on earth and in his eternal kingdom. People are motivated to serve by God’s love for him and by the love of God as revealed in his Son, Jesus Christ.”*

Gemeenskapsgerigtheid beteken om die ontmoetingspunt tussen kerk en gemeenskap uit twee oogpunte te beskou. Die kerk moet na die gemeenskap deur 'n teologiese bril kyk, maar ook bewus word van die gemeenskap se beskouing van die kerk. Die kerklike oogpunt het 'n belydende ingesteldheid terwyl die van die gemeenskap minder belydend is en in sommige gevalle nie eens die evangelie erken nie. Dit sal noodwendig die model in hierdie navorsing en gepaardgaande programme beïnvloed. Browning en andere (1997:315) beveel aan dat: *“Churches should develop a bilingual theology and a bifocal program that supports intact families and addresses the realities of other family forms”.* By die probleemstelling van hierdie navorsing word verwys na die verskillende invloede wat die gesinne nadelig tref en dit moet in die taal, teologie, model en programme in aanmerking geneem word as 'n belangrike onderdeel van die struktuur van die brug tussen die kerk en die gemeenskap. In die praktiese teologie word onder andere gewerk met gesinne waar die pa en ma buite huweliksverband saamleef, enkelouergesinne, stieffamilies en gesinne met homoseksuele ouers of kruiskulturele samestellings. Hierdie gesinne moet binne en buite die gemeentelike verband geestelik versorg word en daarvoor moet in die teologie, programme en die gesinsbedieningsmodel voorsiening gemaak word. Die plaaslike gemeente konsentreer dus tegelykertyd op gesinne binne en buite die gemeente – kyk dus deur twee lense of brille na dieselfde situasie.

Simboliek en rituele wat aan die meerderheid in die gemeenskap bekend is, kan gebruik word vir geloofsbemiddeling, maar ook vir die minder konfessionele hulpverlening of pastorale hulp. Soms word duiwe by 'n begrafnis of feesvieringe vrygelaat om rus en herstel tot vrede uit te beeld. Die meeste Christelike simbole is van heidene oorgeneem en met 'n nuwe betekenis gevul. Dit geld ook vir die simbool van die duif wat in die antieke wêreld as simbool van eenvoud, liefde, onskuld, sagmoedigheid, reinheid en vrede gebruik is (vgl Stander 2000:43). Die duif word binne die Christendom ook as simbool van die Heilige Gees gebruik (vgl Joh 1:32). Die praktiese teologie moet dus werk aan 'n taalgebruik en die benutting van simbole en rituele wat meer gemeenskapgerig en verstaanbaar is.

Effektiewe uitreik na ‘n gemeenskap begin nie met ‘n wetenskaplik geformuleerde model of program nie. Dit begin in die hart van iemand wat omgee vir mense. By die put van Sigar sit Jesus moeg na ‘n lang reis by die fontein van Jakob. ‘n Indrukwekkende uitreik na ‘n veelbesproke vrou asook deur haar na die Samaritane,

met wie die Jode nie omgegaan het nie, vind plaas deur van ‘n belangrike Bybelse simbool, water, gebruik te maak, maar wat ook ‘n bekende simbool vir die gemeenskap was waarby Jesus aansluiting kon vind (vgl Joh 4:1-2).

Terwyl hierdie navorsing sy laaste stadium in 2001 begin bereik het, is ook met 'n projek in Boksburg begin waaraan die naam The Fountain gegee is, om na mense met 'n dors na die water van die ewige lewe uit te reik. Die plaaslike owerheid het 'n groot twee-verdiepinggebou wat op sewe erwe geleë is, vir hierdie doel aangebied. Geestelike leiers en lidmate van verskillende Christelike kerke (kerk), persone van die besigheidsektor (markplein) en staatsamptenare (staat) het sedertdien met entoesiasme betrokke begin raak. Ongeveer twee hektaar grond is ook van die plaaslike owerheid vir 'n groentetuin aangevra. Met ‘n gerigtheid na God en die gemeenskap kan daar na enige noodsituasie uitgereik word. Sonder omhaal van woorde raak lidmate en gemeenskapsleiers betrokke van wie sommige selfs voorheen nie werklik by die kerk betrokke was nie. Dit is asof ‘n ingeskape gehoorsaamheid aan Jesus Christus se diensbaarheidsopdrag in mense begin loskom as teologie op ‘n verstaanbare wyse praktykgekoppel raak. Die volgende stellings van bereidheid dui ook die karakter van sulke deelnemers in die gemeenskapsgerigtheid aan.

### 9.4.2. Bereidheid tot diensbaarheid

Hebbard (1995:196-197) is van mening dat die uitreik deur gesinsbediening gebou word op die antwoorde van tien vrae. Dit word vir die doel van hierdie navorsing as tien stellings van bereidheid geformuleer, naamlik bereidheid om …:

* by die putte in die gemeenskap na ander se nood te luister,
* minder veroordelend te wees sodat ander se pyn beter gehoor kan word,
* deur die media na die noodkrete en probleme om oplossings te vind, te luister,
* niks in die oë van die wêreld te wees sodat God in almal alles kan wees,
* met mense te werk wat nie netjies in die gesinsbedieningsmodel pas nie,
* deur vreemdelinge misbruik en seergemaak te word,
* in die gemeente verkeerd verstaan te word omdat nie-lidmate medewerkers is,
* 'n gespreksgenoot vir gesinne buite gemeenteverband te wees,
* bedieningstrukture so te verander dat die kerkdeure vir almal oopgestel word en
* teenstand en oorwinning te beleef.

Gemeenskapsgerigtheid het met 'n uitreikvraagstuk te doen wat 'n dramatiese skuif in denke en waardeoordele bring. Sommige geestelike leiers en lidmate wil binne 'n gemaksone bly en nie werklik naby mense se probleme kom nie. Die makliker taak is om oor mense se probleme te preek, maar om gesinne en enkellopendes met probleme te bedien, is heelwat moeiliker, bevat meer risiko's, vra meer geloof en is meer interessant. Daarom sal kerke of gemeentes met 'n skeptiese en tradisievaste houding nie die weg van ‘n gemeenskapsgerigte gesinsbediening wil volg nie. Dit dui op ‘n bepaalde verhouding tussen die kerk en gemeenskap.

### 9.4.3. Die verhouding tussen kerk en gemeenskap

In hierdie navorsing word die verhouding tussen kerk en gemeenskap beklemtoon en hoe die bestaande gaping tussen die kerk en gemeenskap oorbrug kan word.

Christen-gesinne is in die gemeenskap om die gemeenskap na Christus te lei en die liggaam van Christus daar gestalte te gee. Fowler (1988:36) meen: *"It is also a world-penetrating community, distinct from the world of unbelief around it but never isolated from that world. This poses a twofold challenge to us today: to renew the church as both a life-encompassing and a world-penetrating community".* Fowler (1988:38) beweer dat gemeenskapsgerigtheid 'n belydenisstruktuur vir kulturele aktiwiteit vereis en hierdie struktuur is die kerk: *"As a cultic organisation it is distinguished from other societal structures by its confessional character".* Dit maak geloofsbemiddeling binne die gemeenskap van uiterste belang.

Dekker (2000:157) noem dat daar wel oor die verhouding tussen die kerk en gemeenskap nagedink word, maar oor watter betekenis die kerk in die gemeenskap het en wat dit behoort te wees, is daar nie eenstemmigheid nie. Die gemeenskapsituasie is te ingewikkeld en die materie te gevoelig vir eenstemmigheid. Wat dus in hierdie navorsing besin word, is die gewenste houding wat die kerk teenoor die gemeenskap kan inneem. Die vraag wat gevra word, is: Kan die kerk met sy huidige bedieningstrategie nog werklik die gemeenskap beïnvloed? Hierdie vraag word gevra omdat die sigbaarheid van die kerk in die samelewing basies verdwyn het. Dekker (2000:158) meen: *"Door de differentiatie van de sameleving en de daarmee gepaard gaande verkerkelijking van de christelijke godsdienst zijn het kerkelijk leven en de overige terreinen van het leven steeds meer los van elkaar kom te staan"*. Die invloed van die kerk in die samelewing het verswak. Die pluraliteit binne die kerklike lewe het 'n groot verdeeldheid by lidmate se houding teenoor die gemeenskap en hul posisie daarin teweeggebring. Hierdie saak moet ondersoek word en regtellings sal gemaak moet word om 'n groter gemeenskaplikheid binne die gemeente en gemeenskap te kan bereik en die gaping tussen kerk en samelewing te vernou. Dit is 'n moeilike taak omdat die verskillende opvattinge oor die gemeenskap in die verskillende kerke aan die een kant en dié van mense buite die kerkverband aan die ander kant moontlik ewe groot is.

Dekker (2000:159) vra of die kerk as gevolg van hierdie verhouding met die gemeenskap sy invloed in die gemeenskap moet laat vaar en alleen op die private lewens van mense moet konsentreer? Dekker is van mening dat die kerk na 'n weg vir beïnvloeding in gemeenskap moet soek. Dit is die taak van hierdie navorsing om 'n model te ontwikkel om die rol van die kerk in die gemeenskap te herstel. Die rol van die kerk in die gemeenskap is afhanklik van die gesinne wat in die gemeenskap woon, werk en ontspan. Cahill (2000:7) verwys soos volg na die rol van die gesin in die gemeenskap: *"The family is an institution of civil society, and it is interdependent with virtually every other".* Binne hierdie afhanklikheidstruktuur kan die rol van die kerk weer herstel word. Cahill (2000:4) verwys ook na die belangrikheid van die gesin as instelling binne die gemeenskap sedert die begin van die Nuwe Testamentiese tyd.

Een van die probleme om betrokkenheid onder die lede van die gemeenskap vanuit die kerk te ontwikkel, is die afname in die gesag van die kerk, kerkleiers en die Bybel in die gemeenskap. As met gesag seggenskap of mag bedoel word om ander te beïnvloed: *"… dan moet men zich realiseren dat geen persoon of instantie en dus ook geen boodschap gezag in zichself heeft. Gezag is een relationeel begrip en verschijnsel; aan iets moet gezag worden toegekend wil het ook zeggenschap en dus effect hebben; …."* (Dekker 2000:160) Dit is slegs sekere lede van die

gemeenskap en lidmate van die kerk, wat hulle op godsdienstige gronde sal laat aanspreek. Die mense buite die kerk sal nie veel na die boodskap van die kerk luister wat op kerklike en godsdienstige gronde gebaseer is nie. Mense skenk nie noodwendig ekstra aandag aan die boodskap van die kerk omdat dit van die kerk kom nie. Daardie tyd is verby. Die kerk word al hoe meer gesien as een van die talle organisasies in die gemeenskap wat uitsprake maak (Dekker 2000:161). Hierdie siening word gegrond op die huidige geslag wat nie net postmodern is nie, maar ook selfs post-Christelik (vgl Clark 2001:78).

Volgens Dekker (2000:162) verwag die samelewing wel iets van die kerk. 'n Ondersoek wat in Nederland gedoen is, *God in Nederland*, toon dat daar verwagtings is dat die kerk tog uitsprake sal maak oor bepaalde politieke en maatskaplike probleme. Die verslag sê dat baie mense nie meer die kerk as instelling beskou waar die geloofslewe vorm aanneem en beleef word nie, maar dat dit 'n denkbeeldige instelling is wat wel 'n funksie in die publieke lewe het ten opsigte van die moraal en waardes van die samelewing. Hierdie beskouing van die kerk as 'n denkbeeldige instelling dui daarop dat die kerk sy gerigtheid op die gemeenskap moet verander deur te let op die veranderende situasie en belewingswêreld van die mens.

Die kerk het op die een of ander wyse met die lewens van mense in die onmiddellike gemeenskap te doen en daarom ook met wat in die gemeenskap gebeur en nie gebeur nie. Dekker (2000:164) beweer: *"… van de kerk hebben we gezegd dat ze niet alleen de instelling is waarbinne gelovigen hun geloof kunnen beleven, maar ook de instelling met behulp waarvan die gelovigen hun geloof in de wereld gestalte kunnen geven".* Dit gaan dus nie om die verkerkliking van die lewe nie, maar om die wêreld en die lewe in die wêreld en daarom ook om die gemeenskap self. Die vraag waarop 'n antwoord gesoek word, is hoe werk die kerk mee aan die wêreldlike take van die gemeenskapslewe? Dekker (2000:164) beskou 'n tweeledige strategie as die antwoord op hierdie vraag: (1) 'n strategie met betrekking tot die lidmate of gelowiges en (2) 'n strategie met betrekking tot diegene wat buite die kerklike kring is, maar wie tog iets met die kerk te doen wil hê. Hierdie strategie kom vanself na vore sodra daar induktief in die gemeenskap omgegaan word. Dit is reeds die ervaring by The Fountain in Boksburg waar sommige inwoners niks met die kerk te doen wil hê nie en ander The Fountain gebruik om 'n nuwe begin in die lewe te maak. Hoewel hier van 'n tweeledige strategie gepraat word, sal dit bifokaal gebruik moet word (vgl Browning en andere 1997:315).

In die kerk bestaan 'n groot verskeidenheid beskouinge onder die lidmate oor geloofshandelinge in die gemeenskap. In Markus, onder andere, word die optrede van Jesus binne en buite die tradisionele huishoudings en geografiese grense beskryf, maar ook sy verankerdheid binne die huishouding van God. Die roeping van die dissipels en hul onmiddellike reaksie kondig die koms van die koninkryk van God aan en dui op die bruid wat haar familie verlaat (vgl Jacobs-Malina, 1993:12). Jesus se diens in die samelewing het geen grense geken nie, maar het ook geen publisiteit gevra nie. Alhoewel die situasie in Jesus se tyd anders was, bly hierdie optrede van Jesus een van die lesse wat geleer moet word vir 'n tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid. Jesus se bediening is nie deur die mure van huise, families of sosiale groeperinge gestuit nie. Sy bediening het wel ernstige probleme vir die Skrifgeleerdes en Fariseërs geskep, byvoorbeeld as Jesus saam met sekere uitgeworpenes geëet het of wanneer die dissipels geëet het sonder om te vas of as

hulle selfs op die sabbat voedsel gesoek het. Voedsel was 'n algemene simbool om verhoudings tot uitdrukking te bring (Jacobs-Malina 1993:14). Jesus is ook dikwels voor die versoeking gestel om sy biologiese familie bo God se huishouding te plaas (Mark 3:20-35). Jesus het dus met die begrip van 'n uitgebreide familie gewerk. Jacobs-Malina (1993:18) verwys ook na aardse analogieë wat Jesus vir die koninkryk gebruik soos in Mark 4:26-34 om aan te dui dat almal, vroue ingesluit, en alle volke in God se koninkryk welkom is. Jacobs-Malina (1993:19) maak die volgende opmerking oor hierdie uitsprake van Jesus: *"His words and actions attempted to resocialize the disciples regarding new relations that called for different emotional responses. Situations which had previously evoked fear were now to evoke trust from those members within the household".* 'n Gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid moet dus 'n komponent vir hersosialisering insluit. Dit was nie net 'n groot probleem in Jesus se tyd nie, maar sal vandag veral in sekere kringe met 'n ondertoon van rassisme of klasseverskil 'n probleem wees. Hierdie opheffing van grense in Jesus se bediening staan sentraal binne die voorgestelde model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid. Die grense tussen gemeentes, kerke en institute wat diens in die gemeenskap lewer sal opgehef moet word. Browning en andere (1997:322) vra dat die kerk hieraan aandag moet skenk: *"Churches must help society understand that public policy should not and cannot maintain 'value neutrality' on family matters".* Wanneer waardes in die samelewing ter sprake kom, kan dit nie net vanuit 'n Christelike of 'n ander geloof se oogpunt beskou word nie. Dit beteken nie om die Christelike waardes met ander waardes tot meer aanvaarbare waardes te vermeng nie. Uit verskillende oorde kan bydraes gelewer word tot die aanvaarding van waardes wat nie net eie aan die Christelike godsdiens is nie. Daar is raakpunte of ontmoetingspunte tussen sekere godsdienste sonder om dié godsdienste tot eenheid te dwing. Dit moet eerder as 'n geleentheid gesien word om persone van ander gelowe tot die Christendom uit te nooi. Met 'n samestelling van regeringsamptenare, soos tans in Suid-Afrika, wat uit verskillende gelowe en kulture bestaan en dat die kerk en regering skakels moet soek om met mekaar saam te werk, is genoeg rede om nie gesinne en die gemeenskap eensydig te benader nie. Christene, Jode, Protestante, Katolieke, Moslems, Hindoes, ensovoorts sal bymekaar moet kom om hul familietradisies met mekaar te deel om 'n beter begrip vir mekaar te ontwikkel. Huwelike word nie meer net binne 'n bepaalde kerkverband of geloof gesluit nie. Soms is die kombinasies van bruidegom en bruid radikaal. Sulke huwelikskombinasies vorm weer 'n nuwe stel waardes vir die kinders wat uit sodanige huwelik gebore word. So vind die vermenging van waardes al hoe meer plaas en is daarvoor weinig keer. As die Christelike kerk hom van hierdie waardevermengingsproses distansieer, word oogluikend toegelaat dat waardeneutraliteit gehandhaaf word.

Kinders sal al hoe meer in die samelewing met ander norme en waardes as die van die Christendom gekonfronteer word omdat groepering van dieselfde geloof of kultuur binne 'n bepaalde woongebied al hoe minder plaasvind. Die demokratiese regeringstelsel faseer hierdie tendens geleidelik uit en bring daardeur die verskillende gelowe, filosofieë, kulture en derhalwe verskillende waardes amper ongemerk in dieselfde gemeenskap in.

Die lede van die gemeenskap wat nie aan die kerk behoort nie, verwag nie alleen troos, begeleiding of geborgenheid nie, maar dig aan die kerk ook 'n funksie in die publieke lewe toe, naamlik die instandhouding van die moraal en waardes in die

gemeenskap. Hierdie buitestaanders ag die kerk ook betroubaar as bron van informasie met betrekking tot maatskaplike en politieke sake. Dit kan as 'n korporatiewe beskouing van die kerk gesien word. Die evangelie as riglyn vir alle mense moet op die een of ander wyse in die gemeenskap ingedra word. God het sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld gestuur, veral na dié wat nie aan 'n kerk behoort nie (vgl Joh 3:16-17). Die kerk moet dus ook aan die publieke debat in die gemeenskap deelneem. Die kerk wat só in die gemeenskap betrokke raak, moet besef dat die kerk met die maatstawwe van die samelewing beoordeel sal word. Hieroor oordeel Dekker (2000:167) positief: *"Alleen teologische kennis volstaat hier niet en een eevoudig getuigenis evenmin. Maar het is de moeite waard om het te proberen".*

By die geloofsvorming van tieners word hul persoonlikhede ontwikkel en dit kan nie sonder 'n dialektiese verhouding tussen tiener en gemeenskap plaasvind nie. Hier word nie met gemeenskap in die eerste plek die plaaslike samelewing as sodanig bedoel nie, maar eerder die tiener in gemeenskap met ander persone wat 'n bydrae tot sy geloofsvorming lewer. Paris (2001:201) beweer: *"Personhood is not possible apart from participation in community, and a good community exists for the well-being of its members".* Daar is egter twee beklemtoninge van hierdie dialektiese verhouding: (1) die beklemtoning van die individu en (2) die beklemtoning van die gemeenskap. Beide kan disharmonie teweegbring. Daarom word in hierdie navorsing daarop gelet dat hierdie dialektiese verhouding nie eensydig benader word nie. Die volgende modelle is 'n aanduiding van die gevaar van so 'n eensydige beklemtoning.

### 9.4.4. Verskillende gemeentemodelle

Deelname in die gemeenskap het daartoe gelei dat verskillende modelle reeds in die kerk ontwikkel het om op die een of ander wyse in die gemeenskap en die wêreld betrokke te raak. Dit het te verstane nie sonder spanning gepaard gegaan nie, want die kerk kom te staan teenoor wêreld- en bose magte. Johannes 3:16; 15:18 en 19 en Heb 11:9 en 15 dui op 'n spanningsvolle verhouding tussen kerk en wêreld. Dat die kerk "in" die wêreld is, maar tog nie "van" die wêreld nie, skep volgens Dingemans (1987:159) 'n ambivalente spanning tussen die gemeente en die wêreld. Dingemans (1987:159-162) bespreek verskillende modelle wat in hierdie spanningsverhouding ontstaan het (vgl diagram 62: *Verskillende gemeentemodelle*).:

***1. Die vlugmodel:*** Dingemans (1987:159) meen die gemeente: *"… vlucht uit de kolkende en meeslepende oceaan van de wereld in de ark van Noach".* Volgens Dingemans (1987:159) het die kerk in tye van kulturele dekadensie of anti-christelike gevoelens die neiging gehad om in 'n klein kringetjie terug te trek wat sy eie kultuur en eie lewenstyl gehad het. Die afsondering van die vyandige en verderflike wêreld in kloosters kan as voorbeeld genoem word. Binne sodanige afsondering kan daar wel 'n kragtige kultuur ontwikkel wat weer die wêreld opnuut kan beïnvloed, maar meesal vervaag sulke klein groeperinge tot 'n geïsoleerde bestaan. 'n Ander voorbeeld wat genoem kan word, is die Cumran-gemeenskap waarvan net geskrifte oorgebly het.

***2. Die sendingmodel:*** Dingemans (1987:160) verwys na die skerp kontras tussen die vlugmodel en sendingmodel waar eersgenoemde terugtrek en laasgenoemde uittreik beteken. In die sendingmodel val die klem op die laaste opdrag van Jesus Christus (vgl Mat 28:16-20). Bosch (1991:57) meen dit is ontoelaatbaar dat die

woorde Matteus 28:16-20 per se as slagspreuk gebruik word sonder verwysing na die konteks. Hierdie laaste opdrag moet teen die hele Matteus-evangelie geïnterpreteer word om werklik te verstaan wat daarmee bedoel word. Die woorde van 28:16-20 is in 'n besondere sin eie aan die outeur. Bosch (1991:57) meen die evangelie volgens Matteus is uitsluitlik 'n missionêre teks: *"It was primarily because of his missionary vision that Matthew set out to write his gospel, not to compose a 'life of Jesus' but to provide guidance to a community in crisis on how it should understand its calling and mission".*

***3. Die teokratiese model:*** Volgens Dingemans (1987:161) is die teokratiese model dikwels die gevolg van die sendingmodel: *"... als het christelijk geloof de wereld om zich heen heeft veroverd en haar cultuur heeft opgelegd aan de omringende wereld, is de kerk dominant".* Hierdie dominansie van die kerk het na irrelevansie verskuif omdat die kerk uit voeling geraak het met die behoeftes van die gemeenskap en in hierdie geïsoleerdheid irrelevant geword het. Daarom moet opnuut oor 'n model nagedink word wat nie teokraties is nie, maar relevant. Dit is die taak van hierdie navorsing.

***4. Die sekularisasie-model:*** Dingemans (1987:161) gebruik die term *"uithollingsmodel".* Hierdie model verwys na die invloede van die wêreld wat sterker plaasvind as die verkondiging van die evangelie - *"Compromissen hollen de waarheid uit. De kwantiteit van de grote volkskerken gaat ten koste van de kwaliteit"* (Dingemans 1987:161). Dingemans (1987:161) beweer dat die teokratiese invloed op die wêreld met 'n onderstroom te doen het wat in die teenoorgestelde rigting beweeg, naamlik vanuit die wêreld na die kerk wat sekularisasie in die kerk meebring. Die wêreld word as vyand van die kerk ervaar soos by die vlugmodel en daarom vind daar weer 'n terugtrekking plaas. Hierdie terugtrekking funksioneer sterk in gemeenskappe waar die veiligheidsrisiko hoog is. Dit is wel die geval in Suid-Afrika. Heitink (1999:70) meen dat sekularisasie in beperkte sin veral 'n negatiewe klank het wat op agteruitgang dui, veral in stede. Hy verwys in die verband na Dekker se drieërleid ontwikkeling van dié begrip. (Vgl ook Dekker 1987:109, in paragraaf 4.1 – Modernisering, rasionalisering en sekularisering, wat die begrip sekularisering in 'n drieërlei sin gebruik: (1) vermindering van die mens se godsdienstigheid, (2) beperking van die reikwydte van die godsdiens en (3) aanpassing van die godsdiens)

Van der Ven (1993:35-36) vra of ons die denominasietrekke van die kerk moet aanvaar en of ons na 'n ander ekklesiologiese doel moet strewe: *"Met deze vraag gaan we over van het descriptieve naar het normatiewe niveau".* Van der Ven (1993:36) meen dat die volkskerk, denominasie, basisgemeenskap en kultuur nie los van die konteks waarin dit hom bevind, beskou moet word nie.: *"Deze context wordt bepaald door de economische, politieke, sociale en culturele modernisering. Daarom hangen de theologische waardering van de positie van de kerk en die van de modernisering met elkaar samen".* Vir die ontwikkeling van 'n gesinsbedieningsmodel wat in die gemeenskap betrokke moet wees, maar veral die infasering van die model, sal 'n deeglike studie van die konteks gedoen moet. Van der Ven (1993:36-39) beskryf vyf ekklesiologiese modelle: (1) amoderne volkskerk waar mense hul teen modernisering verset, (2) die moderne denominasie waar die institusionele differensiasie aanvaar word, (3) krities-moderne denominasie met die klem op geloofsvryheid, (4) die amoderne basisgemeenskap wat soos by die volkskerk die moderne maatskappy afwys, maar hier gaan dit oor afsondering van die maatskappy

as klein heilige kudde en (5) die krities-moderne basisgemeenskap wat verwys na religieuse groepvorming met veeleisende religieuse en morele beginsels en ‘n hoë persoonlike en gemeenskaplike inset.

Tussen die nadele en voordele van al hierdie modelle, moet die kerk 'n weg vind om geloof in die wêreld te bemiddel om daardeur meer sigbaar en relevant binne ‘n globaliserende wêreld plek in te neem. Omdat daar 'n wisselwerking tussen gemeente en gemeenskap bestaan, moet die konsekwensies, soos in die vier modelle genoem, deeglik verreken word. Die onderstrominge of vermenging van die wêreldse en die kerkelike vind meesal baie subtiel plaas. *“Het water van de wereld mengt zich steeds royaler met de wijn van het evangelie”* (Dingemans 1987:161).

Om 'n gemeente in sy verhouding met die gemeenskap te verstaan, vra insig in die sosiale interaksie of gemeenskapsbetrokkenheid van die gemeente se lidmate. Sodra die sosiale groeperings in 'n gemeenskap ondersoek word, kom 'n groter bewustheid na vore hoe groepe met mekaar skakel of nie skakel nie, hoe mag en invloed deur bepaalde groepe binne die gemeenskap beheer word en in watter mate daar samewerking en verskille asook spanning tussen dié groepe bestaan (vgl Hendriks 1992:143). Alhoewel Hendriks (1992:143) beweer dat mense meer betrokke raak in gemeenskappe hoe langer hulle daar woon, kom dit nie meer so dikwels in sommige Suid-Afrikaanse gemeenskappe voor nie. 'n Groter mate van isolasie en individualisering het vanweë 'n minder vriendelike gemeenskap as gevolg van 'n toename in misdaad plaasgevind. Tog meen Hendriks (1992:144) dat die oplossing in die regte benutting van natuurlike ontmoetingsgeleenthede geleë is. Daarom moet gemeenskapsprojekte nie geforseerd plaasvind of in afhanklikheid van 'n bepaalde model of program gehanteer word nie. Die bestaande situasie moet ondersoek word en van daar moet 'n vertrekpunt met bestaande bronne, modelle of programme gevind word.

Met gemeenskapsgerigtheid word na die bestaande magte in die gemeenskap verwys wat gebruik kan word om die koninkryk van God uit te brei. Carroll (1990:72-73) gee die volgende metodes om hierdie magte vas te stel: (1) Reputasie-metode: mense in die gemeenskap word gevra wie hulle dink die mag besit. (2) Kommunikasie-metode: om uit te vind wie kommunikeer met wie en hoe boodskappe by ‘n spesifieke punt uitkom (3) Strukturele metode: om uit te vind wie in die gemeenskap met watter organisasies verbind is en watter verhouding tussen hierdie organisasies is. (4) Besluitnemingsmetode: om uit te vind wie die persoon of persone is wat binne enige tipe magsmodel die leiding gee en die besluite neem. Hendriks (1992:145) beveel aan dat hierdie metodes in kombinasie met mekaar gebruik sal word. Hierdie kennis is nodig om die gemeenskap en sy spanninge te verstaan. *“Dit help die gelowiges om daardie lidmate van die gemeente wat binne die gemeenskap 'n bepaalde rol en invloed het, in hulle getuienis te ondersteun. Dit kan 'n gemeente oortuig om 'n bepaalde saak op moreel-etiese gronde aan te gryp en op 'n kerklike wyse daarvoor te stry”* (Hendriks 1992:145).

Benson (1988:20) beskou die kerk as die mees kreatiewe instelling op aarde: *“We are sitting on a volcano of power. The world is crying out for the message of the gospel. The competitive gospels of our society have failed. Yet a growing number of people continue to wander outside the loving embrace of God”.* Is dit nie hoe God die kerk tot nuwe gehoorsaamheid roep nie?

### 9.4.5. Strategieë en ou denkrigtings om te oordink

'n Aantal strategieë en ou denkrigtings word hier onder die aandag gebring om die gemeenskap meer effektief in dienslewering te benader. Daar is nie 'n enkelvoudige oplossing vir die gesinskrisis nie. Stackhouse (1997:153) beweer: *"We need, above all, a rebirth of the biblical understanding of covenant, refined by two thousand years of Jewish and Christian reflection in multiple cultures …".* Die volgende strategieë kan goed werk afhangende van hoe dit met mekaar integreer word. Hierdie strategieë vra 'n innerlike oortuiging dat daar wel 'n ernstige krisis in gesinne bestaan (vgl Browning et al 1997:334).:

***1. Die herstel van huwelik en familietradisies:*** Vanuit 'n verbondsperspektief beweer Stackhouse (1997:158) *"All are bound together in communities of love and duty under God, in religious communities of faith and in civil communities of justice when those communities recognize the God-given dignity of each person and rightly order themselves in covenant to meet the physical and material needs of each". "More than anything els, churches must retrieve their marriage and family traditions, even though they must do so critically"* (Browning en andere 1997:307). Dit moet oorweeg word dat hierdie taak deur al die Christelike kerke en instansies van 'n stad of dorp aangepak sal word. Dit sal tot 'n nuwe netwerk vir gemeenskapsdiens lei. Browning en andere (1997:307) noem in hierdie verband dat: *"... churches on a smaller scale should examine their heritages, and articulate a fresh vision of marriage and family. No longer should these topics be seen as private, individual, unheroic and unimportant for church concern".*

Browning en andere (1997:307) maak die kritiese opmerking dat die geestelike leiers nie net hul kundigheid moet beoefen om paartjies in die huwelik te verbind nie, maar veral sal let op *"... power distortions, inequalities, convulated communications, and failures in intersubjectivity characteristic of families since the beginning of human history".* Die teologiese taal wat in gesinsbediening en die verwysingsraamwerk gebruik word, moet wel na die natuurlike proses van gesinsvorming en die etiese (imago Dei) verwys en hierdie twee faktore met mekaar verbind deur middel van 'n narratief-godsdienstige taal wat die Christelike verhaal vertel.

***2. Samewerking tussen verskillende kerke****:* Browning en andere (1997:309) beweer: *"Churches must join with other churches and synagogues to create a new critical marriage and family culture".* Om binne 'n multikulturele regeringsopset aan die belange van alle gesinne aandag te skenk, vra meer as geïsoleerde kerklike vergaderings om 'n invloed te kan hê. Daar word gepleit dat die belangrikheid van die huwelik en gesin in die samelewing onder almal se aandag gebring sal word en daarom moet ten minste alle Christelike kerke in die samelewing saamwerk om 'n nuwe kultuur of verstandhouding in huwelike en die gesin te kweek. Die verskillende Christelike kerke moet saam 'n front vorm om al die negatiewe invloede op die huwelik te weerstaan en die reeds verbrokkelende gesinne te herstel. Schriver (2000:167) meen: *"… new patterns of thought and institutionalized collaboration among the leaders of religion, government, commerce, and culture are more promising than the efforts of any leadership group working in isolation from the others".*

***3. Samewerking tussen kerke en verskillende institute:*** Die bronne, kragte of magte wat in die samelewing nie benut word nie en wel deel van die gesinsbedieningsproses kan wees, is ter sprake. Benson (1997:212) beweer: *"… if a community takes seriously and is able to implement the vision of a healthy connected, and caring community, the need for crisis intervention and remedial services may become more manageable than is currently the case".* Dit dra daartoe by om die kerk, staat en markplein meer van mekaar deur middel van hierdie hulpbronne bewus te maak en tot samewerking te lei en 'n korporatiewe bewussyn vir vennootskap te skep. Browning en andere (1997:310) sê dat: *"Churches should join with other parts of civil society in their local communities to create a critical marriage and family culture".* Die kerk, staat en markplein kan vennote in die herwinning van die gesin- en familietradisies wees, want vir aldrie hierdie instellings in die gemeenskap is dit belangrik dat die gesin 'n beter lewenskwaliteit sal geniet. *"Churches should not permit public institutions to become isolated from the energies and positive cultures of specific religiocultural traditions"* (Browning en andere 1997:310-311). Hierdie vennote sal egter moet leer om nie mekaar te domineer nie, want dit sal die vennootskap ondermyn. Die gemeenskapsgerigte model sluit in die opbou van onderlinge verbondenheid en verhoudings wat tot die herstel van die verwondheid in die gemeenskap kan lei.

***4. Samewerking tussen kerk, staat en markplein:*** Om die voorafgaande benaderings saam te voeg en ook nasionaal te beskou, beveel Browning en andere (1997:333) aan dat: *"The churches should join with government, the market, and other institutions of civil society to launch a critique of media images of marriage and family".* Die kerk moet skakels soek om met die plaaslike regering en institute in die gemeenskap saam te werk om hul stem te laat hoor teenoor die verskillende filosofieë en die media wat soms die beeld van die gesin en huwelik afbreek. Dit behoort immoreel en teen enige staatsbeleid te wees dat daar oogluikend toegelaat word dat die gesin as die kleinste en mees sensitiewe sisteem in die gemeenskap deur enige invloede of programme benadeel word. *"Censorship is not the answer. A new critical familism is the answer"* (Browning en andere 1997:334). Hieraan sal ernstige aandag geskenk moet word teenoor die gerieflike uitweg van blote kritieklewering teenoor die media of die ander genoemde afbrekende faktore in die gemeenskap. Browning en andere (1997:334) verwys in hierdie verband na 'n lang dokument van Roger Cardinal Mahony, aartsbiskop van Los Angeles *"... in which he publicly urged the entertainment industry to 'adopt general guidelines for the depiction of violence, sex, family, and the treatment of women'".*

Al hoe meer vaders en moeders beoefen beide 'n beroep en die gemiddelde werkweek word langer en vaders en moeders bestee derhalwe minder tyd aan mekaar en hul kinders. *"Churches should address one of the major sources of strain on families: the tensions between family needs and the demands of paid work"* (Browning en andere 1997:316). Navorsing wat oor hierdie komplekse situasie gedoen is, getuig dat die gelukkigste gesin dié gesin is waar beide ouers op die een of ander manier 'n inkomste genereer en die huishouding en versorging van kinders saam aanpak (vgl Browning en andere 1997:317). Browning en ander (1997:317) verwys na navorsing wat aan die Harvard Universiteit gedoen is en in 1993 op skrif gestel is onder die titel *"Part-time employment and marital well-being; A hypothesis and pilot study".* Dit handel oor meer intieme verhoudings en meer optimisme oor die toekoms. Browning en andere (1997:327): *"Churches should encourage a public*

*policy that promotes a family-friendly workplace".* Dit kan as deel van die program van arbeidsbediening gesien word, maar met die voorbehoud dat arbeidsbediening nie geïsoleerd sal plaasvind nie. Dit kan ook by die wykskomitees wat die plaaslike owerheid in die nuwe Suid-Afrikaanse regeringstelsel ingestel het, bespreek word. Benson (1997:213-216) meen: *"Another issue for local government is the role of city planning in either promoting or inhibiting asset building".* Benson (1997:213) gee twaalf wenke vir die plaaslike regering vir aanwending van waardes, byvoorbeeld kindervriendelike en veilige publieke plekke vir tieners, gemeenskapsopvoeding en opgeleide diensverskaffers.

***5. Kinderopvoeding as gemeenskapstaak:*** Martinson & Martinson (1998:63) sê: *"Many communities have become 'toxic' for children".* Dit het reeds tot 'n hele klomp konflikterende benaderings gelei om kinders op te voed en het ouers laat rondskarrel om die beste vir hulle nasate te doen. Binne hierdie maalstroom van verwarring en besorgdheid is daar hoop as die gemeenskap saam hierdie taak aanpak (vgl diagram 18: *Samewerking tussen kerk, staat en markplein*). *"Research and common experience reveal effective child rearing to be a personal, corporate, and public partnership that is grounded in parental and community commitment, confidence, and competence"* (Martinson en Martinson 1998:63). Dit kan soos volg saamgevat word: Opvoeding vind plaas (1) op 'n persoonlike basis, (2) in 'n netwerk in die plaaslike gemeenskap wat uit portuurgroepe, gesinne en bure bestaan en (3) in die breër sosiale gemeenskap waar private en publieke institute, massa kommunikasie en kulturele waardes 'n impak op ouers en kinders het. Fowler (1988:13) sê: *"This means that other church organizations, that is, organizations of the body of Christ, the covenant community, will be needed if the fulness of the life-encompassing Church is to be seen in the world. … It means organizations that will function alongside the existing church institution, … to manifest the body of Christ as serving community in such areas of modern life as education, politics, the business world, art and literature"*. Dit kan die teologiese inhoud en tradisionele benadering van 'n missionêre gerigtheid drasties verander. Benson (1997:1) beweer: *"A community that truly meets the needs of its youngest generation complements its strong economic infrastructure with a vibrant development infrastructure …".*

Die onveranderlike Woord van God moet al hoe helderder in die plaaslike gemeenskap spreek en nie net vanaf preekstoele gehoor word nie. Die prediking op Sondae moet van so 'n aard wees dat ouers en kinders dit na hul eie huishouding en vandaar na die gemeenskap kan gelei. Dit vra aanpassings in die prediking en liturgie wat onder ander meer klem op simbole en ritualisering moet laat val sodat die preekinhoud gemaklik na 'n onrustige en multikulturele gemeenskap gedra of versend kan word. Lidmate moet deur die prediking opgeroep word om ook senders van die boodskap te wees en nie net ontvangers nie. Die strategie in hierdie benadering handel oor die herstel van Bybelse denkrigtings en die oordra van Christelike waardes deur middel van bruikbare bronne en institute na die gemeenskap. Die Bybelverhaal moet duidelik in die gemeenskap oorvertel word.

### 9.4.6. Die missionêre benadering

Anderson (2001:31) noem onder andere persone soos Browning en Fowler (1983:149) en Pannenberg (1976:438-439) om te beklemtoon dat praktiese teologie onlosmaaklik aan die missiologie verbonde is. *"The focus of practical theology is not*

*simply the internal workings of the church community (although it includes them) but the praxis of the church as it interacts with the praxis of the world"* (Anderson 2001:32). Vir 'n gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening, word enkele aspekte oor 'n missionêre benadering bespreek.:

***1. Afstand tussen kerklike en nie-kerklike jeuggroepe:*** Clark (2001:78) sê dat die gaping tussen die jeugaksielede en die nie-lede al hoe groter geword het soos die sekulêre kultuur al hoe meer post-Christelik geword het: *"The gulf between the church youth culture and the secular youth culture increases, but the official yet unwritten mandate of contemporary youth ministry has stayed the same for years".* Hierdie soort jeugbediening was ingestel op die gelukkigheid, geïnteresseerdheid en veiligheid van jongmense. Hulle is teen die wêreld beskerm deur hulle so ver as moontlik uit die wêreld te hou terwyl die gelowige tiener die sout en lig in die wêreld moet wees. Wanneer daar in hierdie navorsing en binne die model verskillende komponente ter sprake kom wat geloofsvorming op 'n wye front aanspreek, dui dit op 'n gemeenskaplike benadering wat nie net met volwassenes of tieners of lidmate van 'n bepaalde kerk te doen het nie. Die model wil die verbondsvolk tot onderlinge verbondsverantwoordelikheid oproep. Daarom is die gemeenskaplike goedere soos simbole en rituele van uiterste belang.

***2. Oorbrugging van afstand tussen kerk en gemeenskap:*** 'n Inklusiewe gemeenskapsgerigte benadering kan die afstand tussen kerk en gemeenskap en jeuggroepe met verskillende doelstellings en kulturele oortuigings oorbrug. Die gaping tussen kerk en gemeenskap het onder andere met kulturele afstand en teksvervreemding te doen. Die gaping tussen die kerklike vertolking van die Bybel en die verstaan van die gemeenskap, met ander woorde hoe die postmoderne mens oor kerk en die Bybel dink, het groter geword. Hierdie gaping moet oorbrug word deur tieners die geleentheid te gee om in die gemeenskap hul geloof uit te leef deur deel te word van gemeenskapsprojekte en ander geloofshandelinge. Clark (2001:80) definieer jeugbediening met 'n gestuurdheid: *"... as the community of faith corporately committed to caring for and reaching out into the adolescent world (of both churched and unchurched young people) in order to meaningfully assimilate them into their fellowship".* In die model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid word die bedieningsveld vir die jeug oopgemaak. Dit sluit egter nie net die evangelisering van jongmense in nie, maar alle mense – binne en buite 'n kerkverband. Nel (1998:77-97) bedoel met 'n inklusiewe jeugbediening die insluiting van jongmense in alle gemeentebedieninge soos sending, evangelisasie, diens van barmhartigheid, ensovoorts. Strommen en Hardel (2000:22 en 101) verwys na gesin-Sondae wat alle ouderdomsgroepe insluit en waar leiding gegee word sodat almal saam aan hul geloofslewe aandag kan skenk wat meer behels as om geloof net saam te bely. Werkkampe word vir volwassenes en tieners gereël om te leer hoe om saam diens in die gemeenskap te lewer. Die problematiek rondom die gemeenskapsgerigte benadering is dat daar met meer as een postmoderne kultuur en selfs post-Christelike kulture gewerk word. Dit maak dit meer uitdagend en interessant. Nel (1998) bepleit 'n jeugbediening aan, met en deur jongmense. 'n Gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid lê meer klem op die gesin as 'n basis of beginpunt vir jeugbediening wat op almal gerig word met en deur jongmense. Tieners moet geleer word dat elke persoon, oud of jonk, in die koninkryk van God welkom is – ook as medewerkers, verteenwoordigers, beelddraers of ambassadeurs van God op aarde. Die beeld van God moet in elke gelowige se lewe

versimboliseer en in die gemeenskap geritualiseer word. Clark (2001:81) sê dat die jeugbediening as 'n dinamiese mag die adolessente wêreld moet binnedring. *"... the only true measure of success in a youth ministry program is the ability and willingness of a church to fully assimilate growing adolescents into the adult fellowship"* (Clark 2001:82).

***3. Gesindheidsverandering word vereis:*** 'n Gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening vra gesindheidsveranderinge onder die jeugpersoneel, kerkraad lidmate van die gemeente en lede van die gemeenskap. Elke lidmaat moet ander gelowiges as verteenwoordigers van God in en veral buite die gemeenskap van gelowiges sien. Die vergete amp van die gewone lidmaat sal opnuut weer aandag moet kry sodat elkeen volgens gawes en talente plek in die gemeenskap kan inneem (vgl Heitink 1993:190). *"Thus the real influence of any church, should they choose to express it, is in the lay leadership"* (Clark 2001:91). Die potensiaal en energie by tieners en hul ouers word tans in die kerk onderskat en gevolglik bly dit onderbenut. Die amp van die gewone lidmaat, dooplidmaat ingesluit, is die onontginde goud wat die markwaarde van die kerk se boodskap aansienlik kan opskuif.

***4. Etnies-vriendelik:*** Die veranderende situasie in Suid-Afika wat ook duidelik in woonbuurte gesien word waar verskillende kultuurgroepe nou langs mekaar woon, is 'n gulde geleentheid om die Christelike geloof aan hierdie ander groepe te bemiddel. Aan hierdie gesindheid sal daar doelgerig en doelbewus gewerk moet word, want dit is 'n kultuursensitiewe aangeleentheid. Die sendingveld is besig om tot teen die skeidingsmure van woonerwe te beweeg. Wanneer gesinne besluit om uit te reik na ander kulture, vra dit slegs enkele waagmoedige treë na die buurgesin. Looise (1988:125) verwys na 'n ondersoek wat in die Gereformeerde Kerke in Kampen in 1986/87 gedoen is: *"De wens, een op de buurt gerichte gemeente te zijn, wordt al sinds het samengaan van het hervormde en gereformeerde wijkgemeenten in 1983 verwoord in nota's en verslagen".* Die gedagte is om 'n oop op die buurtgerigte kerk te wees waarvan ander vorme van die samelewing 'n onderdeel is. Ruimte moet ook geskep word vir gesprek tussen die verskillende groepe van die pluriforme gemeente.

### 9.4.7. Gemeentelike uitreiking na die gemeenskap

Gemeentelike uitreiking na die gemeenskap is nie sonder gevare nie. Thomas en Ahlen (1999:68) noem 'n paar sulke gevare: (1) om ander te help om persoonlike behoeftes te bevredig, (2) om mense gedurig uit die moeilikheid te probeer help, (3) as die predikant of gemeenskapsbedienaar 'n obsessie het om sake reg te stel en sodoende goeie herderskap uit die oog verloor en (4) wanneer die gemeenskapsbedienaar dink dat hy al die antwoorde het en dit op persone af forseer wat om hulp soek. Al vier hierdie gevare toon nie 'n gemeenskapsgerigtheid nie, maar eerder 'n gerigtheid op die persoon self wat die werk moet verrig. Dit dui dus nie op afhanklikheid van God nie, maar op selfgenoegsaamheid. So 'n persoon stel homself bloot aan uitbranding, want gemeenskapsgerigtheid beteken 'n bediening wat maksimaal van persone en bronne in die gemeenskap gebruik maak.

Strommen en Hardel (2000:237) sê: *"Over the years a key factor in establishing a sense of community has been the presence of religious institutions" en* verwys na David Bodenhammer, die direkteur van 'n projek, godsdiens en stedelike kultuur, wat

'n positiewe opmerking oor godsdiens in die gemeenskap maak. Hy sê van al die fasette van die moderne gemeenskap is godsdiens die faset wat die beste in plek is van alle institute en lewer derhalwe meer diens as 'n gemeenskapsanker as enige ander organisasie. Die gemeente moet in dié sin as 'n katalisator gesien word. Om die jeug te bemagtig om in die samelewing diens te verrig, word hulle gestuur om die waardes of die reputasie van Jesus te gaan uitleef. As tieners met waardes bemagtig word, sal hulle weerstand teen die baie valstrikke van die gemeenskap kan bied. Strommen en Hardel (2000:238) verwys na Joan Wynn en haar kollegas aan die Universiteit van Chicago wat 'n raamwerk geformuleer het om die belangrikheid van die gemeenskap in die lewens van die jeug te beklemtoon. Hulle het die volgende hoofareas geïdentifiseer: (1) geleenthede vir die jeug om in die gemeenskapslewe deel te neem, (2) weë vir die jeug om tot die welsyn van ander by te dra, (3) geleenthede vir die jeug om met ander portuur en volwassenes in die gemeenskap kontak te maak en (4) genoegsame toegang tot fasiliteite en gebeure in die gemeenskap. Die gemeente kan hiertoe bydra om 'n omgeegemeenskap te bou deur eenvoudige programme aan te bied. Strommen en Hardel (2000:240-250) verwys na verskillende moontlike programme wat portuurhulp, fasilitering, gesondheid en musiek insluit. Die gemeenskap het verskillende institute wat gemeenskapsdiens deur tieners sal verwelkom, veral as dit uit liefde en nie vir geld gedoen sal word nie. Tieners moet tot hierdie stap in hul geloofslewe gelei word wat ook 'n groter sigbaarheid aan die kerk sal verleen.

### 9.4.8. Die gemeenskap vereis 'n groter sigbaarheid van die kerk

Die sigbaarheid en relevansie van die kerk in die postmoderne wêreld neem al meer af terwyl die globaliserende wêreld meer dominant raak. Watter metode gebruik die wêreld om meer op die voorgrond te tree en wat moet die kerk hieruit leer? Die postmoderne wêreld gebruik die visuele media om verskillende selfs uiteenlopende en teenstrydige boodskappe suksesvol te kommunikeer, terwyl die stem van die kerk vir die gewone lid van die gemeenskap al hoe stiller word. Cole-Turner (2001:143) meen: "*It would be too easy to say that theology interprets science and that theological ethics should guide technology".* Die tegonologie wat nuwe moontlikhede vir kommunikasie skep, vra teologiese insig en interpretasie. Tegnologie is nie net iets vir ontspanning nie. Dit is besig om menswees te verander en vra teologiese insigte. Tegnologie verander nie net die wêreld nie, maar ook die teologiese benadering van hierdie veranderde wêreld (vgl Cole-Turner 2001:143). Dit vereis hermeneutiese aandag, in besonder in die pastoraat. Louw (2002:341) beweer: *"A pastoral hermeneutics is therefore constantly being challenged to understand pastoral actions against the background of international communication".*

Benson (1988:26) meen dat daar op televisie 'n vermenging van boodskappe, opdragte en stimuleringe verskyn. Dit vervaag dikwels die boodskap, opdrag en stimulering van die Bybel. Ten spyte van al die oënskynlike suksesse van die sekulêre wêreld, begin al hoe meer mense besef dat materiële sekuriteit nie die eintlike antwoord is waarna gesoek word nie, al word na die wêreld-ekonomie as die nuwe paradigma verwys wat die kultuur bepaal of dat die ekonomie die nuwe godsdiens geword het wat waardes bepaal (Louw 2002:340). Vir die tiener self is waarhede of onwaarhede nie die hoofsaak nie. Vir tieners is die waarheid meer geleë in die dinge wat vir hulle in die praktyk sal werk of tot nut sal wees (vgl paragraaf 7.6.5 (4) Soekers na verskillende waarhede). Prins (1997:41) meen: *"Ten spyte van*

*die nuwe aandag wat aan die vorming van Christelike waardes gegee word, het dit tans 'n problematiese saak geword".* Die rede hiervoor is dat die konteks waarin dit gevorm word besig is om drasties te verander. Binne hierdie konteks word die verhouding tussen ouer en kind van al hoe groter belang om waardes oor te dra al bevraagteken adolessente ouers se norme en waardes. Prins (1997:41) verwys na ondersoeke wat toon dat: *"…waar daar 'n goeie verhouding tussen ouer en kind bestaan, die kind meesal die waardes van die ouer aanvaar – veral as dit gaan om belangrike kwessies".*

In hierdie navorsing word aandag geskenk aan 'n meer sigbare kerk in die gemeenskap, maar ook in die alledaagse leefwêreld van die tiener, naamlik die gesin rondom die Woord en nie net voor die televisie nie (vgl Benson 1988:31). As gesinne nie meer die Bybel lees en saam bid nie moet die skuld nie op 'n eensydige wyse aan mense, soos 'n afwesige ouer, of die tegnologie, soos die televisie of rekenaar, gegee word nie. In die era van uitsluitlik verbale kommunikasie en die ontdek van die drukpers het daar ook 'n rewolusie oor alles wat op papier versprei is, ontstaan. Tans is daar weer 'n rewolusie aan die gang oor alles wat visueel op skerms versprei word. Al word baie negatiewe boodskappe in televisieprogramme, soos ook deur middel van die drukpers versprei, lê die krag van die Bybelbladsye of video's oor Jesus Christus in Homself en nie in die media oor Hom nie. *"However, there is a newborn babe in that dirty bath water"* (Benson 1988:33). Benson (1988:41) meen: *"Our critical sense of false messages does not need to blind us from the possibility of using the same electronic doorways to proclaim Christ. The visible church and the visible world are inseparably bound in texture, if not in substance. Our wondrous task is to transform the communication moments and modes into occasions for the proclamation of the gospel".* Tracy (2000:247) meen *"Theology would be foolish to ignore this new possible resource for religious retrieval…".* Die kerk is besig om terug te trek uit 'n sinvolle en radikale deelname in die kosmos. Dit lyk vir die gewone lidmaat en veral vir die ongelowige wat bereik moet word of God ook teruggetrek het in die allerheiligste en sy volk alleen in die tent van samekoms gelaat het. Dit laat die kerk self in 'n rasionele situasie sonder 'n duidelike relasie met kosmos en God soos dit duidelik in die lees van Genesis weerspieël word. Tracy (2000:247) meen: *"These pre-modern resources, kept alive in the theological traditions as powerful senses, in sacrament, ritual, art, and the use of the Muses in much theology, should now be retrieved anew for a postmodern hermeneutics of religion as participation, including what may be provided, however 'virtually', by contemporary communication technology".*

Die sigbaarheid van die kerk in 'n pluralistiese wêreld hang af van die onsigbare werking van God in die harte van mense. Mense is aangewese op die sigbaarheid, nabyheid en aanvoelbaarheid van die kerklike om werklik in 'n stukkende wêreld te kan oorleef. Benson (1988:9) beweer: *"There always have been believers who longed to feel God's presence, to see God and feel God's touch. The visible manifestation of the eternal and invisible reality of life is difficult to sustain apart from our experience of faith. God's love, expressed in the act of incarnation through Jesus Christ, acknowledges this human need. Jesus understood Thomas' need to touch, to see that the resurrection was a reality".* Tieners is ingestel op aanvoeling en tasbaarhede in hul sosiale en biologiese ontwikkeling en hanteer die geestelike ook in 'n sekere sin op dieselfde vlak. Daarom wil tieners dit ook in gesinsverband en in portuurgroepe sodanig ervaar. Hoe sigbaar is die kerk binne gesinsverband of in die

portuurgroepe? God se sigbare teenwoordigheid in gesinne maak Hom ook in die gemeenskap en wêreld sigbaar. Die onsigbare werking van die Heilige Gees in lewens van mense kan nooit vir ander onsigbaar bly nie. Dit is die onsigbare kerk wat in die nood van die gemeenskap meer sigbaar moet word. God wil deur die "onsigbare" werking van sy Heilige Gees in elke gelowige sigbaar word om die karakter van die kerk, die liggaam of huisgesin (Ef 2:19) van God en die vrug van die Gees (Gal 5:22-25) en die liefde van God al hoe duideliker in die wêreld na vore te laat kom. Vaders, moeders en hul kinders is die medium waardeur God sy liggaam in die samelewing sigbaar maak. Die realiteit van kerk in die gemeenskap is dus gebaseer op die onsigbare werking van die Heilige Gees in elke lidmaat se lewe wat in handelinge sigbaar word (vgl Benson 1988:14). Pieterse (1993:141-142) meen dat: *"Die getuienis van die Heilige Gees oor Jesus het ten doel om die dissipels te oorreed om ook vir Jesus in die wêreld te getuig (Joh 15:27).* Wanneer die kerk meer gemeenskapgeoriënteerd raak, word die Gees van God volgens Pieterse (1993:142) as Kommunikator en Subjek van kommunikasie van die evangelie in die kerk en in die wêreld, *"…deur die stamelende geloofsgemeenskap",* in die kollig geplaas. Daarom mag die kerk nooit uit 'n bedreigende multikulturele of ekonomiesgedrewe wêreld terugtrek in geboue waar enkele liedere van tyd tot tyd nog opklink nie.

Modelle of programme van die kerk wat nie met die praktyk rekening hou nie raak vinnig uitgedien omdat mense in hul diepste wese weet dat God nie werklik van modelle of programme afhanklik is om Homself te openbaar of om in die kollig van die postmoderne wêreld te staan nie. Tog word na modelle gesoek om die onsigbare kerk sigbaar te maak - om op 'n natuurlike wyse uitdrukking te gee aan die bonatuurlike binne die kontemporêre geloofsgemeenskap om die ongelowige daar tot geloof te laat kom. God roep mense, in besonder ouers, om modelle te wees en te modelleer (vgl Nel 1998:110-112).*"This means that the most profound and most authentic media for communicating the gospel are our very lives. Each person becomes a medium for the message of Christ! Indeed, the electronic media can be viewed as merely an extension of our bodies"* (Benson 1988:15). Benson (1988:43-164) bespreek 'n verskeidenheid modelle om die sigbaarheid in die gemeenskap te verhoog. Slegs enkele van die modelle word genoem en deur ander bydraes aangevul (vgl ook Pieterse 1993:159 en Hendriks 1992:14-34 in paragraaf 9.14.1 (1) asook Nel 1998:169-176 in paragraaf 9.2.2).:

***1. 'n Model teen dwelmmisbruik:*** (Vgl ook Nel 1998:169 – Gemeenskapsmodel). Die doel van dié model is om die gemeenskap se ondersteuning te kry vir die bestryding van dwelmmisbruik in die gemeenskap. Om hierdie model tot uitvoer te bring, word geleenthede in die gemeenskap of by 'n erediens geskep om belangstellendes te werf en 'n verbintenis te laat maak teen die gebruik van dwelms.
***2. 'n Inklusiewe model:*** (Vgl Nel 1998:77-96 – 'n Komprehensiewe benadering) Oud en jonk oor geslags- en kultuurgrense heen kry die geleentheid om die gemeenskap van gelowiges te beleef. Die kreatiwiteite, bestaande bronne en bekwaamhede in die gemeenskap vir geestelike heil word opgeroep en aangewend in 'n deelnemende proses aan bepaalde kort- of langtermynprojekte in die gemeenskap. Hierdie benadering roep die kreatiwiteite van gemeenskapslede op wat voorheen miskien nooit die geleentheid gehad het om daadwerklik in die koninkryk van God te dien nie. Dit is 'n geleentheid vir die gemeenskap om kreatiwiteit met mekaar te deel wat tot 'n meer visuele en aanvoelbare geloofservaring lei. Nel (1998:83-84) beklemtoon in hierdie sin die verweefdheid van die verskillende bedieninge, maar ook 'n

geopenheid (vgl Nel 1998:84 se diagram) om God se koms na mense op geen manier in te perk nie. Nel (1998:85) meen: *"die verweefdheid en gedifferensieerdheid moet gehandhaaf word".*

***3. 'n Model vir politieke verandering:*** Die inwoners van 'n gemeenskap word deur hierdie model ondersteun om perspektief te kry binne 'n verwarrende en 'n gespanne politieke situasie. Persone wat byvoorbeeld aan truama as gevolg van 'n motorkaping lei, word bymekaar gebring om saam met nuusverslaggewers hul ondervinding mee te deel en ook wenke te gee aan die gemeenskap vanuit hul ervaringe. Hierdie deelname kan vinnig uitkring tot 'n gemeenskaps-sekuriteitsnetwerk. Maar hierdie model moet ook 'n bydrae lewer tot vrede in die hele wêreld. Shriver (2000:168) beweer: *"Historians are clear that religion, including Christianity and its institutions, has a mixed record in supporting or inhibiting war".* Shriver (2000:168-172) gee vyftien motiveringe vir hierdie stelling, onder andere: *"…religious thinkers enter the debate on the use of political violence so belatedly that the nation is on the cusp of war by the time they consider opposing it. … [W]ithout taking sides in conflict, religious institutions fail to offer 'neutral ground' on which antagonists can meet for dialogue. … internally and publicly, religious rhetoric does not describe 'the enemy' as 'inhuman'".* Die paradigma in hierdie navorsing steun sterk op kerk, staat en markplein en daarom is hierdie model vir politieke verandering van besondere betekenis om hierdie drie vennote se samewerking te laat realiseer.

***4. 'n Model vir sigbare diens deur tieners gelewer:*** Nel (1998:169) meen die gemeenskapsmodel help die jeug om houdings en vaardighede te ontwikkel *"…wat nodig is om God in hierdie wêreld te verteenwoordig of om God in die wêreld teenwoordig te stel"*. Hierdie model bied 'n bedieningsgeleentheid vir jongmense en sluit in aanbidding, Bybelstudie, vriendskap en diens. Met 'n sigbare jeugdiensbaarheid word bedoel wat reeds oor 'n meer sigbare kerk gesê is, maar dat die jeug ook meer prominent met 'n missionêre benadering in die wêreld Jesus Christus sal verkondig. Clark (2001:80) definieer dit soos volg: *"… youth ministry as mission is defined as the community of fatih corporately committed to caring for and reaching out into the adolescent world (of both churched and unchurched young people in order to meaningfully assimilate them into their fellowship".* Die model kan deur middel van 'n plaaslike gemeenskapsprojek gerealiseer word (vgl Boran 1996:43-102 in paragraaf 9.5.1).

Tussen al die diskussies en stellings in die voorafgaande paragrawe klink die stem vir toename van kerklike betrokkenheid in die mikro- en makrokosmos al hoe duideliker op. Individuele behoeftes asook gemeenskaplike behoeftes en krisisse vra vir ernstige aandag. Die uittog uit die kerk en minder betrokkenheid van jongmense in kerklike aktiwiteite behoort genoeg rede te wees vir 'n ernstige besinning oor 'n visuele en tasbare kerk in die gemeenskap. Die televisie en ander variante van tegnologiese middele moenie bo die Heilige Gees as Kommunikator verhef word nie, maar ook nie geïgnoreer word in die bemiddeling van geloof nie. Die hoofsaak is dat die postmoderne wêreld 'n duideliker Jesus Christus in elke Christen se lewe sal sien en in besonder in liefdesdiens sal ervaar.

### 9.4.9. Gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid

Gemeenskapsgerigtheid is vir hierdie navorsing ‘n baie belangrik begrip omdat gesinne binne gemeenskappe lewe. Dekker (2000:43) meen dat enige veranderinge in die gemeenskap van belang is vir die kerklike funksionering. Dit dui op 'n sigbare of onsigbare wisselwerking tussen die kerk en gemeenskap.: *“De samenleving is echter een menslijk gebeuren en veranderingen in de samenleving zijn een gevolg van menselijke handelingen, waaraan bepaalde keuzen ten grondslag liggen”* (Dekker 2000:44). Barton (2001:8-9) verwys na die gesin as 'n tradisionele sosiale patroon wat die *“fabric”* van die gemeenskap as geheel insluit: *“As an intimate form of society it carries a high emotional voltage which makes it especially prone to rhetorical manipulation”.* Hierdie wisselwerking tussen kerke en gemeenskap en die sensitiwiteit van die twee sisteme, kerk en gemeenskap, vereis 'n versigtige benadering. Enkele stappe word vervolgens bespreek:

***1. Verkenning van die gemeenskap:*** Die beginpunt vir 'n verskuiwing in 'n gemeente se bedieningstruktuur van gemeentegesentreerdheid na gemeenskapsgerigtheid lê by die verkenning van die omstandighede van die gemeenskap. Thomas en Ahlen (1999:64) verwys na 'n jeugleier wat onbeplan en sonder om te weet waarheen om met die tieners van die kerk te gaan, hulle op 'n uitstappie geneem het. Hulle het op 'n klompie hawelose mense afgekom wat buite die stad in 'n oop veld gewoon het. Hierdie mense was verbaas om skielik 'n groep netjiese jongmense te sien, maar nadat hulle bewus gemaak is van die rede vir die besoek, het die groep mense wat uit drank- en dwelmverslaafdes, prostitute en ander persone bestaan het, begin hande vat met die tieners rondom 'n ou verroeste drom waarin 'n vuurtjie gebrand het. Hierdie mense is daarna gereeld besoek en dit het later 'n uitgebreide en intensiewe bediening geword. Soos reeds genoem het daar vanuit die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Boksburg-Suid 'n soortgelyke bediening begin ontwikkel – The Fountain. Haweloses is besig om in die middel van hierdie stad in 'n tweeverdieping gebou saam met geestelike leiers 'n nuwe Christelike familie te vorm. Aandag word aan 'n netwerk van uitvoerende kunste, voedselvoorsiening, opleiding, werkskepping en 'n groentetuin geskenk. Thomas en Ahlen (1999:66) sê: *“Community ministry takes many forms. In low-income, distressed communities, community ministry will be to the ‘down and outers’”.*

***2. Persoonlike kontak met gemeenskapsnood:*** Verkenning van die gemeenskap bring die kerk in persoonlike kontak met die gemeenskapsnood. Die hoofsaak van 'n effektiewe gemeenskapsgerigtheid is om die lede van die gemeenskap binne hul eie omstandighede te ontmoet, met verwysing na die put van Sigar waar Jesus die Samaritaanse vrou ontmoet het. Dit het nie net met armoede te doen nie, maar ook met geestelike en ander vorme van nood wat onder vooraanstaande lede van die gemeenskap in politieke en besigheidskringe kan voorkom. Thomas en Ahlen (1999:117-119) gee eenvoudige en praktiese riglyne en idees vir gemeentes om in die gemeenskap betrokke te raak en projekte met 'n satelliet-strategie te ontwikkel wat later selfstandig kan staan soos 'n gemeenskapsgeleentheid vir 'n lofprysing vir kinders in plaas van Halloween, 'n vertoning van die Jesus-film of –video en 'n uitleen-biblioteek met Christelike boeke.

Gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid sluit materiële versorging in. Browning en andere (1997:324) sê: *“Although both ecclesial and public commitment*

*to a critical familism is our central resource for coping with mounting family disruption, these commitments need economic supports".* Liefde sonder die nodige ekonomiese middele sal ook nie vir die instandhouding van die gesin veel help nie. Browning en andere (1997:324) sê verder: *"One of the most complicated economic trends affecting families is the globalization of the market economy - the meshing of national markets with worldwide systems of production, banking, labor, and communication".* Globalisering help wel om die arm lande op te hef en die pryse wêreldwyd laag te hou, maar dit druk salarisse in gevorderde industriële gemeenskappe af en plaas werkende mense onder nuwe onsekerhede soos wat daar na goedkoop vakmanskap en winsgewende bemarking gesoek word. Browing en andere (1997:324) is verder van mening dat: *"If harder economic times are coming, a critical familism is all the more important if mothers, fathers, children, grandparents, and extended families are to survive, flourish, and relate with justice to other families".* Die tyd het dus aangebreek dat die kerk gereed moet maak vir 'n moeilike tyd vorentoe. Die enigste werkbare oplossing is dat al die magte in die staat, markplein en kerk byeen gebring word as 'n ondersteuningsraamwerk vir die gesinne:

> New welfare reform efforts should begin again. They should be guided by a critical familism that rewards family formation, encourages paternal responsibility, discourages family dependency, equips people for work, supports them with childcare and medical care, and makes these items a national policy as we continue to encourage new state experiments. Our new effort should bring government, civil society, religious institutions, and market into dialogue and practical cooperation for the enhancement and practical support of family commitments.
>
> (Browning et al 1997:327)

Koopman en Vosloo (2002:128-149) verwys na die kerk se taak om profeties, priesterlik en koninklik in die samelewing diens te verrig. Daarmee word bedoel dat die kerk die politieke, ekonomiese en eksistensiële wonde moet help heel. Die posisie en rol van elke lid in die samelewing en kerk ten opsigte van hierdie profetiese, priesterlike en koninklike taak moet herbesin word. Dit moet in die gesinsverband beoefen word en deur die plaaslike gemeente binne die konteks van die plaaslike gemeenskap gestalte vind. Koopman en Vosloo (2000:128) beweer morele oriëntasie moenie net in gemeentes plaasvind nie, maar ook deur gemeentes as agente in die gemeenskap. Die eerste opsie is die plaaslike gemeenskap. Koopman en Vosloo (2000:134) verwys na dissiplines soos sielkunde, ekonomie, politieke wetenskap, filosofie, mediese wetenskap, sosiologie en antropologie wat hierin hulp kan aanbied. Daar sal met versigtigheid van hierdie dienste gebruik gemaak moet word, want elkeen het 'n eie filosofie wat nie noodwendig teologies gefundeerd of Christelik georiënteerd is nie.

***3. Die gesin as bousteen, fondament en ruggraat van die gemeenskap:*** Benson (1997) beklemtoon die ontwikkeling van waardes in gemeenskappe deur kinders en adolessente só op te voed dat hulle vir ander sal omgee. Benson verwys na waardes as *"building blocks".* Benson (1997:32-33) vat 40 sulke boustene in 'n diagram saam waarvan 20 eksterne en 20 interne waardes is. Die eksterne waardes word in vier kategorieë verdeel: *"support, empowerment, boudaries and expectations, constructive use of time".* Benson (1997:44) beweer: *"External assets refer to positive*

*developmental experiences that need to be provided to all youth by the socializing systems of a community".* Om die eksterne waardes aan te bied, is miskien die maklikste van die twee hooftake van sosialisering. Die interne waardes word ook in vier kategorieë verdeel: *"commitment to learning, positive values, social competencies, positive identity".* Benson (1997:46) verwys na die interne waardes as: *"…nurture of the inner life: commitments, passions, and values that need to be planted deep in the head, heart, and soul of each young person".*

Bekker (1983:356) beweer: *"Die gesin vorm die bousteen, fondament en die ruggraat van die samelewing. ... En die koppelstuk tussen die enkeling en die gemeenskap word deur die gesin gevorm"*. Binne hierdie koppelstuk of gesin moet leiding gegee word om die gemeenskap op 'n vaste basis te bou. *"So bly dit roeping vir die huisgesin … om vanuit die intieme maar ook kragtige minigemeenskap die groter samelewing binne te gaan. ... Wanneer daar egter 'n gesonde balans tussen gesin en gemeenskapslewe bewaar word, is dit vervulling van 'n Goddelike opdrag en iets waardevols. Die kinders moet binne die gesinsverband van kleins af hierdie dinge geleer word en deur weldeurdagte leiding smaak daarvoor ontwikkel"* (Bekker 1983:360). Die bou van bates is een van die belangrikste en noodsaaklikste prosesse in alle kinders se lewens. Benson (1997:55) beklemtoon dit soos volg: *"Development assets are powerful predictors of behavior. They serve as protective factors: they inhibit, for example, alcohol and other drug abuse, violence, sexual intercourse, and school failure".*

***4. Gemeenskapsvriendelike gesinsbediening:*** Die uitdaging en toets vir 'n effektiewe gesinsbediening lê in 'n op- en uitbouproses. Dit is die missionêre inslag van gesinsbediening wat hier van belang is. Benson (1997:177) beweer: *"…we examine the dynamics of asset building within families and how communitywide initiatives and organizations can support and equip families as part of their asset-building strategies".* 'n Dialoog tussen gesinne en gemeenskapsinisiatiewe word ontwikkel wat isolasie van gesinne verhoed en gevolglik die gemeenskap inspan as 'n tipe uitgebreide familie. Hebbard (1995:186) maak van die term *"edutainment"* gebruik vir 'n meer gemeenskapsvriendelike uitreik.: *"Edutainment is the combination of education and entertainment. It uses the connecting power of humor, drama, media, and song to communicate powerful messages about any topic. In our case we will consider the connecting power of edutainment with the contemporary family".*

Hierdie benadering is 'n kombinasie van 'n hoë vlak van onderwerpsbevoegdheid met 'n hoë vlak van entoesiasme en energie. Kennis van die onderwerp is belangrik en dit moet met die gehoor op so 'n wyse gekommunikeer word dat dit tot betrokkenheid lei. Die aanbieding is beide opvoedkundig en genotvol.: *"I believe one of the most insulting offerings we can make to a holy God is to communicate the story of His work here on earth in a boring manner. The redemptive story of God through Christ is many things, but it is not boring! I believe it is both spiritually educational and entertaining"* (Hebbard 1995:188). Om die evangelie op 'n genotvolle wyse aan te bied, beteken nie om bloot om op 'n grappige wyse te vermaak nie. Dit beteken om die boodskap op 'n relevante wyse te illustreer wat aan die gehoor bekend is (vgl Hebbard 1995:186).

'n Uitreik na die gemeenskap deur middel van 'n *"edutainment"*-model sluit in 'n kombinasie van kontemporêre media en metodes, 'n ondersoek na relevante gesin-

en gemeenskapstemas en hoe die Woord hierdie onderwerp kan aanspreek. Benson (1997:222) beweer: *"The media have a tremendous impact on society's norms, particularly since many children are heavily socialized by the mass media and because the media play a major role in shaping society's attitudes toward the young"*. Alhoewel die invloed van die massamedia beide positief en negatief kan wees, kan dit as vennoot benut word om 'n verantwoordelike rol te speel om 'n klimaat in die gemeenskap te skep waar die jeug waardering ontvang. Dit veronderstel dat daar hindernisse tussen die kerk en die gemeenskap is en dat daar brûe gebou moet word na gemeenskapsbronne as vennote in geloofsvorming. Gesinsbediening as 'n wyse van uitreik, vereis 'n unieke stel waardes en 'n spesiale hart vir hierdie bediening. Dit gaan in die eerste plek om 'n hart vir die saak en nie soseer oor metodes of programme nie (vgl Hebbard 1995:195). Die geroepene van God bly steeds die beelddraer, die simboliserende skepsel van 'n gesimboliseerde God in die Bybel aan die hand van teks, simbool en ritueel wat in geloofshandelinge geopenbaar word.

***5. Opvoeding van kinders deur ouers ter wille van die gemeenskap:*** Benson (1997:188) wat ontwikkeling van waardes in gesinne en die gemeenskap beklemtoon, beweer: *"Support and education are at the heart of an asset-building approach to supporting and nurturing families".* Die inisiatiewe van organisasies in die gemeenskap kan hierin 'n belangrike rol speel. Martinson en Martinson (1998:65) sê: *"Parents are also to tend the child on behalf of the community. The community has a stake in the child's potential whether as a constructive community contributor or a destructive social liability".* Dit bly dus uiters noodsaaklik dat beide tiener en ouer saam aan 'n gemeenskapsgerigtheid sal werk en dat aan beide deur geestelike leiers leiding in hierdie verband gegee sal word.

> Strengthening the inner life of churches and their relation to their immediate communities should be our first priority. Churches have a covenant responsibility to help people form and sustain strong families. They have an obligation to nourish, order, and renew that which is close at hand. Nonetheless, wider social realities, including government policy, must be addressed. From the perspective of Christian ethics, this is a task of social outreach, a task of diakonia - the ministry of social service to the wider community.
>
> (Browning et al 1997:322)

Stoneberg (1998:73) verwys na Louv se drie uitdagings wat aan die manlike geslag gerig word met betrekking tot gemeenskapsbou en die insluiting van kinders: *"… network with each other to break through the fear, despair, and helplessness that they may feel regarding their communities; involve their children in the community and world around them and also to be a prominent presence in their children's activities; and become politically involved in building the community for their children and their future".* Babin (1991:155) sê wanneer simbole deur 'n groep benut word, kan dit ook 'n sosiale effek hê, want dit bou die gemeenskap op omdat dit nie net met abstrakte kennis te doen het nie, maar aktiwiteite en ervaring.

***6. Ouerleiding vir gemeenskapsbetrokkenheid:*** Benson (1997:187) verwys na 'n verslag van die *"Children's Defense Fund".*: *"In today's complex world no family has within itself all of the knowledge and resources necessary to meet all of its members's needs".* Browning en andere (1997:330) is van meninge dat: *"Churches*

*should influence public policy to help both mothers and fathers with the new challenges they face".* Dit is verstaanbaar dat hierdie model vir tiener- en gesinsbediening vir die ouers 'n bedreiging sal inhou weens 'n reeds vol lewensprogram. Omdat hierdie gesinsbedieningsmodel finansiële implikasies het en veral in gemeenskappe met 'n lae inkomste verlang word, sal finansiële hulp gegenereer moet word. Browning en andere (1997:330) stel voor*: "The state should become a moral and financial partner of the initiatives of civil society".* Benson (1997:215) beweer: *"… the asset-building approach has important implications for how states make critical decisions regarding policies and funding".* Dit word dus al hoe noodsaakliker dat kerk, staat en die markplein sal saamwerk om gemeenskappe op te bou. Beraders en maatskaplike werkers sal gevra moet word om vervreemde vaders te besoek en hulle te help om hul vaderskap te heroorweeg en te herwin. Daar sal daadwerklike steun gegee moet word om die misbruik van alkohol en ander dwelmmiddels en misbruike teen te werk.

Die regering in Suid-Afrika is gereed om hulp van die kerk of enige ander instansie te ontvang. Dit kan gegrond word op die huidige president, Thabo Mbeki (Die Kerkbode 2002:2), se uitnodiging aan kerke om saam te besin oor die huidige situsie in Suid-Afrika. Browning en andere (1997:330) verwys na 'n *"National Fatherhood Initiative"* wat deur Don Eberly en Wade Horn in die V.S.A. in 1994 gestig is en deur die demokrate Al Gore en William Galston asook die republikein William Bennett ondersteun is. 'n Vaderskap-inisiatief moet ook as 'n dringendheid in Suid-Afrika beskou en oordink word.

Die vloedwaters van gesinsverbrokkeling het Suid-Afrika reeds lankal getref, maar daar is nog tyd om sandsakke te pak en om vaders en moeders kundigheid aan te leer om hierdie dreigende storms te hanteer. *"Parents are to be guided in their high calling by the faithfulness with which God relates to God's people. God is steadfast. God makes and keeps promises. God cares. God persists. God is there with and for humankind …. Faithfulness is a dynamic concept. ... It is active. It means becoming involved in the well-being of the other. It is steadfast love, a promise to care consistently for the child"* (Martinson en Martinson 1998:65). Stoneberg (1998:74) beklemtoon dat: *"Men will need support and encouragement to become reconciled with their fathering roles, with each other as accountability partners, and with the church from which they are often as estranged as they are from their families".* Die beeld van vaders moet aandag kry sodat dit minder destruktief en negatief vertoon. Stoneberg (1998:74) meen die oplossing lê in die wedersydse respek tussen ouer en jonger mans en die volgende vier elemente rondom die taak van mans in die gesin: *"... the man's internalized self-concepts, the current modifying constraints in the environment, the integration of these previous two, and finally the development of men's roles over time and history".* Vader en tienerseun sal meer tyd saam moet deurbring om aan hierdie vaderbeeld aandag te skenk. Dit kan gedoen word om saam in die gemeenskap betrokke te raak. Dit kan soos volg aangepak word.

***7. Tienerleiding vir gemeenskapbetrokkenheid:*** Geloofsbemiddeling aan die tiener binne die gesinsverband het ten doel om tieners voor te berei vir die volwasse lewe. Tieners moet gesinsbediening beleef, voor hulle self 'n huweliksverbintenis aangaan. Browning en andere (1997:313) sê: *"Churches should take the lead in preparing youth for a critical familism".* Om die jeug se strategiese posisie in die gesin, gemeente en gemeenskap te omskryf, vereis 'n holistiese uitkyk op die totale

bediening van die kerk en die voorbereiding van die jeug vir hierdie posisie wat in die gesin ingeneem moet word.

Die tieners moet bemagtig word om in die gemeenskap betrokke te kan raak. Benson (1997:39) beweer: *"A key developmental need is to be valued and valuable. Empowered young people feel good about themselves and their skills".* Die tiener moet nie net in die gemeentebedieninge ingesluit word nie, maar ook binne die gemeenskap plek inneem. Benson (1997:108) meen: *"In building healthy communities for youth, the critical actors are all the people who live or work within the boudaries of community. … There are many stakeholders who must be actively engaged. … [T]he ultimate clients or stakeholders are children and adolescents".* Cahill (2000:7) sê: *"… local individuals and groups also have the oppurtunity to influence the big systems of government, economics, politics, and institutional religion".* Vir Jayne (2000:174) is die opwindendste van jeugbediening die beïnvloeding en opbou van die jeug se eie gemeenskap deur hulself. Hulle het egter leiding nodig om dit te kan doen. So graag wil daar gehoor word dat die jeug oor die preek van Sondag sal gesels, maar volgens Jayne praat jongmense nie eintlik oor wat hulle hoor nie, maar wat hulle beleef. As hulle nie die evangelie kan beleef nie, het hulle niks om oor te praat nie. Jayne (2000:175) beweer die volgende ten opsigte van jeugbemagtiging om 'n invloed op die gemeenskap uit te oefen: *"… if we teach them to focus on the people around them and give them a definite strategy, they will jump at the opportunity to make a significant impact".* Die strategie om so-iets te doen, is om 'n reputasie te bou. Dieselfde goeie daad moet gereeld teenoor dieselfde mense gedoen word. Dit neem tyd om 'n reputasie te bou. Dit wat gedoen word, moet die gemeenskap dien en dit moet met liefde en oortuiging geskied. Die jeug soek nie nog predikers of ander beter toegeruste geestelike leiers of programme nie, maar mense wat ook hulle werklik lief sal hê. Die jeug is soos harde grond waarin 'n boer saad probeer plant. Die grond moet eers gebreek word voor dit werklik sy doel sal dien. Die postmoderne jeug het al soveel beloftes gehoor wat nie nagekom is nie dat hulle hard geword het vir die saad wat volwassenes in hul lewens wil saai. Om werklik tot hulle deur te breek vra onvoorwaardelik liefde en om daar te wees vir hulle ongeag die omstandighede. Die wyse om hierdie hardheid te breek, is liefde en diensbaarheid. Dit maak nie saak hoe hard mense is nie, as liefde aan hulle op 'n gereelde basis betoon word, sal die hardheid deurbreek word. Dit was die reputasie van Jesus Christus. Die jeug moet 'n strategie ontvang om te dien en as hulle die resultate begin sien, dan het hulle iets om voor te lewe. Alhoewel kreatiwiteit hier ter sprake is, het 'n nuwe strategie vir aksie of betrokkenheid in die gemeente met die doen van dinge te doen (vgl Strommen 1997:148). In praktyk kan dit daarop neerkom dat 'n bepaalde gedeelte in 'n woonbuurt aangeneem word waar van deur tot deur navraag gedoen word waar diens gelewer kan word. Elke week word daar na dieselfde huise gegaan om verhoudings te bou. Soms sal mense negatief reageer as dit die eerste keer gebeur dat jongmense aanmeld vir dienste, maar deur daarmee voort te gaan, sal die houding en verhouding verbeter. Jesus het rondgegaan om goed te doen. Hierdie strategie het goeie resultate omdat dit dade in geloof en liefde is. Mense hou daarvan om gedien te word. Dit sal 'n nuwe optimisme in die plaaslike gemeenskap bring asook in die gemeente vanwaar dit geïnisieer word. Die beplanning vir bedieningsvernuwing of 'n aksieplan word in paragraaf 9.16.2 (8) bespreek (vgl Vraelys 2: Sleutelvrae by die aanvang van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel).

Tieners is op die uitkyk na iets opwindends om voor te leef. Hulle soek na iets meer as wat die vermaaklikheidswêreld aanbied. Om te dien is wat alle jongmense kan doen. Dit vra nie veel bekwaamheid om 'n motor te was nie of blomme vir siek mense tuis of in hospitale te neem nie. Dit moet egter net op 'n gereelde basis gedoen word, maar hoef ook nie ‘n langtermyntaak te wees nie, want ‘n verbintenis met korttermyntake word makliker aangegaan as met langtermyntake (vgl Strommen 1997:149). Tieners sal gou agterkom dat mense al hoe meer van hulle afhanklik word. Dit gee vir hulle betekenis in die lewe. Kerkleiers moet die tiener motiveer om te dien deur haalbare aksieplanne saam met tieners uit te werk. Die motivering moet suiwer en opreg wees en nie net leë woorde nie. Egtheid tel meer by die millenniumgenerasie as woorde. Franciscus van Assisi het gesê dat die evangelie gepreek moet word en as dit nodig is, kan woorde gebruik word. Tieners moet geleer word om die lewenstyl van Jesus te leef (vgl Jayne 2000:176-177).

### 9.4.10. Gemeenskapsgerigtheid stimuleer gemeentegroei

Clark (2001:92) meen: *“Missional youth ministry is an extension of the local body of Christ, where every person who desires to belong to the community is welcomed”.* Die missionêre benadering in jeugbediening het 'n besliste taak om gemeentegroei te stimuleer deur na die hele gemeenskap uit te reik en verhoudings te skep waar oud en jonk *“… can experience a deep, rich, family-like environment where discipleship, equipping, nurture, training in spiritual disciples, and mentoring all occur”* (Clark 2001:92). Nel (2001:13) verwys na Dawid (vgl 1 Sam 16-17) wat waarskynlik in sy middel tienerjare was toe hy betrokke geraak het by God se handelinge met Israel. *“Youths are included when God deals with people outside the commuity of his covenant people”* (Nel 2001:13 met verwysing na 'n jong dogter se getuienis oor 'n profeet in Samaria wat kan genees – 2 Kon 5:2-3). Soos reeds genoem, moet gemeenskapsbetrokkenheid nie oor die persoonlike behoefte van ‘n geestelike leier van 'n gemeente of oor die gemeente as sodanig gaan nie. Benson (1988:19) noem drie redes vir vinnige groei in gemeentes: (1) elke kerk demonstreer 'n doelbewuste sigbaarheid as 'n omgeekerk in die gemeenskap *“Each one took the faith to the streets”,* (2) die kragtige rol wat die gewone lidmate, leke, as leiers speel, en (3) die rol wat die predikante speel om alles te laat realiseer. *“The clergy in those seven churches represented every possible style. Some were stunning preachers, others were dull, but they all seemed to be rooted in their understanding that it is the body of Christ that provides the spark for renewal and outreach”* (Benson 1988:19). Die taakspan word meer doelgerig en ook meer toegerus om 'n groter veld in die gemeenskap te bedien. Dit maak geloofsbemiddeling in al die lewensterreine van die gemeenskap 'n groter moontlikheid wat vervolgens bespreek word.

Wanneer die gemeente gemeenskapsgerig raak, word die ontdekking gemaak van al die bronne wat beskikbaar is vir gemeentelike werk binne die gemeenskap. Dit lei tot beroepsbetrokkenheid, sportbetrokkenheid, betrokkenheid by gesondheidsdienste en dit het indirek 'n invloed op die gemeente se groei self, al is dit nie altyd in ledetal nie, maar in dienslewering saam met gemeenskapsdienste.

## 9.5. Geloofsbemiddeling in die gemeenskap

### 9.5.1. Die komponente van geloofsontwikkeling in die gemeenskap

Die jeugbediening het ‘n nuwe geloofsbemiddelingstrategie nodig om uit ‘n gerigtheid na binne ook ‘n gerigtheid na buite te ontwikkel om gemeenskapsgerig te kan wees. Dié strategie het ten doel om die tiener na die gemeenskap te neem om daar tot ontdekking te kom wat met ‘n gerigtheid na buite bedoel word (vgl diagram 63: *Die komponente van geloofsontwikkeling in die gemeenskap*). Jongmense wat droom oor die ideaal wat bereik moet word, is persone wat 'n verbintenis met Jesus Christus en sy boodskap binne die kerklike gemeenskap aangaan het. Daar is verskillende vlakke en stadia in hierdie proses wat in aanmerking geneem moet word. In die praktyk verloop geloofsontwikkeling nie streng volgens sekere fases en in ‘n bepaalde orde nie. Geloofsvorming kan byvoorbeeld by die bewuswording van 'n sosiale probleem begin wat direk lei tot die soeke na 'n oplossing. Die sewe stadia of eerder komponente van 'n model vir geloofsvorming in die gemeenskap is volgens Boran (1996:43-102) die volgende:

***1. Ontdekking van die jeuggroep:*** Die tiener het 'n groter sosiale ruimte as die gesin nodig, maar nie so groot dat hulle in massa verlore of bedreigd voel nie. In die jeuggroep voel die jong persoon veilig en as persoon betekenisvol. Hy ervaar die gevoel om tussen gelykes te wees wat ongeveer dieselfde dink en voel. Die jeuggroep dien as 'n brug tussen die gesin en die wêreld wat dikwels bedreigend is. Nel (1998:61) meen: *“Die belangrikste beginsel om hier te stel is dat onderrig en bediening aan, met en deur die jeug wesenlik dialogies en relasioneel van aard is”.*

***2. Ontdekking van die gemeenskap:*** In hierdie fase kom die tiener tot 'n ervarende en teologiese verstaan van die kerk. Hulle beweeg uit die jeuggroep uit en stel hulself bloot aan die gemeenskap waarin die gemeente geleë is. Binne hierdie groter gemeenskap ontwikkel die jeug 'n ander siening van die kerk, naamlik dat die kerk 'n gemeenskap van mense is. Die kerk bestaan nie net uit 'n gebou, dominee of kerkraad nie. Tog moet ‘n gemeenskapsgerigtheid die jeug nooit van laasgenoemde geestelike leiers vervreemd laat raak nie. Janssen (2003:18) beweer: *“Voor geestelijke ontwikkeling van jongeren is het buitengewoon belangrijk persoonlijke relaties te kunnen ontwikkelen met ouderen en leraren”.*

***3. Ontdekking van die sosiale probleem:*** Wanneer die tiener buite die grense van die jeuggroep begin beweeg en tot die ontdekking kom waar die kerk eintlik moet funksioneer, begin hul visie verbreed en begin hulle verstaan dat die hantering van sosiale probleme ook die kerk se taak is. *“They become enthusiastic with the discovery of a community model of church that is attuned to their own ideas. But now the horizon of the local church community has become too limiting. This circle is now ruptured and young people are thrown into a new world: the drama of surrounding society”* (Boran 1996:61). Benson (1997:172) meen: *“One concrete way of engaging young people in creating healthy communities is by training youth in peer helping skills”.* Een van die beginsels waarna Benson (1997:130) verwys om die jeug in die gemeenskap betrokke te kry, is om eerder by hulle gawes en talente en bekwaamhede te begin en nooit by hulle behoeftes en probleme nie.

***4. Ontdekking van 'n wyer organisasie:*** Borgman (1997:122) meen: *"We want our ministry to be as holistic as possible. As we seek to overcome the fragmenting and isolating tendencies of our society, we have much to learn from other cultures".* Die Afrika-kultuur is baie meer gemeenskapsgeoriënteerd as die Westerse kultuur (vgl Borgman 1997:122). In hierdie leerproses word die visie verbreed en die taak van die kerk uit 'n ander hoek beskou. Die jeug ontdek ook 'n groter of wyer jeugorganisasie wat meer multikultureel is. Die groep is nie langer geïsoleerd nie. Hulle bevind hulself in 'n netwerk van jeuggroepe wat in die gemeenskap betrokke geraak het. Boran (1996:65) sê: *"They now have a powerful voice within the church".* Wanneer jongmense binne 'n groep geïsoleer word, is die kanse vir geloofsbemiddeling en -groei aansienlik minder. Sodra die jeug in die groter samelewing aan die sosiale probleme blootgestel word, leer hulle om deel te wees van 'n groter span wat besluite met 'n groter omvang vir 'n meer uitgebreide taak neem. Hulle word bewus van die bemagtiging wat hulle ontvang vir die verantwoordelikheid wat hulle in die samelewing moet nakom. Boran (1996:69) sê: *"Empowerment means helping young people to throw aside the crutches and learn to walk on their own".*

***5. Ontdekking van strukturele oorsake:*** In hierdie blootstelling ontdek die jeug hul vermoë om logies en abstrak oor die sosiale problematiek na te dink en daarvoor te beplan. Hulle ontdek die strukture wat aanleiding gee tot die problematiek soos ekonomiese, sosiale en politieke strukture wat deur mense geskep word. Alhoewel strukture mense sterk beïnvloed, kan hulle tog verander word. Jongmense leer dat hulle die mag het om die strukturele oorsake van probleme te verander en sodoende 'n bydrae in die samelewing te kan maak. Benson (1997:39) beweer: *"The first two empowerment assets focus on community perceptions of youth, seeing them as positive contributors to community life and then giving them useful roles in the community".*

***6. Aangaan van 'n verbintenis:*** Hoe langer tieners in die gemeenskapsituasie betrokke is hoe duideliker word dit dat hulle 'n verbintenis moet aangaan om met hul diens voort te kan gaan. *"Commitment no longer depends on feelings of the moment. They have now embraced a life style that is permanent. They no longer want to be spectators, but have decided to go on to the field and play. A new awareness is summed up by one young person: 'I cannot understand people who pass through this life and do nothing to change the place where they are'"* (Boran 1996:95-97). Om te glo, is om met God te waag. Om tieners binne die koninkryk van God te bemagtig om met hul gawes en talente 'n nuwe dimensie aan jeugbediening te gee, is om in geloof te waag. Strommen en Hardel (2000:18) dui tien eienskappe aan van jongmense wat 'n geloofsverbintenis aangegaan het (vgl diagram 69: *Die verlangde uitkoms met die nuwe paradigma vir geloofsbemiddeling*).

***7. Bewusmaking van die voorafgaande fases:*** Omdat die voorafgaande fases 'n lang proses is en jongmense nie werklik bewus is van die verskillende fases waardeur hulle gaan nie, is dit vir hulle gewoonlik onverstaanbaar as ander jongmense nie dadelik 'n verbintenis wil aangaan om dieselfde te doen as hulle nie. Daarom is dit nodig dat jongmense wat die stadium van verbintenis bereik het, bewus gemaak moet word van al die fases waardeur hulle gegaan het en dat hulle met die nodige geduld ander jongmense sal hanteer. Die bewuswording van die verskillende stadia om binne die gemeenskap betrokke te raak, is 'n belangrike mylpaal, alhoewel dit miskien die moeilikste van al die fases is.

### 9.5.2. Faktore wat tot geloofshandelinge lei

Volgens Pieterse (1993:5) *"… kan 'n praktiese teologie as handelingswetenskap binne die paradigma of denkmodel van 'n kommunikatiewe handelingsteorie, kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie slegs verstaan vanuit 'n voorgegewe sin, naamlik die werklikheid en die praxis van God".* Die paradigma van hierdie navorsing veronderstel om deur middel van die tiener en sy ouers die geloofsinhoud binne die konkrete situasie van die gemeenskap uit te leef. Die gevaar by die ontwikkeling van 'n model om geloof te bemiddel, bestaan in die verabsolutering van die model. Die uitgangspunt moet wees dat God alle inisiatief neem tot die fynste beplanning en uitvoering daarvan. Geloofshandelinge word gebore in verhouding met God en mens in die konkrete leefwêreld wat God aan die mens gee (vgl paragraaf 6.8.4 – Geloofsbemiddeling wat tot handelinge lei).

***1. Verhoudings:*** Strommen en Hardel (2000:123-124) sê: *"Helping youth identify with a personal God goes beyond merely gaining assent to doctrinal statements. It involves something intensely personal – 'I am convinced that God hears me, cares for me, forgives me; I have been in God's presence, I have the sense of being saved, I have been heard by God'".*

Volgens Strommen en Hardel (2000:124) het navorsingsresultate onder 7,050 tieners uit tien verskillende Christelike kerke, wat 'n persoonlike verhouding met God het, vyf karaktertrekke getoon: meelewendheid, gemotiveerdheid om te ontwikkel, sterk bewustheid van 'n morele verantwoordelikheid, ywerig om te dien en 'n hoopvolle en positiewe lewensverwagting. Dit dien as motivering om wel op 'n goed teologies- en praktykgefundeer basis aandag te skenk aan 'n nuwe wyse van geloofsbemiddeling, die opbou van gesinne en die plaaslike gemeenskap. Dit kan beslis 'n groot bydrae maak tot die algemene houding van diensbaarheid en moraliteit in die wêreld. Hiervan moet tieners en hul ouers op 'n praktiese en deelnemende wyse bewus gemaak word om ook hoop vir die toekoms in te boesem.

Die vraag hier ter sprake is hoe daar van visie tot aksie oorgegaan word. Dit vra 'n aksentverskuiwing van wat die gemeente deur lidmate doen na wat God deur mense doen. Dit is nie bloot 'n ander manier om te wete te kom wat mens en God vir die individu kan doen nie, maar wat die individu vir God en mens kan doen. Dit word bereik deur die gemeente van samewerking bewus te maak. 'n Sleutelwoord in hierdie benadering is nie kontrole nie, maar verhoudings (vgl Strommen en Hardel 2000:289). Strommen en Hardel (2000:291) verwys na sekere beginsels wat deur Wheately aangedui word: (1) Die rol van deelname skep mag en vorm die lewens van die deelnemers. (2) Die belangrikheid van verhoudings kom na vore wanneer mense deel van 'n aksie voel en dit lei tot toename in deelname. (3) Die rol van informasie is in die verspreiding van informasie geleë wat genererend werk. (4) Veranderings moet in ooreenstemming met die geskiedenis en identiteit van die gemeente wees. Die identiteit sentreer in die waardes, tradisies, aspirasies, bevoegdheid en kultuur wat die gemeente rig.

Strommen en Hardel (2000:101-102) gee die volgende riglyne wat gemeentes kan gebruik om gesinne te help om verhoudings te bou: Begelei ouers om hul doopgelofte na te kom. Leer gesinne hoe om rituele en tradisies seisoenaal te

beoefen. Stel bronne beskikbaar om geloof in huise te beoefen. Reël een familie-aand per maand. Gee leiding met een-tot-een-gesprekstimuleerders oor spesifieke onderwerpe. Begin met storievertelling volgens die Montessori-metode ('n leer- en geloofsmededelingsproses) waar volwassenes kinders uitnooi om deel te word van die storie aan die hand van voorwerpe in die huis (vgl Müller 1996:183-194 – Verhaal en ritueel). Organiseer werkkamp-ervarings vir volwassenes en jeug om saam te leer hoe om diens te lewer. Bied 'n konferensie vir manne elke jaar aan om hul as geestelike leiers toe te rus. Stel Christelike opvoedingsprogramme saam vir alle ouderdomme, kleuters en grootouers ingesluit. Reël gesinsverklarings tydens erediens en getuienisse in eredienste oor die uitvoering van hul verklarings. Fasiliteerders kan vir elke gesin aangestel word vir begeleiding in gesinsbediening. 'n Koerant vir die gemeente wat deur tieners saamgestel word kan vir inligdoeleindes versprei word.

***2. Betrokkenheid:*** Die leiers van die gemeente moet gevra word wat hulle tot die liggaam van Christus bydra, hoe hulle gehelp kan word om dit verder uit te bou asook waar hulle hul vermoëns wil aanwend sodat die liggaam van Christus daardeur kan groei? As mense bydraes maak om die visie tot aksie te laat oorgaan, moet hulle ook die goedkeuring ontvang om die visie tot uitvoer te bring. Vyf elemente wat deur jeugleiers gebruik word om jeugbetrokkenheid te stimuleer, is: *"Faith, Fellowship, Food, Friends, Fun"*. Springer en Smith (1995:30) gebruik ook hierdie elemente, maar vervang *"fellowship"* met *"family"* en noem dit die vyf vingers van *"... the helping hand of hospitality ..."* as die belangrikste beginsels vir jeugbediening.

Tieners moet by diensaktiwiteite betrek word. Om tieners te leer om diensbaar te wees, is nie net 'n Bybelse beginsel nie, maar is ook deel van hul geaardheid om 'n verskil in die gemeenskap te maak. Tieners is meer aksie-georiënteerd daarom moet diensaktiwiteite opwinding en avontuur insluit. Strommen en Hardel (2000:145) sê: *"The service emphasis of the Christian faith stands in contrast to the mind-set of today's culture. Over the past several decades there has been a discernible shift from serving others to looking out for "number one".* Die rede hiervoor is die afwesigheid van 'n diensdimensie in die gemeente of gemeenskap. Dit is een van die belangrikste dimensies van 'n tienerbediening. Die doel met hierdie navorsing is om tieners binne gesinsverband te lei om mekaar binne gesinsverband te dien, maar om ook uit te reik na ander in die gemeenskap. Dit is nie nodig om hieroor skepties te staan nie, want Strommen en Hardel (2000:145) beweer: *"Today's youth leaders sense the importance of involving youth in service activities. A survey of one hundred denominational youth ministry executives and experts conducted by Group Publishing found that 'developing youth as servants' ranks as one of their five top concerns".*
Die moontlikhede om tieners tot diens te lei, is onbepaald en behels onder andere dat leer en lewe nie geskei moet word nie. Om te leer verstaan, geskied deur deelname en diens en diensbaarheid kan deur kleingroepe aangeleer word. Die gawes van die Gees moet geïdentifiseer word en Christen-wees beteken selfverloëning, nederigheid in 'n posisie van voetewassing. *"Service is not easy. That is hard for modern and postmodern people to follow. There are two reasons: first those of us in the Western world live in a highly individualized society; and second, we are dominated by a culture that seeks returns on its investment of time, energy and other resources"* (Reid en ander 1996:44). Ten spyte van hierdie postmoderne ingesteldheid is dit steeds sinvol om tieners by uitreikbedieninge te betrek.

Dienslewering en geloofsbemiddeling wat ook die uitreik na ander om die evangelie uit te dra, insluit, moet gelyktydig aangepak word. 'n Naweek- of vakansiekamp by 'n sendingstasie sonder 'n formele program is voldoende om by die nodigste fasette van uitreik uit te kom. In so ‘n informele en meer natuurlike situasie is daar gewoonlik voldoende kontraste wat duidelik waarneembaar is en blywende indrukke op tieners maak. 'n Praatjie by 'n jeugaksie of ‘n preek tydens 'n erediens oor dieselfde situasie of onderwerp het minder effek. Hierdie stelling word vervolgens verder uitgebou.

***3. Ervaringsleer*** (vgl diagram 28: *Leer deur ervaring*): Diagram 28 toon aan waarom geloofsbemiddeling praktykgerig moet wees. Direkte ervaring het 85% effektiwiteit teenoor die 5 tot 10% effektiwiteit van verbale aktiwiteite. Die klaskamersituasie of selfs koffiekroeg-atmosfeer het min geleentheid vir ervaringe. Dit bevat ‘n beperkte moontlikheid vir verbale en visuele kommunikasie. Om dus met tieners na 'n omgewing te beweeg waar ervaring deur nabootsing (40 tot 60% effektiwiteit) en direkte ervaringe opgedoen kan word, word geloofsvorming al hoe meer ‘n werklikheid. Die gebruik van simbole en rituele vra 'n meer natuurlike of praktiese geloofsbemiddelingsisteem. Dit beteken dat daar begrip sal wees vir ‘n geloofsbemiddelingsisteem of -situasie en waaruit simbole gebore kan word en dus ook in so 'n situasie tot maksimale verstaan kan lei deur ritualisering.

* ***Simbole en rituele:*** (Vgl paragraaf 6.11 – Geloofsbemiddeling deur middel van rituele en paragraaf 6.12. – Geloofsbemiddeling deur middel van simbole) Babin (1991) wend 'n poging aan om iets nuuts oor 'n nuwe wyse van kommunikasie te sê. Dit handel meer oor die regterbrein-aktiwiteite, maar kan nooit van linkerbrein-aktiwiteite losgemaak word nie. Brink en andere (2001:114) sê dat hierdie twee aktiwiteite in stereo moet geskied. Alhoewel die linkerbrein meer met teorie te doen het en die regterbrein meer met emosie te make het, moet beide saam in die geloofsbemiddeling benut word om tot 'n beter verstaan van die geloofsinhoud te kom. Die uitdaging lê in 'n oordeelkundige gebruik van simbole en rituele wat die linkerbrein-georiënteerde tieners sal insluit en dus nie net die regterbrein-georiënteerde tieners sal bevoordeel nie. Daarom is 'n stereokommunikasieproses vir geloofsbemiddeling by tieners die aangewese weg om te volg. Om so 'n leerproses te ontwikkel en leermateriaal voor te berei asook programme op te stel, moet deurgaans verstaan word dat dit in geloofsbemiddeling nie net oor kennisoordrag gaan nie. Sou dit net oor kennisoordrag gaan, sal tieners se belangstelling in die geloofsbemiddelingsproses al hoe minder word. 'n Kennis van linker- en regterbreinaktiwiteite is dus nodig om vas te stel of geloofsbemiddeling werklik in stereo plaasvind en of die tiener nie iewers uit voeling begin raak omdat die geloofsbemiddeling of te linker- of te regterbreingeoriënteerd is nie.

Babin (1991:55) onderskei die linker- en regterbrein soos volg en dit kan ook 'n maatstaf wees om te bepaal in watter mate stereo-kommunikasie werklik plaasvind of in watter mate geloofsbemiddeling die breinfunksies van tieners maksimaal benut. Regterbreinfunksies kan gekoppel word aan musiek, kunstigheid, simboliek, emosies, kreatiwiteit, geestelikheid, die sintetiese en abstrakte. Linkerbreinaktiwiteite kan weer gekoppel word aan die verbale, logika, wiskundigheid, intellektuele, wêreldse, analise, lees, skryf en die konkrete. *“If this hypothesis is true, it has important consequences for us. Faith perceived by the left hemisphere cannot be the same as faith perceived by the right”* (Babin 1991:55). Hierdie stelling kan beteken dat geloofsbemiddeling sonder die benutting van die visuele of simbole en rituele die

geloofsbemiddelingsproses en geloofservaring ernstig kan stuit. Aerts (2002:147) beweer: *“Geloven is veel meer dan het voor waar houden van overtuigingen. Het is geen louter intellectuele aangelegenheid. Het gaan om een vorm van vertrouwen, die je hele leven beïnvloedt”.* Aerts (2002:148-151) verwys na 'n kerk van Taizé met betrekking tot jongmense wat hulle daar ervaar, hoor, voel en sien. In die eerste plek is dit die merkwaardige liedere in verskillende tale met begeleiding deur jongmense wat as simbool van eenheid en eenvoud funksioneer. Almal is in dieselfde eenvoudige klere geklee en neem plek in op eenvoudige houtbanke. Hierdie jongmense leef in die moderne gemeenskap waar geloof nie deurgaans belangrik is nie. Die betrokkenheid geskied op affektiewe vlak en verskil van intellektuele insig. Daar moet dus meer in die geloofsbemiddeling gebeur as die oordra van informasie. Babin (1991:128) meen: *“This is a clear sign of a need to go back to the church’s roots and to a language that is outside time, transcending national frontiers. It is also a sign that rugged, primitive language is emphasized in the audiovisual world”.*

Geloofsbemiddeling kom moeilik tot handeling wanneer dit binne die verbale “gevange” gehou word. Die geloofsinhoud vra simbole en rituele om tot handeling te kom. Daarom is dit noodsaaklik dat tieners Christelike simbole en rituele sal aanleer. In hierdie verband sê Strommen en Hardel (2000:150): *“In partnership with the home, a Christian education program should provide training for adults in the rituals and traditions of the Christian community and should teach them how to create family symbols and traditions of faith for the home”* (vgl diagram 64: *Geloofsbemiddeling deur middel van simbole en rituele*).

In Suid-Afrika het daar in die oorgangsfase 'n nuwe geleentheid of era aangebreek om die simboliek van die Bybel weer opnuut te benut na 'n verlies aan politieke simbole in 'n oorgangsfase wat tot onsekerheid gelei het. Suid-Afrika is tans in 'n herrangskikking-, heroriëntering- en herintegrasie-fase. *“’n Refleksieproses kom na vore – wat lei tot ‘n nuwe verstaan van jou self, van die wêreld, van die sin van die lewe”* (vgl Burger 1995:27-30 en paragraaf 6.12.5 – Die nut van simbole in oorgangstye). Vos (1996:34) beweer dat 'n persoon se eksistensiële moontlikhede en nood simbolies tot uitdrukking kan kom. *“Simbole laat hoorders nie net na-dink en be-sin nie, maar lei hulle ook tot verstaan”* (Vos 1996:35). Hierdie aanvanklike verleentheid, moet as 'n geleentheid aangegryp word om die leemte van simbole met geestelike simbole te vul. *“Symbols and practices of the Christian faith have always been important for relating the Christian stories in Christian congregations and homes”* (Strommen en Hardel 2000:151). Voorbeelde van sulke rituele en simbole vind ons by familiebyeenkomste, dankgebede by die etenstafel, gebede voor slapenstyd, seënwense by Kersfees, 'n verjaardag, mondigwordings, doop en openbare belydenis van geloof. *“Sonder ritusse verloor ‘n samelewing identiteit”* (Vos 1996:53).

Geloofsbemiddeling deur middel van simbole en rituele vereis 'n studie van die tiener, sy ekologie en kultuur. De Jongh van Arkel (1991) beweer: *“’n Ekologiese perspektief bied die wydste moontlike kyk na sisteme, ordes van sisteme, en verhoudings tussen sisteme”.* Simbole en rituele moet binne die leefruimte van die tiener geloofsbemiddeling en –vorming dien om werklik tot verstaan van die evangelie te kan kom. Jesus Christus het verskillende simbole en rituele gebruik afhangende van die kultuur en omgewing waarin Hy opgetree het (vgl Joh 10:27 – skape; Joh 15:5 – wingerd en lote). Babin (1991:119) beweer: *“It is significant that*

*Jesus never used the marketplace as the setting of a parable. He chose a banquet but he did not choose a market center, because that is a place where communications are superficial, a place of appearances and not of being".* Elke situasie verlang spesifieke simbole en rituele. Die gebruik van simbole en rituele sal soms ook van gesin tot gesin verskil. Wanneer oor die gebruik van simbole en rituele spesifiek ten opsigte van tieners nagedink word, is sekere faktore ter sprake.

'n Bepaalde atmosfeer vir geloofsbemiddeling deur middel van simbole en rituele is nodig. Die atmosfeer in die gesin, erediens, kategeselokaal en jeugaksie moet sodanig wees dat die tiener daarin tuis voel. Hierdie atmosfeer moet ook 'n tuiste vir simboliek en rituele skep. Dit gaan oor die samesyn van mense en gevoelens wat bestaan oor simbole en rituele. *"Dit stel iets voor waarvan die Christelike gemeenskap alleen weet"* (Vos 1996:53-55). By 'n byeenkoms van Christene is die kruissimbool welkom, maar by die byeenkoms van sataniste skep dit dadelik spanning en moet dieselfde simbool onderstebo gedraai word om 'n tuiste te vind in die sataniese atmosfeer. Indien die kruis by die Christelike byeenkoms onderstebo gedraai word, sal dit daar weer onmiddellik spanning skep. Die atmosfeer word gesamentlik deur simbole en mense geskep, maar slegs mense en die handelinge of rituele wat daarmee gepaard gaan is daartoe in staat om emosie as die belangrikste element van atmosfeer by te voeg. Brink en ander (2001:5) meen: *"Effektiewe kinderbediening is veel meer as die aanbied van programme vir kinders. Dit gaan oor die skep van 'n klimaat waarbinne geloofsgroei in kinders kan plaasvind. Die persoon van die kinderwerker as rolmodel, sy verhouding met God en met kinders, sy kennis van kinders, hoe hulle geloofsvorming werk, hoe hulle geloofswaarhede leer en sekere tegnieke in kinderbediening is van die elemente wat bydra tot die skep van hierdie positiewe klimaat".* Simbole word lewend in rituele of geloofshandelinge. Vos (2001:142) beweer: *"Die gelowige ontmoet God in die godsdienstige ritueel en simbool en stel hom ook oop vir God se teenwoordigheid en invloed".* Hierdie ontmoeting tussen gesinslede en God is dus moontlik wanneer rituele en simbole weer binne die verbondsgesin herwin word.

Strommen en Hardel (2000:287-289) gee die volgende riglyne vir die benutting van simbole en rituele in gesin- en gemeenskapsverband. Die gesin deel geloof met mekaar op 'n weeklikse basis. Die gemeente se opvoedingsprogram is gesinsgeoriënteerd om almal binne die gesin daarby in te sluit. 'n Riglyn om gesinne aan te moedig om verskillende aspekte van geloof elke maand te hanteer, kan gebruik word. Dele van die Bybel met kommentaar en vrae word gegee om gesinne tot gesprek te stimuleer. Rituele vir die viering van geestelike dae word verduidelik. Gebede word vir elke maand uitgesoek en Bybelse en gereformeerde simboliese handelinge wat daarmee gepaard, word verduidelik. Voorstelle soos kosspense, welwillendheidsmandjies, klere-insameling, uitstappies met bure word op 'n praktiese wyse uiteengesit om ook die gemeenskapsgerigtheid van die model te laat realiseer. Die lees en bespreek van sekere Christelike waarhede soos moraliteit, vergifnis, gebed en sakramente in die gesin en samelewing word verduidelik. Elke maand word die gesin ook van geestelike leiers en wat hulle gedoen het, bewus gemaak.

Een van die kragtigste simboliese handelinge wat nog sterk in die Suid-Afrikaanse konteks funksioneer is gebed. Daar bestaan talle boeke oor gebed en dit word ook soms gelees, maar eers as daar as gesin op die knieë neergekniel word, kom 'n dieper betekenis en ervaring van gebed na vore. Kinders leer die maklikste om te bid

as hulle van kleins af geleer word om spontaan saam met hul ouers voor God te buig. Strommen en Hardel (2000:134) sê in hierdie verband: *"Children learn to pray best when they pray with their primary caregivers and experience firsthand that prayer is a valued spiritual discipline".* 'n Paar voorbeelde van gebede wat gesinne kan bid, is gebede by maaltye, voor hulle op reis gaan, tydens siekte en probleemsituasies, uit dankbaarheid, vir mense in nood, vir familie en vriende, om geloof te versterk, die seën toe te bid, gebede uit die Bybel en kettinggebede. Geskrewe gebede kan ook voorgelees word terwyl gesinslede in aanbidding verkeer.

Browning en Reed (1998:258-260) benader gesinne en godsdiensbeoefening vanuit twee perspektiewe, naamlik (1) hoe om diverse gesinne op 'n dinamiese manier in die gemeente se erediens in te sluit en (2) hoe godsdiensbeoefening binne die afsonderlike gesinne kan plaasvind en instand gehou kan word. Browning en Reed (1998:258-260) vermeld die volgende basiese veronderstellings vir godsdiens-beoefening in gesinne: (1) Die lewe is heilig en 'n genadegawe van God. Godsdiensbeoefening vier die teenwoordigheid van God binne die gesin. Martin Buber (1958:39) se klassieke *"I and Thou"* kom hier ter sprake: *"Spirit in its human manifestation is a response of man to his Thou. … It is not like the blood that circulates in you, but like the air in which you breathe".* Browning en Reed (1998:258) sê: *"If we act on this assumption we will treat all other persons as Thous. When we treat others as sacred Thous we become I-Thou in our inner lives".* (2) Rituele in die gesin en algemene lewe is onafwendbaar. Die vraag is of hierdie rituele lewenskragtig en God-gesentreerd is? *"Rituals that become compulsive or legalistic can become hurtful and dehumanizing. Such rituals he (Erikson) calls ritualism"* (Browning en Reed 1998:259). Browning en Reed (1998:259) verwys ook na Erikson se siening rondom kinders wat deur middel van rituele in die gemeenskap betrokke raak: *"Erikson sees the possibility of the renewal of society's vision through children who create a stability in basic re-ritualizations, through young people who either confirm the vision or reform it by dissent or revolt, and through adults who recognize that when rituals fall into ritualism people can be sufficiently playful to innovate, re-ritualize, and create new rituals relevant to the everchanging challenges our families must face in 'future shock' society".* Hierdie siening van Erikson spreek vanself vir die ontwikkeling van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid. (3) Betekenisvolle rituele moet met sensitiwiteit binne die daaglikse gang van die gesin gebruik word. Die daaglikse lewensverloop van elke gesin is uniek en staan in verhouding met die lewe in 'n hoogs mobiele en pluralistiese samelewing wat weer in verhouding met die viering van die Christelike jaar staan. (4) Laastens word die gesin as 'n reflektering en uitbreiding van die groter familie in Christus, die kerk, gesien. Gesinne as ekklesiola of gelowiges en die ekklesia as saamgevoegde gelowige gesinne in die kerk, bestaan in 'n intieme verbonde verhouding. Die ekklesiola is 'n natuurlike beeld en uitdrukking van die ekklesia. 'n Dinamiese godsdiensbeoefening en ritualisering binne hierdie intieme onderlinge verbondenheid vra 'n aktiewe leerproses om dinamies te bly.

* ***Aktiewe en eksperimentele leer:*** Brink en andere (2001:111) beweer: *"Aktiewe leer is 'n proses wat die kind altyd sentraal stel".* Aktiewe leer is prosesgerig. Kennis van die tiener se algemene lewensingesteldheid kan help om bewus te word hoe hulle dink en leer. Die mees uitstaande kenmerk van tieners is die hoeveelheid energie wat hulle tot beskikking het. 'n Keuse vir 'n leermetodiek by tieners word dus gekoppel aan genoemde uitstaande kenmerk – dit moet 'n aktiewe en ontdekkend

leerproses wees. Hierdie leerproses kan ook eksperimentele leer of leer deur te doen of te ontdek, genoem word. Springer en Smith (1995:33 en 36) meen: *"… the genius of experiental learning is that it gets everyone involved. … it is reflective".* Hanekom (2000:27) beweer: *"Omdat geloof nooit iets kan wees wat net maar in ons koppe leef nie, maar praktiese gestalte in ons alledaagse lewe moet kry, is dit belangrik dat enige passiewe leerprosesse aangevul moet word deur aktiewe handelinge. … [D]it kan nooit genoeg beklemtoon word dat geloofsvorming 'n sosiale en interaktiewe ervaring is nie".* Tieners word wel binne die huidige jeugbedieningstrategie oor die geloofsinhoud meegedeel, wat kennis opdoen of passiewe leer genoem word, maar die geleenthede hoe om geloof uit te leef of om tot geloofsontdekking te kom, is volgens reeds genoemde navorsing nie voldoende nie. Hierdie tekortkoming in die geloofsbemiddeling lei tot geestelike passiwiteit in die kerk (vgl Jak 2:14-26). Aktiewe leer is effektief, want dit plaas die geaardheid en potensiaal van tieners sentraal. Dit bied geleentheid vir selfontdekking, avontuur, pret, spanning, almal se betrokkenheid en verhoudingsbou.

* ***Vier leerstyle:*** By geloofsbemiddeling moet die vier basiese leerstyle voortdurend in gedagte gehou word. Die doel is nie om een van die volgende leerstyle uit te sonder nie, maar om al vier in geloofsbemiddeling te integreer. Niemand leer uitsluitlik net deur middel van een bepaalde leerstyl nie. Die vier leerstyle kan aan die volgende eienskappe van persone gekoppel word (vgl diagram 65: *Die vier basiese leerstyle* en Brink et al 2001:120): (1) Mensgerigte leerders *leer* die beste in 'n situasie waar verhoudings ontwikkel word. Hulle leer deur dialoog en hul aanvoeling vir mense. Hulle is nie veel gesteld op die fynere besonderhede van wat geleer moet word nie, maar ingestel op globale insig. (2) Dinamiese leerders leer die beste deur iets te doen wat niemand anders gedoen het nie. Hulle is die mense wat graag met nuwe dinge begin, maar nie dit altyd voltooi nie. Hulle beklemtoon kreatiwiteit en uniekheid. Hulle kan as waaghalse beskou word. (3) Teenoor hierdie "onrustige" leerders, kry ons die meer rustige en stil analitiese leerders. Hulle leer die beste deur te kyk en te luister. Hulle wag op die maksimum inligting om dit dan self te beoordeel om by die regte antwoorde uit te kom. Hulle sal byvoorbeeld nie van ervaringsleer hou nie. (4) Praktiese leerders onderskei tussen teorie en praktyk. Hulle wil die teorie in die praktyk evalueer. Dit is die persone wat Jak 2:14-26 verstaan en uitleef. Niks moet gesê word wat nie ook gedoen kan word nie.

Die vraag is hoe om hierdie vier leerstyle te integreer sodat almal in die gesin of groep kan leer? Dit word bereik as daar in die geloofsbemiddelingsproses van die een leerstyl na die ander beweeg word. Mensgerigte leerders sal meer aandag skenk aan die vraag: hoekom moet ons glo? Analitiese leerders is weer ingestel oor wat geloof is. Die praktiese leerders wil weer weet hoe geloof uitgeleef kan word. Die dinamiese leerders wil weet wat geloof vir die toekoms beteken. Dit is natuurlik nie moontlik om elke stukkie geloofsbemiddeling of gesinsaktiwiteit rondom geestelike beoefening sodanig te beplan nie. Wat egter van belang is, is dat daar 'n natuurlike balans tussen die vier leerstyle gehandhaaf sal word deur bewus te bly van hierdie verskillende leerstyle of benaderinge onder tieners tot die geloofsinhoud en die aanleer daarvan. Die bemiddelaar sal gou genoeg agterkom of hy wel na almal oorgekom het of nie. Dit sal die geloofsbemiddelaar opmerk in die betrokkenheid van almal in die groep aldan nie. McNabb & Mabry (1990:149-164) beklemtoon 'n kreatiewe benadering om van die Bybel te leer deur ervaring in 'n gemaklike

omgewing, deur bespreking en om op die konkrete te fokus. Die voorbereiding van die lesse moet daarop ingestel wees om die tieners se lewens sinvol te raak.

***4. Interaktiewe veranderlikes:*** Lee (1991:219-224) bespreek vier interaktiewe veranderlikes vir geloofsbemiddeling aan die hand van 'n diagram (vgl diagram 66: *Die vier interaktiewe veranderlikes*). Lee (1991:220) lê klem op die kontekstuele aard van geloofsbemiddeling: *"The central fact that every religious instruction act is composed of four interactive variables shows that religious instruction is essentially contexual in nature".* Hierdie veranderlikes opereer op verskillende maniere afhangende van die konteks. Diagram 66 beeld die innerlike dinamiese struktuur van die bemiddelingsproses uit: B – die bemiddelaar van geloof; T – die tiener aan wie geloof bemiddel word; O - die omgewing of konteks waarin die geloof bemiddel word; GI – die geloofsinhoud wat bemiddel word. Die gestippelde vierkant met 'n tregter na regs dui op die bemiddelingsituasie van die tiener en die doel van geloofsbemiddeling (vgl diagram 69 in paragraaf 9.6). Die groot sirkel in diagram 67 dui op die totale geloofsbemiddelingsituasie, ekologiese konteks of -sisteem. Al vier onafhanklike veranderlikes, B, T, O en GI speel 'n bepaalde rol binne hierdie geloofsbemiddelingkonteks. Die omgewing waarin geloofsbemiddeling plaasvind dra by tot die effektiwiteit van geloofsbemiddeling. *"Those youth religious educators whose work is conducted largely in informal environments know first-hand the enormous educational impact not only of that environment external to the immediate instructional act, but of the environment in which the act is being conducted here-and-now"* (Lee 1991:221). Die Lee-model toon aan dat die innerlike en uiterlike geloofsbemiddelingskonteks onmisbare veranderlikes in geloofsbemiddeling is en 'n sleutelrol speel. Om dus van 'n gemeenskapsgerigte geloofsbemiddeling te kan praat, is om die omgewing of konteks van gemeenskap as 'n belangrike veranderlike in die geloofsbemiddelingsproses in te sluit. De Jongh (1991:72) beweer: *"Wanneer iets sistemies verstaan word, beteken dit dat daar 'n funksionele en teleologiese element ter sprake kom. Die gedrag van 'n persoon word verduidelik aan die hand van haar funksie en plek in die groter sisteem".* Nel (1998:63-75) beskou die teleologiese doel van jeugbediening in die sin van die opbou van 'n gemeente, onder andere saam soek en groei en die gestaltegewing aan die koninkryk van God met verwysing na begrippe soos diakonia en koinonia. Die geloof moet dus eerder binne die gemeenskapskonteks bemiddel word en nie deur die bemiddeldes uit die konteks te neem en elders geloof aan hulle te bemiddel nie.

Die B buitekant die geloofsbemiddelingskonteks in diagram 66 beklemtoon die geloofsbemiddelaar as die hoof en konstante persoon wat struktuur gee aan die bemiddelingsituasie om die maksimum verwagte uitkoms of doel met die geloofsbemiddeling te bereik. Die B binnekant die gestippelde vierkant sê dat die bemiddelaar ook 'n veranderlike van die bemiddelaarskonteks is wat dinamies met die ander veranderlikes handel in die geloofsbemiddelingsproses. Die geloofsbemiddelingsomgewing word dus van buite en binne deur die bemiddelaar gekontroleer. Die tiener, T, word in die middel van die geloofsbemiddelingsproses geplaas. Dit is waar die geloofsbemiddelingsproses begin en die uitkringende stippellyn dui op 'n geloofsbemiddelingsproses wat reeds begin het en uitwentel om geloofsdoel of –handeling te word. Deur die tiener in die middel te plaas dui op die erkenning van die tiener se persepsies, behoeftes, houding en mikpunte. O1, O2 en O3 dui op spesifieke geloofsbemiddelingsaspekte in die omgewing, byvoorbeeld die Bybel, die grootte van die groep, 'n projek, kultuur, ensovoorts. Die groot prominente

O in diagram 66 toon aan dat die bemiddelaar, tiener, geloofsinhoud en die spesifieke omgewingsfaktore ook deur groter omgewingsfaktore omvat of ingesluit word. De Jongh (1991:69-70) meen: *"Die funamentele beginsel van ekologie is dat 'n oorlewingseenheid nooit uit 'n indiwiduele organisme of spesie in 'n statiese omgewing bestaan nie, maar eerder dat dit 'n ekologiese sisteem is, 'n volledigheid (geheel) van alle organismes in wederkerige verhoudings met mekaar en met hulle natuurlike omgewing".* 'n Gemeenskapsgerigtheid moet ekologies instel wees en die ekosisteem as oorkoepelende begrip gebruik – kuberneties en sistemies (vgl De Jongh 1991:69). Die uitkringende stippellyn dui ook op die verskillende geloofsinhoude of ander kennis wat nodig is wat die bemiddelaar vir die tiener voorberei. Rondom 'n kampvuur kan bespreek word hoe die werkloses en dakloses gehelp kan word om 'n beter lewe te lei. Die tieners moet bewus bly van 'n bepaalde koers waarheen hulle beweeg deur middel van hierdie hele leer- of geloofs-bemiddelingsproses en dat daar wel 'n mikpunt is. Tussen al vier hierdie veranderlikes vind interaksie plaas om by die doel uit te kom. Die doel van die geloofsbemiddelingsproses is nie om tot einde te kom nie en word in diagram 67 met 'n opening aangedui waardeur terugvoering na die geloofsbemiddelaar en die bemiddelde of tiener plaasvind en wat tot volgende geloofsbemiddelinge en -handeling lei. Hierdie model dui op 'n gekompliseerde aktiwiteit wat eerder praktiese handelinge as beskrywing vra. Die geloofsbemiddelingsproses wentel voort soos deur die spiraal van Heitink (1993:151) uitgebeeld word (vgl diagram: 67 *Die wisselwerking tussen teorie en praktyk*). Die bemiddeling van die geloofsinhoud moet dus al vier veranderlikes in ag neem by die geloofsvorming van tieners. Lee (1991:224 ev) bespreek ook ses belangrike praktiese konsekwensies wat die Lee-model aan geloofsbemiddelaars voorstel: *"(1) structuring the learning situation, (2) continuous awareness of what is happening educationally, (2) antecedent-consequent behavioral chaining, (4) intentionality and directedness, (5) teaching as prediction, and (6) teaching as decision making".*

***5. Kognitiewe, affektiewe en konatiewe faktore:*** 'n Holistiese benadering is noodsaaklik om al die kommunikasiekanale na die tiener te benut (vgl diagram 29: *Geloofsbemiddeling as kommunikatiewe handeling*). Die verstand (kognitiewe) word wel ten alle tye by geloofsbemiddeling benut, maar die geloofservaringe (affektiewe) in die praktyk en die neem van besluite (konatiewe) as belangrike singewende faktore word soms maklik uit die oog verloor omdat dit spesiale kennis van simbole en rituele in die geloofsbemiddelingsproses vereis. Dit help om die misterieuse of onverstaanbare van die geestelike tot verstaanbaarheid te bring wat nie altyd kognitiewe verstaanbaarheid is nie (vgl diagram 68: *Geloofsbemiddeling as verstaanshandeling*). In hierdie diagram word die verhouding tussen God, geloofsbemiddelaar en geloofsbemiddelde uitgebeeld deur na die verskillende stappe in geloofsopenbaring, geloofsbemiddeling, geloofsreflektering en die tot verstaan kom van die geloofsinhoud te verwys. Die doel met geloofsbemiddeling is om tot verstaanshandeling te kom en dit beteken in kort om die verlossingsboodskap te aanvaar en vanuit die verlossing te lewe. Hierdie diagram lê klem op die verskillende vorme van reflektering, naamlik kognitiewe, affektiewe en konatiewe reflektering, waar die konatiewe reflektering op 'n wilsbesluit dui om die boodskap van verlossing te aanvaar. Hierdie geloofsbemiddelingsproses dui op 'n sirkulêre kommunikasieproses (vgl diagram: 32 en paragraaf 6.2.2).

***6. Blootstelling:*** Gebeurtenisse waaraan die tiener blootgestel kan word om geloofsbemiddeling meer intens te ervaar, is seisoenale, ongereelde en onverwagte gebeurtenisse. Blootstelling kan ook deur ‘n goddelike roeping, die natuur, die kulturele en marginale situasies geskied. Wat tieners geniet is geestelike speletjies wat fisiese kontak of spelpatrone insluit. Die doel is om deur sosiaal-interaktiewe ervaring geloof te bemiddel waarby die verbeelding nie uitgesluit word nie. Die effektiwiteit van jeugbediening vereis nie 'n bepaalde of beter program nie, maar 'n duidelike strategie en die bemagtiging van die jeug om diens in die gemeente en gemeenskap te lewer. Die grootste probleem binne die kerk is om aan jongmense die nodige toerusting, begeleiding of motivering te bied om diens in die gemeenskap te lewer (vgl Jayne 2000:174). Oor geestelike ervaring moet meer spesifiek nagedink word. Geestelike ervaring moet betekenisvol en op 'n kontinume basis geskied. Daar is duidelike verskille by die jeug en verskillende kerke oor wat as betekenisvolle geestelike ervaring beskou kan word (vgl Aerts 2002:148-151). Volgens Hyde (1991:125) kan 'n onderskeid gemaak word *“… between normative religious experiences, such as conversion or an awakening to religious commitment, and nonnormative experiences, due to personal psychological factors”.* By die bemiddeling van geloof en verwagte reaksies, moet die ervaringsfaktor met betrekking tot tieners sentraal staan. Daarom moet gewaak word teen 'n benadering waar die aanleer van teoretiese geloofsinhoude oorbeklemtoon word. Die model wat in hierdie navorsing ontwikkel word, wil die klem meer op die handeling as die teorie laat val, maar tog nie die een bo die ander verhef nie.

### 9.5.3. Die rolspelers vir geloofsbemiddeling in die gemeenskap

'n Gesingebaseerde en gemeenskapsgerigte tienerbediening sluit verskillende rolspelers in. 'n Gesinsgebaseerde bediening veronderstel dat die leiding vanuit die gesin sal geskied. 'n Gemeenskapsgerigtheid betrek weer die rolspelers van die gemeenskap. Die gemeente en gesin moet besluit in watter mate die rolspelers van die gemeenskap 'n invloed op die gesin mag hê aldan nie. 'n Gesin is in 'n sekere sin netso uitgelewer aan verskillende invloede as wat die gesin dit toelaat. Sommige gesinne volg die een uiterste van isolasie deur letterlik op 'n plot iewers te gaan woon of om die mure rondom die woning hoër te bou en die klokkie by die tuinhekkie te verwyder en basies alle sosiale kontak met die bure te probeer afsny. In sommige huise word kinders selfs van gewone skoolopleiding weerhou deur tuisstudie. Die ander uiterste is om 'n laat-maar-gaan-houding in te neem om die deure weer vir alles en almal oop te gooi en die hoop uit te spreek dat kinders deur die genade van God heel anderkant sal uitkom. Tussen hierdie twee uiterstes moet na 'n onderlinge ooreenkoms tussen ouers en ander persone en instansies gesoek word wat deel het aan die opvoeding. Opvoeding is veronderstel om binne 'n netwerk van persoonlike verhoudings te geskied, wat die aard van die opvoeding ook mag wees. Wanneer gevra word dat gesinsbediening nie net 'n gerigtheid na binne sal hê nie, is die veronderstelling dat die ouer en kind ook met ander opvoedingsvennote kontak sal maak, maar ook ‘n raamwerk benodig om te besluit watter kontakte en watter persone bedoel word. Dit kom neer op ‘n veranderde houding teenoor gemeente-wees. Strommen (1997:9) meen dat hierdie verandering kan plaasvind: *“Free people to participate in effecting change, unite around needs, tie innovation to mission and values, use input of legitimizers, rally broad ownership, engage in action, sustain the innovation long-term”.* Hierdie beginsels bespreek Strommen (1997:60-167) volledig en word ook in hierdie navorsing se model benut (vgl paragraaf 9.17.2).

Tieners het rolmodelle nodig vir volwassewording. Rolmodelle word gewoonlik agter tieners se kamerdeure opgeplak. Ouers se foto's sal selde tussen die ander foto's in tieners se slaapkamers voorkom. Indien ouers se foto's wel iewers in die slaapkamer sigbaar is, kan dit moontlik beteken dat die ouers wel deel van hul kinders se rolmodelsisteem uitmaak. Dit kan ook in verband gebring word met ouers se fisiese en psigiese afwesigheid in hul kinders se lewe. Daarom moet daar met versigtigheid met foto's en plakate omgegaan word, maar dit kan tog iets rondom rolmodelle laat deurskemer. Tieners wil sien hoe lyk getrouheid, omgee, swaarkry en vreugde, geloof en ongeloof asook hoe foute gemaak en reggemaak word. Dit word nie noodwendig vir hulle deur die rolmodelle op die plakate agter die kamerdeur gebied nie. Die volgende rolspelers is van belang in die geloofsopvoedingsproses van tieners:

***1. Die bure:*** Die meeste mense woon in 'n omgewing waar daar bure is, selfs al is die bure kilometers ver soos in die geval van plotte of plase. Daardie bure kan soms 'n groot rol in die verryking en opvoeding van die hele gesin se lewe speel. Buurmanskap in sekere woonbuurte het heeltemal verdwyn, maar dit beteken nie dat bure nie van waarde is nie. Bloot die bewustheid van 'n bepaalde woonbuurt waarin daar mense woon, speel 'n rol in die houding van die hele gesin. Elke gesin word dus op die een of ander wyse deur die woonbuurt beïnvloed. Hierdie verskillende onderlinge invloede bestaan en moet gebruik word indien dit opbouende Christelike invloede is of teengestaan word as dit afbrekend is. In hierdie verhoudingsproses word die Christelike geloof deur die Christen-gesin na die res van die woonbuurt oorgedra. Buurtkategese kan as 'n praktiese beginpunt vir buurmanskap met 'n Christelike inslag wees (vgl Oudelaar-Bijlsma 2003 in paragraaf 9.1.2 (7)).

***2. Lede van die breër gemeenskap:*** Die breër gemeenskap wat uit verskillende opvoedingsvennote en ander positiewe en negatiewe invloedsfere bestaan, speel moontlik 'n baie groter rol in die welstand van die gesin as die woonbuurt of die gesinslede self. Daarom is dit van belang dat die gesin geleer sal word om hierdie beïnvloeding vanuit die samelewing met die nodige oordeelkundigheid te hanteer, maar om ook 'n positiewe bydrae te lewer om die sosiale gemeenskap vanuit 'n Christelike oortuiging te beïnvloed. Om oogluikend toe te laat dat die gemeenskap met allerlei negatiewe invloede gesinne benadeel, is om die stryd waartoe elke Christen opgeroep is oorboord te gooi. De Villiers (1999:27-36) gee vier verantwoorde benaderings vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die nuwe Suid-Afrika: (1) verkry duidelikheid oor betekenis van die kerk van Christus in die nuwe Suid-Afrika, (2) inspireer lidmate om hul Christelike roeping in die nuwe bestel na te kom, (3) rus lidmate toe vir diensbaarheid en (4) die kerk moet op 'n nuwe manier openbare getuienis in die nuwe Suid-Afrika lewer. Benson (1997:225) meen: *"It is becoming the norm to segragate our cultural neophytes from the wisdom and experience of adults; treat children and adolescents as objects of community programs rather than as subjects in community; give mixed signals – or no signals at all – about what matters; …".* Benson (1997:112-120) gee sewe beginsels om te help om die gemeenskap betrokke te kry om kinders se waardes op te bou. Die eerste stap is om 'n visie te vorm wat die gemeenskap positief instel. Dit word gedoen deur na gemeenskaplike norme en oortuigings te kyk en om kruiskulturele verbintenisse te smee deur die organisasies in die gemeenskap daarby in te sluit om met nuwe inisiatiewe na vore te kom.

Die betoog in hierdie navorsing behels die beïnvloeding van die samelewing deur die plaaslike gemeentes en dit kan nie plaasvind as die plaaslike gemeentes se gesinne nie begelei word om dit te doen nie. Die deeg het suurdeeg nodig om tot volheid te rys en dit is die funksie van Christengesinne in die gemeenskap. Die suurdeeg is altyd minder as die meel, maar beïnvloed al die meel om brood te word. Tieners word dus deur verskillende persone in die gemeenskap beïnvloed om te wees wat hulle in Jesus Christus reeds is (vgl Nel 1998:126 en 149). Die uiteindelike uitkoms van elke tiener word bepaal deur karakter, besluite en optrede van die kerk, gemeenskap en staat.

***3. Ouers en tieners:*** Jeugbediening het vir dekades onder die benaminge soos Junior KJA, Senior KJA en Belydende KJA, gefunksioneer en is stadig besig om in gemeentes een van die moeilikste bedieninge te word omdat die basis vir hierdie bediening nie in vele huisgesinne gelê word nie. Die redes is reeds by die probleemstelling beklemtoon. Die bediening deur bogenoemde aksies word ook nie voldoende deur die gesinsverband ondersteun en verder uitgebou nie. Daarom is die motivering ‘n tienerbediening as gesinsbediening en ook 'n verdere klemverskuiwing van tienerbediening na tienerontwikkeling om die tiener ook as bousteen en medebouer in te sluit by die rolspelers in geloofsbemiddeling. Die tiener staan dus nie aan die ontvangkant binne 'n bepaalde eensydige program-georiënteerde tienerbediening nie, maar binne 'n deelnemende uitbouing van 'n geloofslewe binne gesinsverband as bekende sosialiseringstruktuur.

Dit gaan dus oor ouerbetrokkenheid om tieners tot betrokkenheid te lei. Clark (1997:57-58) gee verskillende riglyne hoe ouers hierby betrek kan word: ontwikkel oueraande, bied riglyne vir gesinsvergaderings aan, help tieners om briewe van waardering aan ouers te skryf en hoe om ouers te konsidereer, benut die verskillende viering vir ouers, skep 'n biblioteek of videoteek as bron vir ouerleiding en maak ouers bewus van organisasies wat ouers kan help om hul opvoedingstaak na te kom. Begin om ontmoetings tussen ouers te reël. Stel 'n ouernuusbrief vry. Hulp in hierdie verband is reeds op laserskyf by Youthnet te Wellington beskikbaar. Gemeentes kan gereeld saamkom om saam met en vir ouers in gebed in te tree of om soms net saam te kuier en te sosialiseer. Laat ouers dien op die gesinsbedieningskomitee (vgl paragraaf 9.13). Ten spyte van die hoë voorkoms van afwesige ouers, is dit steeds in 'n sekere sin vir ouers makliker om hul tieners te leer ken as lede buite die gesinsverband met sporadies kontak. Ouers se rol is deur God aan ouers gegee. Ouers het 'n keuse gemaak en 'n doopgelofte afgelê om aan hierdie opdrag van verbondsonderrig gehoorsaam te wees. Die doopkategese en doopgeleentheid met 'n doopgelofte is nie voldoende begeleiding vir ouers nie. Daar is wel toerusting vir kategete en kerkraadslede, maar selde word van toerusting vir ouers gehoor. Die ironie is dat ouers wel by die doopfond gevra word om 'n gelofte voor God af te lê dat hulle die kind se geloofsbemiddeling sal hanteer, maar moet van die doopfond wegstap sonder die basiese riglyne hoe om dit te doen. Nel (1998:109) sê: *“Deur ouers heen word kinders van gelowiges ingelyf in die weg van Jahve met sy mense. Daar is genoeg ‘bewyse’ in navorsing dat ouers 'n belangrike rol speel in die vervreemdingsproses onder kinders en jongmense. Wanneer die jeug nie tot geloofsidentiteit ontwikkel nie, is in die meeste gevalle bevind dat hul ouers grootliks of totaal van die kerk vervreemd was, maar tog nie as heidene bekend wou wees nie”.*

Martinson en Martinson (1998:67-68) gee die volgende ses wenke vir ouers met tieners: (1) Erken tiener se uniekheid, teenwoordigheid en waarde. Dit het in die eerste plek met die ontdekking en viering van die tiener se uniekheid te doen. Op die diepste vlak het dit te doen met 'n tiener wat selfs onhanteerbaar en diep ongelukkig is. (2) Tieners moet gekonfronteer word, maar dit beteken om die tiener te help om die werklikheid in die oë te staar of dit pynlik is of nie. Dit het niks met blamering of beskuldiging te doen nie. Dit laat tieners toe om die gevolge van hul destruktiewe optrede te dra. Op hierdie wyse is ouers besig om leiding aan hul tieners te gee, soms meer indirek as direk, want die doel is om tieners te leer om self besluite te neem en tot oplossings te kom. Die huisgesin moet ook ingeruim word as 'n veldskool vir tienerontwikkeling. (3) Tieners het miskien meer opbeuring nodig as enige ander lewensfase as gevolg van die gekompliseerdheid van die tienerfase. Dit is 'n geleentheid vir ouers om saam met hul tieners deur worstelinge en teleurstellings na die normale te beweeg en 'n beter perspektief oor die lewe te ontwikkel. Opbeuring beteken dus om saam die seer te beleef, dit te deurleef en perspektief te ontwikkel. (4) Opbeuring gaan gepaard met leiding en beteken om vir die tiener die koers aan te dui. Terwyl daar tye in 'n tiener se lewe is om gekontroleer en selfs geforseer te word, het hulle eintlik meer 'n behoefte aan leiding en om gewys te word watter weg om te volg. Gidse vra vrae, verskaf inligting en demonstreer. Ouers as gidse moenie net bekwaamhede aanleer om tieners te hanteer nie, maar moet dit ook modelleer en vir tieners die geleentheid bied om dit self te leer modelleer om tot volwassenheid te groei: *“Children need parents to coach them in moving from dependency to competency and interdependence”* (Martinson en Martinson 1998:68). (5) Tieners kommunikeer deur handelinge, woorde, buie, stiltes en passiwiteit. Dit is almal kanale waardeur tieners hulself aan ander openbaar en hul eie identiteit en verhoudings vorm en daarom moet daar goed na hulle geluister kan word. Deur hierdie kommunikasiekanale in aanmerking te neem, stel ouers in staat om die boodskap te ontvang wat tieners aan hulle probeer oordra. Martinson en Martinson (1998:68) sê: *“Listening is the active observation and consideration that leads to genuine and appropriate parental response”.* (6) Gesaghebbende ouers dissiplineer met respek, waarheid en liefde. Dit gaan vir sulke ouers by dissiplinering oor wedersydse respek vir die waarde en waardigheid van beide ouer en tiener (vgl Malina en Neyrey 1996:176 & Fretheim 1998:206). Hulle is daarvan bewus dat elke individu keuses het binne die grense soos deur die gemeenskap voorgeskryf word. Ouers bied hierdie keuses aan hul tieners en laat hulle toe om 'n keuse te maak en daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar. Hulle bly beskikbaar om ondersteuning te bied waar kinders soms sukkel om die regte keuses te maak.

Om mekaar se hande by die etenstafel by die seënbede vir die voedsel te neem en na die ete die Bybel oop te slaan en te lees, kan van meer waarde wees as bloot die gedagte om dit te doen. Alhoewel dit 'n goeie begin vir tiener- en gesinsbediening is, is dit 'n oorvereenvoudigde model om ouers toe te rus vir 'n heel komplekse situasie soos dit binne die meeste gesinne tans gevind word. Om hierdie rituele as voldoende te beskou, kan baie frustrasie op die hals haal. Ander uitgangspunte wat goed op die oor klink, maar soms weinig meer werd is as 'n slagspreuk sonder werklike effek, is byvoorbeeld: *“A family that prays together stays together”.* Die beklemtoning van 'n vader wat weer sy leiersrol in die gesin moet opneem, dat kinders bemoedig moet word deur hulle te prys en dat almal in die gesin net mekaar moet liefhê en dan sal alles regkom, is eweneens mooi geykte uitdrukkings wat wel van waarde vir stabiele

gesinne kan wees, maar die meer komplekse gesinne en gesinsamestellings vra meer as dit. Om verwagtings by ouers van gesinne met ernstige probleme te skep en self te koester met 'n klompie mooi geformuleerde spreuke en programme kan eerder skade aanrig as om van hulp te wees. Hierdie benadering kan by ouers ‘n nog groter gevoel van onvermoë laat ontstaan. Daar moet eerder gedink word aan daadwerklike toerusting van ouers. Lesings en besprekings op sigself sal nie genoeg wees nie. *“Old habits will not easily give way to new patterns without some tolls for evaluation and practice”* (Sell 1995:272). Die model moet dus die tiener, ouer, gemeente en gemeenskap begelei om die verwagting wat met geloofsbemiddeling gekoester word, te bereik.

### 9.6. Wat van die gesinsbedieningsmodel verwag kan word

Die gebruik van 'n nuwe model of program gaan dikwels met huiwering gepaard, veral in die geval van 'n sensitiewe en komplekse samestelling soos 'n gesin, gemeente of gemeenskap. 'n Duidelike doelstelling en bekendstelling van wat verwag word, is dus 'n noodsaaklike vereiste om die lidmate, gemeente- en gemeenskapsleiers te motiveer en betrokke te kry (vgl diagram 69: *Die verlangde uitkoms met nuwe paradigma vir geloofsbemiddeling* en Strommen en Hardel 2000:19). (1 & 2) Die eerste twee verwagtings sluit in 'n persoonlike verhouding met God. Met God moet daar voortdurend kontak behou word ongeag die omstandighede. (3) Verhoudings vra deelname aan simboliese en rituele handelinge binne 'n Christelike gemeenskap wat uit verskillende groeperinge soos die gemeente, 'n gesin of portuurgroep bestaan. (4) Wanneer gesinne en tieners geleer en gevorm word om krisisse te hanteer, kan die toekoms met hoop en 'n positiewe ingesteldheid tegemoet gegaan word. (5) Om na die toekoms op weg te wees, het ook met vreemde invloede te doen. Die aanvaarding van volwasse gesag en persoonlike verantwoordelikheid dien dan as keerwalle vir hierdie vreemde invloede. (6) Tieners wat gehelp word om teen die nie-Christelike invloede stelling in te neem, kan gevolglik ook self sekere verantwoordelikhede binne 'n gemeente begin aanvaar. (7) Binne ‘n krisissituasies moet morele verantwoordelikheid gehandhaaf kan word en moet die tiener as getuienis van Christelike waardes in die samelewing dien. (8) & (9) Die model help die tiener om meer van God se genade in die konkrete werklikheid te verstaan en wat dit beteken om met onbevooroordeeldheid en liefde teenoor ander te lewe. (10) Hierdie ontwikkelingsfases en verbintenisse lei die tiener om uit die eie leefwêreld en omgewing na die vreemde leefwêreld van diegene te beweeg wat nog nie Jesus Christus as persoonlike verlosser ontmoet of aanvaar het nie. Tieners kan dan uit eie ondervinding en deur die uitleef van Christelike waardes sulke mense ook van die Verbondsgod bewus maak. Deur hierdie basiese verwagtings in gedagte te hou, veral in die mistige dale van die ontwikkelingsproses van die gesinsbedieningsmodel en die toepassing daarvan, kan die oog op God se doel met tiener en gesin gefokus bly. *“... die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof ... Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie”* (Heb 12:1-3).

### 9.7. Hoe die doel met gesinsbediening bereik kan word

#### 9.7.1 Neem die ekologie van die gesin in aanmerking

By die ontwikkeling van 'n model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid moet die twee basiese invloedsfere vir die tiener en sy gesin

in aanmerking geneem word, naamlik die geestelike en die sekulêre invloedsfeer (vgl diagram 17: *Die twee basiese invloedsfere van die gesin*). Hierdie twee invloedsfere funksioneer nie in isolasie van mekaar nie. Beide kan tot die geloofsbemiddelingsproses bydra, maar daar kan ook hindernisse voorkom, veral uit die sekulêre invloedsfeer, wat die bemiddelingsproses bemoeilik. Die mate waarin die bydraes of hindernisse binne hierdie twee invloedsfere voorkom asook die hantering daarvan sal bepaal of daar werklik geloofsgroei kan plaasvind aldan nie. Die uitdaging is om die wisselwerking tussen die geestelike en die sekulêre so te hanteer dat daar 'n groeiende geloofsbemiddeling sal wees. Die tiener en die gesin word voortdurend aan beide hierdie invloedsfere blootgestel en moet tussen die twee invloedsfere die weg na geestelike volwassenheid vind (vgl diagram 70: *Die invloedsfeer van tieners*). Tieners word deur die wêreld, gemeenskap, gemeente, gesinne en hul eie portuurgroep op verskillende maniere beïnvloed. Die invloede is nie altyd opbouend nie, maar die tiener moet toegerus en bemagtig word om die invloede sodanig te hanteer dat dit tot die opbouing van die gesin, gemeente, gemeenskap en wêreld kan lei. Barna en Hatch (2001:290) meen: *"Moral chaos, economic chaos, relational chaos – it all fuses into one massive experience of disorientation and powerlessness that causes us to throw our hands in the air and, 'Lets someone else figure it out; I'm just trying to survive".* Om oor te gee is moontlik menige tieners se standpunt en sommige het ook wel op verskillende maniere oorgegee, soos deur selfmoord te pleeg of aan dwelms verslaaf te raak, maar die geestelike leiers en ouers het die verantwoordelikheid om tieners te help om standpunt in hierdie chaos te kan inneem en nie net deur die chaos tot negatiwiteit gestem te word nie. Deur persoonlike verbintenisse wat in hierdie wedersydse beïnvloeding ontwikkel het, kan tieners ook hul eie leefwêreld beïnvloed en verander tot verheerliking van God.

Die ontwikkeling van 'n model spruit voort uit die wisselwerking tussen teorie en praktyk en met 'n deeglike waarneming van ekologiese realiteite (vgl diagram 67: *Die wisselwerking tussen teorie en praktyk*). Hieraan is reeds aandag geskenk met verwysing na Heitink (1993:151). Die praktiese teologie het sy vertrekpunt in die praktyk of ekologie van die gesin en die teorie moet gedurig aan die praktyk getoets word, want die ekologie is nie stabiel nie. Gesinsbediening is 'n proses tussen teorie en praktyk wat soos 'n spiraal vorentoe wentel. Die model wat voorgestel word, moet gedurig in die praktyk geëvalueer word sodat die teorie en model aangepas kan word ooreenkomstig die omstandighede of ekologie in die praktyk.

### 9.7.2 Fokus op 'n ontmoetingspunt tussen die goddelike en sekulêre

Geloofsbemiddeling vra 'n bewustheid van die "heilige" binne die "sekulêre" en 'n soeke na 'n ontmoetingspunt tussen goddelike en die menslike in die sekulêre. Dolamo (1999:44) meen: *"We need therefore a theology of human solidarity and interdependence with a shared earth and a common destiny; within a plurality of perceptions, symbols, artistic expressions, and life-experiences; within a dialectic between the local and global, the small and the big".* Die mikro-, meso- en makrokosmos moet geharmoniseer word deur 'n duidelike ontmoetingspunt deur middel van die praktiese teologie te vind sodat die isolasie van tieners, gesinne, gemeentes, gemeenskappe en bevolkings na groter gemeenskaplikheid verander kan word. Dit kan as geestelike globalisasie beskou word, maar met die Christelike geloof as kern van hierdie ontmoetingspunt.

*"Edutainment"* (vgl Hebbard 1995:186) bring die goddelike en die sekulêre bymekaar. Dit bemiddel die geloof op 'n meer bekende wyse aan die hoorder, byvoorbeeld deur humor, drama, media en sang. *"Edutainment"* is 'n tienerteologie binne 'n kontemporêre raamwerk, metafoor en beeld. Mense in Jesus se tyd was altyd verstom oor die wyse hoe Hy mense toegespreek het. Hy het op 'n besondere wyse met mense kontak gemaak. Hy het aansluiting by die voorblad van die daaglikse koerant gevind en die evangelie daaroor uitgespreek (vgl Hebbard 1995:187). In 'n gemeenskapsgerigte benadering moet daar gesoek word na skakels tussen die geestelike en die pluralistiese en multikulturele wêreld.

> Edutainment works because it seeks to connect the eternal Word of God with a pluralistic culture that assumes there is no connection whatsoever. It challenges Christian communicators to move out of their own vocabulary and symbolism and into the language of the culture they wish to reach. Connecting with a culture is dangerous business. We must not lose sight of the goal in our fascination with the methodology. Our purpose is to restore people's relationships with their God and families. Our methods may employ current techniques and technologies, but the methods must constantly come under the scrutiny of Scripture.
>
> (Hebbard 1995:189)

Hebbard (1995:188) sê: *"The boomers and the busters have grown accustomed to a continual barrage of music, video, television, arts, graphics, slides, brochures, billboards, and every other form of communication media imaginable".* Die informele onderrig het na 'n multi-dimensionele model beweeg wat bestaan uit wat gesien, gehoor, gedink, geproe en aangeraak kan word.

Die ontwikkeling van 'n liturgie om die kerklike en die wêreldlike bymekaar te bring, is van kardinale belang. Hierdie liturgie moet ten doel hê om versoening te bewerk, want dit is die wese van die Woord van die Verbondsgod. De Klerk (2002:51) verwys na die Waarheid en Versoeningskommisie in Suid-Afrika wat 'n sterk liturgiese klem gehad het: *"Dit dien as rolmodel vir die belangrike funksie wat die liturgie in die Afrika Renaisance kan vervul …".* Die kerk met 'n boodskap van regverdigmaking, versoening en heiliging moet erken dat almal in hierdie wêreld saam in 'n probleemsituasie beland het en dat almal ook daaruit wil kom. Dingemans (1996:179) beweer: *"In de praktijk betekent dat, dat he praktisch-theologisch handelen altijd zijn premaire uitgangspunt dient te nemen in de acceptie van mensen en toestande in echte solidariteit".* Versoening is gerig op verandering en daarom moet geloof so bemiddel word dat dit tot ontmoeting met God lei. Vos en Pieterse (1997:7) beskryf die erediens as 'n openbare ontmoeting en verskillende relasies word deur die ontmoeting gevestig: God en die gemeente, God en die enkeling, gemeentelede onderling, die gemeente en die wêreld en die enkeling en die wêreld. Die aanknopingspunt vir die betoog in hierdie navorsing is dat die erediens nie los van die wêreld funksioneer nie, maar vanuit die erediens moet die versoeningsboodskap na die wêreld gekommunikeer word.

### 9.7.3 Fokus op die transformasie van die kultuur

*As Richard Niebuhr has made clear in his classic study, the relationship between cultural reality and a community of baptismal faith is endlessly unsettled, problematic, written, and under negotiation"* (Bruggemann 2000:39). Binne hierdie netwerk van kulture moet die Christelike kultuur al hoe duideliker gekommunikeer word. Tieners moet gehelp word om binne hul subkultuur die Christelike kultuur met oortuiging te integreer. Dit kan die volgende behels:

***1. Die beïnvloeding van die plaaslike kultuur deur tieners met 'n geloofsverbintenis:*** Die jeug wat reeds 'n geloofsverbintenis aangegaan het, kan 'n belangrike rol speel om die plaaslike kultuur te verander. Die ruimte waar geloof tans die minste gevorm word, is binne die gemeenskap.

***2. Kultuur as 'n geloofsvormende invloed:*** Volgens Strommen en Hardel (2000:257) vorm die kultuur ook die jeug se geloof. Kultuur is 'n wyse van lewe wat later die norm van 'n bepaalde groep word. Dit sluit in musiek, kuns, media en intellektuele stimulering wat norme bevat en kommunikeer. Dit moet in die geloofsbemiddeling benut word.

Bellah (1996:82) is van mening dat hoërklas individualisme kulturele verbintenisse bemoeilik: *"Clearly, the meaning of one's life for most Americans is to become one's own person, almost to give birth to oneself"*. Ouers vergeet wat hulle van hul ouers ontvang het en hul kinders moet die huis verlaat om hul eie weg te vind, om hulself te ondersteun en hul eie portuurgroep te vind: *"This process leads to a considerable amnesia about what one owes to one's parents"* (Bellah 1996:82). Die middelklas is geneig om nie in baie groepe te deel nie. Die persone in die laerklas voel dat hulle niks het om te verloor nie en is derhalwe minder geneig tot samewerking om die sosiale lewe te verbeter. Daar kan nie heeltemal met laasgenoemde standpunt met betrekking tot sekere laer inkomstegroepe in Suid-Afrika saamgestem word nie, want die teendeel kom in sulke gemeenskappe voor waar die inwoners groter belangstelling toon as gemeenskapsopbouende geleenthede gereël word as in hoërklas individualistiese inkomstegroepe. Strommen en Hardel (2000:259) verwys na Christopher Lasch se bevinding dat narscisme 'n gepaardgaande en voortvloeiende neiging uit individualisme is met min belangstelling in die toekoms en verlede en daarom het kultuur min waarde om geloof na die volgende geslag oor te dra. Die behoeftes wat hier ter sprake is, is persoonlike welsyn, gesondheid en fisiese sekuriteit. Lasch sê verder dat 'n politieke en plaaslike kultuur geskep is wat die godsdiensgelowige onder druk plaas om nie homself te kan wees nie en tree dus op asof geloof nie meer saak maak nie. Godsdiens word dus in die kategorie van net nog 'n aktiwiteit geplaas, soms as 'n private aangeleentheid en soms as 'n niksbeduidend aktiwiteit.

***3. Christelike ingesteldheid tot kultuur:*** Sekere Skrifgedeeltes dui op 'n bepaalde kulturele ingesteldheid: *"Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is"* (Jak 4:4). *"Die wêreldse dinge - alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit - kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld"* (1 Joh 2:16).

Strommen en Hardel (2000:262-278) verwys na H. Richard Niebuhr wat vyf verskillende maniere geïdentifiseer het hoe Christene na kultuur verwys (vgl ook Borgman 1997:79-83). Hesselgrave (1978:79-86) verwys na hierdie vyf kategorieë as *"Christ and his communicators confront culture"*. Hesselgrave dui aan hoe om die Christelike geloof in ander kulture te kommunikeer. Mulder (1994) gebruik Hesselgrave se model om die jeug as belangrike brugbouers te beklemtoon. Mulder (1994:155-156) sê dat daar wel 'n weerstand onder jongmense voorkom om op kruiskulturele kerklike vlak brugbouers te wees, maar dat die kerk hierdie weerstand moet fasiliteer: *"Ten einde … weerstande op evolusionêre wyse te hanteer, is 'n proses van 'reframing' nodig. Die proses van 'reframing' kan omskryf word as die proses waarbinne verandering van denke plaasvind en waartydens opvattings, voorbehoude en persepsies, op prosesmatige wyse evolusionêr verander".* Die model wat in hierdie navorsing ontwikkel word, is ingestel om 'n netwerk van brûe tussen die kerk en die gemeenskap met verskillende kulture te bou en sodoende die denke rondom uitreik na ander binne 'n nuwe raamwerk te plaas wat as 'n paradigmaverandering beskou kan word.

* ***Afsondering van die wêreld (1 Joh 2:16 en 2 Kor 6:17):*** Die kontemporêre kultuur word geheel en al in stryd met die Christendom beskou. Vir sulke mense is die wêreld 'n totale sekulêre gemeenskap wat deur die begeerte van die vlees, die oog en trots en rykdom gedomineer word.

* ***Kruis-kulturele aanpassings:*** Strommen en Hardel (2000:266) verwys na H. Richard Niebuhr wat meen dat daar diegene is wat nie die spanning tussen die kerk en die wêreld aanvoel nie. Hierdie ingesteldheid ten opsigte van die kultuur neig om religieuse oortuigings te matig. Dit lei tot kruis-kulturele aanpassings wat weer tot 'n nuwe kultuur lei. Met so 'n ingesteldheid word byvoorbeeld homoseksualiteit as 'n Godgegewe alternatiewe leefstyl beskou.

* ***'n Sintese van Christus en kultuur:*** Die meeste Christene weier om óf die posisie van 'n radikale anti-kulturele houding te aanvaar óf om Christus binne die kultuur in te sluit. Hierdie Christene meen dat genade primêr is en die werke van gehoorsaamheid uit geloof voortvloei. Hierdie siening om Christus bo die kultuur te stel, sien kultuur as die werk van 'n Godgegewe rede in 'n Godgegewe natuur.

* ***Christus en kultuur in paradoks - teologie en dualisme:*** Dualiste is in 'n sekere sin eintlik kultuurbewaarders. Hulle wil nie die gemeenskap verander nie, maar eerder hul Christelike lewe daarin uitlewe. 'n Voorbeeld is jongmense wat in disfunksionele huise opgroei en dan by 'n bende aansluit wat as hul familie funksioneer waarbinne hulle dan veilig voel.

* ***Christus as Transformeerder van die kultuur:*** Hierdie benadering glo dat kultuur onder die soewereine heerskappy van God staan en dat kulturele werk in gehoorsaamheid aan God voortgesit moet word. Persone met hierdie siening glo dat hulle moet doen wat Jesus gedoen het, naamlik die werke van die Vader. In aansluiting by Calvyn, het die evangelie die belofte om die mens te transformeer in sy natuur en kultuur.

Clapp (1996:173) sê: *"The church is culture in the sense that culture is a 'signifying system', a collection of language and other signs that make sense of the otherwise*

*chaotic and unrelated events of our lives".* Volgens Clapp (1996:173-174) sluit die kultuur in hierdie sin die formele en bewustelike geloof in soos die verhale en leerstellings van die Christelike kerk, maar ook rituele, gebruike, gevoelens, ingesteldhede en opvattings. Dus staan aanbidding, teologies en kultureel, in die sentrum van die Christelike lewe (vgl Clapp 1996:174). Die kerk kan ook nie maklik van ander kulture geskei word nie, want Christene leef nie slegs binne 'n Christelike kultuur nie, maar is in kontak met ander kulture en word ook daardeur beïnvloed. Met 'n gemeenskapsgerigtheid moet elke Christen bewus bly van sy taak om die ander kulture sterker te beïnvloed as wat die Christelike kultuur deur ander kulture beïnvloed word. Bosch (1991:376) meen: *"The understanding of the church as sacrament, sign, and instrument led to a new perception of the relationship between the church and the world".* Wanneer hier dus gevra word dat die kultuur deur die kerk beïnvloed moet word, beteken dit in wese dat God uit liefde deur Jesus Christus na die verloregaande wêreld gedraai het om 'n nuwe kulturele leefwyse aan te kondig, naamlik diens aan mekaar en lof aan Hom alleen as kerklike kultuur. Hierdie kultuur moet die kerk in sy gestuurheid na die wêreld, met mededingende kulture, uitleef. Bosch (1991:390) beweer: *"In attempting to flesh out the missio Dei concept, the following could be said: In the new image mission is not primarily an activity of the church, by an attribute of God".*

Clapp (1996:176) meen dat daar ander kulture is wat deur die kerk ingesluit word waaraan die kerk nuwe betekenis gegee het, naamlik die gesin: *"The Christian family is defined by its action as an agent of the church witness to the truth of the kingdom of God".* Die kerk as kultuur wat verander en groei, soms homself korrigeer en soms deur ander gekorrigeer word, kan nooit uit die gemeenskap of openbare sake onttrek nie. *"Christians operate out of our own culture, which provides our own root goods, symbols and meanings, and out of our culture we are constantly and diversely interacting with aspects of other cultures"* (Clapp 1996:177).

Die uitgangspunt in die tiener- en gesinsbedieningsmodel is om 'n invloed op die plaaslike gemeenskap se kultuur uit te oefen om Christelike waardes en norme te bemiddel en nie toe te laat dat die globale wêreldkultuur, ekonomie en tegnologie, die Christelike kultuur eensydig beïnvloed nie. Beeby (2000:277) meen: *"One day the kingdoms of this world will become the kingdom of Christ. This is the church's mission because it is missio Dei. If we are to recover scripture the mission of recovery must go hand in hand with mission to culture and mission to culture demands the certainty and authority which we only possess from God through his word in scripture".*

***4. Kruiskulturele kommunikasie:*** Die model van Hesselgrave (1978:197-457) gee sewe vlakke van kruiskulturele kommunikasie wat in die ontwikkeling van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel in gedagte gehou moet word: (1) Daar moet 'n bewustheid bestaan van hoe elke kultuur die wêreld en die kerk waarneem. (2) Dit verwys direk na elke kultuur se eie denkwyse. (3) Taal en ander maniere om tot uitdrukking te kom, moet verken word, wat (4) kulturele gedragspatrone insluit wat radikaal van mekaar kan verskil. (5) Daarom moet sosiale strukture en interaksiemetodes in ag geneem word. (6) Die media met voor- en nadele moet nagevors word om geloof meer doeltreffend te bemiddel. (7) Die uiteindelike geloofsbemiddeling lê in 'n ondersoek van motiewe met betrekking tot kommunikasie en hoe die verskillende kulture tot besluit kom. Teen die agtegrond van die

kommunikasieprosesse soos deur Lasswell voorgestel en Jakobson se kommunikasiemodel kan Hesselgrave se diagram in oënskou geneem word om geloof in die gemeenskap te bemiddel (vgl diagram 71: *Dimensies van kruis-kulturele kommunikasie*). Hierdie kruiskulturele kommunikasie en beïnvloeding vanuit die Christelike kultuur vereis ook 'n model om op 'n praktiese wyse te werk te gaan.

### 9.7.4 'n Transformasiemodel vir kulturele verandering

Hendriks (1992:29-35) se uiteensetting van 'n transformasiemodel word gebruik en krities beoordeel om 'n plek te vind binne 'n gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid:

***1. Histories-teologiese uitgangspunte:*** Die transformasiemodel ontstaan uit reaksie teen samelewingstrukture wat besig is om menswaardigheid aan te tas. Die model het twee gestaltes: (1) die bevrydingsteologie van die derde wêreld waar armes feitlik aan hul lot oorgelaat is en (2) die ekologie van die eerste wêreld waar die ekomiese en militêre geweld dreig om die ekologiese balans te vernietig. Die teologie van hierdie model word gebou op die skeppingsteologie en die mens wat na die beeld van God geskape is. Enige sisteem waarin die mens onwaardig behandel word, word as sonde beskou. Moltmann (2001:179) beweer: *"… if the church is oriented toward the cosmos, then the ecological crisis of earthly creation is the church's crisis, too, for through the destruction of the earth, which is 'bone of its bones and flesh of its flesh,' it too will be stroyed".*

***2. Kerkbegrip en wêreldbeskouing:*** *"Die profeet- en diensknegmetafore, asook die baie voorbeelde van bevrydingsaksies waar die volk van God worstel om aan onderdrukkende situasies te ontkom, domineer in die transformasiemodel die kerkbegrip"* (Hendriks 1992:31). Die kerk word dus vanuit die situasie waarin die armes onder verskillende vorme van geweld ly, gevorm. Die kerk reik dus in hierdie nood soos Christus na die wêreld uit. Verhey (2001:119) meen: *"The Spirit sent the church into the world as a global and peaceable community, as a community of discourse, and as a community of healing. As the church developed, it found in the world a variety of healing practices".*

***3. Ampsbegrip:*** *"Die ampsbegrip modelleer op die profetiese en diensknegkarakter van Christus. Dit is teleologies (in terme van die einddoel) gerig op bevryding"* (Hendriks 1992:32). In 'n gemeenskapsgerigte bediening val die klem op die amp van die gewone lidmaat, waarna Heitink (1993:290) as *"laïkale"* amp verwys en wat wel 'n geestelike dimensie het, al lyk dit eerder na 'n maatskaplike en politieke dimensie binne die praktiese teologie. Met betrekking tot die teleologiese doel van jeugbediening meen Nel (1998:63) is daar *"… geen ander keuse as om die jeugbediening ingebed te sien in die meer omvattende konsep van gemeentebou nie".* Nel (1998:74) beweer: *"Samevattend kom dit in die doelbepaling van jeugbediening dus neer op die omvattende opbou van die gemeente as dienskneg binne die gekome en komende Ryk van God".*

***4. Eenheid en ekumene:*** In die praktyk maak hierdie model dit moontlik dat verskillende denominasies saam kan werk waar gemeentes van dieselfde kerkverband soms probleme met samewerking ondervind. Die doel van praktiese teologie is om die verskillende magte of bronne in die samelewing nader aan mekaar

te bring tot uitbreiding van die koninkryk van God. Benson (1997:140) meen een van die grootste probleme in die gemeenskap is om mense te laat saamwerk: *"The challenge, then, is first to find appropriate ways to involve people within the structure of the initiative … and second to connect them with other asset-building oppurtunits in the community".*

***5. Kommunikasiestyl:*** (Vgl paragraaf 9.5.2 (5) – Faktore wat tot geloofshandeling lei en Bulckens 1994:98 – geloof wat in die psige van die mens gestalte aanneem) Binne die gemeenskapsgerigte model speel die kognitiewe, affektiewe en konatiewe dimensies van menswees 'n besondere rol. Binne hierdie raamwerk kan die totale mens bereik word. Binne die gemeenskap moet 'n duidelike kommunikasienetwerk en wyse van kommunikasie bestaan. *"Daar word baie gepraat en geredeneer, gedeel en getuig, gehuil en gesing, gebid en gepreek van kleingroepe af tot by die groot massabyeenkomste. ... Sang en liggaamsbewegings speel 'n belangrike rol hierin"* (Hendriks 1992:32).

***6. Erediens en liturgie:*** Die transformasiemodel is nie van 'n kerkgebou of enige vergaderplek afhanklik nie. In hierdie navorsing is dit nie die onreg in die gemeenskap wat beklemtoon word nie, maar die hantering van die onreg. As daar 'n veroordelende houding ingeneem sou word, sal die vereniging van die kerke met mekaar asook met die staat en markplein in die gedrang wees. Sou die Gees en Woord van God nie meer die veranderinge teweegbring nie, maar deur slegs 'n aktivistiese houding in te neem, sal die plan van gemeenskapsgerigtheid nie slaag nie. Die hermeneutiek moet dus nie deur mense bepaal word nie, maar vanuit 'n duidelike gemeenskapsteologie wat Skrifgefundeerd is, gerig word. Vos en Pieterse (1997:16) meen: *"Die gemeente is 'n kommunikasiegemeenskap wat met mekaar en met die Heer, asook met die samelewing waarin die gemeente leef, in 'n voortdurende dialoog, in 'n duursame verhouding, in 'n diepe gemeenskap verkeer".* Hierdie funksie van die gemeente het in 'n hoë mate verlore gegaan en moet herwin word. Barnard (2001:50) verwys na die dinamiese relasie tussen Christelike liturgie en kultuur wat in vier dimensies omskryf kan word, naamlik dit is: (1) transkultureel – dieselfde inhoud geld vir almal, (2) kontekstueel – varieer na gelang van konteks, (3) kontrakultureel – waar ongeregtigheid heers en (4) kruis-kultureel – kan met verskillende plaaslike kerke gedeel word. In die sin van gemeenskapsgerigtheid, word liturgie aan enige moontlike konteks gekoppel om die dinamiese boodskap van die Woord daar te laat hoor.

***7. Evangelisasiestyl:*** Heitink (1993:24) knoop evangelistiek, diakoniek en die amp van die gewone en selfs vergete lidmate saam binne die die handelingsveld van godsdiens en samelewing. Evangelisasie mag dus nie slegs in die een of die ander vorm opgaan soos byvoorbeeld diakonaat nie. Die evangeliestyl word bepaal deur 'n ingesteldheid om die mense in nood na die goeie boodskap van die kerk van Jesus Christus te lei. Dit vra sosiale betrokkenheid. Nel (1994:29) beweer: *"Die kerk staan en val met sy roeping tot verkondiging van die Evangelie. Die oordra van die evangelie is vir die gemeente geen luukse wat nagelaat kan word wanneer of omdat dit nie geriefllik, maklik of populêr is nie".* Om te evangeliseer vereis direkte kontak met die mense in die gemeenskap en in vele gemeentes wil dit nie realiseer nie en bly die kerk onsigbaar en sy taak nagelaat.

***8. Sosiale betrokkenheid:*** Hendriks (1992:33) beweer: *"Waar die liggaamsmodel die nood van die enkeling aangespreek het, spreek die transformasiemodel die nood van die arme, die onderdrukte en die wêreld op ekonomies-sosiaal-polities-ekologiese vlak aan".* Die behoeftes van mense kan nie op 'n eensydige wyse aangespreek word met die verwagting dat daar werklik verandering in die gemeenskap sal kom nie. Tracy (2000:241) is van mening dat: *"… the new technologies and their attendant social world may be related to the widespread social and intellectual recovery of religion as participation of manifestation".* Benson (1997:117-118) toon agtien maniere aan hoe die plaaslike owerheid 'n rol kan speel om samewerking in die gemeenskap te verkry, byvoorbeeld by skole, hospitale, winkels, restourante, ensovoorts.

***9. Positiewe kenmerke van model:*** Hendriks (1992:33) meen: *"Hoewel die populêre mening in die gevestigde wêreld dit nie insien nie, het hierdie model 'n baie sterk Bybelse en teologiese fundering. Dit was beslis teologies 'n wins om weer vanuit Gen 1 na die res van die Bybel en die wêreld te kyk".* Hendriks (1992:33-34) verwys soos volg na die winspunte van hierdie model: (1) soteriologies: *"die sonde het inderdaad sosio-maatskaplike gestaltes"*; (2) antropologies: *"die menswaardigheid van alle mense - as wesens wat deur God na sy beeld geskep is - is belangrik"* en (3) ekklesiologies: *"vir miljoene mense het hierdie model weer die geloofwaardigheid van die kerk herstel omdat die lewensnood en bestaanskrisis van die eenvoudige, die arme, weer in die sentrum van die kerk se aktiwiteit betrek is".* Hierdie model staan teenoor 'n kerkistiese gemeentebou of 'n kerk wat in instituuthandhawing opgegaan het.

***10. Negatiewe kenmerke van model:*** Volgens Hendriks (1992:34) is die grootste probleem met hierdie model: *"... dat dit op 'n funksionele Christologie berus en dat die Pneumatologie feitlik ontbreek".* Die pneumatologie en Christologie word in paragraaf 6.13.1 bespreek en daarom word die ander negatiewe eienskappe wat genoem word nie hier herhaal nie.

### 9.7.5 Fokus op 'n gesonde gemeenskap

Cahill (2000:18) beweer: *"Families in the ancient world commanded intense loyalty and in return secured one's status and advantages in society. Christians, on the other hand commit themselves to a new community of believers in Christ…. The new family of Christ subverts customary ways of allocating power and resources within the larger society".* Die gemeenskapsgerigte gesinsbedieningsmodel moet gesinne lei om in die gemeenskap diens te lewer deur geleenthede daarvoor te skep of om die bestaande geleenthede te gebruik. Die huidige probleem is dat gesinne in 'n individualistiese wêreld met 'n selfgesentreerdheid opgroei. In die gemeenskaps-gerigte model moet aangetoon word hoe 'n gesin in 'n gemeenskap met komplekse en negatiewe omstandighede betrokke kan raak. Benson (1997:184-189) bied strategieë aan hoe om ouers toe te rus om waardes in die gemeenskap te bou, effektiewe gesinsondersteunende programme en geleenthede vir gesinne om sonder die versteuring van die gesinsverband in die gemeenskap betrokke te raak.

Strommen en Hardel (2000:253) vermeld 'n konferensie wat in hierdie verband gehou is met die tema *"America's Promise: The Alliance for Youth"*. In 'n verslag van hierdie konferensie is vyf fundamentele bronne aangedui wat, indien dit voortdurend

beskikbaar is, nie net tot jeugontwikkeling kan lei nie, maar ook die probleme van jongmense laat afneem. Hierdie vyf bronne is: (1) 'n voortdurende verhouding met omgee-ouers, (2) veilige plekke en gestruktureerde aktiwiteite, (3) 'n gesonde begin vir 'n gesonde toekoms, (4) bemarkbare bekwaamhede deur effektiewe opleiding en (5) geleenthede om te dien. Die kind word vanaf geboorte tot twintigjarige ouderdom aan al vyf hierdie bronne gekoppel. Dit word op 'n natuurlike wyse in woonbuurte en gemeenskappe ingefaseer in gesinne, assosiasies, jeugorganisasies, menslike hulpbronne, godsdienstige instansies, skole en besighede. Al die moontlike hulpbronne in die samelewing werk saam om kinders vir hul skoolopvoeding voor te berei en deurlopend daarby betrokke te bly.

In die Ou en Nuwe Testamentiese tyd en in vorige dekades het gesinne en families lojaliteit teenoor mekaar getoon. Die erediens was 'n belangrike vergaderplek om geloofsgemeenskap te beoefen. Gemeenskaplike waardes het 'n belangrike rol gespeel. Met die koms van die postmoderne tyd het nuwe waardesisteme na vore gekom wat die klem meer op die materiële belange laat val het. In die lig van hierdie globalisering moet daadwerklike pogings aangewend word om tieners en gesinne se geestelike, psigiese en biologiese gesondheid te koester. Dit is nie 'n taak vir individue of enkele gesinne nie, maar 'n gemeenskaplike aanslag teen die vernietigende demoniese wêreld. Daar gaan al hoe meer stemme op dat die kerk saam met ander sisteme of hulpbronne in die gemeenskap moet saamwerk (vgl Browning en andere 1997:310). Browning en andere (1997:322-334) verskaf inligting wat kerke kan doen om die beleid in die gemeenskap te verander om 'n gesonder lewe te kan lei, byvoorbeeld dat die gemeenskap nie 'n neutrale houding oor gesinsake mag handhaaf nie en dat gesinsvriendelike situasies by die werkplek geskep moet word wat tot spanningverligting kan lei.

### 9.7.6 Fokus op die ontwikkeling van waardes

In die gemeenskap is verskillende ideologieë, soorte godsdienstige gebruike en okkultiese bewegings wat verskuild opereer. 'n Gesonde waardestelsel en die opbou van waardes is derhalwe van belang in elke gesin. Die ouerhuis is die plek waar tieners 'n gesonde waardestelsel kan aanleer en die portuurgroep is naas die ouerhuis die plek waar dit toegepas en ingeoefen kan word. Volgens Die Kerkbode (2002:1) het die vise-president van Suid-Afrika, Jocob Zuma gesê: *“Kinders kan agente van verandering wees en help met die morele heropbou van Suid-Afrika”.* Hierdie stelling is gemaak by die bekendstelling van die Beweging vir Morele Heropbou wat deur ongeveer 1000 regeringslui, kerkleiers en sakelui bygewoon is. Zuma het dit beklemtoon dat besinning oor morele opbou kinders se insette moet insluit.

Morele verantwoordelikheid moet by tieners gekweek word. Daar is 'n toename in immoraliteit in gesinne soos reeds bespreek by die probleemstelling. Daarom is die ontwikkeling van moreel-verantwoordelike tieners en -volwassenes noodsaaklik. Navorsing wat onder 5,000 Amerikaanse kinders tussen die vierde en twaalfde graad deur *Harris Scholastic Research* in 1989 gedoen is, toon dat die ontwikkeling van moreel-verantwoordelike tieners in verband gebring kan word met hul persoonlike beskouing van moraliteit (vgl Strommen en Hardel 2000:135). Daar is basies vier beskouinge van morele waardes: (1) medemenslikheid: doen wat die beste vir almal is, (2) konvensionalisties: volg die advies van 'n outoriteit soos 'n ouer, onderwyser of

jeugleier, (3) ekspressiwisties: doen wat jou gelukkig maak en (4) teïsties: doen wat jou situasie sal verbeter of wat jou in staat sal stel om te vorder. Hierdie navorsing dui wel op die impak wat morele veronderstellings op die besluitneming by kinders maak. *"These data demonstrate that the values and beliefs of children do matter. Values and beliefs shape children's attitudes and behavior"* (Strommen en Hardel 2000:136). Hierdie navorsing se resultate dien as motivering om aan tieners morele waardes en verantwoordelikhede te leer.

Strommen en Hardel (2000:228) praat van die opbou van waardes in die gemeenskap as 'n nuwe paradigma. Waardes moet eers binne die lewens van jongmense realiseer voor hulle sinvol in die gemeenskap betrokke kan raak. Dit moet in gesinne en portuurgroepe toegepas en beoefen word.

***1. Eksterne en interne waardes:*** Strommen en Hardel (2000:230) verwys na Benson (1997:27) se veertig waardes wat in die volgende kategorieë ingedeel word: (1) Eksterne waardes, naamlik ondersteuning, bemagtiging, grense en verwagtings en konstruktiewe tydsbenutting. (2) Interne waardes, naamlik 'n verbintenis om te leer, positiewe waardes, sosiale geskiktheid en positiewe identiteit. Strommen en Hardel (2000:233) dui ook aan hoe jongmense se hoë-risiko-gedrag afneem soos die waardes in hul lewens toeneem. Die ondersoek is gedoen met betrekking tot alkohol, tabak, dwelms, seks, depressie/selfmoord, anti-sosiale gedrag, geweld, skoolprobleme, gebruik van sterk drank en motorbestuur (vgl Benson 1997:57-58).

***2. Basiese oorwegings vir waarde-ontwikkeling:*** Strommen en Hardel (2000:237) verwys na 'n navorsingsinstituut se identifisering van vyf basiese oorwegings vir 'n waarde-ontwikkeling: (1) Waarde-ontwikkeling begin by geboorte en moet dwarsdeur die kinder- en jeugjare gehandhaaf word. (2) Waarde-ontwikkeling is afhanklik van positiewe verhoudings met kinders en adolessente en vra 'n beginselvaste gemeenskap waarin die kinders en adolessente aan duidelike boodskappe, oor wat belangrik is, blootgestel kan word. (3) Gesinne kan en behoort die kragtigste genereerders van waarde-ontwikkeling te wees. (4) Waardes is geneig om meer effektief te wees as dit gelyktydig deur gesinne, skole, jeugorganisasies, woonbuurte, godsdienstige instellings, gesondheidsdienste en informele instellings ontwikkel word. (5) Elkeen in die gemeenskap het 'n rol om te speel.

***3. Verbintenis en waarde-ontwikkeling:*** Die term "verbintenis" (*"bonding"*), speel in die waarde-ontwikkelingsproses 'n belangrike rol omdat elkeen van die vorige vyf oorwegings na verhoudings verwys. Martinson en Martinson (1998:66-67) verwys na die volgende vyf eienskappe van verbintenis tussen ouer en kind, maar dit is ook van toepassing waar daar na persone in die gemeenskap uitgereik word. Dit word dus dienooreenkomstig hier genoem.: (1) Verbintenis is 'n intense en voortdurende interaksie. Dit lê iets van die omgee-persoon se gedrag in die persoon se gedagtes vas met wie die verbintenis in 'n interaktiewe proses plaasvind. Dit kommunikeer veiligheid, genoegsaamheid en ondersteuning en dit lei tot onderlinge vertroue en help om 'n eie identiteit te ontwikkel. Martinson en Martinson (1998:66) sê: *"This bond establishes the psychological, social, and moral underpinnings for the child's personhood and the context for the parent's ongoing efforts".* (2) Verbintenis kan gekweek word. Om verbintenis te kweek, het 'n emosionele komponent omdat dit nie oor 'n oppervlakkige ontmoeting of kennismaking gaan nie. Soms sal dit spontaan plaasvind, maar dit kan ook 'n soeke na kontakpunte agter maskers of pretensies

wees. (3) Verbintenis het 'n fisiese komponent. Om met iemand te bind, beteken om in daardie persoon se teenwoordigheid te wees, om geruik, gesien en gehoor te word, byvoorbeeld *“Parents strengthen their bond with a child through respectful, loving touch, especially through timely hugging and holding of the child*” (Martinson en Martinson 1998:67). (4) Verbintenis het 'n wilskomponent. 'n Sterk ouer-kind-verbintenis ontwikkel en bly voortbestaan as ouers 'n verbintenis aangaan om altyd met deernis vir die kind beskikbaar te wees. Hierdie wilskomponent sal sterker moet wees wanneer daar met vreemde persone in die gemeenskap sulke verbintenis aangegaan moet word. (5) Verbintenis het 'n geestelike komponent. Martinson en Martinson (1998:67) sê: *“Bonding is a spiritual component. When a parent allows a child to see in action that parent’s deepest convictions, values, and emotions, the child identifies with the parent’s humanity and is allowed a window into the parent’s spirit”.* Hierdie komponent of venster na die hart van die gemeenskapswerker sal deurgaans in gedagte gehou moet word wanneer die plaaslike gemeente na die gemeenskap uitreik.

## 9.8 'n Bybelse perspektief vir 'n gesinsbedieningsmodel

Gesins- en gemeenskapsbediening is 'n opdrag van God. Omdat God die gesin as die belangrikste kleingroep in die gemeenskap en sy koninkryk beskou, kan daar geen twyfel wees oor die motivering van 'n gesinsbediening binne elke gemeente en gemeenskap nie (vgl diagram 72: *'n Bybelse perspektief vir 'n gesinsbedienings-model*). God het die inisiatief geneem om ‘n verbond met sy huishouding te sluit (Gen 17:7). God se belofte staan vas vir almal wat Hy na Hom toe roep (Hand 2:39). God het Hom na hierdie wêreld gedraai as Boumeester van elke huishouding (Ps 128:1). Hy vra ouers en kinders as medewerkers om ook na die wêreld te draai en die verlossingswerk deur Jesus Christus aan te kondig.

Die model van Hand 2:37-42 kan as 'n basiese riglyn gebruik word. Redding uit die ontaarde situasie van die gemeenskap moet plaasvind, sonder die verwerping van die ontaarde mense in die gemeenskap. Dit is 'n baie moeilike stap en is terdeë by The Fountain in Boksburg ondervind waar heelwat persone met 'n kriminele rekord vir hulp aangeklop het. Eers moet die hoof van die huisgesin as geloofsbemiddelaar gered word uit die verdoemende situasie voor hy of sy die ontaardes deur geloofsbemiddeling en –vorming uit hierdie situasie kan lei. Die riglyne vir hierdie gesinsgebaseerde aanbidding en diens word in die Bybel gevind en word aan mekaar oorgedra deur sosialisering soos by die gemeenskaplike maaltye. Hierdie sosialiseringsproses kring uit tot onderlinge vertroue en mededeelsaamheid en spreek die samelewing aan en trek die lede van die samelewing aan en in. *“The continuity between the gathered ecclesia and the church at home has been a constant theme throughout Christian history ...”.* (Browning en andere 1997:308).

Die model wat Browning en andere (1997:308) voorstel is 'n dialogiese en nie-patriargale huiskerk-model. Hierdie model het as basis ouergesag wat uit 'n dialoog tussen ouers se persoonlike verbondenheid met God en met die kerk bestaan. Browning en andere (1997:308) beweer: *“One of the most important learnings from our interviews was just how crucial home-based worship is for the transmission of faith and family traditions”.* In hierdie dialoog in gesinne is kinders op 'n natuurlike wyse ingesluit. Dit het in die afgelope dekades in 'n groot mate verdwyn.

Alhoewel die Bybel as basis gebruik word om 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel te ontwikkel, kan die invloed van die postmoderne sekulêre konteks nie buite rekening bly nie, want dit is waar geloofsbemiddeling moet plaasvind en die gaping tussen die tradisionele en geloofservaring oorbrug moet word (vgl diagram 51: *Die teks in die postmoderne konteks*). Fowler (1988:35) sê alhoewel ons nie op die Nuwe Testament kan steun vir 'n model om die kerk te organiseer nie, moet ons gelei word deur wat die Bybel oor die aard van die kerk en gemeenskap openbaar. Fowler (1988:35) noem twee beginsels wat in hierdie openbaring van belang is: *“Creation, and therefore human society in all its aspects, is structured by the law of God’s Word and creation is not static, but is continually unfolding under the cultivating hand of man”.* Die model vir tiener- en gesinsbediening sal dus voortdurend moet verander om geloof te kan bly bemiddel in die veranderende gemeenskap. Hall (1998:70-74) waarsku teen die volgende valstrikke in 'n veranderende gemeenskap: (1) eksklusivisme waar net een tradisie die waarheid kan verkondig, (2) pluralisme as die teenpool van eksklusivisme, naamlik dat elke geloof onafhanklik van mekaar iets bydra tot geestelike vorming en (3) inklusivisme as teenreaksie op eksklusivisme deur ruimte te skep vir mekaar, maar om ook een geloof te probeer handhaaf. Om uit hierdie warboel van benaderinge te kom, stel Hall (1998:74-76) voor dat die swakpunte en sterkpunte van hierdie drie benaderings ondersoek kan word, maar dat aldrie dit in gemeen het dat dit slegs op intellektuele, teologies-filosofiese, vlak gedoen kan word. Hall (1998:76) stel dus voor dat daar teruggegaan sal word na die geloofsbelydenismodus. *“Moreover, the freedom to confess the faith that we profess will depend very largely on our readiness today and for decades and centuries ahead to embrace the newly disestablished status that our world is imposing on us and to resist any further attempts to substitute the ecclesiology of glory for that of the cross, a very great proviso!”* Dit beteken dat die saad voortdurend maksimaal in hierdie pluralistiese samelewing gesaai sal word en die brood op die water gewerp moet word, want die saad sal soms ontkiem en groei en daar sal altyd diegene wees wat die brood sal neem en eet (vgl Hall 1998:76).

God gee die gesin die opdrag om ambassadeurs in sy koninkryk te wees. Elke gesinslid se posisie in die gesin is belangrik (vgl Louw 1999:121). Die Bybelse model vir gesinsbediening moet van Genesis tot Openbaring gesoek word, want die Bybel bied geen duidelik uitgewerkte model nie. Louw (1999:137) verwys na Purvis wat sê dat die Bybel geensins as 'n bron gebruik kan word vir modelstrukture en verhoudinge vir kontemporêre gesinne nie. In diagram: 72 *'n Bybelse perspektief vir 'n gesinsbedieningsmodel* word 'n voorbeeld gegee hoe daar na so 'n model gesoek kan word. Gesinsbediening is 'n opdrag van God wat in die verbondsmatige (Gen 17:7) gesoek moet word. Sonder die beloftes (Hand 2:39) wat God gemaak het en die aanbod om self die Bouer (Ps 127:1) te wees, is gesinsbediening slegs 'n feilbare menslike poging. God roep tot die ouers om 'n besliste keuse (Jos 24:15) te maak om 'n gesin te wees wat die opvoeding (Deut 6:6-8; Kol 3:20 en Ef 6:4) en die huisaltaar insluit om in die verbondsgesin die liefdesgebod te laat realiseer (Rom 13:8; 1 Kor 13). God roep ook na die kinders in die gesin om hul ouers (Eks 20:12) en die Woord van God (Eks 12:24) te eer, om gelowig te wees en ook die profete en leiers (Deut 29:10-11) van die volgende geslag te word. God roep dus na elke lid van die gesin om in die verbondgesin en dus ook in die huisgesin van God, ingesluit te word (Hand 16:15, 31). Só kan gesinne saam gemeente wees (1 Tim 3:15) om die wêreld vir Jesus Christus te wen.

'n Gesinsbedieningsmodel moenie gesien word as die absolute oplossing van politieke, sosiale en geestelike probleme nie. Vanaf die heel eerste gesin van Adam en Eva was daar spanning. Die vroegste Christelike kerk het ook geworstel om 'n alternatief te vind om hierdie spanning van 'n oneervolle gesinskultuur teen te werk. Browning en andere (1997:143) sê in hierdie verband: *"The Epistle to the Ephesians - which influenced Thomas Aquinas, Luther, and modern Catholic and evangelical theologies of family - helps us understand how early Christianity engaged the honor-shame culture. Written to a group of second-century urban Christians living in cities in the Lysus valley, the author … was attempting to save them from sinking back into the pagan existence of the surrounding culture".*

Dit was ten alle tye nog belangrik om die eenheid in enige sisteem te handhaaf, maar die pogings of metodes was oënskynlik meesal nie so suksesvol nie. Die magte om hierdie eenheid te breek was ook nog altyd aan die werk (vgl Ef 2:2-3). Daarteenoor word aanbeveel om met beskeidenheid, vriendelikheid, geduld en verdraagsaamheid in liefde met mekaar saam te leef (vgl Ef 4:2-3). *"The opposing pagan ethic is an ethic of contest or "wrath," which follows the desires of the "flesh and senses" (Eph. 2:2-3). It is not just simple immorality that Ephesians opposes; it is a systematic male ethic that enshrined the virtues of courage, strength, dominance, and conflict as means for achieving domestic order and public honor"* (Browning en andere (1997:143).

Hebbard (1995:32) sê: *"Family ministry is not antievangelistic. It provides one of the most natural avenues to share honest faith from person to person and from family tot family".* Dit is 'n Nuwe Testamentiese medologie. Die mislukkings op die terrein van evangelisasie, om bekeerlinge, die jeug en ware aanbidding te behou, lê nie in metodologieë per se nie, maar in bekwaamhede met betrekking tot verhoudingsbou. Verhoudingsbou en die verbondsmatige benadering van tiener- en gesinsbediening is sleutelterme in hierdie navorsing.

Die volgende Bybelse beginsels kan gebruik word om 'n gesinsbediening te inisieer (vgl Hebbard 1995:33-60):

***1. Heilbeoefening deur assosiasie:*** Die Bybelse verhaal is 'n drama van die mensdom wat sy verhouding met 'n liefdevolle God verloor het. God tree op om hierdie verhouding deur Jesus Christus weer te herwin (vgl Gal 4:4-7). God het heil beoefen deur assosiasie. Hy handel persoonlik en direk met die gevalle mens deur die kruisdood van Jesus Christus. Hy gee nie nog 'n wet nie, maar kom in die vlees om met die mens te onderhandel (vgl Hand 17:27). Hebbard (1995:34) sê: *"Salvation by association implies that the one trying to help joins the struggler in pain"* (vgl Heb 4:15). Hy het met ons pyn kom deel sodat ons deel kan word van die pyn van die kruis en dié van ander. *"This is the most powerful modelling in the universe"* (Hebbard 1995:34). Om iemand se pyn te verstaan moet daar 'n ontmoeting plaasvind wat slegs moontlik is tussen twee persone, *"… die zich op een moment door elkaar willen laten kennen, dieper dan de buitenste schil van de ui"* (Bons-Storm 1989:113).

Assosiasie tussen lidmate en onderlinge verhoudingsbou is die vernaamste oplossing vir die liggaam van Jesus Christus. Die kerklike leiers verkondig koinonia, maar in praktyk is daar kragte wat dit teenwerk. Hebbard (1995:34) meen: *"The*

*Pharisees offer us a classic illustration of ministry by segregation, not association. Even their name meant 'the separated ones'".* Hulle het geglo dat God se kinders hulself van die invloede van die wêreld moet afsonder. Hulle het dit so ver gedryf dat Jesus Christus hulle daarvan beskuldig het dat hulle heeltemal uit voeling met die mense rondom hulle is. Hulle het weer Jesus daarvan beskuldig dat Hy saam met tollenaars en sondaars eet (vgl Luk. 5:30). 'n Ander voorbeeld wat hier gebruik kan word is Johannes 8:3-11 waar Jesus en die vrou wat owerspel gepleeg het in gesprek is (vgl Hebbard 1995:36).

Fragmentering en isolering kan as antonieme van assosiasie beskou word. Raubenheimer (1997:50-51) meen die huidige situasie in Suid-Afrika is die van isolasie, fragmentasie en *"'n reënboog van verskeidenheid"*. Dit is egter moeilik om binne hierdie gefragmenteerde en geïsoleerde situasie in die kerk geloof te bemiddel, want geloof handel direk oor verhoudings. Hebbard (1995:36) noem drie stappe vir redding deur assosiasie volgens Johannes 8:3-11 met betrekking tot die owerspelige vrou: (1) Aanvaarding deur nie te oordeel nie, (2) genesing deur op 'n ander manier na iemand te kyk en met respek die persoon aan te spreek en (3) die oproep van die aangeklaagde en aanklaers tot 'n hoër roeping. Hierdie verhaal illustreer die krag van gesinsbediening. Gesinne wat agterkom dat die eredienste nie 'n plek van oordeel is nie en dat die preekstoel nie 'n steekstoel is nie, sal met 'n ander houding en verhouding in die gemeenskap met die kerklose vriende oor die kerk as huisgesin van God kan gesels. Daar is baie eensames te midde van die skares. Borgman (1997:122) meen: *"Understanding group dynamics in their culture will help us in our evangelization, building community, and nurturing".*

***2. Behoeftegebaseerde bediening:*** Volgens Mat. 25:34-40 is dit duidelik dat die koninkryk van God van die begin af vir die gesin bedoel en ook ingerig is. Daarom moet elke gesin sy plek binne die koninkryk ken en dit ook inneem en die opdrag uitvoer met betrekking tot die wat honger en dors is, sonder klere en huisvesting is en in die gevangenis beland het (vgl Jes 58:6-8 en Matt 25:35-36). Die wet en heilsplan van God word sigbaar wanneer die een gesin die ander gesin se laste begin dra (vgl Gal 6:2). Hebbard (1995:39) sê: *"Each generation of God's people is laden with the mantle of ministry based upon the world of which it is a part. Jesus said, 'I want My people to be ambassadors of grace wherever they go. I want them to respond as I would have responded while on earth'".*

'n Behoeftegebaseerde bediening is in sy eenvoudigste vorm medelye. Wat kan die kinders van God vir 'n verloregaande wêreld doen? Dit gaan nie om duur en ingewikkelde programme of addisionele personeel nie, maar oor harte wat saam met dié in pyn huil en saam met dié lag wat vreugde ervaar. Te veel gemeentes en geestelike leiers het hulle van die pyn van die gemeenskap onttrek. Gesinsbediening vra 'n bediening van medelye binne die uitgebreide huisgesin van God (vgl Hebbard 1995:40 en Ef 2:19). Benson (1997:130) beklemtoon dat daar nooit by behoeftes begin moet word as jongmense in gemeenskapsbou betrek moet word nie, maar by hul gawes, talente en vermoëns. Die idee is om jongmense eerder te leer om ander te bedien as om van bediening afhanklik te word (vgl Nel 1998:34-40 oor narcisme – selfbeheptheid en grootheidswaan in paragraaf 8.4.3 (6)).

***3. 'n Geloofwaardige bediening:*** Borgman (1997:220) beweer: *"Theology is understanding God's love in action".* Dikwels dink lidmate van 'n gemeente dat die

dominee heeltemal uit voeling met die daaglikse lewe is. Soms is dit waar! Daar is geestelike leiers wat hulle van die pyn en lyding van mense isoleer deur maklike oplossing vir probleme aan te bied. Dit mag die gevolg wees van 'n gebrekkige opleiding, probleme in die persoonlike lewe en te veel jare van geïsoleerde bediening. Lidmate sal dan eerder na iemand anders gaan of die kerk heeltemal verlaat. In Jeremia 6:13-15 waarsku die Here teen die gevare van 'n irrelevante bediening (vgl Hebbard 1995:41). Hebbard (1995:42) sê: *"We may not have all the training and expertise in the world. But we can all learn to listen empathetically to our suffering fellow humans. Jesus never tried to 'slightly heal' people's hurts".* Jesus het sy dissipel geleer om na mense se pyn te luister. Van Pelt (1997:46) meen: *"Listening is a gift we offer people. It's a gift because it's such a rare commodity in our fast-paced society".*

Gesinsbediening is om die gemaksone van 'n formele bediening wat ongeloofwaardig geword het, te verlaat en af te draai na die beseerdes. Borgman (1997:232) beweer: *"Good theology among youth and adults should lead to healing and faith commitment, to forgiveness and empowerment, to liberation and development".* Dit is 'n bediening om nie net met die Woordverkondiging besig te bly nie, maar om die daad by die Woordverkondiging te voeg (vgl Jak. 2:14-17). 'n Geloofwaardige bediening is 'n dienaarsbediening. Dit is 'n bediening wat by mense se behoeftes begin om hulle by die genade van God in Jesus Christus uit te bring. Jesus het selfs die voete van die verloënaar, Judas, gewas. Gesinsbediening is om die voete van die gesinne te was wat in 'n krisis is asook die voete wat nie krisisse beleef nie. Johannes 13 bied 'n besondere model van 'n geloofwaardige bediening (vgl Hebbard 1995:44).

***4. 'n Bediening om 'n uitgebreide geloofsfamilie te bou:*** Nel (1994:2) beweer dat die werkwoord, om te bou, ongeveer 390 keer in 'n verskeidenheid vorme in die Ou Testament voorkom. *"Opbou is die werk van Jahwe. Hy beloof dit en Hy doen dit self – ook wanneer Hy sy opbouwerk deur die diens van mense uitvoer"* (Nel 1994:3). Nel (1994:4) beweer dat die begrip οικοδομειν, om te bou, in die Nuwe Testament opvallend by die Ou Testament aansluit. Die opbouwerk het onder andere met onderlnge bemoediging, vermaning, geduld en liefde te doen waaraan die gelowiges almal as uitgebreide familie of huisgesin van God deelneem. Jesus het 'n vraag oor die uitgebreide geloofsfamilie gevra: "Wie is my moeder en my broers?" (vgl Mark 3:33-34). Dit mag na 'n verwerping van gesinslede klink. Jesus het hier die gesin in koninkryksterme gedefinieer. Jesus beskou almal as familie wat bereid is om die wil van God te doen. Jesus het die belangrikheid van innige verhoudings in die kerk beklemtoon. Hy het ook geweet dat sy volgelinge aan vervolging onderwerp gaan word en dat hulle 'n ondersteuningsisteem nodig sal hê. Hulle het 'n tuiste nodig gehad waar aanvaarding, liefde en omgee bestaan. Hierdie sisteem is die nuwe familie in die koninkryk van God waaroor Jesus Christus heelwat meegedeel het. Die biologiese bande is belangrik, maar daar is ook 'n hoër vlak van Christelike bande, verhoudings, die geloof- of verbondsfamilie. Aan die kruis maak Jesus egter seker dat sy moeder goed versorg sal word (vgl Hebbard 1995:44-45).

'n Geloofsgesin is belangrik omdat daar in die gemeenskap 'n behoefte aan verhoudings is. Cahill (2000:122) met verwysing na 'n swart Katolieke sielkundige, Edwin Nichols, se mening, beweer: *"… that African Americans can hold up an ideal of marital and parental faithfulness while rallying around families and individuals in*

*difficulty, especially to help nurture children".* Edwin Nichols is van mening dat swart Christene nie veroordelend teenoor mekaar is nie en dat hulle hul bure so lief het soos hulself. Die geloofsgesin is die plek waar verhoudings met God en mens beoefen kan word. So 'n geloofsgesin is 'n veilige plek veral vir alleenlopers en die enkelouer. Dit bied hoop vir die geskeides en kinders uit verbrokkelende gesinne. Gesinne het nie vandag 'n geloofsfamilie minder nodig as 2000 jaar gelede nie. 'n Geloofsgesin word benodig vir opleiding, berading en leiding (vgl Hebbard 1995:46). Die belangrikheid van 'n geloofsgesin word in 1 Tim. 3:4-5 beklemtoon. Hebbard (1995:47) sê: *"Paul is clear in his concept of Christian leadership. The ground is the home. If we cannot cut it with our own families, how can we minister to the family of God? To Paul, this idea is a key factor in the identification of Christian leadership. How does that translate to the church today? Why should that practice be limited to ministers?"*

Handelinge lewer verslag van baie gesinne wat almal tot bekering gekom het. *"This is not accidental. God's relationship with humankind has always been based on the activities of faithful families. From the days of the great patriarchs like Abraham, Noag, Isaac, and Jacob, God worked through them and their families to accomplish His will"* (Hebbard 1995:47). Die twaalf stamme van Israel was twaalf groot uitgebreide families wat trots was om terug te gaan op die wortels van hul oorsprong. Daarom het almal in die gesin tot bekering gekom. Die gesin was 'n hegte eenheid en het rondom die huisaltaar gefunksioneer (vgl Hebbard 1995:47-48). *"The church is to be God's household of faith on earth. It is a large, diverse, dynamic faith family created for the care of God's people. God is the Farther, Christ is the Son, and the Holy Spirit is the heavenly counselor. Within the family of faith we enjoy all the relationships of the biological family with one great exception. God's household is eternaly"* (Hebbard 1995:48).

.

***5. 'n Inklusiewe bediening:*** (Vgl paragraaf 9.4.8 (2) - 'n Inklusiewe model) Hebbard (1995:48) sê: *"The law of Moses presented a warning to care for the needs of socially oppressed people and minister to those outside the camp culturally or economically"* (vgl Eks.22:22-23). God wil dat sy kinders vir ongelukkige mense sal omgee. Die Nuwe Testament beklemtoon hierdie tema vir alle ouderdomsgroepe, rasse en lewensituasies. Dit was Jesus se bedieningstrategie. Hy het met konings en gewone mense gepraat. Sommige van sy diepste teologiese besprekings is duidelik deur die gewone mense verstaan en deur die godsdienstige hoëlui in 'n verkeerde lig gesien. Johannes 3 en 4 is voorbeelde van sulke gesprekke of bedieningstrategieë. Jesus Christus het tollenaars, sondaars, uitgeworpenes en prostitute bedien (vgl Hebbard 1995:48-49). Gesinsbediening moet op die beginsel van aanvaarding gebaseer word.

*"How many have left our churches because of the unwritten message: 'You don't fit in here and you never will'"* (Hebbard 1995:50-51). Hoe kan hierdie houding verander word en gesinne met verskillende vorme weer welkom voel in die gemeente? Die antwoord lê deels in die luister na gesinne se verhale.

***6. 'n Gawe-georiënteerde bediening:*** Strommen en Hardel (2000:292) meen: *"The first essential in fostering a congregation's readiness to respond is an atmosphere that frees people to participate in effecting needed change. Such an atmosphere is engendered by a culture that seeks to develop the gifts of individual members and equip individuals for a ministry to others".* Paulus herinner ons in Rom 12:6-8 aan die

belangrikheid aan die verskillende gawes vir gemeentebediening. Baie geestelike leiers kla dat hulle nie samewerking in hul bediening kry nie. Wanneer lidmate van 'n gemeente die missie van gemeentebediening begin verstaan en dat die verskillende gawes en talente van lidmate noodsaaklik is om geloofsbemiddeling tot handeling te laat kom, tree hulle spontaan na vore vir diens. Lidmate voel onmiddellik betrokke as hul gawes en talente vir ander se welsyn benut kan word (Hebbard 1995:52-54 en Benson 1997:130-131 – *"Principals for engaging youth in community building"*).

***7. 'n Opbouende bediening:*** Jesus het nie enigeen in die kerk toegelaat nie en ook nie enigeen uitgesluit nie. Dit was 'n balans tussen verantwoordelikheid en vryheid. Jesus het nie die owerspelige vrou veroordeel nie, maar het haar vrygespreek en tot 'n hoër vlak van diens geroep. Hy het ook nie die geestelike leiers en aanklaers van hierdie vrou veroordeel nie, maar hulle weggestuur om hulself te ondersoek.

God se kerk is 'n plek waar gevalle mense in kontak gebring word met die reddende genade van Jesus Christus. Die kerk moet verwonde mense binne elke uithoek van die samelewing bedien. Terselfdertyd moet die standaard van Christelike etiek en moraliteit hoog gehou word. Die gemeenskap roep vir goeie modelle en 'n anker in die lewenstorms. Waarheen moet mense gaan om te sien hoe lyk suksesvolle huwelike en ouers wat op 'n verantwoordelike wyse kinders opvoed? Waar moet mense gaan kyk hoe saamgestelde gesinne tog kan werk? Die eerste plek behoort die plaaslike gemeente te wees. Genade en vergifnis word aan gevalle mense bedien, maar hulle moet ook tot 'n hoër lewensvlak opgeroep word (Hebbard 1995:54-55). As voorbeeld word verwys na Jesus Christus se reaksie op egskeiding in Matteus 19:4-6. *"I believe Jesus was consciously clearing the decks before He launched into His discussion on divorce. He was saying to the Pharisees that before we get entangled in all the legal debates, let's remember the original plan. Let Me raise the flag, point out the plan, and refocus the lens. God intended one man and one woman for one lifetime. That's the standard from the Father"* (Hebbard 1995:56). Die gemeente moet hierdie standaard van Christelike etiek koester.

Om sterk Christelike lewens te bou, besorg pyn en opofferings. Dit is 'n dinamiese proses wat die vrug van die Gees na vore laat kom, naamlik vreugde, hoop, liefde en selfbeheersing. Dit is die essensiële elemente van die Christelike lewe en die Christelike gesin. Christelike groei het met baie pynlike konfrontasie en konflik te make. Paulus moedig die Filippense aan om konflik in hul midde op te los en om die reputasie van die kerk te herstel (vgl Hebbard 1995:57 en Fil 3:13-14). Hebbard (1995:58) sê: *"Our churches and communities are hungry for God's Word concerning the family. Both messages must be delivered with power, compassion, and conviction".*

***8. Gesinsbediening met gewone gesinne:*** *"The biblical text, especially the Old Testament, gives us fascinating glimpses into the family lives of many great people. Not one family mentioned in the Old or New Testament is cast in the ideal family role. If families are so important, why didn't God provide us with one perfect or near perfect model?"* (Hebbard 1995:59). Müller (2002:13) meen: *"Daar is nie so iets soos 'n ideale gesinsvorm nie, hoewel daar 'n hardnekkige gedagte bestaan dat die ideale gesinsvorm 'n pa, 'n ma en 'n paar kinders van verskillende geslagte is".* Werklike gesinne ondervind krisisse, mislukkings en pyn. Ware gesinne het vaders en moeders met sterk en swak punte en kinders wat foute maak. Ware gesinne is al wat God op aarde gegee het om Hom te dien. Die ware problematiek van die daaglikse

lewe moet hanteer word. Binne gemeentes moenie 'n illusie van perfeksie geskep word nie. Geestelike leiers se taak is om met gesinne in die etiese, kulturele en ekonomiese worstelinge kontak te maak. *"Our job is to prepare a generation of young people who will see changes and challenges in their lifetimes unkown to us"* (Hebbard 1995:59). Dit is 'n missie om die onvolmaakte te aanvaar en na die volmaaktheid in Christus te strewe – om te word wat ons reeds in Christus is (Nel 1998:126 en 149).

Hebbard (1995:60) se uitgangspunt vir die gesin is om op 'n praktiese wyse in die samelewing betrokke te raak.: *"Family life ministry tries to help families become more reality based in their faith. Family members must learn to be real in their relationships with one another. Family members must learn to be real in their relationship with Jesus Christ".* Die enigste ideaal word slegs in Jesus gevind en Hy alleen kan daarin voorsien om te word wat gesinne en individue reeds in Jesus is. Hebbard (1995:60) kom tot die gevolgtrekking dat gesinsbediening 'n holistiese bediening moet wees. Gesinsbediening moet al die behoeftes van die gesin, fisies, geestelik, intellektueel en emosioneel aanspreek wat deel uitmaak van die twee belangrike missies van die kerk, naamlik om geestelike op te bou en deur evangelisasie ook uit te bou. Die voorafgaande Bybelse perspektiewe word in die volgende drie perspektiewe vir gesinsbediening saamgevat.

## 9.9 Drie perspektiewe vir 'n gesinsbedieningmodel

### 9.9.1 Die terapeutiese perspektief

Die terapeutiese perspektief word in paragraaf 9.10.3 meer volledig bespreek. Die terapeutiese of beradingsperspektief is die mees algemene definisie van gesinsbediening en is primêr ingestel op die emosionele behoeftes en die behoeftes binne verhoudings in die gemeente. De Jongh van Arkel (1991:61) beweer dat die algemene sisteme teorie (AST) besig is om na 'n ekosistemiese benadering te ontwikkel en hy praat van 'n ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie. Müller (1991:91) meen daar moet van 'n eko-hermeneutiese pastoraat gepraat word: *"In die begrip 'ekologies' of 'ekosistemies' lê die klem op die breë, holisteise benadering".* Tieleman (1993:14) se gedagtegang sluit hierby aan deur van terapeuties- en hermeneuties-georiënteerde pastoraat te praat.: *"De vraag naar zin komt in beide oriëntaties onder een eigen optiek aan de orde".*
Clark (1997:14) praat van "guardrails" en "crisis medical centers" vir gesinslede: "The 'guardrails' are preventive programs designed to strengthen family members (though the term family is rarely defined clearly) before they get in trouble". Dit handel oor voorkomingsprogramme soos huwelikseminare, ouerleidingseminare, ouer-jeug-kommunikasiekursusse, sessies vir onderlinge begrip en voorhuwelikse berading. Die "crisis medical centers" is vir diegene wat deur die veiligheidsrelings ("guardrails") gegaan het en wat 'n behoefte aan meer spesifieke hulp het. Die hulp is van herstellende aard soos werkswinkels vir berading by egskeiding en huweliks- en gesinsberading asook programme waar daar in sekere situasies ingegryp word ("intervention"). Die persone wat hierdie werk doen is gewoonlik geregistreerde terapeute of professionele beraders wat 'n begeerte het om die kerk te dien (vgl Clark 1997:14-15). Die terapeutiese perspektief dra by tot die lidmate wat langs die pad seergekry het en gebroke gelaat is. Dit is dus daarop ingestel om die liggaam van Christus op te bou.

### 9.9.2 Die nukleêre perspektief

(Vgl paragraaf 7.4.1 – Die kern- of nukleêre gesin) Dié wat hierdie model sterk ondersteun, is geneig om van Ou Testamentiese Skrifgedeeltes gebruik te maak, byvoorbeeld Deut.4:9-10 en 11:18-21 (vgl Clark 1997:16). Laird (2000:338) beweer: *"Cultural diveristy, multiculturalism, culturally sensitive practice, and cultural competence are terms that indicate renewed emphases in the 1990s in the mental health professions".* Laird (2000:349) maak kultuur die sentrale metafoor om tot verstaan van mense en jouself te kom: *"Ritual, story, narrative, folklore, mythology, kinship patterns, relationships organized by gender and generation, national and community beliefs, values, and practices are just some of the metaphors for understanding the lives of others …"* (vgl Müller 1996:97-105 – Die verhaal as metode).

Die nukleêre gesinsperspektief fokus op die toerusting van en versterking van individuele gesinne in die gemeente. Müller (1996:77) beweer gesinsterapie: *"… probeer nie net die gesin kalmeer nie, maar streef na 'n verandering in die totale emosionele sisteem, met die gevolg dat almal, en nie net die geïdentifiseerde pasiënt nie, persoonlike groei ervaar".*

Programme wat by hierdie benadering gebruik word, is ouertoerustingsgeleenthede, seksopvoeding tuis, minder klem op jeugbediening as 'n afsonderlike bediening, toenemende klem op ouer-kind programme soos retraits, diensprojekte en kategeseklasse, 'n verskuiwing van die verantwoordelikheid van dissipelskap na die gesin (vgl Clark 1997:16). Louw (1989:231) meen dat 'n gesinsverrykingsporgram uit die volgende elemente kan bestaan: (1) die ontdekking van die bedoeling van God met die gesin, (2) 'n daaglikse praktykprogram soos huisgodsdiens en (3) 'n positeiwe waardering van mekaar. Indien die druk aan die begin van hierdie benadering te veel vir ouers is om hul verantwoordelikheid na te kom, kan dit net meer skuldgevoelens en spanning veroorsaak (vgl Clark 1997:17).

### 9.9.3 Die gemeente-as-gesin-perspektief

'n Gemeente as gesin is nie net nog 'n model om te probeer nie, maar is gebaseer op Bybelse beginsels, maar ook op wat mense in 'n Christelike geloofsgemeenskap soek. Dingemans (2000:229-233) beweer dat mense basies na vier dinge in 'n geloofsgemeenskap soek: (1) geborgenheid, veiligheid, rus en warmte; (2) die belewing van 'n hegte gemeenskap; (3) inspirasie of nuwe uitdagings en lewensopdragte en (4) oriëntasie om die lewe te kan orden.

Die gemeente-as-gesin benadering is 'n baie breër benadering as die eersgenoemde twee perspektiewe, naamlik die terapeutiese en nukleêre perspektiewe. Thomas (1996:27) beweer: *"… the starting point is for Christians to make a fundamental change in the way we look at the church, which should change the way we relate to each other in the church".* Om hierdie siening te verander, moet weer na die Bybelse perspektief oor gemeente as gesin gesoek word. By hierdie benadering word daar meer op die Nuwe Testament gesteun, byvoorbeeld Mat.12:48-50. Die wat hierdie benadering volg, sien die plaaslike gemeente as God se model vir die gesin *"Here's the concept: THE CHURCH IS GOD'S FAMILY" Thomas (1996:28)*. Thomas

(1996:48) verwys na 'n paar kenmerke van die gemeente-as-gesin-perspektief: (1) In God se huisgesin dien God as die Hoof, (2) Jesus is die oudste broer (Rom 8:29) en rolmodel, (3) die ouderlinge is deur God en die ander lede van die familie aangewys om besluite te neem en leiding te gee en (4) dan is daar ook diegene met besondere bekwaamhede soos die predikant en ander betaalde amptenare. Indien die gemeente die begrip van 'n huisgesin hul eie maak en die voorafgaande elemente respekteer, kan dit tot 'n gesonde samesyn lei.

Die bedoeling is ook dat gesinne nader aan mekaar en nie in isolasie sal lewe nie. Clark (1997:18) sê dat die volgende programme vir hierdie benadering gevolg kan word: (1) klem op intergeslagtelike programme en aktiwiteite ongeag gesinsamestelling en lewensfase, (2) 'n gemeentelike besorgheid vir en verbintenis aan jeug- en kinderbediening en (3) 'n gewilligheid om alle programme in 'n enkele bediening te lokaliseer wat gesien word as deel van 'n familie en gemeenskap. Benson (1997:110) beweer: *"Comprehensiveness, collaboration, long-term perspective, and deep engagement and ownership by the people are the current mantras of community building"* (vgl Nel 1998:77 – 'n Komprehensiewe benadering). Die gemeente as gesin verteenwoordig die Nuwe Testamentiese beskrywing van die plaaslike gemeente die beste. Dit versterk die rol van ouers om hulle kinders so op te voed dat hulle werklik die Here sal dien (vgl Clark 1997:19).

Wat onder hierdie benadering verstaan word, is 'n deelgenootskap tussen die gesin, gemeente en gemeenskap (vgl diagram 73: *Interaktiewe geloofsbemiddeling*). Gesinsbediening sluit dus die hoofkomponente van gemeentebediening in: (1) uitreik (vgl paragraaf 2.7 – 'n Teologie vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid), (2) evangelisasie en (3) 'n behoefte-analise om te bepaal wat die hoofsaak vir gesinsbediening moet wees. Dingemans (2000:266) beweer: *"Er zijn op het ogenblik nieuwe ecclesiologische modellen in omloop, die proberen de oude concepten van de Sacramentskerk en de Woordkerk te overkoepelen en die inspelen op de behoeften van mensen in onze tijd. … Het zijn meestal modellen die uitgaan van de kerk als gemeenschap".* Om 'n doelgerigte struktuur aan gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid te gee, is daar ook 'n wisselwerking tussen gesinsbediening en die verskillende bedieningstyle, die kerkloses en onbereiktes. Gesinsbediening neem die bepaalde bedieningstyl van 'n bepaalde gemeente aan en die behoefte-analise van die gemeente en gemeenskap gee weer struktuur aan die gemeente se bepaalde bedieningstyl. Uit hierdie behoefte-analise kom ook 'n bepaalde geloofsbemiddelingsmetodologie na vore wat sal bepaal in watter mate verbale en nie-verbale kommunikasie benut moet word. Die verskillende bedieningstyle uit die verskillende gemeentes speel ook 'n belangrike rol. Die reflektering en tot handeling kom van die ontvanger, in besonder die onbereikte gemeenskap en kerklos lidmate asook jongmense wat die kerk verlaat het, sal bepaal in watter mate die geloofsbemiddeling effektief geskied het. Deur van 'n breëspektrum geloofsbemiddelingsmetodiek in die vorm van gesproke, gedrukte, gesimboliseerde of geritualiseerde woord gebruik te maak, kan die geloofs-bemiddelaar bepaal watter kommunikasiemiddele of kombinasies daarvan die doeltreffendste is (vgl diagram 73: *Interaktiewe geloofsbemiddeling*). Die reflektering van die geloofsbemiddeling na die onbereiktes deur die bereiktes en na die kerkloses deur die wat na die kerk teruggekeer het, begin dus as medegeloofs-bemiddelaars binne hierdie groepe met 'n eiesoortige geloofsbemiddeling.

Die gesin is die basiese en kleinste sisteem in die Christelike kerk om die opdrag aan die kerk tot uitvoer te bring. Strommen en Hardel (2000:22) verwys na die volgende drie opsies om deelgenootskap tussen die gesin en gemeente te verkry:

***1. Gesinsondagskool:*** Gesinsondagskool is 'n geleentheid vir alle ouderdomme in die hele gesin om een keer per maand saam aan hul geloofslewe te werk. Ten aanvang is daar 'n byeenkoms van 30 minute met gesinsaktiwiteit. Daarna word 45 minute toerusting vir elke ouderdomsgroep aangebied.

***2. Seisoene van geloof:*** Die tweede opsie is 'n program wat seisoene van geloof genoem word. Dit is ook vir alle ouderdomme en dit maak van 'n huisgebaseerde benadering gebruik om gesinsgebaseerde kategese te beoefen. Elke huishouding ontvang 'n huiswerkboek met lesse vir elke week asook 'n werkboek vir volwassenes asook 'n ouderdomsgeoriënteerde boek vir kinders en die jeug. Ouers word gehelp om hierdie boeke te gebruik.

***3. Gemeente-gebaseerde ervaring****:* Die derde opsie is 'n gemeente-gebaseerde ervaring drie keer per maand vir verskillende ouderdomsgroepe. Ouers kan by een, twee of aldrie hierdie geleenthede betrokke wees.

Daar bestaan wel 'n antagonistiese houding jeens hierdie opsies. Strommen en Hardel (2000:22) sê dat die infasering van hierdie aktiwiteite baie tyd neem en dat dit aanvanklik met weerstand gepaard gaan. Lidmate voel dat die predikant betaal word om hierdie werk te doen en dat dit nie die ouers se taak is nie, want hy het die opleiding en ervaring daarvoor. Sommige ouers sal 'n meer drastiese stap neem en die gemeente verlaat om by 'n ander kerk of gemeente in te skakel waar die tradisionele bediening gehandhaaf word.

Hierdie drie opsies lei wel tot groei en Strommen en Hardel (2000:22-23) verwys na Our Lady Guadalupe, 'n Rooms Katolieke Kerk in Helotes Texas, wat in 1990 met gesingesentreerde kategese begin het toe daar 700 gesinne in die gemeente was en in 1998 het dit uitgebrei na 2,400 gesinne met 65% van die lidmate onder die ouderdom van 35 jaar. (Vgl Oudelaar-Bijlsma 2003 in paragraaf 9.1.2 (7) – Positiewe momente in die huidige gemeentebediening – Kategetiese buurtmodel) Die paradigmaverandering weerhou dus nie mense om by so 'n gemeente aan te sluit nie, al beteken dit 'n groter verantwoordelikheid vir ouers.
Volgens Strommen en Hardel (2000:23) kan die volgende onderliggende opvattings as motivering vir hierdie paradigma aanvaar word: (1) Die gesin is die huiskerk. (2) Die gesinslewe is iets besonders en heilig. (3) Beide die gemeente en gesin het verantwoordelikhede vir die geloofsgroei van die gesin. (4) Omdat die gesin baie verander het, moet die benaderinge om geloof te bemiddel die kontemporêre gesin reflekteer, respekteer en omvat. (5) Ouers is die primêre opvoeders van hul kinders in geloof. (6) Gesinne en gemeentes het tyd nodig om te verander en vrees en weerstand moet verwag word. (7) Ouers en voogde het hulpbronne en ondersteuning nodig om selfvertroue te wen om hul kinders se geloofslewe te vorm. Benson (1997:185) beveel aan dat die ondersteuning wat aan ouers gegee word nie die gesin se eie vermoëns en verantwoordelikhede sal ondermyn nie. Die volgende onderliggende stellings kan bygevoeg word: Die wêreld het van 'n "kerklike" na 'n "nie-kerklike" gemeenskap verander. Die kritiese eenheid om geloof oor te dra met resultate is die Christelike huisgesin. Die Christelike gemeente is die waardevolste

eenheid om die nie-kerklike gemeenskap deur middel van die Christelike huisgesin te ontmoet. Dit kan oorweeg word om eerder van Christelike huise te praat as gesinne, want sommige kan uitgesluit voel as hulle nie werkik deel van 'n gesin is nie (vgl Strommen & Hardel 2000:24).

Die pastorie en ander geestelike leiers se huise moet die voorbeeld stel waar hierdie deelgenootskap met die gemeente realiseer. *"Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen"* (1 Tim 3:4). Die veronderstelling is dat predikante en geestelike leiers in hul eie gesinne sal begin met dit wat hulle in die gemeente wil sien gebeur. Strommen en Hardel (2000:24) verwys na Freudenburg se bydrae *"The family-friendly church".* Freudenburg het besluit om in sy eie huis te begin. Hy het 'n skuif gemaak van 'n bediening wat kerk-gesentreerd was met 'n huisondersteunende bediening na 'n huisgesentreerde bediening wat kerkondersteunend is. Hierdie skuif vereis sterk gesinne wat uit verskillende oorde bemoedig word. Thomas (1996:155) meen: *"That vision comes not from your imagination, or from someone else's, but from the heart of God Himself".*

Volgens Strommen en Hardel (2000:288-289) word 'n gemeente as gesin gekweek as daar onder andere aan die volgende faktore aandag geskenk word: (1) Die gemeente moet 'n verwelkomende houding aanneem deur na almal in die gemeenskap uit te reik, veral na persone sonder of met beperkte geestelike agtergrond. (2) Besondere aandag moet aan gebed en aanbiddingdienste geskenk word om mense te inspireer en tot herlewing te lei. (3) 'n Hoopvolle en omgeegemeente waar lidmate mekaar versorg en ondersteun en dit ook deur die hele gemeenskap beoefen, ontwikkel 'n uitgebreide familie. (4) Wanneer geloofsbemiddeling tot geloofsgroei lei en daar voortdurende geloofsgroei in kleingroepe, getuienisse en vieringe waargeneem kan word, ontwikkel 'n gemeente tot 'n hegte huisgesin van God. Hierdie gesinsverband word binne individuele gesinne gekweek voor dit in die groter verband van die gemeente sigbaar word. Thomas (1996:57) beweer: *"The church, God's Family, needs specific, practical help and training in how to be His family both at home and at church".*

Nadat die huidige situasie van die tiener- en gesinsbediening bespreek is en daar tot die besef gekom is dat 'n paradigmaverandering moet plaasvind, is die gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening uiteengesit met die opdrag om geloof in die gemeenskap te bemiddel wat die wesenlike doel van tiener- en gesinsbediening is. Dit het tot die gedagte gelei om riglyne te gee hoe hierdie doel verwesenlik kan word wat ook 'n Bybelse perspektief en verskillende ander perspektiewe vir gesinsbediening insluit. Op hierdie stadium kan 'n bepaalde strategie vir 'n tiener- en gesinsbediening oordink word.

## 9.10 Strategie vir 'n tiener- en gesinsbediening

Die strategie vir tiener- en gesinsbediening word ontwikkel uit die paradigmaverandering wat in hierdie navorsing gebruik word (vgl Diagram 1: *Paradigmaverandering van teorie na praktyk en van gemeente na gesin en gemeenskap*). Die strategie behels 'n holistiese benadering wat die gesinsekologie, gemeenskap, staat en markplein insluit waar bemagtiging van tieners plaasvind. Hierdie bemagtiging van tieners sluit in die medewerking van ouers, die gemeente en

vennote in die gemeenskap waardeur God die kerk tot groter sigbaarheid en relevansie lei. Dit beteken 'n beklemtoning van die verhoudingsmatige, verbondsmatige en prosesmatige in die praktiese teologie en dit vereis 'n verandering van gedagtes en hart. Verandering vra iets, maar God bly die groot Kommunikator en Transformeerder in die proses wat die kerk in die wêreld gestuur het: *"The classical doctrine on the missio Dei as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another 'movement': Father, Son, Holy Spirit sending the church into the world"* (Bosch 1991:390). Dit alles beteken in kort dat visie na missie of aksie moet oorgaan. Dit word in die volgende drie aksente weergegee.

### 9.10.1 Modellering teenoor programme

Neff (1991:174) beweer dat: *"This modelling process is most effective when it is consistently exemplified before both the teens of the church and their parents"*. Dit sluit ook 'n groot verskeidenheid nie-verbale kommunikasie in (vgl diagram 37: *Interpersoonlike kommunikasie* en paragraaf 6.2.4 (2b) – Takesiek of aanraking). *"This is especially important when teens pass through a stage where the use of verbals seems to decline significantly"* (Neff 1991:174). Wanneer 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel ontwikkel word, moet 'n duidelike onderskeid getref word tussen 'n program en 'n model. 'n Model gebruik programme, maar is nie self 'n program nie. 'n Model omskrywe 'n sisteem waarin 'n proses aan die gang moet kom om die visie tot uitvoer te bring. 'n Nuwe begrip moet vir hierdie sisteem ontwikkel word naamlik dat dit 'n taak het om eerder te modelleer as om te programmeer. Dit gaan dus nie om die programmering van mense nie, maar om vrye keuses wat mense binne 'n sisteem of groepering kan uitoefen om die doelstellings van die sisteem te bereik. 'n Voorbeeld wat hier gebruik kan word, is die liturgie wat elke Sondagoggend van begin tot einde in sommige gemeentes dieselfde bly. Die gemeente word geprogrammeer om op gegewe oomblikke op te staan en te gaan sit. Dit kan eerder as 'n programmering van mense beskou word as 'n model. Die erediensgangers geniet dus nie die vryheid van deelname nie. Die feeselemente gaan soms deur 'n geykte programmering verlore. Hierteen moet by die ontwikkeling van 'n model gewaak word. Martinson & Martinson (1998:64) sê: *"Families and parents are necessary crucibles, providing relationships in which children can be nurtured in freedom and accountability".*

### 9.10.2 Dade teenoor woorde

Sell (1995:137-138) sê Bybelkennis verander nie altyd iemand se gedrag nie en die regte leerstelling produseer nie altyd die regte lewenswyse nie. Sell voel dat een van die grootste probleme in gesinsbediening die beweging van denke na dade is. As gesinne dus suksesvol wil wees in wat hulle as gesin behoort te wees, moet elke individu in die gesin in sy totale wese verander, in woord en daad. Ricoeur (1991:105-226) bied 'n deeglike uiteensetting aan oor 'n hermeneutiek van teks tot die hermeneutiek van aksie. Hy gaan van die standpunt uit dat betekenisvolle aksie as teks beskou word en dat menslike aksie as 'n 'oop werk' beskou moet word (vgl Ricoeur 1991:144-145). Kommunikasie is dus nie per se 'n woordespel nie, maar handelinge wat tot verstaan lei en verstaan wat tot handeling lei. *"Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie?"* (Jak 2:14). Geloofsbemiddeling gaan met besliste dade gepaard en word ondersteun deur simboliek en rituele. Die paradigma van teks-interpretasie wissel tussen verstaan tot verduideliking en van verduideliking tot verstaan (vgl Ricoeur 1991:156-167). Die verduideliking en verstaan is dus in sigself reeds by die geloofsbemiddelaar woorde en handelinge, maar lei die hoorder ook tot reflektering in woorde en handelinge. Dit dui op 'n sirkulêre proses tussen verstaan en tot verstaan kom (vgl diagram 32: *Sirkulêre kommunikasie* in paragrawe 6.2.2 en 9.5.2)

### 9.10.3 Groepe teenoor individue

Gesinslede moet gehelp word om te verstaan wie hulle as individue in die gesin is. Hulle moet tot insig gelei word oor hulle optrede in die gesin. Daarom sal daar in die model vir gesinsbediening ook strategieë ingesluit moet word wat terapeuties van aard is. Dit moet gesien word in die lig van 'n eko-hermeneutiese pastorale paradigma (vgl Müller 1996:7-17). Onder terapie verstaan Sell (1995:140) *"strategies that go beyond what we usually do in teaching and training in three ways".* (1) Dit fokus meer op die individu se behoefte of probleem wat gewoonlik op 'n een-tot-een beradingsituasie neerkom, maar dit kan in groepe of gesinsgewys gedoen word. (2) Terapie hanteer persoonlike probleme wat deur die persoon erken word. Dit hanteer ook persoonlike, emosionele en gedragsveranderinge. (3) Omdat terapie meer intiem en persoonlik is, is die resultate beter as die pogings van onderwysers en predikante wat soms meer verbaal georiënteerd is.

Volgens Müller (1996:7) moet daar meer klem op die hermeneutiese aspek van pastorale sorg geplaas word: *"Die verandering wat ons tans beleef, behels meer as net 'n verskuiwing weg van die individueel-gesentreerde benadering na 'n meer kontekstuele en gemeenskapsbenadering. Dit gaan veel eerder oor 'n nuwe verstaan van verstaan".* Hier kan egter net na die model van narratiewe betrokkenheid verwys word soos deur Müller (1996:97-208) bespreek word. In hierdie model word plek ingeruim vir verskillende verhale, van nood, die verlede, die toekoms asook die herstrukturering van die verledeverhaal en rekonstruksie van 'n toekomsverhaal. In die tweede deel van hierdie model word aandag gegee aan die gespreksprosedures om gesinne te lei om tot verstaan te kom dat die ontstaan van probleme eerder binne 'n sirkulêre kousaliteit as 'n lineêre kousaliteit geleë is. Gesinne word ook gehelp om op 'n kronologiese wyse na hul verhaal te kyk (vgl ook Marais et al 2001) en daaraan interpretasie te gee (vgl diagram 54: *Stages of the family life cycle* waarna reeds in paragraaf 8.2.2 verwys is). Die gesin se verhaal moet ook vanuit soveel moontlike

perspektiewe verken word. Die grafiese verhaal wat met behulp van 'n genogram en ekokaart gekonstrueer word, kom weer ter sprake by die infasering van die gesinsbedieningsmodel in paragraaf 9.18. Die gesin moet ook behalwe die verhaal van die verlede begrip ontwikkel vir die invloede in die verlede en in die hede van die ekosisteem. Hieraan is ook reeds aandag geskenk (vgl diagram 20: *Ekokaart*). Verder verwys Müller (1996:165) ook na die tegniek van eksternalisering wat berus op die oortuiging dat probleme geen funksies in 'n gesin het nie en om gesinne te bevry vanuit 'n gevangenisskap van probleme. Binne die geloofsverhaal word 'n verband gesoek tussen die verhale van die geloofsgemeenskap en die van die gesin wat dan teen die agtergrond van die verhaal van Jesus Christus beskou word. Om by 'n hipotetiese verhaal uit te kom, moet dit sirkulêr en nie liniêr benader word nie om dus nie op een bepaalde hipotese te fikseer nie. Die hipotese moenie diagnosties gebruik word waarmee gesinne gekonfronteer word nie. Volgens Müller (1996:179) kan die hipotese eers gevorm word as die interne en eksterne "politiek" van die gesin gelees word. Die hipotese word gebruik om die simptoom in die gesin te verduidelik en *"hoe al die stukkies in die legkaart pas"*. Binne die gespreksprosedures word ook na die waarde van rituele verwys, wat reeds in paragraaf 6.11 bespreek is (vgl diagram 45: *Rituele as 'n simbolies-kommunikatiewe handeling*). Müller (1996:190-192) gee 12 riglyne hoe rituele benader en gebruik moet word sodat dit 'n bydrae tot die terapeutiese proses kan lewer. Dit sluit onder andere in die houding en betrokkenheid van die pastor, die gepaste inhoud van die ritueel, die aansluiting by bestaande tradisies om rituele maksimaal effektief te maak, die versigtige benutting van rituele saam met simbole, om deelname te verseker en die gevoelvolle aanbieding van die ritueel.

Gesinslede moet gehelp word om hul goeie eienskappe met mekaar te deel tot voordeel van almal. 'n Klomp hout word eers vuur as dit aan die brand gesteek word. Die potensiaal van elke gesinslid moet ontgin word deur die dempers daarvan te verwyder. Vir sinvolle terapie in gesinne moet op die behoefte van die kind en toerusting van ouers gekonsentreer word. "*Encompassing the emotional and spiritual dimensions of life, church ministry is by its nature remedial*" (Sell 1995:141). *"Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade"* (Heb 10:24). Terapie sluit in besoeke aan 'n persoon by sy huis, werk, hospitaal of dit kan in 'n kleingroep soms onwetend plaas vind. Sell (1995:141) is van mening dat: *"In reality, much of the therapeutic work will be accomplished in the ordinary interpersonal interactions of people within the life of the church".* Hierdie interaksie moet tot 'n voortdurende beweging in die gesin, gemeente en gemeenskap lei. Dit word in die volgende vyf komponente van 'n tienerbediening bespreek.

## 9.11 Die vyf komponente van 'n tienerbedieningsmodel

Geloofshandelinge word as 'n voortdurende proses beskou. Dit word aan die hand van vyf vrae of komponente vir 'n tienerbedieningsmodel verhelder. Dit beteken nie dat 'n geïsoleerde tienerbedieningsmodel ontwikkel moet word nie, maar om vanuit 'n tienerbediening deelgenootskap met gesin- en gemeenskapsbediening te ontwikkel (vgl paragraaf 9.12). Geloofshandelinge moet die gemeente en gemeenskap in beweging bring en hou. Brink en andere (2001:238-240) verwys na ag belangrike komponente vir 'n jeugbedieningsmodel. Dit word in hierdie navorsing in vyf komponente geïntegreer (vgl diagram 74: *Die komponente van 'n tienerbedieningsmodel*). Dit stel 'n proses voor wat gedurig van een komponent na

die ander beweeg en dit gee koers aan die beweegrigting van jeugbediening. Die komponente kan as rollaers om 'n as, die kerk, beskou word wat die tienerbediening in die gesin, gemeente en gemeenskap in beweging hou: (1) Die beginpunt van hierdie proses spreek die hoofsaak van die hele navorsing aan, naamlik wat hierdie proses is en waar dit moet plaasvind? (vgl paragraaf 8.4.4, 'n Filosofie vir gesin- en tienerbediening). (2) Die tweede komponent dui aan wie in hierdie proses betrokke is en wie die leiding gaan neem asook wie die persone is wat die geloofsbemiddeling gaan hanteer. Hoe gaan hulle toegerus en gemotiveer word om dit te doen? Wat is die sosio-ekonomiese en kerklike agtergrond, invloede van die omgewing en ouerhuise van die tieners met wie gewerk gaan word? (3) Die derde komponent vra wat die verwagting van die geloofsbemiddelingsproses is, naamlik wat is die mikpunt of verwagting van die hele bediening? (vgl diagram 69: *Die verlangde uitkoms met die nuwe paradigma vir geloofsbemiddeling*). Hierdie verwagtings word by paragraaf 9.6 bespreek. (4) Die vierde komponent verduidelik hoe hierdie verwagtings bereik gaan word. Die basiese bedieningselemente word neergeskryf en 'n aanduiding word gegee hoe dit deur die jaar gehanteer gaan word. Verder word aandag geskenk aan die organisatoriese struktuur: Waar pas hierdie bediening by die groter geheel in? Watter fasiliteite en fondse is beskikbaar en wie en hoe word die administrasie gehanteer? Wat gaan gedoen word om die deelname van ouers en tieners te verkry? Hoe gaan aktiwiteite bekend gemaak word om ouers en tieners te stimuleer? (5) Die laaste komponent kyk na die resultate en doen die nodige evaluering en aanpassings vir die geloofsbemiddelingsproses. Hoe gaan die doeltreffendheid van gesin- en tienerbediening geanaliseer word? Hoe gaan ouers en tieners se terugvoering verseker word? Hoe gaan die evaluering plaasvind en wat gaan met die resultate gedoen word? Dit bring die bedieningsproses weer by die eerste komponent en beïnvloed ook al die ander komponente. Diagram 73: *Interaktiewe geloofsbemiddeling* dui ook die plek van die gesin en gemeenskap in die hele proses aan. In die gesin en gemeente word die tiener toegerus, maar die uiteindelike doel is om deur hierdie proses die gemeenskap ook in beweging te bring. Daarom is dit nodig dat die tiener-, gesins- en gemeentebediening as 'n geïntegreerde eenheid sal funksioneer soos die wiel van 'n motor wat uit 'n as, koeëllaers, 'n naaf en buiteband bestaan om die voertuig te help om vorentoe te beweeg. Twee opsies vir hierdie integrasie word vervolgens bespreek.

## 9.12 Opsies om tiener- en gesinsbediening te integreer

### 9.12.1 'n Gesinsgesentreerde tienerbediening

Strommen en Hardel (2000:285) verwys na hul eie werk, hoofstukke 2 tot 8, waar aandag geskenk word aan die lewegenererende faktore in gesinne, gemeentes en gemeenskappe wat ook hier ter sprake is: hegter gesinsverhoudings, hegter verhoudings met God, 'n geloof-georiënteerde Christelike opvoeding, 'n gemeente as familie, Christelike jeugsubkulture, gesonder gemeenskappe en die transformering van kulture. Fields (1998:252) sê dat 'n gesinsvriendelike jeugbediening gebaseer word op 'n reeks progressiewe stappe wat op mekaar volg om tot 'n sterker gesinsgeoriënteerde bediening te lei. Die stappe ontwikkel van algemene na meer spesifieke stappe wat al hoe meer tyd en bronne in beslag neem. Fields (1998:253-268) verwys in hierdie verband na die volgende stappe van Saddleback:

* Skep 'n spanwerk mentaliteit deur gesinne, jeugpersoneel en kerkraad saam te laat werk.
* Hou kommunikasie oop. Om ouers deel van die span te behou, vereis beplanning vooraf.
* Soek kwaliteit gesinsbronne soos boeke, tydskrifte en video's en stel dit aan ouers beskikbaar.
* Fasiliteer gesinsopvoeding wat meer persoonlik as 'n boek of video is.
* Ontwerp gesinsprogramme wat die ouers by die jeugwerk insluit.
* Voeg ouers by die leierskapspan in en ontdek 'n nuwe entoesiasme in jeugwerk.
* Bied aan ouers 'n geestelike lewensplan wat op Matteus 22:37-40 en 28:19-20 gebaseer kan word, naamlik aanbidding, bediening, evangelisasie, gemeenskap en dissipelskap.

Die volgende vrae kan gevra word om 'n gesinsvriendelike tienerbediening te ontwikkel: (1) Wat word vir die jeug gedoen ten opsigte van gesinsvriendelikheid? (2) Hoe kan daar op 'n natuurlike wyse 'n verbintenis tussen ouers en tieners bewerk word? (3) Op watter manier word gesinne onbewustelik in die gemeente seergemaak? (4) Hoeveel kan daar van die gemeente verwag word vir 'n gesinsbediening?

Oor programme, soos vele ander teoloë, meen De Vries (1994:61): *"My initial research confirmed over and over again that real power for faith formation was not in the youth program but in the families and the extended family of the church".* Daar is nie so-iets soos 'n suksesvolle tienerbediening waar tieners van die samelewing afgsluit word nie. De Vries (1994:65-68) verwys na twee belangrike prioriteite vir 'n gesinsgebaseerde jeugbediening, naamlik (1) die bemagtiging van ouers en (2) die toerusting van die uitgebreide gesin of familie van die kerk. Geïsoleerde jeugprogramme kan nie met die mag van 'n gesin kompeteer nie. Jongmense mag miskien gedurende hul tienerjare van ouers se beïnvloeding wegskram, maar dit is 'n algemene reël dat hulle as volwassenes weer die voetspore wat hul ouers nagelaat het, sal volg. De Vries (1994:66) sê: *"Jesus redefined the nature of the family for the Christian, placing a high priority on the extended family of brothers and sisters in Christ".* Wat die tieners uit hierdie herdefiniëring van die familie moet leer, is dat hulle deur Jesus Christus ook deel van 'n hoër familie is, die familie van God. *"In terms of the code of honor and shame, only if Jesus were of higher, socially unassailable status could this sort of behavior be countenanced, even praised. For higher-status people are superior to the obligations of ordinary persons who simply cannot understand what higher-status people are up to"* (Malina 1993:3-4).

De Vries (1994:67) verwys ook na die verskillende Skrifgedeeltes met betrekking tot die aard en beskouing van die familie volgens Jesus: *"Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder"* (Mark 3:35). 'n Gemeenskapsgerigte model plaas die tiener in die voetspore van Jesus in 'n gesprek met en etes saam met sondaars en die sakesektor (Mark 2:15-16) en dit kan daartoe lei dat hulle ook as vrate en wynsuipers beskou word (Matt 11:19). *"This obviously is just the opposite of the behavior of an obedient son who brings honor to his family!"* (Malina 1993:3). In hierdie voetspore word die paradigma vir tienerbediening ontwikkel en sal daarom vreemd wees, behalwe as tieners en hul ouers tot insig gelei word dat dit in die koninkryk van God oor 'n uitgebreide familie van 'n hoër orde gaan. Die gemeente as uitgebreide familie moet toegerus word om die tieners van die

gemeente hierin te kan begelei. Die woorde van Jesus klink vreemd en skerp op die oor as Hy sê: *“As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe”* (Lukas 14:26). Jesus verwerp nie hier die nukleêre gesin nie, maar verwys hier na die ewige huisgesin van God, die broers en susters in Christus. Maar wat van tieners wat nie in Christelike gesinne opgroei nie? *“In many ways, family-based youth ministry has particular benefits for those whose parents are outside the church. Youth who come from non-Christian homes especially need a circle of adult Christians to model the Christian life for them”* (De Vries 1995:67).

Clark (1997:46-47) gee sewe eenvoudige stappe om 'n gesinsgebaseerde jeugbediening te begin: (1) Begin stadig, want vir die meeste sal dit 'n nuwe idee wees. (2) Maak 'n lys van ondersteuningsbronne voor daar begin word, want verandering is selde maklik en baie mense bied weerstand daarteen. Kry genoeg persone om hierdie taak saam aan te pak, sodat dit nie 'n alleenmanspel word nie. (3) Beplan vir die klein dingetjies soos tyd, vervoer, geld. (4) Ontwikkel 'n kalender-sensitiewe mentaliteit. 'n Probleem wat baie kerke het, is dat die persone binne verskillende bediening nie werklik bewus is hoe dit ander bedieninge raak nie. Daar moet iemand wees wat holisties na die hele gemeente se program kyk sodat die gemeente as geheel gesinsvriendelik bly. (5) Gaan 'n verbintenis aan voor jy begin. 'n Wegbeweeg van die tradisionele bediening na 'n gesinsgebaseerde jeugbediening is nie iets wat net vir 'n rukkie beproef kan word nie. Dit is 'n fundamentele verandering. Sekerheid moet bestaan hoekom dit gedoen moet word, hoe dit gedoen gaan word en met wie dit gedoen gaan word. Daar is nie werklik 'n terugdraai na die tradisionele model nie. (6) Waag berekenbaar wanneer nuwe nie-tradisionele idees ingefaseer word. (7) Kyk na verskillende maniere om iets ouds te vernuwe.

Hierdie modelle vir 'n groter sigbaarheid van die kerk in die samelewing is bedoel vir geestelike leiers wat daartoe reeds deur God verander is. Hulle moet kreatief, bemagtigers, nuuskierig, waaghalsig, inklusief, rusteloos, optimisties, self-krities en vergewensgesind wees.

**9.12.2 ‘n Tienergesentreerde gesinsbediening**

Jeugbediening gaan in die geskiedenis deur fases van ongeveer 50 jaar. *“In each cycle the participants and observers sensed that God was doing something exciting and they felt privileged to be a part of that moving of the Spirit* (Senter III:1992:82). Die jeugbediening is tans besig om in ‘n volgende siklus in te beweeg. Tieners verkeer tans in die netelige posisie van ouers wat binne die onsekerheid van hul rolle as ouers en opvoeders vasgekeer is (vgl Senter III 1992:152). As daar nie in hierdie tyd op tienerbediening gesentreer gaan word nie, gaan tieners al hoe meer met eie klubs begin waar hulle selfs op radikale wyses tot verhaal wil kom – selfs met die gebruik van dwelms. Die film *“The Breakfast Club”* is ‘n voorbeeld van ‘n poging waar vyf leerders wat nooit met mekaar onder normale omstandighede sou sosialiseer, begin sosialiseer deur hul eie beskouings te verdedig en die sosiale groepe van die ander groepslede te kritiseer. Die uiteinde van hierdie hewige debat was ‘n onderlinge verbintenis (Senter III 1992:139). Die doel van tienerbediening is om dit te volg wat God in en deur die gesin doen. Die tienerleier rus ouers en die tieners toe om 'n omgewing van geestelike volwassenheid te kweek en te onderrig binne die konteks van die gesinsisteem. Vanuit 'n histories-tienerbedienings-raamwerk gesien,

is 'n tienergesentreerde gesinsbediening die mees radikale model van almal. Die gesin is die sentrale punt van bediening en vandaar word op die hele gemeente gefokus. Die veronderstelling is, as die gesin versterk word, sal die tieners binne die gesin ook versterk word en verteenwoordigers in die koninkryk van God word (vgl Gen 1:26).

Tienergesentreerde bediening verlang die verkenning van die jeugsubkultuur, die volwassekultuur, postmodernisme en die ekologie van tieners. Dit vra na inklusiwiteit en ‘n komprehesiewe benadering as keuse teenoor die tradisionele onderskeidings van tienerbediening (vgl Nel 1998:77). Tienerbediening kom neer op ‘n omvattende bediening teenoor ‘n geïsolleerde para-kerk-model waarin daar tans baie frustrasie bestaan.

Om in ‘n gemeente by ‘n inklusiewe tienerbediening uit te kom, vereis besinning en beplanning vir sodanige gesinsbediening wat ook op die tiener fokus. Dit word onder die volgende vyf punte bespreek.

### 9.13 Die vyf vlakke van gesinsbediening

Die stappe vir gesinsbediening het 'n bepaalde verloop oor die langtermyn wat deur die volgende vyf vlakke vir gesinsbediening verhelder word. Dit begin by 'n eenvoudige en een geleentheid per jaar en neem daarna vorm aan totdat 'n holisties-geïntegreerde benadering bereik word. Gesinsbediening ontwikkel nie in alle gemeentes ewe vinnig nie. Dit hang nie van een persoon of 'n model of program af nie, maar van die beskikbare bronne en persone wat die visie vinnig snap of reeds lankal wag dat daar 'n sistematiese en effektiewe bedieningspatroon in die gemeente sal ontwikkel. Die vlakke soos dit vorder, vra al hoe meer verbintenisse. Hierdie vlakke lyk kunsmatig, maar dit word as 'n beginpunt aanbeveel. Sommige vlakke kan binne 'n kort tydjie realiseer, maar daar moet egter nie te vinnig van een vlak na die volgende beweeg word nie. Ouers en tieners en ander lede van die gemeenskap moet geleentheid kry om eers die visie duidelik in te sien voor 'n missie ter sprake kom. Die rede vir hierdie vlakke is maksimum betrokkenheid. (1) By vlak een word met een of twee gesinsessies per jaar begin. Dit is die eenvoudigste en maklikste vlak waar een of twee geleenthede per jaar geskep word om saam oor geloofsbeoefening, ouerskap en kommunikasie in gesinsverband te konfereer. Dit help die lidmate om oor die gesin na te dink en moedig leiers aan om gesinne meer effektief te hanteer. Sessies vir gesinne afsonderlik kan ook reeds op hierdie stadium benut word vir meer persoonlike insette. (2) Vlak twee vloei uit vlak een se gesprekke en leiers begin om op die behoefte aan gesinsbediening te fokus. Hulle begin aandag skenk aan die bewusmaking van sodanige bediening in die gemeente wat onder andere bestaan uit huweliksverryking, werkswinkels vir ouers, gesinskampe en toerusting van leiers om hierdie bediening te hanteer. (3) By vlak drie vorm die leiers wat hulself aan 'n gesinsbedieningsmodel verbind het 'n gesinsbedieningskomitee of taakspan. 'n Voltydse professionele gesinsbedienaar is 'n ideaal om die gesinsbedieningskomitee te lei. Hierdie komitee maak die hulpbronne soos beraders en toerusting om aandag aan tieners se behoeftes te skenk, bekend. Hierdie komitee werk terselfdertyd aan 'n gemeenskapsgerigte bediening. Tieners en hul ouers moet by hierdie komitee ingesluit word. (4) By vlak vier word gevorder na interaktiwiteit en die opbou van gesinne. Op hierdie vlak begin gesinne nader aan mekaar beweeg om saam in gesprek te gaan oor hul behoeftes en metodes om dit te hanteer. Werklike

probleme word in die lig van nuwe vaardighede bespreek. Hierdie vlak vra ook 'n hoër vlak van verbintenis en 'n hoër graad van bekwaamheid van die leiers om oor meer persoonlike sake te gesels soos egskeiding, mishandeling of die leë-nes-sindroom. Dit sal ook die res van die gemeenskap geïteresseerd maak en intrek in die gemeente se nuwe bedieningstyl. Clark (1997:79-89) sê elke gemeente moet 'n funksionele geestelike atmosfeer hê. Die moontlikhede is oneindig en kan die volgende geleenthede insluit: vader-kind- of moeder-kind-retraite, 'n diensbaarheid-Saterdag om behoeftiges te dien, gesinsvideo-aand om gunsteling video's te vertoon, gesinskampe om aan ouer-kind-verhoudings te werk en betrokkenheid van jeug en bejaardes te bespreek. (5) By vlak vyf word 'n holisties-geïntegreerde gesinsbediening beoefen. Op hierdie vlak word alles moontlik vir gesinsbediening gedoen teen die agtergrond van wat reeds tot op hierdie stadium bereik is en ook misluk het. Teen hierdie tyd is daar reeds talle toegeruste persone van binne en buite die gemeente wat betrokke geraak het om sake soos langtermyn siektes, rousmart, geweld en ander krisisse te hanteer. Op hierdie vlak word 'n gemeenskapsgerigtheid al hoe meer 'n moontlikheid.

Hierdie vyf vlakke om gesinsbediening te benader, is noodsaaklik om vanuit en in hierdie proses 'n tiener- en gesinsbedienignsmodel te formuleer.

### 9.14. Die formulering van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel

#### 9.14.1 Modelle

***1. Basiese modelle:*** Pieterse (1993:159-160) verwys na duidelike onderskeibare modelle wat in die omloop is: die homiletiese model, die kultiese model, die kommunikasiemodel, die revolusionêre transformasiemodel en die charismatiese liggaamsmodel. Hendriks (1992:14-34) meen die vier heersende ekklesiologiese modelle is die instituutmodel, die verkondigingsmodel, die liggaamsmodel en die transformasiemodel. Smith (1998:103) beweer: *"Practical programs that work to rebuild families will need to model the best theological, psychological, and sociological principles. The breakdown of the family did not begin in isolation, and its restoration will require a holistic understanding of intra- and interpersonal dynamics".* Die formulering van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel vereis dus bepaalde beginsels asook 'n deeglike kennis van die situasie waarin gesinne herbou moet word asook kennis van die behoeftes in die gesinne en die gemeenskap. Pieterse (1993:159) meen dat die beste keuse vir die konteks van vandag die liggaamsmodel is, want daarin geskied simmetriese kommunikasie, die opboumotief staan sentraal, groepsbediening kom tot sy reg, dit het geestelike volwassenheid en spiritualiteit ten doel, dit bied diepgaande koinonia en eenheid in liefde en dit is ook 'n model wat sigself as deel van die samelewing sien en sosiaal en polities ruimte skep vir die gemeente se taak in die samelewing. In hierdie navorsing sal meer op laasgenoemde rede vir die liggaamsmodel as keuse klem gelê word.

***2. Keuse van 'n model:*** Schippers (1988:148-149) rig woorde van waarskuwing oor 'n gemeenskapsgerigtheid wat in die formulering van die gesinsbedieningsmodel in ag geneem moet word. Daar moet 'n verskuiwing van magsposisie in die kerk na beskeidenheid saam met ander plaasvind. Die kerk moenie in die bespreking van kerk en samelewing verberg word nie. Die konsep kerk-samelewing kan misleidend

wees in die sin dat politiek, organisasies en die plasing van die kerk in die samelewing meer aandag kan kry as die individu. Nie die teorie nie, maar die saak moet bepaal watter model in watter situasie gebruik gaan word. Voorkeur word gegee aan ‘n model wat op ekumeniese vlak in die breedste sin met ander vennote in die gemeenskap kan saamwerk. Die brugfunksie-model is belangrik en moet versigtig oordink word, want bemoeiing met die politiek is altyd spesifiek, maar die kerk het meer te doen as dit. Die problematiek in die gesin, gemeente of gemeenskap moet bepaal watter strategie gevolg gaan word.

### 9.14.2 Vier beginsels vir die formulering van 'n gesinsbedieningsmodel

***1. ‘n Verenigde visie:*** Benson (1997:112) beweer: *“We are currently a culture that easiliy falls victim to divisiveness. It gets in the way of community building”.* Gemeenskapsbou beteken om al die bronne en persone so ver as moontlik saam te laat werk vir 'n gesonde gemeenskap. 'n Verenigde visie in die gemeenskap moet in gesinne begin. Elke gesin moet eers 'n Christelike visie van die gesinslewe as die belangrikste sisteem in die gemeenskap ontwikkel. Die gesin het 'n unieke identiteit en missie om sy taak en verantwoordelikhede te realiseer.

***2. Die gesin as ontwikkelende sisteem:*** Die gesin is nie 'n kollektiwiteit van individue nie, maar 'n lewende en ontwikkelende sisteem met lede wat onontbeerlik onderling verbonde is. Dallos (1999:176) meen om 'n komprehensiewe beeld van die gesinslewe te kry, moet die volgende drie vlakke gesamentlik as interne en eksterne verhoudings oordink word: (a) die sosiaal-kulturele met betrekking tot wat aanvaarbaar is, (b) die familiale gesinsbesprekings en internalisering van 'n kulturele diskoers en (b) dinge waarin elke gesinslid persoonlik glo.

***3. Gesinsdiversiteit:*** Elke gesin het 'n unieke gesinsdiversiteit. Demo en andere (2000:1-2) meen: *“There are many different types of families, with many different needs, and many different ways of meeting these needs. Family diversity is a way of characterizing the variability within and among families”.* Die diversiteit in struktuur, ekonomiese status, spesiale behoeftes, etniese en godsdienstige erfenis en die invloed van gemeenskaplike verloop van gebeurtenisse het 'n uitwerking op die rolle en aktiwiteite van die gesinne.

***4. Verhouding met sosiale omgewing:*** Daar bestaan tussen elke gesin en sosiale instellings deelgenootskap. Louw (1989:13) sê: *“Daar bestaan ‘n intieme verband tussen die gesin en die sosiale omgewing. Die gesin self is immers ‘n klein sosiale eenheid binne die groter geheel van verhoudinge en omgewingsverbande. … Die gesin reflekteer die waardes, houdinge, gesindhede en styl van ‘n bepaalde groep of kultuursituasie”.* Dit is nodig dat deelgenootskap gevorm word tussen gesinne en die institute wat deel het aan die gesin se verantwoordelikheid.

Hierdie vier beginsels sal in die tiener- en gesinsbedieningsmodel op 'n eie unieke wyse vertolk en in hul gesinsverband integreer word. Die dinamiese krag is nie in die model self geleë nie, maar in die aktivering daarvan deur die Gees van God. Die model is bloot 'n kanaal waardeur die hermeneutiese proses pneumatologiese tot handeling kom (vgl Strommen en Hardel 2000:21).

### 9.14.3 Die behoeftes, gawes en talente van tieners

(Vgl paragraaf 8.4.3 – Die behoeftes van tieners) Dit is sinvol en noodsaaklik om wetenskaplike bevindings oor tieners se behoeftes in die formulering van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel te verreken. Benson (1997:130) beweer in terme van gemeenskapsontwikkeling is dit belangriker om met jongmense se gawes, talente, kennis en bekwaamhede te begin as met bepaalde behoeftes wat bevredig moet word.

Prins (2000a:24) vermeld die volgende gevolgtrekkings uit 'n tienerondersoek waarby 331 tieners uit 16 gemeentes van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika betrokke was asook 'n ondersoek in die VSA onder 2000 jongmense wat die kerk verlaat het: Doelbewuste aandag moet gegee word aan die toerusting van die jeug om as Christene in 'n pluralistiese samelewing te leef. Daar is 'n behoefte aan leiding en toerusting tot die realisering van Christelike naasteliefde. Tieners behoort gehelp te word om in diensaksies betrokke te raak. Die jeugaksies kan 'n belangrike rol speel om tieners bewus te maak van nood in hulle eie omgewing en om 'n gesindheid van empatie te ontwikkel. Die jeugbediening slaag nog steeds te min daarin om die jongmense in dienswerk te betrek. 'n Ondersoek in die VSA onder 2000 jongmense wat die kerk verlaat het, het aangetoon dat die belangrikste rede die gebrek aan geleenthede was om sinvol betrokke te wees. Daar is 'n sterk behoefte aan verhoudings. Prins (2000a:24-25) verwys na Dubley en Laurent wat sê dat daar bevind is dat verhoudings met predikante en die geleentheid om betrokke te wees, dié faktore is wat die sterkste verband toon met tieners se houding teenoor godsdiens.

Die behoeftes van kinders vanaf die aanvang van hul tienerjare verander binne enkele jare dramaties namate hulle fisies, seksueel en emosioneel verander. Preto (1999:280) meen: *"The adolescent's demands for greater independence tend to precipitate structural shifts and renegotiation of roles in families involving at least three generations of relatives".* Die gesinstrukture en organisasie in die gesin moet aangepas word van beskerming en vertroeteling van klein kindertjies tot 'n voorbereidingsentrum vir adolessente wat die wêreld van volwasse verantwoordelikhede en verbindtenisse moet binnegaan (vgl Preto 1999:274).

## 9.15 Die struktuur van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel

Voor die brug na die gemeenskap gebou kan word, moet die struktuur en eienskappe daarvan vir die bouers bekend wees asook waarheen die brug mense neem.

### 9.15.1 Induktiewe opvoedingsmetodiek

Boran (1996:15) sê daar moet duidelikheid bestaan oor waarheen die model die jeug wil neem. Die doel kan baie gering of oppervlakkig wees. Dit kan ook meer veeleisend en vrysinnig wees. Die godsdiensopvoeding in die kerk moenie 'n formele opvoedingstyl soos by die skool handhaaf nie, byvoorbeeld die gebruik van bywoningsregisters, straf vir afwesigheid, toetse en eksamens nie. Opvoedkundiges word opgelei vir formele opvoeding. Dit kan 'n institusionele metode genoem word. Sulke persone pas moeilik by 'n informele metode aan. Die deduktiewe metode om 'n

klas aan te bied werk goed in 'n skoolsituasie, maar nie vir geloofsbemiddeling nie. In 'n informele situasie word 'n induktiewe metode verkies wat by tieners se eie lewensituasie en godsdiensbenadering begin. Janssen (2003:15) verwys na die Franse sosioloog, Danièle Hervieu-Léger wat die moderne gelowiges as pelgrims beskryf. Janssen (2003:15) meen: *"Hun godsdienstigheid is vrijwillig, zelf gekozen, individueel, voorlopig, in beweging en accidenteel".* Hierdie karaktisering van die huidige geslag dui op 'n meer informele godsdiensbeoefening en daarom word die induktiewe metode voorgestel. Dit is die metode wat Jesus gebruik het, byvoorbeeld toe Hy saam met die Emmausgangers op pad was (Luk 24:13-35) (vgl Boran 1996:17-18). Tieners word dus op 'n ontdekkingsreis in die geloofswêreld geneem om tot geloof te kom. Hulle kyk weer na die maan en stêrre, die berge en riviere, die pad wat God reeds met die mensdom geloop het om binne die huidige postmoderne konteks tot verhaal te kom deur hul eie verhaal aan die historiese verhaal en skeppingsopenbaring van God te verbind. Die nie-formele metode is nie beperk tot 'n gemeente nie, maar is in besonder effektief in skole of by kampe (vgl fokusgroepe by paragraaf 9.19.1 (3)).

### 9.15.2 'n Holistiese benadering

(Vgl diagram 75: *'n Holistiese benadering vir 'n tienerbedieningsmodel*) Met 'n holistiese benadering word bedoel 'n bediening wat nie net die geestelike lewe beklemtoon nie, maar ook aandag skenk aan die stoflike en psigiese behoeftes van tieners en die lede van die gesin, lidmate van die gemeente en gemeenskapslede. Daar moet egter tussen die verskeie behoeftes en die hantering daarvan onderskei word, maar 'n holistiese perspektief moet ook ten alle tye behou word sodat prioriteit aan die verskillende behoeftes gegee kan word. Hierdie benadering is veral van belang wanneer die groot verskeidenheid van behoeftes in die gemeenskap gehanteer moet word. Soms sal die intellektuele behoeftes prioriteit geniet, maar soms is die invalshoek van geloofsbemiddeling weer stoflik of emosioneel van aard. Nel (1998:121) meen: *"Wanneer jeugleiers hierdie omvattende insig mis, raak hulle met dele van die geheel besig asof dit die geheel is"* (vgl Nel 1998:83-88 – verweefde en omvattende bedieninge). Met 'n holistiese benadering gaan dit selfs oor meer as al die bestaande bedieninge in die gemeente. Dit gaan ook oor die rol en diens van alle sektore in die gemeenskap. Benson (1997:207) gebruik die terme *"secondary socializing systems"* om hierdie sisteme te onderskei van skole, gemeentes, jeugorganisasies en woonbuurte. Hierdie sektore val binne die kategorie van staat en markplein (vgl paragraaf 9.4.5 (3) en (4) asook diagram 18: *Samewerking tussen kerk, staat en markplein*). *"One of the areas of surprisingly strong interest in asset building is the business sector in communities"* (Benson 1997:209). Van die ander sektore wat Benson (1997:210-223) as deel van die ontwikkeling van 'n gesonde gemeenskap beskou, is gesondheidsdienste, die staat – plaaslike en nasionale regering, die verskillende plaaslike stigtings en die media (vgl paragrawe 6.7; 6.8.3; 8.3.6 tot 8.3.11 en 8.4.3).

### 9.15.3 Tienerbediening met 'n metamorfiese karakter

Du Toit (2001:6-7) verwys na die verskuiwings of metamorfose wat tans in jeugbediening aan die gang is en wat bydra tot 'n meer holistiese en inklusiewe benadering in die jeugbediening (vgl diagram 75: *'n Holistiese benadering vir 'n tienerbedieningsmodel*). Daar is 'n beweging aan die gang weg van programme na

persone, prosesse en verhoudings. In die jare sewentig het jeugwerk op die inhoud van programme gekonsentreer, om kategeseleerplanne deur te werk en die items op 'n kalender af te handel. In die nuwe millennium is die bou van verhoudings egter belangriker. Tans word gewerk aan prosesse wat kinders se verbintenisse en koinonia in 'n gemeente bevorder. Dit is prosesse wat al die lidmate laat besef dat hulle daar is om mekaar te bedien.

Die klem val al minder op generasiegaping en meer op generasie-integrasie. Tienerbediening kan nie in isolasie bestaan of oorleef nie daarom moet die tienerbediening in die gemeentebediening ingesluit word en 'n gemeenskapsgerigte bediening ontwikkel word waar tieners woon, skoolonderrig ontvang en ontspan. Nel (1998:77-97) beklemtoon 'n inklusiewe gemeentelike benadering. 'n Paar dekades gelede het sommige gemeentes weerstand gebied teen grootmens-eredienste waarin kinders doodstil moes sit. Die alternatief was kinderdienste met 'n eie liturgie, musiek en boodskap wat op die kinders se vlak aangebied is. Omdat dit eerder die generasiegaping vergroot het, besef gemeentes tans dat generasies mekaar nodig het. Kinders leer nie net by volwassenes nie, dit werk ook andersom.

'n Beweging weg van 'n individualistiese na 'n sistemiese ingesteldheid word bemerk. In die afgelope dertig jaar is daar so op die individu gefokus dat die individue se onderlinge verbintenisse vervaag het. Elke kind het 'n sisteem waarin daar saamgeleef word. Die mense in hierdie sisteem vorm die kind en bepaal sy optrede. 'n Beweging van 'n gedeeltelike na 'n holistiese aanslag is dus aan die orde. Daar was tye dat die kind se geestelike lewe losgemaak is van ander fasette van sy lewe. Die kerk moet weer holisties na die kind kyk, na sy liggaamlike, psigiese en geestelike ontwikkeling asook die linker- en regterbreinontwikkeling. Dit maak 'n beweging van teoretisering na praktisering noodsaaklik. Die gespreks-geleenthede in die kerk word al hoe meer, die notuleboeke met 'n onuitgevoerde agenda al hoe dikker, die boekrakke al hoe voller, maar die relevansie van die kerk in die samelewing neem nie dienooreenkomstig toe nie. Daarom moet die klem meer op die praktisering val as voorheen. Dit vereis 'n beweging van feite na verhale, simbole en rituele. In die verlede was predikante wat stories vertel het, dikwels in onguns omdat hulle nie pitkos preek nie. Nou leer ons mense om stories op die regte manier te vertel sodat die hoorders in die skoene van die hoofkarakters kan klim. Geestelike leiers wat simbole in die kinderbediening gebruik het, is aangespreek omdat kinders nie simbole kan verstaan nie. Die kerk raak al hoe meer daarvan bewus dat kinders wel tot beter insig kom deur simbole en rituele. Simbole is dus nodig, nie vir illustrasies nie, maar vir identifisering en praktisering. Daarom is daar nou ook 'n beweging nodig van kennis na toepassings. Kategeseboeke het die omgang met die Bybel verskraal. 'n Paar jare gelede is 'n enorme hoeveelheid teorie gehanteer voordat mense toegelaat is om iets in die praktyk te vermag. Tans leef die begrip ervaringsleer en die narratiewe benadering op talle lippe. Barmhartigheidswerk word geleer deur dit te doen. Jongmense moet dus toegelaat word om eers in die praktyk betrokke te raak voordat daar besinning oor die "hoe" kan plaasvind (vgl diagram 63: *Die komponente van geloofsontwikkeling in die gemeenskap* en die bespreking by paragraaf 9.5.1).

Hierdie verskuiwings vra ook om van een leerstyl na meer leerstyle te beweeg (vgl paragraaf 9.5.2 (3), leer deur ervaring en die vier basiese leerstyle). 'n Paar jaar gelede is hoofsaaklik van 'n verbale en nie-verbale aanlegonderskeiding gebruik

gemaak. Jung (1964:20) het reeds drie dekades gelede gesê: *"Man uses the spoken or written word to express the meaning of what he wants to concey. His language is full of symbols, but he also often employs signs or images that are not strictily descriptive".* Mense was nie werklik daarvan bewus dat hulle ook wel in 'n groot mate deur die nie-verbale kommunikeer nie. Wetenskaplike en praktiese teologiese navorsing het 'n bewustheid geskep dat daar van meer leerstyle gebruik gemaak moet word om kennis te kommunikeer en te absorbeer. Dit sluit in die verbale, prente, musiek, liggaamsbewegings, gesels, stille nadenke en die natuur. Babin (1991:70) meen: *"In the media age, it is not just the functioning of religious education itself that is called on to change. Even the presentation of the message must be modified".* Geloofsbemiddeling in die postmoderne tyd is weens die algemene benutting van tegnologiese middele al hoe meer van die gebruik van hierdie verskeidenheid van leerstyle, simbole en rituele afhanklik om werklik die evangelie te kan kommunikeer.

Die verskynsel dat minder van boeke en meer van elektronika gebruik gemaak word, is bekend asook 'n beweging van woorde na ikone of simbole. Die uitdaging is om die evangelieboodskap in elektroniese taal te vertaal, sodat kinders dit in hulle kommunikasievoorkeur kan ontsluit. Die geleentheid is ryp om deur rekenaarsimbole oor taalgrense heen met mekaar te kommunikeer en geloof te bemiddel. Gesprekke wat voorheen uitsluitlik plaaslik geskied het, verskuif nou na die internasionale terrein. Mense praat nou oor die lengte en breedte van die wêreld met vriende in rekenaar-geselskamers. Idees, waardes en gebruike spoed in breukdele van 'n sekonde om die aardbol. Die internet word reeds as geloofsbemiddelaar gebruik om die boodskap van Jesus wêreldwyd uit te dra.

### 9.15.4 Tienerbediening in 'n nie-bedreigende omgewing

Daar is reeds verwys na die vinnige veranderinge wat in die wêreld aan die gang is en hoe dit die plaaslike kultuur en godsdiens beïnvloed. Barna en Hatch (2001:115) verwys in hul studie oor kulturele skuiwe na die situasie soos volg: *"In a decade when everyone's lifestyle will be so uniquely representative of themselves that there will not be 'lifestyle patterns' per se, Christians will nevertheless have continual opportunities to show what a difference their faith makes in coping with the omnipresent chaos".* Tienerbediening in 'n nie-bedreigende omgewing is die ideaal en is belangriker as programme. Maar die gemeenskap sluit vele bedreiginge vir die tiener in en om met 'n gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening te werk, klink in hierdie sin na 'n kontradiksie. Met nie-bedreigende omgewing word bedoel die omhulling van tieners deur 'n skaar gelowiges en onderlinge steun vir mekaar om in 'n bedreigende wêreld steeds as Christen relevant te bly. Tienerbediening is 'n spanbediening. Daarom is die mees aangewese en Godgegewe nie-bedreigende span die huisgesin, alhoewel dit nie in werklikheid altyd die geval is nie vanweë die huidige gesinsproblematiek (vgl paragraaf 4.3). Binne die gesinsverband moet die beginsel gehandhaaf word dat tienerbediening en tienerontwikkeling, deur ouers in die gesin en medetieners as gelowiges in die portuurgroep omsluit en ingesluit word. Al die talente, gawes en waardes word binne elke gesin en tienergroepering saamgesnoer om mekaar te bedien, te ondersteun en te beveilig teen die bedreigende omgewing, maar tog moet daar ook 'n brug na hierdie omgewing gebou word om die geloofsinhoud oor te dra. Wat vra God van gesinne en tieners in 'n postmoderne multikulturele globaliserende wêreld? Hoe moet die model lyk en met watter gesindheid moet dit ingefaseer word?

Barna en Hatch (2001:305-311) gee ‘n paar benaderinge vir hierdie probleem: (1) Verkry die regte perspektief deur die tye te verstaan en met die Woord van die waarheid na die wêreld te gaan – 1 Kronieke 12:32 & Johannes 17:15. (2) Verkry die regte fokus – nie om roem of eer te bekom deur die verbeterings wat in gesinne, gemeentes of in die gemeenskap gaan kom nie, maar hoe God deur dit alles verheerlik gaan word. Daarom moet daar ‘n volle vertroue op God wees wat Hom na die wêreld in sy nood deur Jesus Christus gedraai het – Spreuke 3:5-6; Matteus 6:33; 22:37-39. (3) Dink na oor hoe om teenoor die wêreld te reageer, deur die denke te laat verander (Rom 12:2), die geloofsinhoud van die Woord in die wêreld uit te leef (Jak 2:17-18) en so die vrug van die Gees sigbaar te laat word (Gal 5:22-23). (4) Die regte verwagtings moet gekoester word, naamlik dat daar weerstand gaan wees (2 Tim 4:3-4). (5) Ontwikkel die regte model en dit gaan nie die werk makliker maak nie, maar vereis dat elkeen sy kruis sal opneem (Mat 10:38-39), maar dat daar ook die vreugde van groter eensgesinheid en goedgesindheid sal wees (Hand 2:42-47).

### 9.16. 'n Konseptuele model

(Vgl diagram 19: *'n Konseptuele model vir tiener- en gesinsbediening*) Die uiteensetting van Strommen en Hardel (2000:12) is aangepas om beklemtoninge in hierdie navorsing duideliker te stel.

**9.16.1 Ondersteuningskomponente:** Vier belangrike komponente of pilare word gebruik om die tiener, gesin en gemeente te ondersteun in die uitdra van die blye boodskap na die gemeenskap.

***1. Versterking van gesinsverhoudings:*** Die gesinsverhoudings word versterk om in die gemeenskap ‘n voorbeeld te wees van eenheid in God. Die Christendom moenie toelaat dat daar slegs 'n negatiewe of monologies beïnvloeding vanuit die omringende kulture na die gemeente en in die gemeenskap sal plaasvind nie. Om dit dus vir gesinne en tieners moontlik te maak om binne die gemeenskap Christelike waardes uit te dra en op te bou, moet gesinsverhoudings versterk word.

***2. Geloofgesentreerde Christelike opvoeding:*** Om die geloofsinhoud met mekaar, die res van die gemeente en gemeenskap te deel, word geloof op ‘n bepaalde wyse aan die tiener en gesin bemiddel sodat die geloofsinhoud na die multikulturele gemeenskap uitgedra kan word om daar as mededingende Christelike kultuur ‘n rol te kan speel in die Koninkryk van God. (Vgl diagram 76: *'n Geloofsbemiddeling-struktuur vir tiener- en gesinsbediening*) Die openbaring van God se blye boodskap deur die Bybel en skepping moet aan die volgende geslag en gemeenskap oorgedra word. Daar is verskillende maniere om geloof te bemiddel, maar kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik verbaal en nie-verbaal (vgl ook diagram 44: *Verbale en nie-verbale openbaring*). Die verbale geloofsbemiddeling geskied deur middel van die gedrukte en gesproke woord plaas. Die nie-verbale geloofsbemiddeling deur middel van simbole, rituele en ervaring ondersteun die verbale geloofsbemiddeling tot groter effektiwiteit om tot geloofshandeling te kom. Die gesin word bewus gemaak word van 'n meer sigbare en tasbare gesinsbediening met ervaringe, simbole en rituele. Die gesinsbediening moet dinamies aangebied word om tot geloofsvorming te kom, maar dit moet veral as geloofsbemiddelingstruktuur dien wat die nodige ondersteuning bied om op 'n

praktiese wyse die geloofsinhoud tot handeling in die alledaagse lewe te bring wat kommunikatiewe geloofshandelinge genoem word.

***3. Gemeente as gesin:*** Die visie van die gemeente as gesin moet by die gesin en in die gemeente gevestig word. Die gemeente as gesin moet in hierdie proses van gemeenskapsgerigtheid op 'n spontane wyse deur 'n gemeenskaplike projek tot insig gelei word dat die gemeente 'n uitgebreide en uitnodigende gesin vir almal is waarbinne onderlinge steungewing kan plaasvind.

***4. Skep van 'n Christelike jeugsub-kultuur:*** Omdat die tiener die geleentheid kry en bemagtig word om in die gemeenskap betrokke te raak as verteenwoordiger van God in sy koninkryk word 'n Christelike jeug-subkultuur vir hierdie spesifieke opdrag geskep. 'n Jeug-subkultuur moet na vore kom vanuit die gemeentekultuur en dit beteken dat die gemeentekultuur eers verander moet word voor daar sprake van 'n jeug-subkultuur kan wees. Strommen (1997:67) meen: *"Such a change may require a deliberate change in the pastor's style of leadership".* Hierdie jeugsubkultuur sal met ander nie-Christelike of buite-kerklike jeug-subkulture en die breë gemeenskap in aanraking kom om daar die gemeentekultuur of Christelike kultuur te proklameer om sodoende die gemeenskap se kultuur 'n Christelike basis te gee.

### 9.16.2 'n Model vir die beplanningsfase

(Vgl diagram 77: *'n Konseptuele model vir die beplanningsfase van gesinsbediening*)

***1. Bespreek kultuurverandering in gemeente:*** Die model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid vereis 'n kultuurverandering in die gemeente. Die kultuurverandering en model vir gesinsbediening moet by die gesinsbedienaar en sy gesin begin. Dit vind volgens Hebbard (1995:218-239) op ten minste vyf vlakke plaas om die persoonlike, pastorale en organisatoriese komponente in die plaaslike gemeente te verander en te beoefen (vgl diagram 78: *Vyf bedieningsvlakke vir die plaaslike gemeente*). Die predikant of gesinsbedienaar se beskouing van homself, die gesin, die vrywillige gesinsbedienaars, formele en informele leierskapstrukture en die kerksisteem as sodanig in die gemeente met betrekking tot gesinsbediening is van wesenlike belang. Op hierdie vyf vlakke sal daar voortdurende veranderinge wees soos die gesinsbedieningsmodel ontwikkel, ingefaseer en evalueer word. Die een vlak word deur die ander beïnvloed, byvoorbeeld as daar nie 'n goeie gesindheid in die predikant se gesin heers nie, sal dit die gesinsbediening in die hele gemeente beïnvloed. Die vrae by elke vlak moet binne die gesinsbedieningsmodel verreken en beantwoord word (vgl vraelys 1: *Vrae vir die vyf bedieningsvlakke in die plaaslike gemeente*).

Gesinsbediening moenie gesien word as nog 'n bykomstige bediening in die gemeente nie. Dit is in wese 'n komprehensiewe bediening wat 'n verweefdheid van bedieninge veronderstel (vgl Nel 1998:83-84). Gesinsbediening moenie geleentheidsgeoriënteerd wees nie, maar inklusief en verhoudingsgeoriënteerd. 'n Tipiese een-keer-per-week-skeduele moet vermy word. Ontwerp diskrete groepe met gemeenskaplike belange wat hul eie plek, tyd en funksie in die gemeente en gemeenskap vind. Verhoed die begin van programme wat te ambisieus klink by die aanvang van gesinsbediening. Moenie met 'n benadering begin dat alles klaar vir gesinsbediening opgestel is nie. Laat die leiers en lidmate van die gemeente toe om

self aan die gesinsbedieningsraamwerk te werk. Waak teen 'n oordrewe gesinsingesteldheid wat ander werksaamhede van die gemeente kan benadeel.

> Some church leaders suggest that our churches can become too family-centered. Christians can become so wrapped up in their family life that it becomes a form of idolatry. Evangelical Rodney Clapp calls this hyperfamilism, which is the tendency to spend so much time enriching family life that one has little regard for other important responsibilities, especially those related to the work of the church. When church members become to involved in their families that they neglect building close relationships in the church, single people may suffer because they need intense participation in church life and activities.
>
> (Sell 1995:75)

***2. Stel 'n leierskapspan saam:*** (1) Die kerkraad moet kontrole uitoefen oor die huisgesin as primêre plek van geloofsbemiddeling. (2) 'n Bedieningskoördineerder word aangestel. Hierdie persoon is verantwoordelik om al die bedieninge met mekaar te koppel asook aan die verskillende lewensfases van die kinders, tieners en volwassenes. Elke bediening het 'n persoon nodig wat die hart en siel daarvan is, iemand wat ywer vir die visie het. Hier word gedink aan 'n direkteur vir gesinsbediening met 'n gesinsbedieningstaakspan wat gesinsprogramme saamstel. (3) Plaas toerusting en die verskaffing van inligting hoog op die prioriteitslyd. 'n Gesinsbedienaar of –koördineerder is in die eerste plek iemand wat al bedieningsvlakke van die gemeente ondersoek en dienooreenkomstig toerus en inligting verskaf. Hy moet persone oplei om aktief in gesinsbediening betrokke te bly. Bybelklasse, kleingroepe, gebedsgroepe en kategeseklasse word besoek om gesprekke oor gesinsbediening te begin. Toerusting oor kommunikasie, geloof, die gesin, konflik, ouersorg en rolle is van die mees algemene temas vir gesinsbediening. (4) Stel 'n gesinsvriendelike leierskapspan vir gesinsbediening saam. Die leierskapspan kan baie tot 'n gesinsvriendelike gemeente bydra. Die volgende woorde van Jesus sê wat die geaardheid van hierdie leierskapspan moet wees: "Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe" (Mat.10:16). Die lede moet dus invloedryk wees, maar ook nederig en diensbaar. Hulle moenie self met allerlei geestelike probleme opgeskeep sit nie (vgl 2 Tim 2). Hierdie leierskapspan moet die verskillende bedieninge in die gemeente goed kan verteenwoordig. Hulle moet mense wees wat omgee. Die lede van die leierskapspan moet 'n goeie onderlinge verhoudig uitstraal (vgl Clark 1997:48-49). (5) Gesinsgeoriënteerde eredienste word ingestel. Dit bestaan uit tematiese, nie-lesingagtige dienste met dramas, gesprekvoering en gebedsversoeke.

Benson (1997:137) onderskei tussen twee basiese leierskapspanne. (1) Die visiespan wat die uitvoering van die taak aan die gang hou en ander organisasies en idividue betrokke kry. Hierdie span is gewoonlik formele en informele gemeenskapsleiers wat meer proses-georiënteerd is en as fasiliteerders optree en die oog op die visie en die toekoms hou. (2) Die strategiese leierskapspan ontwikkel en faseer planne in wat op die visie gerig is. 'n Belangrike stap in die beplanningsproses om die vernuwings op 'n langtermyn te handhaaf, is die saamstel van taakspanne om 'n plan vir elke bedieningsvernuwing op te stel. Hierdie taakspanne moet die gesinne goed verteenwoordig, want hulle moet bewus wees

van alle gesinsverwante behoeftes en sal 'n passie en visie vir gesinsbediening moet hê (vgl Sell 1995:349).

***3. Berei lidmate voor vir deelname:*** Strommen en Hardel (2001:292) meen: *"The first essential in fostering a congregation's readiness to respond is an atmosphere that frees people to participate in effecting needed change".* Lidmate moet die geleentheid kry om self 'n model vir die plaaslike situasie en behoeftes van die gemeente en gemeenskap te ontwikkel. Dit vereis dat die behoeftes van die gemeente en gemeenskap verken sal word en eers daarna kan 'n missie ontwerp word om die behoeftes aan te spreek. Die model wat in hierdie navorsing voorgestel word, is dus geen bloudruk vir 'n gesin, gemeente, kerk of gemeenskap nie. Die model vra wel pioniers, maar die insette of idees van die verskillende lidmate, ouers, tieners en ander persone wat gewillig is om 'n bydrae te lewer, moet erkenning geniet. Hierdie persone se bydraes word in die beplanningsproses met die nodige sensitiwiteit bespreek en verwerk sodat die maksimum lidmate in die gemeente in die taakspanne opgeneem kan word. Alhoewel die klem op beide taak en span val, word die gesin as minispan uitgesonder om saam met ander gesinne die gemeente as huisgesin van God te vorm en Hom as maksi-taakspan te dien.

***4. Verenig rondom behoeftes en waardes:*** Die uitgangspunt is nie om 'n program van stapel te stuur om almal se behoeftes spoedig aan te spreek nie, maar eerder om van behoeftes bewus te word deur goed te luister en ook by die res van die gemeente 'n oplettendheid vir mekaar se behoeftes te kweek. Dit gaan oor prominente behoeftes in die eerste plek: *"Evident needs are the needs of hurting people who are looking for help, the kind which a congregation can most easily understand and address"* (Strommen 1997:89). Thomas (1996:158) meen twee van die belangrikste dinge om te doen om die gemeente te evalueer, is (1) om 'n duidelike beeld van die behoeftes van beide die gemeente en gemeenskap te kry en (2) om die Godgegewe bronne raak te sien om die behoeftes aan te spreek. Om iemand se behoeftes aan te spreek, kan basies in drie fases verdeel word: (1) inwinning van informasie oor behoeftes, (2) die hantering van behoeftes – eers die kritiese en daarna die kroniese behoeftes en (3) die opvolgfase (vgl Thomas en Ahlen**,** 1999:70-71).

***5. Verkry 'n breë eienaarskap:*** Breë eienaarskap sluit 'n breë spektrum van mense in die gemeente en gemeenskap met hul onderskeie opinies en gesindhede in. Om werklik met 'n sinvolle tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid te kan begin, moet daar genoegsame tyd bestee word aan hierdie breë eienaarskap.

***** ***Vors die gemeente se geskiedenis na:*** Gemeentes wat met 'n gesinsbediening begin, moet hul historiese verloop evalueer. Die mense, gebeure en gesinsreëls van die verlede sal bydra tot die effek van gesinsbediening. Die belangrikste gebeure in die geskiedenis van die gemeente moet vasgestel word. Wanneer na genoeg lidmate geluister word, sal die korporatiewe verhaal van die gemeente gehoor word. Hierdie geskiedenis is belangrik om die lidmate van die gemeente en hul siening van die bediening te verstaan. Wat onthou hulle, net die slegte of ook die goeie? Het die gemeente 'n duidelik identiteit of is alles vaag? Alle geskiedenisse bestaan uit positiewe en negatiewe elemente. 'n Gemeente wat begin stagneer as gevolg van arm herinneringe is die gemeente wat gesinsbediening ernstig moet oorweeg. Die lidmate se seer sal eers hanteer moet word voor hulle bereid sal wees om na ander

se seer uit te reik. Die persoonlikhede en dit waarin die leiers van die verlede geglo het, speel 'n besliste rol (vgl Hebbard 1995:19-21). Die sosiale en politieke aangeleenthede rakende gesinne moet ook bestudeer word (vgl Sell 1995:352).

Vergelyk die kort bespreking van fokusgroepe by evaluering as moontlike metode om by behoeftes uit te kom wat nie noodwendig deur middel van 'n kwantitatiewe vraelys vasgestel kan word nie. Die volgende redes vir persone wat na hulp soek kan gebruik word om die enkele vrae vir 'n fokusgroep te vind: (1) 'n onvermoë by die persoon self om die probleem te hanteer, (2) omgewingsfaktore verhinder die persoon om die probleem te hanteer, (3) onbuigbare landswette vir immigrante en (4) ongelukke en rampe (vgl Ahlen en Thomas (1999:69-70). Die kwantitatiewe vraelys kan gebruik word om die aantal manlikes en vroulikes, ouerdomsver-spreiding, opvoedingsvlak, beroepe wat beoefen word, tydsbesteding, huweliksstatus, erediensbywoning, op watter terreine gesinne toegerus moet word, diens wat deur gesinne verlang word, ensovoorts vas te stel.

* ***Ondersoek die haalbaarheid van gesinsbediening:*** By onbekende planne kom die haalbaarheid daarvan gewoonlik ter sprake. Dit is dus belangrik dat die gemeente ook sal navors watter ander gemeentes met gesinsbediening besig is om 'n netwerk vir samewerking saam te stel. Dit kan moontlik die eerste teleurstelling wees om te ontdek dat daar min gemeentes is wat werklik met 'n deeglik beplande gesinsbediening besig is (Thomas 1996:87). Thomas (1996:141) beweer: *"Goals are powerful. They move people. At times, goals seem to have a life of their own, injecting energy into people and tasks".* Vir die prioritisering van doelwitte word 'n duidelike strategie verlang, naamlik hoe gaan die doelwitte bereik word. Gesinsbediening sluit in die vasstel van doelwitte en mikpunte wat gebaseer word op die evaluering van gesinsbehoeftes. Gesinsbediening vra vir haalbare doelwitte. Thomas (1996:142 meen daar is twee dinge wat goeie doelwitte van slegte doelwitte onderskei: *"… ownership and specificity".* Haalbare doelwitte is dus die doelwitte wat deur die gemeentelede self aanvaar word as goeie doelwitte. Geen gemeente kan die behoeftes van alle mense bevredig nie. Daar moet 'n prioritisering van doelwitte wees. Thomas (1996:143-144) beklemtoon die onderskeiding tussen doelwit – *"goal"* en begeerte of verlangde uitkoms – *"objective"*. *"An objective is a statement of aim. It identifies a desired outcome. But it isn't specific. It's general. … Goals are measureable, quantifiable. The more specific a goal is, the more power it has".* 'n Verlangde uitkoms kan net 'n goeie idee van iemand bly as dit nie deur 'n spesifieke duidelike doelwit gerig word nie. Daarom moet doelwitte met versigtigheid geëvalueer en geselekteer word. Om doelwitte te stel, laat die bediening op betekenisvolle mikpunte konsentreer (vgl Hebbard 1995:18-19). Na die infasering van die gesinsbedieningsmodel moet die model ook kwantitatief geëvalueer word. Daarom moet doelwitte meetbaar wees. Sell (1995:357-361) sê dat die visie en missie duidelik omskrywe moet word en met die res van die gemeente gedeel en aangevul sal word sodat elkeen deel daarvan voel. Strommen en Hardel (2000:285) noem die volgende belangrike doelwitte vir 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid: *"closer family relationships; closer relationships with God; a faith-focused Christian education; a congregational sense of family; Christian youth subcultures; healthier communities; the transformation of culture"* (vgl paragraaf 9.3 paradigmaverandering). Benson (1997:110-120) bespreek sewe belangrike doelwitte om waardes in 'n gemeenskap te ontwikkel, wat hy *"The human development infrastructure"* noem: *"a shared vision of positive development; shared norms and*

*beliefs; connections across socializing systems; everyday acts of asset building; engagement of organizations and systems; identifying, affirming and expanding current asset-building activities; introduction of new intiatives”*. Hierdie doelwitte moet in langtermyn en kortermyndoelwitte geklassifiseer word.

Die volgende komponente word gebruik vir 'n haalbare gesinsbediening: (1) Die ware behoeftes van die gemeente en gemeenskap word nagevors en gehanteer. 'n Deeglike nadenke oor en bespreking van behoeftes soos dit werklik in die gemeente as huisgesin van God voorkom en hoe die beskikbare bronne dit sal aanspreek, is van groot belang (vgl Thomas 1996:89). (2) Die gemeentekarakter speel 'n groot rol en daarom word aandag aan gesinsvriendelikheid geskenk. (3) Beskikbare bronne vir gesinsbediening word nagevors en bekend gemaak. (4) 'n Beradings- en omgeebediening saam met die behoeftes van gesinne word hoog op die prioriteitslys geplaas. (5) Die gemeente as gesin of uitgebreide familie is veral belangrik en spesifiek vir eensames.

Clark (1997:45) sê dat daar op sekere vrae antwoorde gesoek moet word in die formulering van 'n gesinsbedieningsmodel, byvoorbeeld: Wat word gedoen vir gesinsvriendelikheid met betrekking tot die jeug? Hoe kan tieners op 'n spontane wyse met hul ouers en die res van die gesin verhoudings bou? Op watter wyses kry gesinne soms onbewustelik seer? Wat is die maksimum wat van die gemeente ten opsigte van gesinsbediening verwag kan word? Waar wil die gemeente byvoorbeeld oor twee jaar met gesinsbediening wees?

Benson (1997:132) beweer dat die insameling van inligting ook 'n gemeenskaplike verwysingspunt word om 'n visie vir die toekoms te vorm en daarom is die volgende terreine belangrik vir die inwin van inligting: (1) die jeug se vermoëns en behoeftes, (2) volwassenes se houding en vermoëns, (3) gemeenskapsbronne en (4) die gemeenskap se gereedheid vir 'n nuwe inisiatief.

* ***Verkry nie-amptelike beleidmakers se mening:*** Die nie-amptelike wetmakers of wakers oor 'n gemeente moet ingesluit word omdat hul goedkeuring en ondersteuning nodig is as 'n verandering gemaak moet word. Dit is nie net die dominees en kerkraadslede nie, maar ook die nie-amptelike beleidmakers wie se mening oor die saak van belang is. Hierdie persone kan die weerstand aanhits of verwyder. In elke gemeente sal daar die mense wees wat omtrent oor alles wat na nuwigheid lyk skepties sal wees en wat uit hul pad sal gaan om die status quo te handhaaf. Weerstand is so oud soos die mens self. Strommen (1997:39) beweer: *“We cannot assume that advantageous innovations will sell themselves or that the world will beat a path to the door of a person who builds a better mousetrap”.* Die insluiting van hierdie persone in ‘n taakspan is 'n noodsaaklike stap om met die weerstand te handel en om ondersteuning vir vernuwing te kry (vgl Strommen & Hardel 2000:294). *“Because the asset-building vision calls for communitywide responsibility for youth, involving many different stakeholders is important from the outset”* (Benson 1997:129).

* ***Verkry die tieners se mening:*** Die tieners moet by die leierspan ingesluit word alhoewel dit die grootste uitdaging sal wees om oud en jonk saam te laat werk, veral aan iets heel nuuts (vgl Benson (1997:130). Benson (1997:173) lig vier bydraes uit wat die jeug kan maak as gemeenskapsbouers: (1) *“... peer helping is a concrete*

*and proven strategy that focuses on the heart of asset building: relationships. …* (2) *[P]eer helping has been a leader in moving away from a professionals-only approach to young people's needs and concerns. …* (3) *[P]eer helping actively engages young people as resources in their schools, congregations, and the community. …* (4) *[P]eer helping has the potential to build bridges across youth-serving sectors because it already has a strong presence in public education, community youth organizations, and religious congregations".* Hierdie potensiaal en bydraes van tieners sal beslis tot 'n dinamiese en 'n radikale nuwe konsep van kerk-wees lei.

* ***Verkry geestelike leiers se mening:*** Alhoewel die lidmate die hele idee rondom gesinsbediening moet verstaan en dit self moet beoefen, sal gesinsbediening nie oorleef sonder die ondersteuning van die gemeente se geestelike leiers nie. Die predikant wat gesinsbediening ondersteun, moet help om die gesinskonsep in die gemeente te herdefinieer. Ondersteuning moet ook van die ouderlinge en diakens asook ander leiers van die gemeente kom. 'n Geskrewe dokument alleen sal nie die lidmate oortuig nie. 'n Naweekkamp kan van nut wees.

Alle leiers kan met die een of ander fase van gesinsbediening identifiseer. Sommige sal gesprekvoering of berading beklemtoon en ander het weer 'n aanvoeling om ouers met hul verantwoordelikhede te help. Daar is die persone wat die gemeente sal help om by die gemeenskap betrokke te raak. Plaas hierdie gemotiveerdheid onder leiers hoog op die prioriteitslys vir gesinsbediening. Maak seker wie reeds 'n verbintenis aangegaan het. Dit is nodig om te weet wie hierdie nuwe bediening ondersteun en wie daaroor twyfel en persoonlike aandag nodig het. Gesinsbediening het gemeentelike verbintenis en samewerking nodig. Die verwagting dat almal met gesinsbediening sal verbind, is onrealisties. Sommige is bang vir gesinsbediening omdat dit verandering insluit (vgl Hebbard 1995:17-18). Een van die redes vir weerstand wat Strommen (1997:39) noem, is: *"Long established traditions, now sacred, that resist change".*

* ***Bydraes word bespreek:*** Breë eienaarskap gaan gepaard met betrokkenheid wat konfereer en beplanning insluit. Die wat reeds betrokke geraak het, moet deel vorm van die beplanningspan om gesinsbediening tot aksie te laat oorgaan. Strommen en Hardel (2000:302-304) bied die volgende stappe vir die deelnemers. Die deelnemers bespreek die verlangde resultate. Drie basiese besluite moet geneem word: (1) Watter verandering of vernuwing is nodig om die gemeente tot die verlangde doel te lei? (2) Watter stappe is nodig om die ondersteuning en goedkeuring van die leiers en besluitnemers te kry? (3) Wie gaan watter take uitvoer en wanneer gaan dit gedoen word? Om te evalueer en aanpassing te maak is baie belangrik, maar dit kan ook baie maklik nagelaat word. Dit kan baie pynlik wees, maar is essensieel om die metode en programme aan te pas sodat die doel met gesinsbediening bereik kan word (vgl Sell 1995:364-365). (Vgl paragraaf 9.19 vir die evaluering van die gesinsbedieningsmodel)

Die volgende prioriteite is 'n moontlike resultaat van so 'n byeenkoms: Prioriteit 1: *Die belangrikheid van gebed:* Janssen (2000:29) sê: *"Although in Europe as a whole and in the Netherlands in particular, church membership is in steady decline, most Dutch youth still pray".* Die volgende aanpassings kan gemaak word: Stel 'n gebedsgroep of -komitee saam wat hulle verbind om vir leiding te bid en hoe om 'n gebedsbediening te ontwikkel. 'n Biblioteek met boeke, video's, bandjies, programme en ander stof oor

gebed kan saamgestel word. 'n Groep van gebedsfasiliteerders word saamgestel. Prioriteit 2: *Die ontwikkeling van sterk gesinne:* Toerusting word aan alle tipes gesinne gebied om 'n sterk gesin te bou wat Christus-gesentreerd is en om geloof aan die volgende geslag te bemiddel. Die volgende instellings kan van hulp wees: Stel 'n span saam wat die visie "huiskerk as eerste kerk" gedurig onder die aandag sal bring. Ontwikkel 'n "gesinskategese"-bediening (vgl Oudelaar-Bijlsma 2003 in paragraaf 9.1.2 (7) oor buurtkategese). Skep 'n geleentheid vir gesinne om opgevoed te word deur 'n multimedia-biblioteek, weeklikse gesinsforum, gesinsretraite en ontspanningsuitstappies vir gesinne saam met ander lede van die gemeenskap. Prioriteit 3: *Om 'n sendinggeoriënteerde gemeenskap van geloof te word:* In gehoorsaamheid aan die laaste opdrag, word besluit om na alle mense uit te reik deur kreatiewe bedieninge. Hiermee word 'n gemeenskapsgerigte ingesteldheid gehandhaaf deur die volgende te oorweeg: Stel 'n sendinguitreikaksie saam. Voorsien gereelde opvoedkundige en inligtinggewende forums om relevante sake te bespreek. Moedig die lidmate aan om aan hierdie sendingaktiwiteite deel te neem.

(Vergelyk diagram 79: *Prioriteite vir 'n gemeente* met verwysing na Strommen en Hardel 2000:298 asook diagram 19: *'n Konseptuele model vir tiener- en gesinsbediening*). Diagram 79 dui die prioriteite van tieners en gesinne aan wat reeds 'n verbintenis aangegaan het om die Here te dien. Dit kan in vier kategorieë verdeel word: (1) versterking van gesinsverhoudinge, (2) geloofsgesentreerde Christelike opvoeding, (3) gemeente as gesin en (4) die skep van 'n Christelike jeug-subkultuur.

***6. Stel taakspanne saam:*** (Vgl Aksieplan Een – Werkblad) Nadat die prioriteite deur die leierskapspan vasgestel is, word die taakspanne saamgestel wat veral ouers en tieners insluit. Elke taakspan se lede moet onderling ooreenkom oor die definiëring van die resultaat wat deur die taakspan verwag word. Dit vorm die gesamentlike visie van die taakspan. Hierdie bespreking en definiëring is 'n belangrike leerproses. Sommige lede sal byvoorbeeld nie in terme van resultate dink nie en ander is weer meer program-georiënteerd en hoe 'n taak aangepak moet word. Om almal die geleentheid te gee om deel te neem aan die beskrywing van wat verwag word, kan elke aksie wat beoog word soos volg beskryf word: "Ons wil … sodat ...". Dit beweeg die lede om 'n spesifieke resultaat van 'n spesifieke aksie kreatief te beskryf (vgl Strommen & Hardel 2000:301). Kreatiwiteit het te make met die uitdink van nuwe konsepte. Vernuwing fokus op die doen van nuwe idees. Om dit te laat realiseer moet vernuwing in die hande van taakspanne geplaas word om dit te deurdink om by die beste manier uit te kom om die vernuwing in werking te stel en dit te onderhou. Dit is altyd goed om nuwe idees op 'n klein skaal en korttermynbasis op die proef te stel. As mense weet dat iets tydelik is en geëvalueer gaan word, is hulle baie meer geneig om minder negatief te wees en saam te werk. Die lidmate moet die aanvoeling kry dat deeglike voorbereiding gedoen word om sukses te behaal. Die voorbereiding moet in gebed voor God plaasvind. So word God se leiding, seëning en bemagtiging verkry. Hierdie taakspanaktiwiteite word terselfdertyd 'n leerproses en beoefening van onderlinge geloofsgemeenskap (vgl Strommen & Hardel 2000:294-295). Strommen & Hardel (2000:304) verwys na die *"Youth and Family Institute of Augsburg College called Vision Pak to get through the process of implementation .... Visionpak is much like a day planner for carrying out a vision".* Visiepak help die aksiespan om aan te teken wat gedoen moet word en wie verantwoordelik is om toe te sien dat dit gedoen word en wanneer die aksie uitgevoer moet word (vgl Aksieplan Een, Twee en Drie se werksblaaie).

Almal in die taakspan moet voel dat die gesinsbedieningsmodel deur hulself ontwerp is. Nadat 'n breë eienaarskap vir die bedieningsmodel verkry is, word aandag geskenk aan die aksies wat die gesinsbedieningsmodel tot handeling bring. Soos by menige konferensies, seminare, kursusse en kerklike vergaderings, word daar wonderlike modelle bespreek en soms word daar wel ook van wetenskaplike materiaal gebruik gemaak en met vele moeite ingefaseer. Heel dikwels kwyn die ywer spoedig in die aanvangsfase van die beplanningsproses. Om dit te voorkom, moet 'n ondersteuningsraamwerk ontwikkel word om op die langtermyn resultate of groei te kan verseker.

***7. Verbind visie met 'n missie:*** Bosch (1991:372) beweer: *"It has become impossible to talk about the church without at the same time talking about mission. One can no longer talk about church and mission, only about the mission of the church".* Die visie vir 'n model vir tiener- en gesinsbediening is gemeenskapgerig en die opbou van Christelike waardes in gesinne om effektiewe bemiddelaars in die koninkryk van God te wees. Dit is belangrik om hierdie visie duidelik onder die aandag van die gemeente te bring en dit aan 'n missie te verbind sodat die lidmate 'n verbintenis daarmee kan aangaan en tot handeling kan kom. Strommen (1997:104) meen: *"This connection enhances motivation, commitment, and a general sense of fulfillment".*

Die formulering van 'n gesinsbedieningsmissie word bepaal deur 'n spesifieke benadering in gesinsbediening, byvoorbeeld 'n primêr voorkomend of herstellende benadering. Dit sal egter afhang van die beskikbare bronne soos beraders (vgl Thomas 1996:90 en 95). Volgens Brink en andere (2001:233-237) moet 'n filosofie ontwikkel word om in die begeleiding van kinders op die langer termyn effektief te kan wees. So 'n filosofie of model vir gesinne kan deur sleutelvrae ontwikkel word. Dit sluit vrae in wat elke gesinslid vir hom- of haarself kan afvra en kan dit dan ook saam met die res van die gesin bespreek (vgl Hebbard 1995:161 en Vraelys 2: *Sleutelvrae by die aanvang van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel*). Dit is belangrik dat lidmate daarvan bewus sal wees dat hul antwoorde oor die vrae wat aan hulle gestel is, gebruik word om 'n gesinsbedieningsfilosofie vir die gemeente te formuleer. Deur middel van hierdie vrae word gesinne se behoeftes en doelwitte en mikpunte vir gesinsbediening vasgestel. Hierdie antwoorde word ook gebruik om gesinsbediening te koördineer, te stimuleer en te propageer.

(Vgl paragraaf 9.17.1 – Koppeling van gemeentebedieninge aan gemeenskap) Elke gemeente het 'n hierargie van waardes wat oor 'n tydperk deur leiers en besluitnemers gevorm is. Die dominante waardes dui die gemeente se gevoel vir missie, verdediging en sy kulturele norme aan. Dit is nodig om die vraag "waarom bestaan ons" in hierdie verband te vra. Om die nuwigheid met die gemeente se missie te verbind, moedig 'n wye aanvaarding en ondersteuning aan. Dit laat die lidmate met 'n verwagting dat hul lewens en die gesinne se lewensomstandighede sal verander en dat almal daardeur sal baat (vgl Strommen & Hardel 2000:293). Benson (1997:112) beweer: *"Activating a community's asset-building power requires broad acceptance of two beliefs: (1) all residents have the capacity to promote assets, and (2) all residents have responsibility to do so".*

Die missie moet die gelowiges by die putte van die samelewing laat uitkom (vgl Hebbard 1995:2-6). Jesus het 'n Samaritaanse vrou by Jakob se put buitekant die stad Sigar ontmoet (Joh 4:1-42). Daar was 'n gemeenskaplike behoefte, naamlik 'n behoefte aan water. Jesus gebruik water as simbool om by die lewende water van God en die ewige lewe uit te kom. Brown (1966:178) meen: *"Passing from the literary analysis of the development of the scene to its contents, we find two topics that must be discussed: in Scene 1a the topic of living water, and in Scene 1b the topic of worship in Spirit and truth".* Die lewende water is nie die ewige lewe nie, maar lei daarheen (v 14). *"The very use of the symbol of water shows how realistically John thought of eternal life: water is to natural life as living water is to eternal life".* Die eerste toneel handel oor die plek van aanbidding (verse 20-21) en die tweede toneel oor die wyse van aanbidding: *"… wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid …"* (vers 23). Die stad se mense het in Jesus begin glo onder andere as gevolg van die getuienis van die veelbesproke vrou. Jesus het na die mense geluister en dit het 'n impak op die mense se lewens gehad. Hy het by die putte gaan sit om die mense te laat verstaan dat Hy in hul omstandighede geïnteresseerd is. Paulus verwys ook na Jesus se begeerte om by putte te gaan sit: *"... maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis"* (Fil. 2:7-8). Hebbard (1995:2) noem dit empatiese luister. Jesus het verstaan wat dit beteken om saam met mense die pad te loop en om tyd saam met hulle deur te bring sodat Hy hulle beter kan bedien. Die beste manier om opgelei te word om met gesinsbediening te kan begin, is om baie tyd by mense in nood te bestee. Dit beteken om na mense se huise te gaan, by die ongevalle afdeling van 'n hospitaal in te stap, in egskeidingshowe te gaan sit en inrigtings vir dwelmmisbruik en kinderhuise te besoek. Gesinsbediening is soms vol droefheid. Dit vra gewilligheid om die pyn van mense te hanteer. Dit is nie 'n glansryke bediening wat in die kalklig plaasvind nie (vgl Hebbard 1995:3).

***8. Oordink en ontwerp bediening en programme:*** Die moontlikheid van bedieninge in die gemeenskap is wyd en word bepaal deur die aantal bestaande behoeftes. Om oor bepaalde bedieninge te besluit, vereis 'n versigtige benadering. Volgens Thomas en Ahlen (1999:72) moet daar eers vasgestel word of die behoefte wyd genoeg voorkom om met 'n bediening dienooreenkomstig te begin. Tweedens moet vasgestel word of daar nie reeds ander kerke of instansies is wat aan die besondere behoefte(s) aandag gee nie. Laastens moet die bronne ontdek word en die nodige toestemming bekom word om met die bediening te begin. Sell (1995:361-363) gee die volgende riglyne in hierdie verband veral met betrekking tot bepaalde programme: Bring verskillende idees uit die vraelyste en ander insette bymekaar. Om 'n netwerk van kerklike en gemeenskapsbronne op te bou, is 'n belangrike taak in die eerste 24 maande van gesinsbediening. Besoek ander kerke en gemeenskapsleiers. Ontmoet persone in privaatsektore, hospitale en ander diensinstitute. Die ondervinding is dat die privaatsektor wel geïnteresseerd raak as die gemeente in gesinsbediening belang stel. Die programme moet doelgeoriënteerd wees en kan programme soos gesinsverryking, huweliksverryking en enkelouerprogramme insluit. Programme en aanbiedinge met hoë kwaliteit moet die waarmerk van gesinsbediening wees. Dit is beter om met een of twee basiese aanbiedinge en programme in die eerste jaar te begin en om dit goed te doen as om met verskeidenheid temas en behoeftes te begin. Hanteer eers die mees sensitiewe

behoeftes van die gesinne. Goeie rekord moet van die eerste jaar se pogings gehou word om die effektiwiteit daarvan aan te dui.

***9. Verkry betrokkenheid by aksies:*** (Vgl Aksieplan Twee – Werkblad) Benson (1997:110) meen: *"Comprehensive-ness, collaboration, long-term perspective, and deep engagement and ownership by the people are the current mantras of community building".* Die gemeente moet werk aan 'n atmosfeer waarbinne lidmate vry voel om deel te neem aan effektiewe verandering volgens behoefte. So 'n atmosfeer word bereik deur die gawes van elke lidmaat te ontwikkel en hul toe te rus vir 'n bepaalde bediening. Dit vra 'n wegbreek van 'n organisatoriese kontrole oor alles wat in die gemeente aangaan. Die lidmate word met die nodige ondersteuning en vertroue gehanteer en kreatiwiteit word aangemoedig (vgl Strommen en Hardel 2000:292-293).

'n Goeie benadering is om diegene betrokke te kry wat 'n bydrae tot die plan kan lewer en hulle wat gevra gaan word om die plan in werking te stel. Hierdie mense moet deelneem in die finale afronding van die vernuwing en moet 'n gevoel hê dat hulle 'n bydrae gemaak het tot die ontwikkeling van die gesinsbedienings-model. Dit lei tot eienaarskap van die plan, 'n motivering om te ondersteun en die verdere sukses van gesinsbediening. Die persone wat deur die plan geraak sal word, moet die aanvoeling hê dat die plan nodig is. Hulle moet insien dat dit God se missie vir die kerk is. Bosch (1991:378) beweer: *"The church-in-mission is, primarily, the local church everywhere in the world".* Betrokkenheid lei tot verbintenis. 'n Ideale verbintenis beteken 'n gevoel van volle verantwoordelikheid om die visie tot aksie te laat oorgaan (vgl Strommen & Hardel 2000:294). Benson (1997:140) meen: *"… find appropriate ways to involve people within the structure of the initiative … and second to connect them with other asset-building opportunities in the community".* Die definisie van Burger (1991:73) oor geloofsverbintenis kan hier weer ter sprake gebring word: *"Solank individue nie 'n vaste, kontroleerbare geloofsverbintenis ('commitment') aan die visie van die gemeente het nie, kan daar geen sprake wees van 'n lewende en effektief funksionerende geloofsgemeenskap nie".*

Om verandering in die gemeente en gemeenskap teweeg te bring moet die lidmate 'n gemeenskaplike aanvoeling vir die behoefte vir verandering hê. Benson (1997:107) beweer: *"For a community-building effort to be successful, the people it seeks to benefit must participate meaningfully".* 'n Innerlike oortuiging kom na vore as mense sien hoe die behoefte vir verandering verbind word aan die kerk se missie en Christus se laaste opdrag. Daar is basies twee soorte behoeftes in 'n gemeente: (1) Die behoeftes van mense wat seergekry het en vir hulp soek, gesinne wat opbreek en jongmense wat min belangstelling in die kerk toon. (2) Die ander behoeftes is minder waarskynlik by lidmate. Dit kom voor in die afwesigheid van geestelike belangstelling, 'n gewilligheid om uit te reik na ander, 'n drang om te dien (vgl Strommen en Hardel 2000:293).

Om vrymoedigheid te kweek vir deelname moet lidmate ingelig word oor die strategie van gesinsbediening. Daar is drie redes waarom die gemeente oor gesinsbediening ingelig moet word: (1) Deur die gemeente van die begin af betrokke te kry, word 'n langtermyn eienaarskap vir die bediening ontwikkel. (2) Betrokkenheid lei tot deelname. Die gemeente is nie alleen 'n liggaam om versorg te word nie, maar ook 'n liggaam wat opgevoed moet word om ander te kan versorg. Bosch (1991:391) meen:

*"Since God's concern is for the entire world, this should also be the scope of the missio Dei. It affects all people in all aspects of their existence".* (3) Geopenheid oor wat beplan word, lei tot minder misverstande (vgl Hebbard 1995:26-27).

Die volgende riglyne kan help om die gemeente in te lig: (1) Gaan van die veronderstelling uit dat mense nie geneig is om te luister nie. (2) Gebruik veelvoudige kommunikasiekanale. Gedurende die eerste jaar word van vraelyste, ondersoeke, informele besoeke, nuusbriewe, ensovoorts gebruik gemaak. (3) Gebruik die formele kommunikasiekanale. Dit sluit in die gemeente se nuus- en ouerbriewe. (4) Gebruik informele kommunikasiekanale. Die gemeentesekretaresse of -bestuurder wat almal in die gemeente ken, is 'n kanaal om die informasie bekend te maak. Gebruik ouers en tieners om deel te word van die nuusverspreiding oor gesinsbediening.

***10. Voorsien langtermynondersteuning:*** Thomas (1996:146) meen: *"One important thing about long-term goals is that the more long-term they are, the harder it is to closely specify and quantify them".* Daarom moet langtermyndoelstellings voortdurend hersien word. Die korttermyndoelstellings word gouer afgehandel en die inligting is dus geredeliker beskikbaar vir evaluering. Thomas (1996:147) beweer: *"In terms of Family Ministry, goals are essential. Without setting them and working to quantify them, you're not likely to do more than find yourself frustrated by the fact that Family Ministry is such a great idea, but you see so little of it taking place".*

Die aanneming van 'n voorgestelde vernuwing moet nooit as 'n voltooide handeling gesien word nie. Dit behoort 'n voortdurende proses te wees wat tot iets beters mag lei as die oorspronklike ontwerp. Die algemene ingesteldheid is dat planne sommer binne die eerste jaar moet slaag. Dit is waarom 'n taakspan so nodig is. Die taakspan is gemotiveer om by die vernuwing te bly, dit te evalueer en aanpassings te maak om die effektiwiteit daarvan te verbeter. Die taakspan word 'n leerspan wat leer om as span saam te werk. Die span leer deur die evaluerings wat van tyd tot tyd gemaak word en deur indiensopleiding, werkswinkels en handboeke wat beskikbaar is. Die meeste taakspanne leer deur God se leiding te soek en te verstaan wat dit beteken om in God se missie betrokke te wees (vgl Strommen & Hardel 2000:295). Bosch (1991:392) beweer: *"Mission has its origin in the heart of God. God is a fountain of sending love. This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is mission because God loves people".*

Die wyse hoe gesinsbediening 'n aanvang neem, is krities vir die langtermyn-effek daarvan (vgl Hebbard 1995:16). Soos by die bou van 'n huis is daar net een geleentheid om die fondasie te beplan en te gooi. Daarom is dit nodig om vooraf deeglik te beplan voor die infasering plaasvind. Die volgende riglyne kan vir die beplanning gebruik word: (1) 'n verenigde visie van alle gemeentelike programme, (2) 'n verbintenis met mense eerder as met programme, (3) 'n integrale verbintenis en (4) 'n strategiese kalender en skedule-koördinasie. Teen hierdie agtergrond moet die woorde van Salomo se pelgrimslied in Psalm 127:1 onthou word: *"As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs"*. Saam met hierdie woord moet die gesin as deel van die uitgebreide huisgesin in God se koninkryk voorop staan.: *"Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar mede-burgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God"* (Efes 2:19).

Soos gesinsbediening ontwikkel, kan die koördinering daarvan en die programme wat wel gebruik word al hoe moeiliker word sodat dit later deur die mat begin val. 'n Gesinsvriendelike gemeentekalender moet veral twee eienskappe besit: (1) 'n verenigde visie van al die bedieninge en programme deur die hele gemeente en (2) 'n totale verbintenis tussen gemeenteleiers onderling wat bo programme gestel word. Hierdie gesinsbedieningskalender word na aanleiding van die seisoene van die kerklike jaar saamgestel (vgl diagram 80: *Die seisoene van die kerklike jaar* en *Clark 1997:52-53*). 'n Gesinsvriendelike gemeentekalender moet van ‘n bestaande gesinsvriendelike gemeente getuig. Die volgende gedagtes kan gebruik word om 'n gemeente te help om meer gesinsvriendelik te word: (1) Begelei vaders om leiding in huisgesinne te neem. (2) Help gesinne om 'n begrip te ontwikkel vir die gesin as hermeneuties-pneumatologiese ruimte. (3) Bevorder 'n aanbiddingskultuur om fragmentering te bekamp. (4) Stel literatuur en 'n gemeenteblad vir gesinsaktiwiteite en nuus beskikbaar. (5) Skep geleenthede vir getuienis en insette tydens eredienste oor gesinsbediening. (6) Help gesinne om huisroetine en tydsbesteding te verbeter. (7) Vind maniere om buitekerklike kinders tydens eredienste te betrek. (8) Gee gereelde inligting oor gesinne aan die gemeente deur. (9) Betrek ondersteuningsgroepe wat in die gemeente werksaam is. Thomas (1996:94) meen dat die predikant ook gereeld oor gesinsbediening moet preek sodat die gemeente sy passie en verbintenis sal aanvoel.

## 9.17 Koppel tiener- en gesinsbediening aan gemeenskap

### 9.17.1 Koppel gemeentebedieninge aan gemeenskap

(Vergelyk diagram 81: *Koppeling van gemeentebedieninge aan gemeenskap* met verwysing na Hebbard 1995:200) By die koppeling van tiener- en gesinsbediening aan die gemeenskap, kom nuwe verhoudings ter sprake. Daarom moet die term "ontmoeting" sentraal staan: ontmoeting met mekaar, ontmoeting met die kerk en sy tradisies en ontmoeting met God (vgl Hendriks 2003:24). Om die bediening met die gemeenskap te koppel, verwys Hebbard (1995:200) na drie belangrike stadia, naamlik (1) die beradingstadium, (2) die gemeentelike stadium en (3) die gemeenskapstadium (Hebbard 1995:200). Die eerste stadium bestaan uit die opbou van 'n ondersteuningsraamwerk deur middel van berading en die aanbied van 'n verwysingsraamwerk om gesinne met probleme te ondersteun. Die tweede stadium fokus op 'n interne gesinsbediening binne die plaaslike gemeente. In die derde stadium word hierdie ondersteuningsraamwerk na die gemeenskap geneem.

Dit beteken dat daar oor sosialiseringsisteme heen verbintenisse gesmee word om individue, gesinne en lede van die gemeenskap tot ontmoeting te lei. Benson (1997:113) beweer: *"Currently, socializing systems in cities work in isolation. Building partnership across neighborhood, family, schools, religious institutions, youth organizations, and business requires creating mechanisms of dialogue and consensus building".* Die kerk sal die inisiatief moet neem om uit al die verskillende sosialiseringsisteme en gemeenskapsektore lede te werf om in woonbuurte en die hele gemeenskap as visiespan op te tree. Die plaaslike owerheid in Suid-Afrika het reeds stede en dorpe in wyke verdeel met verteenwoordigers uit verskillende sektore, onder andere die kerk, jeug, bejaardesorg, sport, skole, woonbuurte en besighede om die gemeenskap te dien. Dit kan as die ideale koppelingsgeleentheid tussen kerk en plaaslike owerheid en al die ander sektore van die gemeenskap beskou word.

### 9.17.2 Koppel met gemeenskap deur middel van berading

Hebbard (1995:245-251) bespreek vyf verskillende vlakke in berading wat van hulp kan wees om geestelike leiers te stimuleer om met nuwe moed met berading voort te kan gaan. *"A family ministry can help a church develop multiple levels of response to the various emotional, psychological, and spiritual needs of members. I call it the funnel model"* (Hebbard 1995:245, vgl diagram 82: *Die tregtermodel*). Die boonste deel van die tregter stel 'n groot hoeveelheid mense voor met algemene probleme. Soos daar in die tregter af beweeg word, raak die probleme meer akuut en die response meer gesofistikeerd en die beskikbare persone om bystand te verleen al hoe minder (Hebbard 1995:245).

Müller (1996:7) in sy betoog rondom 'n eko-hermeneutiese pastorale paradigma toon twee verskuiwings wat in die pastorale teorievorming plaasgevind het: (1) van 'n kerugmatiese na 'n deelnemende pastoraat en (2) van 'n terapeutiese na 'n hermeneuties-georiënteerde pastoraat. Putman (1994:152-154) verduidelik hierdie verskuiwing aan die hand van drie pastorale modelle. Hy benader die drie modelle deur te verwys na die posisie wat die pastor en pastorant inneem op die kontinuum tussen die oorgelewerde simboolkompleks (die geopenbaarde waarheid) en die pesoonlike simbolisering daarvan.: (1) Die kerugmatiese model: *"In het*

*kerugmatische pastoraat staat de verkondiging van het geobjectiveerde simboolcomplex centraal".* By die kerugmatiese model speel die individu geen kreatiewe rol nie. (2) Deelnemende pastoraat: *"Door uit te spreken wat nog onuitgesproken in mij leeft kan ik in het licht van het evangelie ontdekken wie ik ben. Pastoraat is in deze visie dienst aan de persoon in zijn individuele situatie".* Die pastor luister nie deur die simboolkompleks na die pastorant nie, maar via die pastorant na die simboolkompleks. Die gevaar met hierdie model is dat die simboolkompleks of geopenbaarde waarheid ondergeskik gestel word aan die situasie van die individu. (3) Kommunikatiewe pastoraat: *"In dit model word gepoogd om de overdracht van het symboolcomplex en de persoonlijke symbolisering op elkaar te betrekken in een dialogische relatie".* Die gelowige word betrek by die simbolisering van geloof. Müller (1996:9) meen dat die hermeneuties-narratiewe benadering binne hierdie derde model pas. Hierdie benadering word ook in hierdie navorsing gevolg om persone deelnemers van die pastoraat te maak.

***1. Vlak 1 - Bemoedigers:*** In Hand 4:36 word die naam Barnabas beskryf as iemand wat mense moed inpraat. Gal 6:2 doen ook 'n oproep dat ons mekaar se laste moet dra. Die predikant het 'n taak om alle lidmate op te voed om mekaar te bemoedig. Dit beteken om lidmate daartoe te lei om lede van die huisgesin van God te wees wat vir mekaar omgee.

***2. Vlak 2 - Persone met 'n luister- en onderskeidingsvermoë:*** Mense wat kan luister en 'n onderskeidingsvermoë besit, kom uit alle ouderdomsgroepe. Hulle is die mense wat werklik 'n aanvoeling het vir mense met probleme, maar hulle kan ook die nodige grense stel om nie lewensredders te word nie. Dit is mense wat deur diep waters gegaan het en wat tot 'n dieper verstaan van die lewe gegroei het. Hulle is werklik van groot hulp in 'n gemeente en kan ook besliste bydraes vir gesinsbediening en aan die breër gemeenskap lewer. Hierdie persone word soms deel van die vergete (laikale – Heitink 1993:290) ampte van die gemeente en gevolglik raak die werk vir die pastor al hoe meer.

***3. Vlak 3 - Pastorale sorg:*** Die meeste predikante wat 'n gawe vir berading en die nodige toerusting daarvoor ontvang het, doen gewoonlik meer berading as wat hulle werklik kan hanteer. Dit skep 'n ongesonde toestand vir almal. Dit sal meer sinvol wees as so 'n predikant hom ook besig sal hou met die opbou van 'n gevoel van omgee binne die groepe waarin hy berading doen. Kleingroepe in gemeentes doen soms meer berading met mekaar as waarvan hulle bewus is. Binne sulke groepe beweeg lidmate nader aan mekaar en terselfdertyd nader aan 'n oplossing vir hul probleme. In sulke situasies kan die pastor deur middel van 'n kommunikatiewe pastoraat sinvolle gesprekvoering lei, maar met 'n doelgerigte narratiewe perspektief, want dit is meer inklusief en verwys na die totale ekosisteem waarbinne die gesprek plaasvind (vgl Müller 1996:4).

***4. Vlak 4 - Christelike berading:*** Die groeiende behoefte vir individuele, huweliks- en gesinsberading binne die plaaslike gemeentes is besig om geweldig toe te neem. Tog kan daar nie werklik sprake wees van individuele pastoraat as sodanig nie. Elke individu staan met sy probleem in verhouding met ten minste een ander persoon. Gemeentes staar meer en meer gevalle in die gesig wat langtermyn sorg en professionele hulp benodig. Alhoewel lidmate soms sku is om met hul probleme na die predikant te gaan, hang dit van die predikant se houding, beeld en pastorale

benadering af of persone na hom sal gaan. Daar is in die sommige gemeentes lidmate met praktiese toerusting om Christelike berading te hanteer. Hier moet egter gewaak word teen ‘n kerugmatiese benadering waar die berader slegs enkele Bybelse verwysings doen en dit hanteer as ‘n oplossing vir die probleem.

***5. Vlak 5 – Langtermynsorg:*** Die behoefte vir meer intensiewe langtermynsorg en selfs hospitalisering is besig om in baie gemeentes toe te neem. Daar is lidmate wat met baie probleme worstel en wat nie altyd deur die gemeente self gehanteer kan word nie. Daar is wel sielkundiges en maatskaplike werkers met 'n benadering wat wel die geestelike lewe van lidmate insluit. Hierdie professionele persone moet deel vorm van die gemeentes se versorgingsraamwerk. Gemeenskapsgerigtheid ondersoek alle bronne en inkorporeer dit na goeddunke in die gemeente. Dit help om die tiener- en gesinsbediening aan die gemeenskap te koppel.

Hierdie verskillende groeperinge van mense vir verskillende vorme van versorging, en met verskillende verbintenisse en beroepe vra 'n gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid om in die missionêre doel van die gemeente deur middel van gesinne met versorging van die hele mens te kan slaag. *“Hier vind die ekosistemiese paradigma aansluiting by die Christelike boodskap en kan die omgewing en konteks ook by die gedagte van die heelheid van die mens betrek word”* (Müller 1996:38). Een van die opwindende geleenthede in gesinsbediening is die skakeling met staat en markplein of besigheidsektor as deel van die ekologie van die kerk en gesinne. Een of meer van die gesinslede is gewoonlik met een van dié sektore van die samelewing verbind. Die geleenthede vir die gemeente om tans in Suid-Afrika met staat en markplein saam te werk, is goed. Die gesinsproblematiek raak hierdie sektore van die gemeenskap direk. Gesinne se lewensomstandighede raak hul werkplek dramaties en ook omgekeerd (vgl Hebbard 1995:198-200). *“Family life ministry, when it joins hands with the business community, helps the local church be perceived as a group of people who are genuinely concerned”* (Hebbard 1995:200).

Die beradingsvlak kan terapie, ondersteuningsgroepe, die saamstel van plaaslike hulpnetwerke en verwysingsbronne insluit. Die program van die plaaslike gemeente word rondom geloof in gesinsbediening ontwikkel. Dit moet die behoeftes van gesinne op elke terrein van die ontwikkelende lewensfases bedien. As hierdie basis gevestig is, word dieselfde in die gemeenskap gedoen. Vrae soos die volgende sal aangespreek moet word: Hoe vind berading in die verskillende kulture plaas? Hoe kan daar met mense en gesinne kontak gemaak word om hul probleme en behoeftes te hanteer? Hoe word hierdie mense en gesinne op 'n relevante wyse by die Bybel en God se heilsplan uitgebring? (vgl Hebbard 1995:201). In paragraaf 9.16.2 (5) is reeds na Benson (1997:110) se sewe noodsaaklike doelwitte vir gemeenskaps-gebaseerde ontwikkeling van waardes verwys waarby die verskillende sektore soms reeds betrokke is, hoewel nie altyd op ‘n gekoördineerde basis nie.

Menige predikante sit met die frustrasie dat daar ure aan berading bestee word wat nie veel resultate oplewer nie. Die gevolg is dat daar baie gemeentes is waar geen konstruktiewe berading gedoen word nie. Tog is daar 'n bewustheid van die pyn wat baie gesinne beleef. By die probleemstelling van hierdie navorsing word 'n hele aantal oorsake en vorme van pyn genoem. Die grootste behoefte in 'n gemeente en gemeenskap is pastorale versorging. Lidmate smag innerlike na geestlike leiers wat

hulle deur die komplekse fases van die lewensiklus van die gesin sal begelei. Müller (1991:94) stel voor dat daar van eko-hermeneutiese pastoraat gepraat sal word. Daarmee bedoel Müller dat die begrip "hermeneuties" die klem op die sisteem lê en die begrip "ekologies" lê die klem weer op die breë, holistiese benadering.: *"Nie een van hierdie beklemtonings kan in die pastoraat ontbeer word nie. … Met 'n eko-hermeneutiese benadering moet mense binne hulle ekosisteme verstaan word en daarbinne gehelp word om in die lig van hul eie, en God se Verhaal, vorentoe te beweeg".* Müller (1991:94-97) onderskei ook tussen gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling wat 'n omvattende begrip is wat 'n multidissiplinêre spanbenadering vereis. Louw (2002:339) bespreek die verhouding tussen 'n pastorale hermeneutiek en die huidige sosiale konteks soos dit bepaal word deur internasionale kommunikasie en globalisering.: *"More and more, theological education, as well as pastoral ministry, is compelled to deal with two very powerfull factors: contextualization and globilization".* 'n Nuwe paradigma om God te verstaan is dus ter sprake. Wat is die taak van die pastorale hermeneutiek in die spanningsveld van die twee magtigste invloedsfere in die postmoderne tyd, naamlik die ekonomie (markplein) en globalisering? Die antwoord lê binne die begrip "diensbaarheid". Louw (2002:350) meen: *"In this global civil society a public church must become relevant and visible by means of servant ethics".*

Van Pelt verwys na John Naisbitt wat sê omdat tieners nie almal in 'n tipiese nukleêre gesin opgroei nie het die krisisse nie minder geword nie. Van Pelt (1997:39) meen: *"The conscientious youth worker recognizes that kids are not islands. They are the product of and are continually being influenced by what takes place in the home. One approach to counseling concludes that without proper understanding of and critical involvement with families, we can never do counseling that will result in changed behavior".*

### 9.17.3 'n Koppelingsmodel

Die koppelingsmodel kan as sentrale punt van die tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid beskou word. Die koppelingsmodel konsentreer op 'n ontmoetingspunt tussen die kerklike kultuur en sekulêre kultuur (vgl diagram 71: *Dimensies van kruis-kulturele kommunikasie*). Die koppeling tussen kerk en gemeenskap volg die weg om verhoudings te skep en te bou deur middel van gemeenskaplike sake soos die gesinsproblematiek, kommunikasie, behoeftes, kultuur, skeppende kunste, ekologie van die skepping, berading en gemeenskapsbronne. Dissiplines wat hierby betrek word is onder andere die opvoedkunde, sosiologie, psigologie, antropologie, natuurwetenskappe en praktiese teologie en word binne die breër raamwerk van kerk, staat en markplein geplaas. Geloof moet in die sekulêre of postmoderne wêreld bemiddel word en daarom moet hierdie wêreld verken word en dit sluit onder andere denkpatrone, taalvorme, gedragspatrone, sosiale strukture en die media in. In paragraaf 9.7.3 word aandag geskenk aan die transformasie van die kultuur, kultuur as geloofsvormende faktor en die Christelike ingesteldheid ten opsigte van die kultuur. Die doelwit van hierdie navorsing is om aandag te skenk aan 'n ontmoetingspunt tussen die kerklike en sekulêre waar geloofsbemiddeling meer effektief kan plaasvind as wat dit huidiglik in 'n geïsoleerde kerklike situasie geskied. Hierdie ontmoetingspunt is die werklike leefruimte van tieners en hul gesinne. Vir die plaaslike gemeente beteken dit om die brûe wat tussen die kerk en gemeenskap opgeblaas is (vgl Heitink 1993:278) weer te

herbou. Die kerk en die wêreld staan beide in verhouding met die teorie (praxis een) en praktyk (praxis twee) alhoewel die beskouinge van teorie en praktyk van mekaar kan verskil, maar daar is beslis ook raakpunte (vgl diagram 83: *Koppelingsmodel vir 'n ontmoetingspunt tussen kerk en wêreld*). Die brug tussen kerk en wêreld kan weer herbou word deur spesifiek aandag te skenk aan die Christelike ingesteldheid tot die kultuur, kruiskulturele kommunikasie en Christus as Transformeerder van die kultuur (vgl paragraaf 9.7.3 (3); diagram 84: *Die vyf vlakke om na die gemeenskap uit te reik* en Hebbard 1995:203).

Geloofsbemiddeling vind plaas deur middel van 'n netwerk van bedieninge - leitourgia, paraklese, didache, koinonia, diakonia, marturia, kerugma en kubernitiek wat almal deel vorm van die struktuur van die brug tussen die kerk en die wêreld. Die kerk het die taak om in die wêreld enige vorme van samelewingstrukture wat die beeld van God in die mens aantas te transformeer. Die kerk maak dus gebruik van 'n transformasiemodel uit reaksie teen samelewingstrukture wat 'n negatiewe invloed op die mens en kerk het (vgl Hendriks 1992:29-35 in paragraaf 9.7.3 – Transformsiemodel vir kulturele verandering). So 'n model kyk deur middel van die teologie en ekologie na die mens. Dit beteken om eko-hermeneuties deur middel van pastoraat geloof te bemiddel. Dit noodsaak die insluit van die wêreldekonomie as nuwe paradigma om kultuur te beskryf (vgl Louw 2002:340).

***1. Kulturele en kommunikatiewe koppeling:*** 'n Doelbewuste en doelgerigte ondersoek moet gedoen word om die aard en funksie van die kultuur en kommunikasiesisteem van die gemeenskap te verstaan. Robertson (2000:63) beweer: *"'Culture wars' are frequently the result of the relativization of cultures (including religious doctrine and ritual), traditions and identities"* (vgl paragraaf 4.2. – Vreemde invloede in die samelewing). Browning en andere (1997:21) meen: *"We believe in the possibility of religiocutural change, the power of cultural movements, and the efficacy of debate and rational persuation both to alter human behavior and to enable people to devise wise programs of intervention. Our hope is born from our religious convictions and a sense of history".* Hierdie religieus-kulturele verandering moet deur middel van 'n onderrigbediening of geloofsbemiddeling in 'n multikulturele wêreld plaasvind waar globalisering die konteks van onderrig is en die medium hoogsgevorderde elektroniese tegnologie. Osmer (2001:39) beweer: *"The effects of these communication and transformation revolutions can be traced in three areas: economics, polity, and culture".* Wanneer die kerk aan die gemeenskap deur middel van die kultuur gekoppel word, moet in berekening geneem word dat daar in die huidige tyd 'n kulturele homogenisering as gevolg van globalisering aan die gang is (vgl Osmer 2001:44). Benson (1997:86-99) bespreek twaalf kritiese kulturele skuiwe wat moet plaasvind om waardes by kinders en adolessente te ontwikkel. Hierdie kulturele skuiwe dui op 'n wegbeweeg van gesprekke *oor* kinder- en jeugprobleme na inter-geslagtelike gesprekke met alle kinders en tieners op 'n verhoudingsmatige basis deur middel van konsekwente boodskappe oor waardes om hulle op langtermyn tot medeverantwoordelikheid en gemeenskapsgerigtheid te lei. *"Most importantly, these shifts ultimately call upon communities to rally together around a shared vision and commitment to rebuild the developmental foundation for all children and youth"* (Benson 1997:86).

Gemeenskapsprogramme word soms te maklik gebruik sonder 'n deeglike kennis van wie die gemeenskapslede is wat bereik moet word (vgl Hebbard 1995:202). Die bediening moet 'n nie-bedreigende atmosfeer skep vir diegene wat bereik moet word.

Die respons van die gemeenskap op so 'n bediening moet soos volg kan lui: *“Ons het nie geweet dat enigeen na ons saak sal luister nie”* (vgl Hebbard 1995:203). Hesselgrave (1978:197 ev) het 'n model ontwikkel om die kulturele afstand tussen die sender en ontvanger van boodskappe te probeer oorbrug wat hier geïntegreer kan word.

***2. Eko-hermeneutiese koppeling:*** Die algemene behoeftes en omstandighede van gesinne moet ontleed word. Die eko-hermeneutiese mensbeskouing soos deur Müller (1996:35-41) vertolk, is hier van belang en derhalwe ook 'n eko-hermeneutiese pastorale paradigma (vgl Müller 1996:7-17). Unieke probleme wat nie deur die plaaslike owerheid of ander kerke, professies of institute gehanteer word nie moet geïdentifiseer word. Dit sal bepaal watter waardes in die gesinne ingebou moet word of hoe die eko-hermeneutiese proses gaan verloop. Wanneer waardes in 'n gemeenskap ingebou word, wat 'n langsame en soms 'n lewenslange proses is, skep dit 'n eenheidsgevoel en samewerking. *“It becomes a community vision that builds bridges across political, religious, and moral perspectives”* (Benson 1997:229). Die reaksie van die gemeenskap hierop is soos volg: *“Ons het nie geweet dat daar iemand is wat genoeg omgee om ons te probeer verstaan nie?”* (vgl Hebbard 1995:203-204).

Die doelwit van hierdie koppelingsmodel is om gesinne tot verhaal te lei. Dit gaan oor gesinne in krisisse en die benutting van rituele in hierdie krisissituasies (vgl paragraaf 6.11.5 – betekenis en funksionaliteit van rituele, byvoorbeeld familierituele wat tot gemeenskaplikheid lei). In 'n hoë mate gaan dit oor herstel van verhoudinge as gevolg van versteuringe soos onvergewensgesindheid (vgl Müller 1996:186-188). Wat die herstel van verhoudinge, ook verhouding met die self bemoeilik, is skuld, skaamte, aanvaarding, angs en hoop (vgl Bons-Storm 1989:39-42). In die gemeenskap is daar talle mense met hierdie donkertes in hulle lewe wat maar bloot onderdruk en verhoed word om tot verhaal te kom. Sulke persone moet gehelp word om tot verhaal te kom deur hul eie verhaal te begin vertel en dit dan aan God se Verhaal te koppel om tot insig en selfverstaan te kom. Müller (1996:190-192) meen dat terapeutiese rituele kan werk en gee 'n aantal riglyne, onder andere: *“Die ritueel is meer effektief wanneer die gemeente as ‘n versorgende gemeenskap betrokke is”.*

***3. Gekoppel deur die Woord:*** 'n Ontmoetingspunt tussen die Woord van God en die behoeftes van die gemeenskap moet gesoek word. Hoe kan die Woord die probleme soos konflik, dwelmmisbruik en armoede op 'n relevante wyse aanspreek? Die kerk kan die leiding neem om die bestaande bronne in die gemeenskap te koördineer en om onderlinge samewerking te stimuleer. Om diensbaarheid as opdrag van God in die wêreld uit te leef, moet die kerk die eerste treë gee. Dit moet gedoen word om Jesus Christus as Oorwinnaar, Verlosser en Geneesheer te proklameer. Die repons van die gemeenskap op sodanige hulp moet soos volg kan lui: *“Ons het nie geweet dat sulke oplossings in die Bybel geskrywe staan nie”* (vgl Hebbard 1995:204). Die gemeenskap moet dus gelei word om tot verhaal, herstel of genesing te kom deur hul eie verhaal met die Bybelse verhaal te koppel. 'n Eenvoudige Bybelleesprogram wat die seisoene van die kerklike jaar volg en illustreer, kan benut word (vgl Marais 1999). Die kweek van opbouende familiegewoontes (vgl Marais en andere 2001) of die ontwikkeling van waardes by tieners en gesinne kan ook prominensie geniet (vgl Benson 1997:32-33).

***4. Gekoppel deur Jesus Christus:*** Op vlak vier word Jesus Christus as dié Geneesheer in mense se lewens bekend gestel. Hy word bekend gestel as die Outeur van gesinslewe en die Redder van die sondige mensdom. Te maklik word na hierdie vlak gespring sonder die nodige verhoudingsbou. Soms word hierdie stap uitgelaat en word net die behoeftes wat aangevoel word, gehanteer. Die natuurlike respons behoort te wees: *"Ek het nie geweet dat Christus so baie vir my omgee nie"* (vgl Hebbard 1995:204). Hierdie koppeling is moontlik die moeilikste van almal, want dit vra om Jesus se bedieningspatroon getrou te volg wat soms die volgeling in baie moeilike situasies kan laat beland. Aan die ander kant is hierdie bedieningspatroon ook opwindend veral met betrekking tot die inkleding van die bediening deur die simboliese en rituele (vgl die gelykenisse van Jesus Christus). Maar hoe verstaan die postmoderne mens heil? Bosch (1991:398) verwys na die krisis in die verstaan van heil in die moderne tyd: *"The modern story of success tends toward becoming a story of catastrophe, and some people even try to withdraw into an illusory pre-technological world".* Die probleem van die moderne wêreld wanneer probleme opduik, is dat dit meesal los van Jesus Christus beskou word (vgl Bosch 1991:398). Bosch (1991:399) meen die oplossing van die probleem is in 'n komprehensiewe Christologiese raamwerk van die heil geleë: *"… which makes the totus Christus – his incarnation, earthly life, death, resurrection, and parousia – indispensable for church and theology".*
***5. Gekoppel aan die kerk:*** Die laaste vlak verteenwoordig die uitdaging om die nuwe kind van God in die geloofsfamilie op te neem. Hierdie nuwe lid sal dan kan sê: *"Ek het nie geweet dat enige kerk soveel kan omgee en soos 'n huis kan voel nie!"* (vgl Hebbard 1995:204 en 205). Die bespreking rondom die sigbaarheid van die kerk in die gemeenskap in paragraaf 9.4.8 kom weer hier ter sprake. Bosch (1991:399) beweer dat daar nooit voorheen 'n tyd was waarin mense soveel sosiale nood beleef het as tans nie: *"But never before have Christians been in a better position than they are today to do something about this need".*

'n Koppelingsmodel bied volgens (Hebbard 1995:206) 'n holistiese gesinsbediening en dit word deur die bediening van Jesus Christus gedemonstreer en behels die volgende: (1) Meer geleenthede en weë word vir ongelowiges geskep om van die verlosingswerk van Jesus Christus te hoor. (2) 'n Realistiese benadering vir gesinsprobleme word vanuit 'n Bybelse perspektief gevolg. (3) Geleenthede word vir lidmate geskep om hul unieke gawes in diens van koninkryk van God te gebruik. (4) 'n Eenvoudige manier om van 'n behoeftegeoriënteerde bediening na aktiewe deelname in die koninkryk van God word gevolg. (5) Geleenthede word geskep om persone op 'n konfidensiële wyse te beraad. (6) 'n Duideliker begrip word gevorm hoe die individu, gesin, gemeente en gemeenskap in harmonie kan saamwerk.

### 9.17.4 Programme vir koppeling van gemeente aan gemeenskap

(Vgl diagram 85: *Programme om die gemeente aan gemeenskap te koppel* en Hebbard 1995:202). Die effektiwiteit van gesinsbediening is nie geleë in programme nie. Dit is geleë in die Goddelike bedoeling met die gesin – sy liefdevolle gerigtheid na die wêreld deur Jesus Christus. God het die huisgesin die sentrum van sy influisteringe gemaak. Binne gesinne is altare gebou om God te aanbid. Deur al die eeue heen is die gesin die basiese eenheid van die samelewing. Die geskiedenis en die huidige lewe vertel genoeg wat gebeur as die gesin as instelling van God geïgnoreer word. Dit sluit egter nie die gebruik van liturgieë of programme uit nie. Dit

het wel 'n funksie, maar moenie bo die stille influisteringe van God verhef word nie. Wanneer die gemeente in die gemeenskap betrokke raak, is dit ook aanvanklik op programme aangewese. Die volgende programme word deur Hebbard voorgestel en aangepas om die gemeente met die gemeenskap te koppel:

(1) 'n Studie van 'n bepaalde Bybelteks of verhaal kan gedoen word om die Bybelse verhaal aan gesinsverhoudings te koppel om die gesin tot verhaal te bring. Bestudeer 'n evangelie met betrekking tot die huwelik, ouerlike sorg, kommunikasie of etiek. Dit sal veral by vlakke drie en vier ter sprake wees (vgl paragraaf 9.17.3 (3) en (4)). (2) 'n Gemeenskapsverrykende reeks kan een van die mees populêre reekse in 'n gemeente wees. 'n Byeenkoms wat byvoorbeeld oor die opbou van goeie buurmanskap gaan, word bekend gemaak. Paneelbesprekings, lesings, films en aanbiedings deur middel van drama kan gereël word. (3) 'n Gesinslewereeks kan vir elke jaar beplan word wat op die gesin se behoeftes konsentreer wat ook deel van die gemeente se jaarkalender kan word. 'n Spreker of verskeie sprekers kan die jaartema by hierdie gesinslewekonferensies hanteer. Waak daarteen dat dit nie om die spreker gaan nie, maar om die gesinne wat versterk moet word. (4) Vir die aanvang van 'n gesinsnetwerk kan goedversorgde omsendbriewe aan lede en gaste in die gemeenskap gestuur word om hulle op hoogte te hou van gebeure en geleenthede. (5) Opvoedkundige seminare kan 'n uitstekende manier wees om na die gemeenskap uit te reik. Kundiges van nabygeleë universiteite kan uitgenooi word om deel te neem. Ouerskap of finansiële beplanning is relevante onderwerpe om te oorweeg, maar dit hang af van die behoeftes binne die gemeenskap en die kreatiewe wyse hoe gesinsbediening bestuur word (vgl paragraaf 9.16.2 (5) oor die inwinning van informasie). (6) Onderwerpe vir voorkomingsessies wat gehanteer kan word, is ouersorg aan kinders, die leë-nes-sindroom, huwelikskommunikasie, huweliksverryking, finansiële bestuur, tydsbestuur, bou van geestelike waardes, depressie, Christelike besigheidsetiek, bou van geestelike tradisies, egskeiding, enkelouerskap, sterwe en rousmart, hantering van siekte, werksverlies, alkohol- en dwelmmisbruik. (7) Huwelikskampe of 'n gesinsretraite moet egter nie as 'n substituut vir terapie gesien word nie. Dit kan op 'n jaarlikse basis plaasvind en kan aangebied word vir paartjies op verskillende stadia van hul huwelikslewe (vgl Carter & McGoldrick 1999:202-213 – *"Creative meaningful rituals for new life cycle transitions")*. Gesinsretraites moedig gesinne aan om verhoudings te bou en om geestelike bande te bou. (8) Oudiovisueel hulpmiddels soos klankkassette of laserskywe vir motoriste is ook 'n moontlikheid vir 'n bediening in gesinsbediening – *"…en as jy op pad is…"* (Deut 6:7). Dit kan ook gebruik word as 'n uitnodiging na seminare. Die handhawing van 'n hoogstaande kwaliteit is 'n vereiste. Gesinsbediening deur middel van video's bring hierdie bediening tot in die gesinskamer of slaapkamer. Video's kan geproduseer, reproduseer en versprei word. Professioneel vervaardigde video's is vrylik beskikbaar vir gebruik. In elke gemeente behoort daar 'n gesinsvideoteek te wees.

Die moontlikhede is onbeperk veral as die drie groot sektore in die gemeenskap, die kerk, staat en markplein verken en benut word. Die moontlikheid om hierdie drie sektore saam te snoer is onwaarskynlik as dit met betrekking tot 'n bepaalde kerkverband of gemeente gedoen word. Die meer effektiewe weg is 'n gemeenskapsprojek waaraan hierdie drie sektore gekoppel kan word om dit gesamentlik te laat realiseer en tot selfstandigheid te lei. Met hierdie benadering word die diverse potensiaal in die gemeenskap tot 'n dinamiese strategie verenig. Dit moet as 'n nuwe

verbondenheid binne 'n sekulêre verwondheid gesien word wat aan die kerk, staat en markplein 'n nuwe dimensie bied waardeur God sy heilsplan aan die hele wêreld kan openbaar.

### 9.18 Die infasering van die model

(Vergelyk diagram 2: *Die siklus van geloofsbemiddeling* wat kortliks by die opsomming van hierdie navorsing bespreek word) Die diagram gee uitdrukking aan die hele verloop van geloofsbemiddeling as kommunikatiewe proses wat tot handeling binne die gemeenskap lei. Die doel is om die tieners hul weg terug na die gemeente of kerk en gesin te vind as geloofsbemiddelaars van die toekomstige geslag.

Van Zyl (1991:33 en 35) se skematiese voorstelling, waarna Prinsloo, Prinsloo en Marais (1996:191) verwys, gee die geheelbeeld van die verskillende vlakke van die navorsingsprogram, naamlik beplanning, uitvoering en evaluering (vgl diagram 10: *Verskillende vlakke van die navorsingsprogram*). Die volgende drie komponente is van belang vir die infaseringsfase.: (1) Die teoretiese infasering is 'n operasionele besluitnemingsfase oor wat gedoen gaan word. (2) Die tweede komponent is die formele infasering wat oor bepaalde riglyne handel wat gedoen sal word. (3) Die derde komponent is die praktiese infasering en handel oor wat werklik gedoen word. Hierdie uitvoeringsfases kan die infasering van die tiener- en gesinsbedieningsmodel laat slaag of misluk. Hierdie model gaan van die veronderstelling uit dat die infasering ook binne die konteks van die gemeenskap, wat die gemeente insluit, 'n invloed sal hê. Die evaluering sal dus nie net onder lidmate van die gemeente plaasvind nie. Die evaluering vind ook in die gemeenskap plaas om vas te stel watter invloed die gemeente op die gemeenskap het. Dit plaas die gemeente in ‘n redelike strategiese en vanselfsprekend aanvanklik in ‘n baie mededingende posisie.

(Vergelyk diagram 86: *Hoe om as gesin met gesinsbediening te begin*) 'n Gesinsanalise en behoeftebepaling is noodsaaklik, want elke gesin het 'n unieke kombinasie van gawes en talente wat in die gemeente en gemeenskap benut kan word. Die gesinsanalise kan op verskillende wyses gedoen word, onder ander deur middel van gespreks- of fokusgroepe, 'n genogram, ekokaart, temperamentstoets of 'n Symlogtoets (*“Systematic multiple level observation of groups”*). Nadat vasgestel is watter posisie elke gesinslid in die gesin en gemeente kan inneem om diens te lewer, word aandag geskenk hoe en waar die diens gelewer gaan word. Dit is raadsaam dat die gesin eers self sal probeer vasstel hoe hulle hul gawes wil aanwend of die gesin kan ook die plaaslike hulpbronne, soos die biblioteek of gemeenskapsprojekte benut om tot 'n besluit te kom. Deduksie vra altyd induksie. Die visie of mikpunte moet ook duidelik gedefinieer word, byvoorbeeld om spesifieke bekwaamhede volgens persoonlike gawes te ontwikkel, geestelik verryk te word om 'n nuwe waardering vir mekaar te ontwikkel en dit dan ook in die gemeenskap uit te leef.

Om oor 'n bepaalde aksieplan te besluit, om vas te stel wat die verlangde uitkoms moet wees en watter vernuwende insette gelewer kan word om die verlangde uitkoms te laat realiseer en gereeld daarvoor te bid, kan van die drie werkblaaie, Aksieplan Een, Aksieplan Twee en Aksieplan Drie gebruik gemaak word. Om nie te dupliseer nie, kan vasgestel word wat reeds op die terrein van dié besondere aksie gedoen word, wat die stappe van aksie sal wees en wie daarvoor verantwoordelik

gaan wees. Die laaste kolom in die diagram dui die tydskedule vir die aksie aan. Die taakspanlede se name word op die beplanner aangebring asook die datum van taakverrigting.

## 9.19 Evaluering van model

### 9.19.1 'n Siklies-empiriese proses

Wat van kardinale belang is, is dat nóg die ondersoekproses nóg die geloofsbemiddelingsproses ooit 'n finale punt kan bereik. Hierdie twee komponente in die praktiese teologie vind binne 'n siklus plaas (vgl diagram 12: *Die vyf fases in die empiriese siklus* - Van der Ven (1998:119-156) se benadering vir 'n empiries-teologiese ondersoek). Van der Ven se benadering dui op 'n siklus waarin die empiriese proses plaasvind. Die een fase lei tot die ander wat daarop dui dat daar nie 'n eindpunt tussen teoretisering en praktisering kan kom nie. Heitink (1993:151) sê dat die teorie gedurig in die praktyk geëvalueer moet word wat weer met 'n nuwe teorie na vore kom.

***1. Hoofaksente van die ondersoek:*** Die meegaande diagram 87: *Evaluering: Waar en wanneer?* dui die hoofaksente van die empiriese ondersoek aan: (1) monstertrekking en monstergrootte, (2) data-insameling byvoorbeeld deur middel die rekenaarprogram "*Research Toolbox"*, (3) 'n kodeboek vir die beskrywing van veranderlikes en die opstel van 'n vraelys en (4) die data-analise wat die navorsingspopulasie en teologiese gesindheidsdraers en gesindhede beskrywe (vgl vraelys 3: *Die oorsigvraelys* wat as kriteria gebruik kan word om die effektiwiteit van gesinsbediening te meet en vraelys 1: *Vrae vir die vyf bedieningsvlakke in die plaaslike gemeente*).

***2. Interne en eksterne ondersoekterreine:*** Strommen & Hardel (2000:296) verwys na die Trinity Lutheran Church wat 'n familie met die volgende visie is: *"to GATHER in worship, GROW in God's word, and GO forward in faith to serve their Lord Jesus Christ"* en stel voor dat die interne en eksterne informasie van die gemeente soos volg nagegaan en geëvalueer kan word:

'n Taakspan met lede wat uit tieners en volwassenes bestaan (vgl paragraaf 9.16.2 (6)), word saamgestel om informasie van die interne en eksterne omgewing van die gemeente te ondersoek, in te samel en te interpreer. Die volgende faktore in die gemeenskap wat 'n impak op die gemeente het, is voorbeelde wat ondersoek kan word: (1) die veranderende aard van die gesin, (2) die veranderende rol van die vrou, (3) toename in sekularisasie, (4) 'n groeiende morele vakuum, (5) 'n drastiese toename in mense met seer en (6) die individualistiese en materialistiese leefwyse. Die deelnemers besluit dan wat die grootste probleem is en watter aanpassings in die gemeentelike bediening nodig is. Hierna word 'n evaluering van die interne omgewing van die gemeente gedoen. Die volgende vier imperatiewe van tiener- en gesinsbediening is 'n paar van die moontlike ondersoekterreine: (1) 'n Christelike opvoeding wat op geloof gebaseer is, (2) sterk lewensvormende gesinne, (3) die gemeente as gesin en (4) Christelike jeugsubkulture. Strommen en Hardel (2000:296-297) sê dat die deelnemers in hierdie ondersoek, beide volwassenes en tieners, hierdie informasie wat ingevorder is, kan gebruik om te bepaal in watter mate die gemeente suksesvol was met genoemde imperatiewe. Die volgende twee vrae

kan gebruik word om die analise van die data te rig: (1) Wat word as die sterkpunte van die gemeente beskou en (2) wat kan nog sterker funksioneer?

***3. Fokusgroepe:*** Om gesprekke in die eksterne en interne omgewing van die gemeente te begin, word die gebruik van fokusgroepe aanbeveel. Fokusgroepe is groepbesprekings wat op 'n spesifieke versameling van sake ingaan. Dit word onderskei van die breër kategorie van groepsbesprekings deur die uitsluitlike gebruik van groepsinteraksie om data in te win. In plaas daarvan om vrae aan die individu of persone in 'n groep te vra, moedig die navorser of fasiliteerder die deelnemers aan om met mekaar te gesels. Die fasiliteerder stel 'n minimun van ongeveer twaalf vrae op om die gespreksgroep tot gesprek te stimuleer. Elke groepslid deel sy verhaal met die ander groepslede. Die deelnemers skep dus 'n gehoor vir mekaar (vgl Barbour & Kritzinger 1999:4). Fokusgroepe is veral bruikbaar om mense se ondervinding, menings, wense en belange na te vors. Die metode is veral bruikbaar om die deelnemers te stimuleer om hul eie vrae, raamwerke en konsepte en prioriteite in hul eie woordeskat tot uitdrukking te bring (vgl Barbour & Kritzinger 1999:5).

Fokusgroepe bevorder interaksie deur houdings, menings, insigte en persepsies te ontwikkel. Dit is 'n uitstekende metode om binne groepsverband tot ontdekking te kom hoe daar gedink word. Die doel is om soveel informasie as moontlik in te win. 'n Oop bespreking kan binne 'n konfidensiële situasie op hierdie wyse aangemoedig en gerealiseer word. Dit is 'n metode om konkrete informasie en opinies in te win wat as relevant beskou kan word. Die primêre doel is nie om probleme op te los nie of om tot gevolgtrekkings te kom nie. Die fasiliteerder word ook nie toegelaat om enige partye in die groep na 'n bepaalde gevolgtrekking te lei nie.

Dit is 'n sosiaal-georienteerde metodiek wat mense in natuurlike situasies ondersoek. Deelnemers se gevoelens kom ter sprake wat nie maklik met 'n vraelys of kwantitatiewe ondersoeke vasgestel kan word nie. Fokusgroepe werk goed met enige populasie asook 'n diverse populasie, byvoorbeeld persone met beperkte opvoeding en verbale vaardighede asook waar persone 'n lae selfbeeld en gebrek aan ondervinding het om persoonlike gevoelens tot uitdrukking te bring. Daarom sal hierdie metode veral goed werk waar 'n gemeenskapsgerigte bediening beoefen word en eksterne ondersoeke onder armer dele van die gemeenskap gedoen moet word. Nie-verbale kommunikasie speel dikwels in sulke situasies ‘n prominente rol. Die koste is realtief laag en dit bied spoedige resultate. Die benutting van fokusgroepe is ook eenvoudig, want dit bestaan nie uit ingewikkelde en wetenskaplik gefundeerde vraelyste nie.

Dit is wenslik dat fokusgroepe ook in sekere omstandighede met 'n kwantitatiewe metode gekombineer sal word. Die fokusgroep kan die navorser help om 'n vraelys vir 'n kwantitatiewe ondersoek te struktureer. Dit help om vas te stel watter vrae gevra moet word en hoe om die vrae te formuleer, want dit word gedoen aan die hand van wat in die fokusgroepe na vore gekom het, onder andere die begripsvermoë en verbale uitdrukkingsvermoë (vgl Barbour & Kitzinger 1999:5-6).

Nadat hierdie empiriese ondersoek voltooi is, bring dit die navorsing weer uit by nuwe oorwegings vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsbediening. Dit dui op 'n sikliese beweging tussen teorie en praktyk met voortdurende aanpassings soos die tyd verloop.

***4. Induksie en deduksie:*** Nadat die tiener- en gesinsbedieningsmodel in gemeentes ingefaseer is, moet die effektiwiteit daarvan geëvalueer word. Induksie word toegepas om vanaf die spesifieke ervarings by die toepassing van die model na die algemene rondom die effektiwiteit van die model te beweeg. Deur middel van empiriese refleksie vind teorievorming plaas. Dit word induktiewe logika genoem (vgl Van der Merwe 1996:287). Induksie en deduksie is die twee bene van die wetenskaplike siklus en diagram: 88 *Die wetenskaplike siklus,* van Babbie, waarna Van der Merwe (1996:288) verwys en diagram 67: *Die wisselwerking tussen teorie en praktyk* beeld die wisselwerking tussen teorie en praktyk in praktiese teologie uit. Die praktyk verwys na die handelinge van individue en groepe in die kerk en samelewing. Onder teorie word 'n samehangende hermeneuties-teologiese teorie verstaan, wat die Christeliek tradisie verbind met die ervaring van die postmoderne mens. Diagram 89: *Induksie: Hoe en waarheen?* bied 'n uiteensetting hoe teologiese waarneming op verskillende maniere kan geskied nadat die model in 'n gemeente toegepas is. Lidmate kan aan hierdie waarneming deelneem deur vraelyste te voltooi, die kwantitatiewe navorsingsmetode, of deur op 'n steekproefbasis deel van 'n fokusgroep, die kwalitatiewe navorsingsmetode, te word.

***5. Inhoudsanalise:*** Wat deur die model van hierdie navorsing verbeter moet word, is die geloofsbemiddelingsproses as kommunikatiewe handeling. Met verwysing na geloofsbemiddeling aan die mens op alle moontlike vlakke, kan 'n chi-kwadraat-ondersoek, 'n nie-parametriese metode, gebruik word om die verband tussen kennis, ervaring en wilshandeling aan die een kant en simbole, rituele, gesin en gemeenskap aan die ander kant, bepaal word (vgl diagram 90: *Inhoudsanalise* wat saam met die diagram: 89 *Induksie: Hoe en waarheen?* oordink moet word om bewus te bly van die interaksie tussen die onafhanklike veranderlikes). ‘n Inhoudsanalise stel die navorser in staat om te bepaal in watter mate daar interaksie tussen die verskillende faktore in geloofsbemiddeling is, byvoorbeeld het die benutting van rituele en simbole werklik ‘n verskil by geloofsvorming of geloofsbemiddeling aan tieners gemaak.

***6. Reflektering:*** Nadat die teologiese waarneming afgehandel is, word die waarneming met teoretiese en empiriese literatuur vergelyk. Die waarnemer of navorser het met 'n sekere mate van kennis na die praktyk van waarneming gegaan en die praktyk word dus na die bestaande literatuur of teorieë gereflekteer. Uit hierdie reflektering word die navorser bewus van die probleme in praktyk asook die probleme met teorievorming.

***7. Probleemformulering:*** Dit bring die navorser by 'n nuwe probleemformulering oor watter probleme in die gemeente en sameleweing bestaan en watter probleme met die model ondervind word. Hierdie ondersoek stel dus vas in watter mate die model geslaag het in geloofsbemiddeling aan en geloofsvorming by tieners. Met ander woorde, in watter mate het die geloofsbemiddelingsproses die tiener se denke gestimuleer en tot geloofservaring en -handelinge gelei? Hierdie bevindinge lei tot 'n uitgebreide navorsingsplan om die ondersoek voort te sit.

### 9.19.2 Bekendmaking van resultate aan gemeente

Wanneer hierdie vrae in die kleingroepe bespreek is, word dit aan die gemeente gerapporteer wat daardeur tot beter insig oor tiener- en gesinsbediening gelei word. Op hierdie wyse maak elke lid of deelnemer 'n bydrae tot die gemeentelike agenda vir die volgende paar jaar. Strommen en Hardel (2000:297) sê dat 'n besluit geneem moet word aan watter resultate die hoogste prioriteit gegee moet word. Die volgende kan as moontlike prioriteite beskou word: (1) 'n Persoonlike verhouding met Christus, (2) 'n belangstelling in die Bybel, (3) inspirerende eredienste, (4) 'n warm verwelkomende atmosfeer in die gemeente en (5) doelgerigte gebed.

### 9.19.3 Langermynvisualisering

Nadat daar besluit is watter faktore die hoogste prioriteit moet geniet, word die deelnemers gevra om te visualiseer wat God binne die volgende drie jaar gaan doen. 'n Beeld moet gevorm word van dit wat nog nie werklik bestaan nie. Almal se visie word volgens onderwerp georden om uit te vind wat die algemene droom van die gemeente vir die toekoms is (vgl Strommen en Hardel 2000:297). Strommen en Hardel (2000:299-300) noem 'n hele aantal drome waarvan die volgende voorbeelde is: sendingbewuste geloofsgemeenskap, ontluiking van geestelike gawes, ontwikkeling van sterk gesinne, gebedskrag en kreatiewe opvoedkundige benaderings. Hierdie drome kan teen 'n muur in die kerkgebou opgeplak word om almal 'n geleentheid te gee om vir hierdie drome te stem deur plakkers aan te bring by die drome wat die hoogste prioriteit moet geniet.

## 9.20 ‘n Terug- en vooruitskoue

### 9.20.1 Algemene beskouinge

Hierdie navorsing is gedoen met die oortuiging dat tieners en hul gesinne tot verhaal kan kom deur die verhaal van God aan mense in die Bybel met hulle eie lewensverhaal wat in die postmoderne tyd afspeel, te koppel sodat daar oor die toekoms van die gesin gedroom kan word. God het 'n hoopvolle droom vir die gesin wat Hy in sy Woord met elke gesin wil deel (vgl Gen 12, Deut 5-6 en Jos 24). Deur terug te kyk hoe God saam met gesinne was, is daar hoop vir elke gesin om tot verhaal te kom en met 'n nuwe vooruitsig na die toekoms te kyk. Hierdie hoop en droom oor die gesin kan nie deur geskrewe programme of modelle per se reggestel word nie, maar is vervat in ‘n proses waarin gesinne van vlees en bloed op 'n praktiese wyse gelei word om opnuut die verbondsliefde van God te ervaar. Die inhoudelike van die Christelike geloof en die uitbeelding, verkondiging en uitlewing daarvan met die nodige begeleidingsmateriaal kan in gesinne 'n nuwe dinamiek en getuienis in die kerk van Jesus Christus bring. Gesinne en tieners kan weer tot geloofshandeling kom en hul geloof laat groei deur Christelike familiegewoontes te koester, die Woord te simboliseer en te ritualiseer. Gesinne moet leer om agtertoe na die goedheid van God te kyk om vorentoe te kan beur. Dit beteken om vanuit 'n Bybelse gesinsvisie missionêr vir mekaar en noodlydendes te leef en saam fees te vier.

### 9.20.2 Spesifieke beskouinge

***1. God en gesin:*** God het 'n duidelike doel met elke gesin, of dit 'n bekende of onbekende gesinsamestelling is, waardeur Hy as hulpmiddel herskeppend werk in die wêreld werk.

***2. Die gesin:*** Die gesin moet as een van die belangrikste pneumatologiese leefruimtes vir geloofsbemiddeling beskou word waardeur God skeppend werk.

***3. Die gesinshoof:*** Die gesinshoof moet die gesin lei sodat elkeen sy funksie in die gesin, gemeente en gemeenskap vervul.

***4. Paradigma:*** Die paradigma vir tiener- en gesinsbediening in die postmoderne multikulturele tyd moet 'n duidelike gerigtheid na die gemeenskap hê om daar met 'n Christelike kultuurskat mededingend te wees. In reële terme beteken dit 'n klemverskuiwing van programme na prosesse en persone asook van teorie na praktyk en geloofshandelinge. Hierdie klemverskuiwing vereis 'n kulturele verandering in die kerk wat in elkeen se hart met oortuiging gevestig moet word.

***5. Staat en markplein:*** Die realisering van 'n gemeenskapsgerigtheid is alleen moontlik met die samewerking van staat en markplein onder leiding van die Heilige Gees wat deur verskillende institute en persone kan werk ongeag kultuur of godsdiens.

***6. Diens:*** Deur middel van 'n proses- en verbondsmatige asook inklusiewe tiener- en gesinsbediening word die gesinsverband versterk tot 'n getuienis in die koninkryk van God. Die vergete amp van die gelowige kry weer 'n prakties-teologiese perspektief. Diens en diensbare kommunikasie is sleutelbegrippe vir 'n haalbare gesinsbediening. Vir diensbaarheid word derhalwe nie in die eerste plek op die behoeftes van tieners en gesinne as sodanig gefokus nie, maar op die potensiaal van elke gesinslid wat binne gawes en talente geleë is. 'n Gemeenskapsgerigte bediening fokus op die ontdekking van diensgeleenthede en hoe om 'n praktiese bydrae te lewer. Hierdie ingesteldheid open die deur vir die missionêre taak van die kerk in die wêreld.

***7. Sigbare kerk:*** Die liggaam van Jesus Christus moet weer sigbaar word in die samelewing deur middel van die mees verwaarloosde bedieninge soos evangelisasie en diakoniek. 'n Ontmoeting tussen teorie, praktyk, kerk en wêreld moet plaasvind en moenie as bedreigende of geïsoleerde komponente teenoor mekaar staan nie.

***8. Simbolisering en ritualisering:*** Die simbolisering en ritualisering van geloofsinhoude en die aanwending van simbole en rituele by die terapeutiese proses speel 'n uiters belangrike rol. Die nie-verbale dimensie van kommunikasie moet verken en aangewend word om saam met die verbale en ouditiewe tot beter verstaan van die geloofsinhoud te kom.

***9. Geloof:*** Geloofsbemiddeling aan tieners in die postmoderne tyd fokus op 'n ontmoetingsgebeure as verstaanshandeling ongeag die situasie. Die geloofslewe van die tiener word gesien as 'n interaktiewe kognitiewe, konatiewe en affektiewe proses waar nie een van hierdie elemente bo die ander verhef word nie. 'n Ware geloofsverbintenis kan alleen plaasvind as hierdie drie elemente in noue verhouding

met mekaar hanteer word. Geloofsvorming by tieners moet ook as ‘n oorgangsfase in tieners se lewensiklus gesien word waar skeiding van kindwees met vaste reëls plaasvind en deur ‘n heroriënteringsfase beweeg om vir die volwasse lewe nuwe reëls te integreer.

***10. Inklusief:*** Die isolering van bedieninge en individualisme moet met betrokkenheid in ‘n God-mens-wêreld-verhouding deurbreek word.

***11. Ekologie:*** Die ekologie van die gesin word by geloofsbemiddeling en –vorming verken om tot verstaan van die lede van die gesin en gemeenskap te kom.

***12. Spiritualiteit:*** Betrokkenheid by verskillende gemeentelike en gemeenskaps-projekte en die gevolglike insluiting by die verskillende bedieninge lei tot ‘n verdiepte spiritualiteit.

***13. Dissiplines:*** ‘n Gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening bring verskillende dissiplines byeen om vanuit ‘n prakties teologiese, sosiologiese, antropologiese, psigologiese en pedagogiese gesigspunte na die heil van die gesin te kyk.

***14. Gesinsbedienaar:*** Die gesinsbedienaar sal ernstige oorweging moet skenk aan die hele idee van tiener- en gesinsbediening met ‘n gemeenskapsgerigtheid deur middel van simbole en rituele en sal ook ernstige selfondersoek moet doen alvorens dié taak aangepak word.

***15. Visie en missie:*** Die prioriteite vir ‘n gemeente en gemeenskap moet met genoegsame tyd en deelname van verskillende lede in die gemeente en gemeenskap duidelik in ‘n visie omskryf word en wat by die gemeente ingeskerp moet word om tot missievorming te kan lei. Die voorafgaande aksente kan vir visie- en missievorming benut word, maar vergelyk ook wat reeds by die formulering van die konseptuele model in hierdie verband uiteen gesit is.

***16. ‘n Versigtinge benadering:*** ‘n Woord vir ‘n versigtige hantering van die model wat in hierdie navorsing ontwikkel is, word gerig: “*Met geduld kan iemand in ’n magsposisie tot ander insigte gebring word; met ’n versigtige benadering word weerstand afgebreek”* (Spr 25:15).

*“God van Abraham, Isak en Jakob,*

*leer ons u liefde vir families,*
*want U weet hoe swaar dit is om*
*teen huiswerk, vergadering en TV in*
*die huis aan haard te bind.*

*Laat ons verwonderd wees*
*oor geslagte van geloof-trou*
*wat vloei in die bedding van verbond.*

*Maak ons lief vir reg, ja reg,*

*met voorleef wat gewoonte word,*
*want u wet is waar en soet soos heuning.*

*Bind klein gesinne aan die groot familie van geloof*
*met U as Vader,*
*Jesus as oudste broer*
*en die kerk as moeder.*

*Open ons oë vir gesinloses en gebrokenes.*
*laat weduwees en wese, gays en geskeides*
*heling vind in die kring*
*waar bloed van 'broer en suster'*
*vreemdes aan mekaar verbind."*

(Naudé 1999:63-64)

Amen.